

**DIE PASTORALE ROL VAN DIE HOLLANDS-
AFRIKAANSE KERKE GEDURENDE DIE TWEEDE
WÊRELDOORLOG (1939-1945)**
‘N KERKHISTORIESE STUDIE

J M. VAN TONDER
11014628

Proefskrif voorgelê vir gedeeltelike nakoming vir die graad
Philosophiae Doctor in Kerkgeskiedenis aan die
Potchefstroomkampus van die Noordwes Universiteit.

Promotor: Prof. dr. P.H. Fick
Medepromotor: Prof. dr. J A. du Pisani

November 2013

**DIE PASTORALE ROL VAN DIE HOLLANDS-AFRIKAANSE KERKE GEDURENDE DIE
TWEDE WÊRELDOORLOG (1939-1945) 'N KERKHISTORIESE STUDIE**

HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
1 Inleiding	1
1.1 Agtergrond en navorsingsvrae	1
1.1.1 Agtergrond	1
1.1.1.1 Eenheidsvorming 1705-1835	2
1.1.1.2 Die Groot Trek 1835-1838	3
1.1.1.3 Die Eerste Vryheidsoorlog 1880-1881	3
1.1.1.4 Die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902	3
1.1.1.5 Die Rebelle 1914	4
1.1.1.6 Voortrekker –eeufees en historiese ossewatrek	5
1.1.1.7 Verdeeldheid in Suid-Afrika	5
1.2 Aktualiteit van die studie	6
1.3 Navorsingsvrae	6
1.4 Sentrale teoretiese argument	7
1.5 Metodologie	7
1.5.1 Bronne vir navorsing	7
1.5.2 Mondelinge inligting	8
1.5.3 Objektiviteit	8
1.6 Hoofstukindeling	8
1.7 Sleutelwoorde	9
 HOOFSTUK 2: GEESTESKLIMAAT WAT DIE OORLOG VOORAF GEGAAN HET	 10
2.1 Inleiding	10
2.2 Geestesklimaat voor die oorlog	10
2.2.1 Geestesklimaat in Duitsland	10
2.2.2 Geestesklimaat in Suid-Afrika	12
2.3 Nasionaal-sosialisme as ideologie	14
2.3.1 Nasionaal-sosialisme in Duitsland	15
2.3.2 Nasionaal-sosialisme in Suid-Afrika	16
2.3.2.1 Bewegings van Nasionaal-sosialistiese aard in Suid-Afrika	17
2.3.2.1.1 Gryshemde	17

2.3.2.1.2	Bruinemde	19
2.3.2.1.3	Swarthemde	19
2.3.2.1.4	Nuwe Orde	19
2.3.2.1.5	Ossewabandwag	21
2.4	Reaksie teen die Nasionaal-sosialisme in Suid-Afrika	24
2.4.1	Reaksie uit die kerke	24
2.4.2	Reaksie in koerante	26
2.4.3	Gewelddadige reaksie	27
2.5	Neutraliteit	28
2.5.1	Vanuit die Gereformeerde Kerk	29
2.5.1	Vanuit die Nederduits Gereformeerde Kerk	29
2.5.3	Vanuit die Nederduitsch Hervormde Kerk	30
2.6	Kerke se reaksie oor die moontlikheid van oorlog	31
2.7	Oorlogsverklaring	32
HOOFUK 3:	INVLOED OP LEWENSOMSTANDIGHED	37
3.1	Inleiding	37
3.2	Noodmaatreëls	37
3.2.1	Ekonomiese maatreëls	38
3.2.1.1	Rantsoenering	39
3.2.1.1.1	Voedselrantsoenering	40
3.2.1.1.2	Vervoer en reisbeperkings	40
3.2.1.3	Perssensuur	41
3.2.2	Ontwapening en bewapening	42
3.2.3	Verdonkering	45
3.2.4	Bid-pouse	46
3.3	Gedrag van soldate	48
3.3.1	Vloektaal	49
3.3.2	Geweld	50
3.3.4	Aanvalle op Afrikanerinstellings	53
3.3.4.1	Die Transvalergebou	53
3.3.4.2	Die Potchefstroomse Universiteitskollege	53
3.4	Invloed op die sedelike lewe	54
3.4.1	Morele gevolge	54

3.4.1.1	Drankmisbruik	55
3.4.1.2	Dans	56
3.4.1.3	Vermaaklikheidsplekke	57
3.5	Aflegging van die eed	59
3.5.1	Die Afrika eed	59
3.5.2	Die Blou eed	60
3.5.3	Die Vaal eed	61
3.5.4	Die eed aan organisasies	61
3.6	Gevolgtrekking	62
HOOFUK 4: REGERING SE OPTREDE		65
4.1	Inleiding	65
4.2	Interneringsbeleid van die regering	65
4.2.1	Invloed van die interneringsbeleid op die kerke	70
4.2.1.1	Ds J.J Fick as geïnterneerde	72
4.2.1.	Ds. D.C.S. van der Merwe as geïnterneerde	72
4.3	Geestelike versorging in kape	73
4.3.1	Godsdiens in die kampe	73
4.3.2	Die Calvinistiese Studiebond in die kamp	75
4.4	Kampskool in Koffiefontein	78
4.5	Politieke gevangenes in tronke	79
4.5.1	Godsdiens in die tronk	80
4.6	Die geval van Johannes van der Walt	82
4.7	Optrede teen die Nederlanders in Suid-Afrika	84
4.8	Gevolgtrekking	86
HOOFSTUK 5: KERKE SE AMPTELIKE HOUDING TEENoor DEELNAME AAN DIE OORLOG		89
5.1	Inleiding	89
5.2	Die oorlogverklaring	89
5.2.1	Reaksie oor die oorlog verklaring	89
5.2.2	Reaksie na die oorlogverklaring	91
5.2.2.1	Volksherengingsbyeenkoms op Monumentkoppie	93
5.2.2.2	Volksherenigingsbyeenkoms te Paardekraal	95

5.2.2.3	Verdeeldheid tussen Afrikaners	96
5.3	Kerke se reaksie op die besluit tot oorlog	98
5.3.1	Reaksie van die Gereformeerde Kerk	99
5.3.2	Reaksie van die Nederduits Gereformeerde Kerk	104
5.3.3	Reaksie van die Nederduitsch Hervormde Kerk	107
5.3.4	Kerke se optrede teen uniformdraers	108
5.3.5	Kerke se houding rakende die Nederlande	112
5.4	Preke	115
5.5	Gevolgtrekking	116
HOOFSTUK 6: KERKE SE PASTORALE BEDIENING AAN BETROKKENES		118
6.1	Inleiding	118
6.2	Hulp aan oorlog geaffekteerdes	118
6.2.1	Kerke se pastorale bediening aan die oorlogbetrokkenes	121
6.2.2	Hulp aan geïnterneerdes	121
6.2.3	Hulp aan politieke gevangenes in tronke	124
6.2.4	Hulp aan gesinne van oorlog geaffekteerdes	124
6.2.5	Buite kerklike hulp	127
6.2.6	Ossewabrandwag Noodhulpfonds	128
6.2.7	Hulp aan militêr betrokkenes	129
6.2.8	Hulp aan Nederlanders	130
6.2.9	Vrouehulp	131
6.3	Gevolgtrekking	134
HOOFSTUK 7: VELDPREDIKERS GEDURENDE DIE OORLOG		136
7.1	Inleiding	136
7.2	Veldpredikerdiens	136
7.2.1	Die taak van die Veldprediker	140
7.2.2	Veldpredikerdiens van die Nederduits Gereformeerde Kerk	143
7.2.3	Bediening aan kleurling en swart soldate	147
7.2.4	Veldpredikerdiens van die Nederduitsch Hervormde Kerk	149
7.2.5	Veldpredikers van die Gereformeerde Kerk	151
7.2.6	Afrikaanse Veldpredikers onder die krygsgevangenes	154
7.3	Gevolgtrekking	157

HOOFSTUK 8: KERKE SE OPTREDE NA DIE OORLOG	160
8.1 Inleiding	160
8.2 Kerke se beplanning vir na-oorlogse omstandighede	160
8.3 Kerke se optrede na die oorlog	165
8.4 Na oorlog hulp aan betrokkenes	167
8.4 Gevolgtrekking	169
 HOOFSTUK 9: SAMEVATTING EN FINALE GEVOLGTREKKING VAN DIE PASTORALE OPTREDE VAN DIE HOLLANDS-AFRIKAANSE KERKE GEDURENDE DIE TWEDE WÊRELDOORLOG	171
9.1 Inleiding	171
9.2 Samevatting	171
9.3 Finale gevolgtrekking	174
9.3.1 Kerke se pastorale optrede in die oorlog situasie	174
 OPSOMMING	179
ABSTRACT	180
 10 BIBLIOGRAFIE	181
10.1 Literêre bronne	181
10.2 Persoonlike mededelings aan skrywer	213

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Oorsig:

- 1 Inleiding
- 1.1 Agtergrond en navorsing
- 1.2 Aktualiteit van die studie
- 1.3 Navorsingsvrae
- 1.4 Sentrale Teoretiese Argument
- 1.5 Metodologie
- 1.6 Hoofstukindeling
- 1.7 Sleutelwoorde

1 INLEIDING

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is die Hollands-Afrikaanse kerke met twee verskynsels gekonfronteer. Eerstens is die normale werksaamhede van die kerke en lidmate ernstig deur die oorlog beïnvloed, in besonder deur die regering se noodmaatreëls. Tweedens het die kerke met 'n ernstige verdeeldheid in eie geledere geworstel. Sommige lidmate het die owerheid se besluit om tot oorlog toe te tree gesteun, ander was fel daarteen gekant. Van die lidmate was militêr betrokke, hetsy in land-, see- of lugmag, of by 'n vrouehulpdiens. Binne die groep van betrokkenes was daar verdeeldheid oor die aflegging van die Afrika Eed. Nie almal was bereid om die eed af te lê nie. Die wat teen oorlogdeelname gekant was, het meestal lede geword van een of ander beweging soos die Ossewabrandwag of 'n Hemdegroep wat die oorlog aktief teengestaan het. 'n Derde groep was afsydig en passief teenoor die ander se oortuigings. Midde in hierdie verdeeldheid moes kerke hulle lidmate pastoraal bystaan en versorg sonder om partydig te wees.

1.1 AGTERGROND EN NAVORSINGSVRAE

1.1.1 AGTERGROND

Ten einde die optrede van die Hollands-Afrikaanse kerke gedurende die Tweede Wêreldoorlog te begryp moet die ontstaan en ontwikkeling van Afrikanernasionalisme oor bykans drie eeue

oorsigtelik nagegaan word om die geestesingesteldheid van die Afrikaner te verstaan. Met Hollands-Afrikaanse kerke word verwys na die Afrikaanssprekende kerke van Gereformeerde Belydenis wat Aanvanklik die Bybel en Belydenisskrifte in die Nederlandse taal in die erediens gebruik het nl. die Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk, Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk¹ en die Nederduits Gereformeerde Kerk. Alhoewel die Afrikaanse Bybelvertaling in 1933 aanvaar is, is die benaming “Hollands-Afrikaanse kerke” ná 1933 vir 'n geruime tyd nog gebruik (Gereformeerde Kerke, 1939:156; Die Hervormer, 1939:12; 1941:15; Gereformeerde Kerk Rustenburg, 1942 :3).

Nasionalisme is 'n groepsgevoel wat oor tyd ontwikkel en wat unieke norme en waardes rakende taal, kultuur en godsdien inkorporeer. Uiteindelik word dit iets wat die gedrag en denke van 'n volk vorm. 'n Volk is 'n etniese groep met 'n groepsgevoel wat draai om taal, kultuur en godsdien. Die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme is oor jare deur verskeie gebeure gestimuleer, versterk en vertraag. Gebeure soos die Groot Trek (1835-38), die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881), die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902), die Rebelle (1914) en die Historiese Ossewatrek (1938) het elk 'n rol gespeel. Politieke gebeure het verder tot hierdie ontwikkeling bygedra, en dit het telkens die lidmate van die kerke meegesleur en beïnvloed.

1.1.1.1 EENHEIDSVORMING 1705-1835

Afrikanernasionalisme is nie 'n beleidsbesluit wat deur wette bepaal is nie. Dit is 'n volksdenkriktig wat oor baie jare gevorm en aangepas is, 'n proses waardeur 'n volk tot 'n eenheid gegroei het en gevorm is vanweë samewoning, kultuuroordrag en ondertrouery. Hierdie vorming word van geslag tot geslag versterk. Die taalverskil tussen Hollands-Afrikaans en Engels het 'n groot rol in die verwydering tussen burger en owerheid gespeel. Daar het twee onderskeie lewens- en wêreldbeskouinge tussen die Afrikaners en die Engelse Suid-Afrikaners ontwikkel. Die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing is van die begin af gekenmerk deur die Calvinistiese beskouing van die soewereiniteit van God en die uitverkiesingsleer. Die Britse lewens- en wêreldbeskouing het berus op 'n *Bill of Rights* en *Rule of Law*, wat deur 'n filantropiese liberalisme aangevul is (Van Jaarsveld, 1978:39, 40). 'n Aantal Afrikaners het in 'n trekbeweging na die binneland verenig om aan die opkomende Britse mag in die Kaap te ontkom (Suid-Afrika, 1980/1:39).

¹ Die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduits Gereformeerde Kerk van Transvaal het in 1885 verenig as die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk.

1.1.1.2 DIE GROOT TREK 1835-1838

Die Groot Trek het 'n beduidende invloed op die ontwikkeling en vorming van die Afrikaner gehad. Nadat hulle uit die bewoonde gebiede weggetrek het die binneland in, was hulle van die Kaap en sy Britse invloed verwyder en is hulle in hierdie trekbeleving so saamgebind dat hulle hulleself "Boere" of "Afrikaners" begin noem het. Daar was nog nie sprake van Afrikanernasionalisme nie, maar daar was wel 'n eenheidsgevoel (Van Jaarsveld, 1978:12). Binne hierdie eng kring het sekere gebruike en tradisies ontwikkel.

Sommige Trekkers het hulle in Natal gevestig. Nadat die gebied in 1843 deur Brittanje geannekseer is het die meeste Afrikaners die gebied verlaat en onafhanklike republieke gevestig, onderskeidelik noord van die Oranjerivier (die Oranjerivier Soewereiniteit) en die Vaalrivier (Transvaal) (Kruger, sj. :240).

Die kerk-volk-staat verhouding was vir die Transvaalse burgers ineengevleg. Kerkbestuur was volksbestuur, en die Volksraad het kerkraadsbesluite beoordeel. So is die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme aan die kerklike lewende gebind, en andersom (Dreyer, 1999:112).

1.1.1.3 DIE EERSTE VRYHEIDSOORLOG 1880-1881

Hoewel die Trekkers baie dinge op die trekpad beleef het wat hulle as groep saamgebind het, was daar nog nie sprake van 'n volkseenheid nie. Toe Brittanje Transvaal egter op 12 April 1877 annekseer, het 'n algemene gevoel om die Britse beheer af te werp die Transvalers verenig. Die Afrikaners het op 12 Desember 1880 'n gelofte afgelê by Paardekraal waarin hulle trou aan mekaar beloof het om vir hulle vryheid te veg (Heydenrych, 1986:157). Op 26 Februarie 1881 is die Britte met die Slag van Amajuba beslissend verslaan. Hierdié gebeurte het by die Transvalers tot volksbinding en Afrikanernasionalisme gelei. Scholtz verwoord dit so:

In die vuur van die oorlog is die Transvaalse nasie gevorm en het 'n brandende nasionalisme daaruit te voorskyn getree (Scholtz, 1966:107).

1.1.1.4 DIE TWEDE VRYHEIDSOORLOG 1899-1902

Na die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het 'n stroom van fortuinsoekers, meestal

Engelssprekendes, hulle in en om Johannesburg gevestig. Hierdie immigrante het met 'n meerderwaardigheid op die Afrikaners neergesien en het hulle eie taal en idees in die gebied afgedwing en politieke regte geëis (Van Jaarsveld, 1978:222). Twee verskillende politieke strewes het teenoor mekaar te staan gekom: die Afrikanernasionalisme, wat sterk aan die kerk gebind was, teenoor die meerderwaardige Britse imperialisme, met 'n gesindheid van wêreldoorheersing (Spoelstra, 1963:25). Dit het in 1899 tot die Tweede Vryheidsoorlog gelei. Die Oranje-Vrystaat was dit eens met die Transvalers en het as bondgenoot tot die oorlog toegetree (Kruger, sj.:408).

Die Britte het hulleself in hierdie stryd gehaat gemaak deur die barbaarse verskroeiende aarde beleid en skandalige konsentrasiekampe² (Gilliomme, 2004:211). Brittanje se optrede het gevolglik 'n blywende impak op die meeste Afrikaners gehad. Die verwydering tussen Afrikaner en Engelsman is op die spits gedryf.

Die eenheid in Afrikanergeleedere is versteur deurdat sommige Afrikaners by die Britse magte as "Joiners", "Scouts" en "Hendsoppers" aangesluit het. Ná die oorlog is hierdie "Verraaiers" . deur ander met veragting en minagting behandel (Grundlingh, 1977 :316). Grundlingh haal Eugène Marais aan uit *Land en Volk* van 17 Oktober 1902:

De haat is daar ... Wij haten de menschen uit de diepte onzer harten omdat zij oneer door de gansche wêreld gebracht hebben op een eerlyken naam
(Grundlingh, 1977:309).

Hierdie verdeeldheid het 36 jaar later met die Tweede Wêreldoorlog weer skerp na vore gekom. Die Afrikaners wat genl. J.C. Smuts se oorlogsverklaring gesteun het, is as die nasate van die ou "Hendsoppers" geëtiketteer. In sommige gemeentes is hierdie Smuts-ondersteuners nie in die erediens toegelaat nie (Anon 1942a :285; Diederiks, H. 2011; Dreyer, J. 1942; Gereformeerde Kerk Potgietersrus, 1943; Kruger, D.A. 2011; Meiring, A. 2011; Riekert, L. 2011; Reynecke, M.C. 2012; Van Zyl, 2010).

1.1.1.5 DIE REBELLIE 1914

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914 verklaar die Regering dat Suid-Afrika as Britse kolonie verplig is tot deelname aan die oorlog teen Duitsland (Scholtz, 1966:152). Die Afrikaners, wat nog die nagevolge van die Vryheidsoorlog gevoel het, was

² 4 177 vroue en 22 074 kinders het in die kampe gesterf (Pretorius, 2001:253).

verdeelde oor deelname aan Brittanje se oorlog. Weerstand teen die regeringsbesluit het op 'n gewapende protes uitgeloop wat deur die Boeregeneraals C.J. de Wet, C.F. Beyers en J. Kemp gelei is (Oost, 1965:271). Die Hollands-Afrikaanse kerke het ook nie die regeringsoptrede gesteun nie. Dit het tot verdeeldheid en spanning in kerkgeledere gelei (Jooste, 1958:247).

1.1.1.6 VOORTREKKER-EEUFEES EN HISTORIESE OSSEWATREK

Die jaar 1938 is meermale “Die Wonderjaar” van die Afrikaner genoem. Met die 100-jarige herdenking van die Groot Trek was daar 'n ongekende ontwaking onder die Afrikaners. Die ossewaens wat op 8 Augustus 1938 uit Kaapstad vertrek het, het sonder dat dit beplan is, die Afrikanervolk “magtig” van sy bestaan as volk bewus gemaak (Van Jaarsveld, 1978:132) Van Jaarsveld meen:

Uit die politieke nasionalisme het 'n kulturele nasionalisme ontstaan wat taal, kultuur en 'n sterk historiese besef as middelpunt gehad het.

Hierdie volksopwelling het 'n groter eenheidsgevoel onder die Afrikaners laat groei as enige vorige gebeurtenis. Marx maak die volgende gevolgtrekking oor die aard van Afrikanernasionalisme: “[It] was a sophisticated justification of cordoning itself off from all others” (Marx, 1998:478).

Teen hierdie agtergrond en in hierdie volksgees het die lidmate van die Hollands-Afrikaanse kerke hulle met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog bevind.

1.1.1.7 VERDEELDHEID IN SUID-AFRIKA

Behalwe vir die Afrikaner se anti-Britse gesindheid was daar 'n dualisme in die Suid-Afrikaanse lewensomstandighede. Daar was twee vlae, twee tale en twee lewens- en wêreldbeskouings. In die alledaagse lewe is hierdie dualisme aanvaar, maar met krisisoomblikke het verskille sterk na vore gekom. Tydens die Vryheidsoorlog van 1899 was daar vryheidstryders en “Joiners”. Met die Eerste Wêreldoorlog was daar regeringsmagte en rebelle. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939) was daar lojaliste en teenstanders. Anna Neethling Pohl stel dit dat in die teenstand teen die oorlog “... 'n deel van die Afrikaners besig was om op te tree teen die vyand wat ons van watter eeu af vervolg. Ons was net besig om op te tree teen daardie basiese, eerste aartsvyand” (Blignaut, 2012:16).

Die Afrikaanse kerke is intens hierdeur geraak en midde-in hierdie verdeeldheid moes die kerke aan hulle lidmate pastorale versorging en ondersteuning gee.

1.2 AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE

Daar is min kerkhistoriese navorsing beskikbaar oor die optrede van die Hollands-Afrikaanse kerke gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Publikasies oor die rol van Suid-Afrika in die oorlog is grotendeels tot Engelse literatuur beperk, met weinig verwysings na die rol van die Suid-Afrikaners en bykans geen verwysing na die Hollands-Afrikaanse kerke nie.

In die historiese bewussyn van die Engelse gemeenskap het die oudgediendes wel erkenning gekry.

Hierdie erkenning is veral te vinde in die Anglikaanse kerk met muurplate, Engelse Universiteite met ererolle, gebouename, monumente met gedenkpanele en inskripsies. In die Afrikanergeledere is deelname verswyg asof dit nie gebeur het nie.

Drie verskillende gesindhede kan onderskei word onder die lidmate van die kerke. Dié wat die regeringsbeleid en optrede geregverdig het, dié wat die regeringsbeleid en optrede verwerp het en dié wat neutraal en passief was ten opsigte van die twee oortuigings. Te midde van hierdie verdeeldheid moes die kerk steeds almal pastoraal bedien en versorg.

1.3 NAVORSINGSVRAE

Die sentrale vraag van hierdie studie is: Tot watter mate het die Hollands-Afrikaanse kerke in hierdie ontwrigte lewensomstandighede hulle roeping tot pastorale bediening en versorging aan die betrokkenes in die Tweede Wêreldoorlog vervul?

Om hierdie vraag te beantwoord, moet die volgende subvrae eers beantwoord word:

- Wat was die geestesklimaat wat die oorlog voorafgegaan het?
- Watter invloed het die oorlogsmaatreëls op die lewensomstandighede gehad?
- Wat was die regering se optrede teenoor sy teenstanders?
- Wat was die kerke se amptelike houding teenoor deelname aan die oorlog?
- Hoedanig was die kerke se pastorale bediening aan betrokkenes in die gemeentes?
- Hoe het die kerke bediening aan die verdedigingsmagte voorsien?

- Wat was die kerke se optrede ná die oorlog?

1.4 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die Hollands-Afrikaanse kerke te midde van ontwrigte lewensomstandighede gedurende die Tweede Wêreldoorlog, beduidend in hulle werksaamhede geraak is en dat hulle nie hulle pastorale roeping teenoor betrokkenes in die oorlog na behore vervul het nie.

Hierdie kerkhistoriese studie is aan die hand van primêre bronne, mondelinge getuienis en tersaaklike sekondêre bronne gedoen. Ter beantwoording van die verskillende navorsingsvrae is die volgende metodes gebruik:

- Om vas te stel wat die geestesklimaat in die Wêreld in die algemeen en in besonder voor die oorlog was, is hoofsaaklik van kerklike publikasies en kerklike notules gebruik gemaak.
- Die kerke se weerstand teen die oorlogsverklaring, die invloed van die noodmaatreëls en kerke se optrede in dié tyd is uit kerklike notules, kerklike tydskrifte en mondelinge getuienis vasgestel.
- Om vas te stel hoe die regering se teenoptrede die kerklike lewe en bediening geraak het, is van beskikbare publikasies, histories en ander, persberigte en mondelinge getuienis gebruik gemaak.
- Die pastorale bediening aan lidmate is aan die hand van kerklike notules en mondelinge getuienis nagegaan.
- Die aard van die kerke se bediening aan weermaglede is deur bestudering van proefskrifte, kerklike notules, kerklike tydskrifte, verslae van veldpredikers in militêre argiewe en mondelinge getuienis vasgestel.
- Om die kerke se optrede ná die oorlog vas te stel, is van kerklike notules, kerklike publikasies en mondelinge getuienis gebruik gemaak.

1.5 METODELOGIE

1.5.1 BRONNE VIR NAVORSING

Die beskikbare bronne oor die Afrikaanse kerke se betrokkenheid sluit in 'n Bacularius Divinitatus skripsie (Botha, 1994) en twee proefskrifte (Van Niekerk, 2002; Potgieter, 1971). Karin Horn (2012) bespreek krygsgevangenes en hulle aanpassing na die oorlog in 'n proefskrif. Die meeste inligting oor politieke gevangenes lê egter nog onontgin in primêre bronne en

geskifte in versameling by Staats- en ander argiewe. Inligting rakende die kerklike gebeure is uit notules, korrespondensie en kerklike tydskrifte nagegaan.

1.5.2 MONDELINGE INLIGTING

Die studie sal gebruik maak van mondelinge getuienis van persone wat die gebeure beleef het, sowel as van nasate wat inligting van ouers onthou of opgeteken het. Die inligting is oor jare versamel. Met verloop van tyd het betrokkenes se beoordeling van gebeure meer deurdag en objektief geword as vertellings wat gelewer is nader aan die tyd van die emosionele ervaring van die gebeure. In die versameling van die getuienis moet onderskei word tussen ervarings van gebeure en vertellings wat nie noodwendig feite is nie. Inligting is soveel moontlik met 'n tweede en derde bron vergelyk.

1.5.3 OBJEKTIVITEIT

Die navorser het daarna gestreef om gegewens so objektief moontlik te beoordeel. Geen navorser kan egter die gebeure *tabula rasa* beoordeel sonder vooroordeel of sonder die invloed van eie teorieë nie. Alle navorsers het bepaalde sosiologiese en godsdienstige belange wat so deel is van sy/haar agtergrond en denke dat hy/sy meestal onbewus daarvan 'n oordeel fel (Deist, 1987 :20). Hieroor sê Stoop dat “die historikus so onpartydig moontlik moet wees, veral wat sy beskrywing van verskillende konfessionele kerke se betrokkenheid betref” (Stoop, 1980:61). Die navorser se onpartydigheid sal wel deur sy of haar agtergrond en oortuiging begrens en beïnvloed wees. Gedurende die navorsing is gepoog om alle bronne en inligting onbevooroordeel te gebruik en om dit so objektief moontlik te beoordeel.

1.6 HOOFSTUKINDELING

- 1 Inleiding
- 2 Die geesteklimaat wat die oorlog voorafgegaan het
- 3 Die invloed van die oorlogsmaatreëls op die lewensomstandighede
- 4 Die regering se optrede teenoor sy teenstanders
- 5 Die kerke se amptelike houding teenoor deelname aan die oorlog
- 6 Die kerke se pastorale bediening aan betrokkenes
- 7 Veldpredikers gedurende die oorlog
- 8 Die kerke se optrede ná die oorlog

9 Finale gevolgtrekking

1.7 SLEUTELWOORDE

Neutraliteit

Nasionaal-sosialisme

Oorlogsverklaring

Noodmaatregelen

Internering

Gevangenis

Pastorale zorg

Veldpredikers

Neutrality

National Socialism

Declaration of war

Emergency measures

Internment

Prison

Pastoral care

Chaplains

GEESTESKLIMAAT WAT DIE OORLOG VOORAF GEGAAN HET

Oorsig

- 2.1 Inleiding
- 2.2 Geestesklimaat voor die oorlog
- 2.3 Nasionaal-sosialisme
- 2.4 Neutraliteit
- 2.5 Kerke se reaksie oor die moontlikheid van oorlog
- 2.6 Oorlog verklaring
- 2.7 Gevolgtrekking

2.1 INLEIDING

'n Deeglike begrip van die geestesklimaat wat die oorlog voorafgegaan het sal aan lesers insig gee met betrekking tot die optrede van die Afrikaners gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Hierdie hoofstuk ondersoek die historiese agtergrond en die politieke verwikkelinge voor die oorlog wat 'n invloed op die Suid Afrikaanse volkslewe gehad het. Daarmee saam kyk die hoofstuk na die gebeure in Europa, veral in Duitsland, wat 'n impak op die kerklike lewe daar gehad het en bewegings in Suid-Afrika met nasionaal-sosialistiese oortuigings wat 'n rol in die geestesklimaat in Suid-Afrika gespeel het. Die kerke se standpunte oor nasionaal-sosialisme word nagegaan om hulle optrede in die omstandighede te beoordeel. Die kerke se standpunt ten opsigte van neutraliteit oor die oorlog was ook deel van die geestesklimaat waarin die lidmate hulle bevind het en waarin besluite geneem moes word, en gevolglik ondersoek die hoofstuk neutraliteitsstandpunte. Laastens beoordeel die hoofstuk die reaksie op die uiteindelijke oorlogsverklaring.

2.2 GEESTESKLIMAAT VOOR DIE OORLOG

2.2.1 GEESTESKLIMAAT IN DUITSLAND

Die politieke gebeure in Duitsland het 'n invloed op die burgerlike, politieke en geestelike lewe in Suid-Afrika gehad. Baie van die Afrikaner intelligentsia het in hierdie periode tersiêre opleiding in Duitsland ontvang. Die kerklike tydskrifte van die Afrikaanse kerke het gereeld oor die gebeure in Duitsland berig, veral oor die opkoms van Hitler en die nasionaal-sosialisme.

Hitler het as lid van die Rooms-Katolieke Kerk grootgeword. Op 2 Augustus 1934 is president Paul von Hindenburg oorlede en Hitler het as *Reichsführer* die bewind oorgeneem. Hy wou Duitsland van die vernederende vredesverdrag van Versailles van 1919 bevry en Duitsland weer 'n volwaardige plek in die wêreld gee. Hy was oortuig dat die "ondergang" van Duitsland bewerk word deur die Jode wat die Duitse ekonomie oorheers het. In sy boek *Mein Kampf* verwyt hy die kerk daarvoor dat sy niks gedoen het om die rasseprobleem in Duitsland op te los nie, met verwysing na die Jode.

Wenn wir all die Ursachen des deutschen Zusammenbruches vor unserem Auge vorbeiziehen lassen, dann bleibt als die letzte und ausschlaggebende das Nichterkennen des Rasseproblems und besonders der jüdischen Gefahr übrig (Hitler, 1924, 2012).³

Die Lutherse kerk het aanvanklik die Nazi-regering gesteun in sy optrede teen die Jode op grond van Martin Luther se siening. Die Duitse kerkhervormer van die sestiende eeu was van sterk anti-Semitiese oortuiging. Die skrywer W. Shirer skryf in sy bekende werk *The Rise and fall of the Third Reich* hieroor:

The great founder of Protestantism was both a passionate anti-Semite and a ferocious believer in absolute obedience to political authority. He wanted Germany rid of the Jews and when they were sent away he advised that they be deprived of 'all their cash and jewels and silver and gold' and, furthermore, 'that their synagogues or schools be set on fire, that their houses be broken up and destroyed' (Shirer, 1960 :294).

In Duitsland was daar kommer en beswaar oor die Jode se oorheersing van die ekonomiese sektor in Suid-Afrika (Giliomee, 2004 :369). Die Hemdebewegings met hulle sterk anti-Semitiese oortuiging het militante optrede teen die Jode voorgestaan (Van Heerden. 1972 : 39,46; Furlong. 1991 :41).

Die Nazi-party het aanvanklik 'n positiewe standpunt teenoor die kerk in Duitsland ingeneem. Die program van die party het in artikel 24 die vryheid van elke geloof in Duitsland gewaarborg. Shirer verwys na Hitler se uitlatings oor Christelike geloof as:

³ As al die oorsake wat bygedra het tot die val van die Duitse volk nagegaan word, vind mens dat die beslissende oorsaak die gebrek aan insig oor die rasseprobleem was, in besonder rassegevoelens rondom die Jode.

essential elements for safeguarding the soul of the German people ... that his government's ambition is a peaceful accord between Church and State (Shirer, 1960 :292).

Hitler het hom egter nie by hierdie bepaling gehou nie. Alle verset teen die Nazi-beleid is met geweld onderdruk. Talle geestelike leiers is geïnterneer en nasionaal-sosialisme is deur baie Duitsers as 'n nuwe geloof aangehang (Stoker, 1941 :100).

2.2.2 GEESTESKLIMAAT IN SUID-AFRIKA

Die dertigerjare in Suid-Afrika is gekenmerk deur politieke woelinge en verskille in die Afrikanergeledere. Op politieke gebied kon daar nie eenheid bereik word nie. In 1933 het die Nasionale party en die Suid-Afrikaanse party 'n koalisie gevorm, maar dit was nie geslaagd nie (Muller, 1980 :47). In 1934 het die partye saamgesmelt. Selfs dit het nie geslaag nie en het op verdeeldheid tussen die Hertzog-ondersteuners in die Verenigde Party en die Malan-ondersteuners in die Gesuiwerde Nasionale Party uitgeloop (Muller, 1980 :48). Etlike predikante was by die politiek betrokke, soos C.W.M. du Toit, 'n predikant van die Gereformeerde Kerk, wat in 1929 lid van die Volksraad geword het (Gereformeerde Kerk, 2011 :274). Dr D.F. Malan was vroeër predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk, prof. C.J.H. de Wet was van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk en dr. P.J.S. de Klerk was predikant van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos (Le Roux, 1982 :456). Ander predikante was betrokke by die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK), soos di. J.M. Louw, D.P.M. Beukes en H.J.C. Snijders van die Nederduits Gereformeerde Kerk (Swart, 1980 :72, 199, 362). Ds. C.R. Kotze van die Nederduits Gereformeerde Kerk Bloemfontein 'n stigterslid van die Ossewabrandwag (Coetzer, 1994:78). So is die kerke deur hulle leiers en lidmate vasgevang in die politieke, kulturele en sosio-ekonomiese ontwikkeling van die tyd. Kerklike vergaderings het inspraak gemaak in regeringsake en het 'n invloed uitgeoefen op die regering se besluitneming. Hierdie inspraak in regeringsake was nog die nagevolg van die vroeëre vervlegte kerk-volk-staat verhouding van die eertydse republieke, waarin die een die ander se besluite goedgekeur het (Dreyer, 1999:112).

Ten spyte van die politieke verdeeldheid was daar op kultuurgebied wel samewerking, soos die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (gestig 1929) en die Voortrekkerbeweging (gestig 1931). In kerkraadsbesluite en kerklike tydskrifte is hierdie organisasies positief ondersteun (Gereformeerde Kerk, 1942 :25; Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk 1942 :54). Die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk OVS het soos volg oor deelname besluit:

Aangesien die Voortrekkers-jeugbeweging onder beskerming staan van die leiers van ons volk, en nie onder een spesifieke politieke party nie, en aangesien die beweging hom toelê op die kulturele en karaktervorming van die Afrikaanse jeug en dit aan die hand van die beginsels van Gods Woord geskied ... besluit die H.E. Sinode om sy heelhartige steun daaraan te verleen ...
(1940 :261).

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings het in 1936 'n Nasionale Kultuurraad gestig waarby al die Afrikaanse kerke en die Christelike Jongeliedeverenigings verteenwoordig is (Coetzer, 1986 :208). Die Engelssprekendes het hierdie kultuurontwikkeling ervaar as “aggressiewe” Afrikaner optrede teenoor die meerdere Engelse kultuur. Hulle reageer met die stigting van twee eie kultuurorganisasies, nl. die *British League* in Johannesburg 1931, en die *New Guard* in Durban 1932 (Le Roux, 1982 :493).

Die geestesklimaat is verder beïnvloed deur die Armblankevraagstuk van die laat twintiger jare. Die Nederduits Gereformeerde Kerk het in 1929 die Carnegie-korporasie van New York versoek om 'n studie hieroor te doen. Nadat die verslag bekend geword het, het dit 'n nasionale prioriteit geword (Giliomee, 2004 :296). Die Nederduits Gereformeerde Kerk het gevolglik in Oktober 1934 'n Volkskongres gereël waar al drie die Hollands-Afrikaanse Kerke verteenwoordig is (Swart, 1980 :286).

Die politieke verwickelinge het ook bygedra tot die ontwikkeling van die geestesklimaat voor die oorlog. Genl. Hertzog was oortuig dat gelyke beregtiging van Afrikaans- en Engelsprekendes op alle terreine, veral in die skole, tot 'n verenigde Suid-Afrika sou lei. Hierdie standpunt is in Afrikanergeledere nie goed ontvang nie, veral weens die historiese agtergrond van die twee groepe. Die Engelssprekendes was daarteen gekant omdat dit Afrikaans gelyk sou stel met Engels (Scholtz, 1966 :145). Dit het die gespannendheid tussen die twee groepe laat voortleef, en dit het met die aanloop tot die oorlogsverklaring al hoe ernstiger geword. Politieke splintergroepe soos die Hemdebewegings het bygedra tot die geestesklimaat in die land. Hulle het met 'n sterk anti-Semitiese oortuiging militante optrede teen die Jode voorgestaan (Van Heerden, 1972 :39, 46; Furlong, 1999 :41). Dit het soms tot gewelddadige konfrontasie tussen die Hemde groepe en die Joodse gemeenskap gelei.

In 1938 het die Historiese Ossewatrek plaasgevind waartydens die Afrikaners op 'n besondere manier verenig is. Prof. J.D. du Toit van die Gereformeerde Kerke het na die Trek verwys as 'n bedevaart en kruistog van die Afrikaner wat deur die ossewaens 'n ongekende golf van geesdrif dwarsdeur die land gaande gemaak het (Mostert, 1949:780). Op 15 en 16 Desember 1938 het

200 000 mense in Pretoria vir die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument saamgetrek. Die grootste groep Afrikaners in die geskiedenis van Suid-Afrika was by hierdie volksgebeurtenis byeen.

Alhoewel Afrikanernasionalisme in die feestyd gestimuleer is, was daar steeds politieke verskille. Dit het na die feestyd weer na vore gekom en het 'n invloed op die kerklike lewe gehad omdat lidmate in hulle politieke oortuiging verdeeld was. Die Nederduits Gereformeerde Kerk Koffiefontein het om hierdie rede gevra dat 4 Junie 1939 as 'n dag van verootmoediging en gebed gehou moes word om die onenigheid en verbittering onder die Afrikaners aan te spreek (Nederduits Gereformeerde Kerk Koffiefontein, 1939 :66).

2.3 NASIONAAL-SOSIALISME AS IDEOLOGIE

Nasionaal-sosialisme was 'n nasionale beweging wat alle samelewingsverbande in diens van die volk wou stel. Vir die nasionaal-sosialis is die volk die hoofsaak. Die staat, die kerk, verenigingslewe en die individu, alle menslike verbande, is hieraan ondergeskik. Die mens se hoogste roeping is volksdiens. Hierdie volksidee word nader verklaar as 'n "bloedsmatige, bodembepalende organisasie-eenheid", wat neerkom op volksvergoding (Stoker, 1941 :117). Die volksleier is totalitêr, en dit lei tot vergoding van die leier. Vir die Calvinis is God en Sy Woord die belangrikste. Die Bybelse opdrag, "jy moet die Here jou God liefhê met jou hart en siel en verstand," word deur die nasionaal-sosialis vervang met "jy moet jou volk bo alles liefhê" (Stoker, 1941 :151).

In *Die Kerkblad* van 1 November 1933 skryf prof J.D. du Toit:

Die nasionaal-sosialisme is geen leer nie maar 'n algemene onbestemde gevoel of volksinstink. ... hoewel nasionaal-sosialisme nou nog die kerk gunstig gesind, is dit ewenwel 'n gevaar vir die kerk, want dit wil die kerk inskakel in die groot staatseenheid (Du Toit, 1933 :33).

Karel Barth, 'n Switserse teoloog, het daarop gewys dat die "positiewe Christelikheid" van die Nazi 'n verheffing van die volk is met die beklemtoning van die nasionalisme. Dit onderskryf die siening dat die kerk in samewerking met die staat 'n aardse paradys wil skep. Hierin is die Fuhrer bo die wet van God. Garnet (2011) stel dit as volg: "He is eternal, equal to the Bible in expressing Gods will. The Fuhrer is equal to the commands of God, rather he is above them".

2.3.1 NASIONAAL-SOSIALISME IN DUITSLAND

Die Eerste Wêreldoorlog van 1914-18 was vir die Westerse wêreld 'n ontnugtering. Hele leërs is bykans uitgewis, soos by Delville-bos in Oktober 1917 (Cameron, 1986 :239). Die oorlog het sosio-ekonomiese nagevolge vir die hele wêreld gehad. Volke wat nie by die oorsaak van die oorlog betrokke was nie is in die oorlog betrek. Oorlogsgevolge en die armoede van die Depressie van die dertigerjare het volke vatbaar gemaak vir enige beweging wat moontlik die mens weer iets kon gee om aan vas te hou. Dit was dus vrugbare grond vir die Fascistiese idees waarin die volk opgehef kon word. Die ideologie van nasionaal-sosialisme met sy verheerliking van ras en volk het in Duitsland sterk inslag gevind en het op kerklike gebied ook 'n invloed gehad.

Van die Katolieke en Protestantse kerke het die nasionaal-sosialisme heelhartig ondersteun en het vereenig in 'n *Deutsche Christen Kirche*, wat Nazi-gesind was. In April 1933 stel Hitler vir biskop Mueller aan as sy adviseer in kerklike sake en as sy kandidaat as Nasionale Biskop. Ten spyte daarvan dat Mueller nie deur die kerke as biskop verkies is nie, is hy deur die inmenging van Hitler tog in die pos aangestel (Garnet, 2011).

In November 1933 is 'n groot kerkbyeenkoms deur die *Deutsch Christen Kirche* in die Sportpaleis in Berlyn gehou. Tydens hierdie byeenkoms is anti-Semitisme openlik gepreek. Uitsprake by die byeenkoms het onder andere ingesluit dat die Bybel gereinig moes word van alle Joodse invloed, dat die Ou Testament uit die Bybel uitgelaat moes word en dat geen Jood of nie-blanke in die kerk mag kom nie. Die Duitsers is nie volgelinge van 'n Joodse Messias nie, maar van 'n triomferende Christus. Hulle held is nie 'n gekruisigde Christus nie, maar Koning Christus en die Fuhrer. Die Lutherse Kerkorde is gewysig sodat geen nie-Ariese, of iemand wat met 'n nie-Ariese vrou getroud is as predikant, pastoor of priester in enige kerk kon dien nie. Hierdie wysiginge het tradisionele Lutherane geskok en hulle het hulle teen die *Deutsch Christen Kirche* uitgespreek. Selfs die Nazi-party het sy steun aan die *Deutsch Christen Kirche* ontrek (Garnet, 2011; Shirer, 1960 :296).

Teenoor die *Deutsch Christen Kirche* was daar 'n minderheidsgroep, die *Bekennende Kirche*, met Niemöller en Bonhoeffer as leiers (Shirer, 1960 :294).

Dr. P.J.S. de Klerk, predikant van Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos, het in *Die Kerkblad* van 3 Julie 1935 hierdie geestesklimaat in Duitsland bespreek en hy haal uit 'n artikel van die *Algemeen Handelsblad* van Nederland soos volg aan:

Het nieuwste op het gebied van Germaans geloof is de volgende z.g. 'Geloofsbelijdenis' in een eveneens dus genaamd bijbel ... Ik geloof in de Germaan, God's geliefde ander zoon, de heer van zichzelf, die ontvagen is onder een Noordelike hemel... (De Klerk 1935 :148).

De Klerk wys daarop dat 'n nuwe heidendom aan die ontwikkel was in Duitsland. Die Afrikaner, wat deur al die jare 'n bondgenoot van Duitsland was, selfs in die vorige oorlog, moes kennis neem van hierdie vreemde ontwikkeling. Die *Reichswart*, die blad van die *Duitsche Geloofsbeweging*, verwys na die Germaanse Geloofsbelydenis as ... *het evangelie der Germanen* (De Klerk 1935 :148).

In 'n koerant van die Hitlerjeugbeweging, *Forward*, word vyftig punte aangedui wat die christelike geloof bespotlik wil voorstel, onder andere:

1. Die Christendom is 'n leer vir slawe en idiote. Dit verkondig: Die laaste sal eerste wees, en geseënd is die armes van gees.
- 4 Die Christendom plaas "kaffers" en Duitsers op dieselfde voet.
- 17 Die Christendom moet, ewe as alles wat oorbodig is, met geweld uitgegroeï word.
- 26 Die tien gebooië is niks anders as 'n formulering van die laagste menslike hartstogte nie (Anon, 1938 :161).

Die kerklike tydskrifte het die lidmate van die Hollands-Afrikaanse kerke deeglik ingelig oor die verwickelings in die kerk in Duitsland en die invloed van die nasionaal-sosialisme op die kerk daar (Keet, 1937. :224; Anon, 1937. :451; Engelbrecht, 1939, :52).

2.3.2 NASIONAAL-SOSIALISME IN SUID-AFRIKA

Onder die Duitse gemeenskap in Suid-Afrika was daar teen 1939 'n aantal front-organisasies aan die werk wat nasionaal-sosialisme gepredik het. Die Duitse koerant die *Deutsche Afrikaner*, was al vanaf 1934 die amptelike lyfblad vir Duitse propaganda in Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika (Namibië). Verder het die Duitse kerke inligting oor die gebeure in Duitsland deur middel van pamflette oorgedra. Hierdeur is 'n anti-Britse, en later 'n anti-Smuts houding onder die Suid-Afrikaanse Duitsers bevorder (Furlong, 1991 :74). Vanuit Zeesen naby Berlyn is Nazi-propaganda gedurende die oorlog in Afrikaans na Suid-Afrika uitgesaai. Vir menige Afrikaner was die opheffing van "die volk" 'n sentimentele saak, veral met die gedagte van die verkryging

van 'n onafhanklike Republiek. Enkele organisasies met 'n Nazi-ondertoon vir die “volksaak” het tot stand gekom.

2.3.2.1 BEWEGINGS VAN NASIONAAL-SOSIALISTIESE AARD IN SUID-AFRIKA

Van die organisasies wat sterk anti-Semities beïnvloed is deur Nazi-beleid en propaganda, is die Hemdebewegings. Binne drie maande in 1933 is drie afsonderlike Hemdebewegings gestig. Oud-minister Oswald Pirow het die Nuwe Orde gestig. Die sterkste Afrikaner ondersteunde organisasie was egter die Ossewabrandwag. Lidmaatskap van die Hemdebewegings en die Nuwe Orde was veel kleiner as die van die Ossewabrandwag en het ook nie dieselfde impak op die Afrikanergemeenskap gehad nie. Al hierdie organisasies was van oortuiging dat die Jode as die geldmag die Afrikaner ondergeskik gemaak het. Die Jode is gesien as vyandig teenoor die Afrikaner se republikeinse strewe en dit het soms tot konfrontasie gelei (Crwys-Williams, 1992 :3).

2.3.2.1.1 GRYSHEMDE

Die Suid-Afrikaanse Christelik-Nasionaal Sosialistiese Beweging (S.A.C.N.S B) is op 26 Oktober 1933, in Die Koffiehuys in Kaapstad deur Theodor Weichardt gestig. Weichardt is in 1894 in die Paarl gebore. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het hy as soldaat in die Duitse Leër gedien en het in 1923 teruggekeer na Suid-Afrika waar hy 'n eie onderneming begin het. Vanweë sy vroeëre verbintenis met Duitsland het hy homself beskou as 'n aards anti-Britse imperialis. Die magsposisie van die Jode in die Suid-Afrikaanse ekonomie het hom tot anti-Semitisme oortuig. Met hierdie oortuiging en beïnvloed deur bewegings in Duitsland stig hy sy Suid-Afrikaanse Christelik-Nasionaal Sosialistiese Beweging. As rede vir stigting gee hy aan:

Verandering in Suid-Afrika is noodsaaklik, want enige politieke party onder die demokratiese stelsel sou onderhewig wees aan die ekonomiese magsinvloed van die Jode. Die tweede rede was: die gevaar van grootskaalse Joodse immigrasie (Van Heerden, 1972 :39).

Sy volgelingen het grys hemde gedra soos 'n soortgelyke organisasie in Duitsland en was militêr georganiseer soos die organisasie in Duitsland. Hulle het mekaar met die Nazisalut van “Heil Suid-Afrika” of “Heil Weichardt” gegroet. Hulle het parades gehou met 'n eie vlag en armbande (Visser, 1999 :62). Die vlag was blou met 'n wit sirkel en 'n oranje swastika in die middel (Van Heerden, 1972 :44).

Onder invloed van Weichardt was rassuiwerheid, soos by die Nazi's, die belangrikste saak vir die Gryshemde. Hulle het aanvaar dat Suid-Afrika en Europa 'n biologiese eenheid is, daarom kon Jode nie in die Afrikanervolk opgeneem word nie. Jode is Semiete uit die Midde-Ooste en nie Europeërs nie.

Milton Shain⁴ bespreek hierdie sterk Anti-Semitisme van die Gryshemde in 'n publikasie *Memories, Realities and Dreams* (2000 : 71- 87). Die Beweging het sterk klem gelê op Christelikheid, maar nie op kerklidmaatskap nie. Calvinisme was vir Weichardt en sy aanhangers "rassevreemd", 'n uitvloeisel wat gebaseer is op die Joodse godsdiens, sedes en beskawing. Praktiese Christendom is "naasteliefde" wat vir Weichardt "nasie liefde" was.

Vanweë die gebeure in Duitsland en die ontstaan van 'n beweging soos die Gryshemde was die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk in 1936 oortuig dat die gespanne toestand in die wêreld te wyte was aan toenemende afvalligheid van God se Woord. Die wantroue en agterdog tussen die volke in Suid-Afrika is toegeskryf aan die opkomende nasionaal-sosialisme. Die Sinode spreek sy kommer uit oor die denkrigting en optrede van die Gryshembeweging. Hulle het gevoel wapengeweld kan nie die oplossing wees nie (Nederduits Gereformeerde Kerk, 1936. :280). Die Oostelike Klassis van die Gereformeerde Kerk het hom ook uitgespreek teen lidmaatskap van hierdie beweging (Gereformeerde Kerk Oostelike Klassis, 1937 :414).

Jode en Engelse het in 1939 met georganiseerde geweldpleging teen die Hemdebeweging begin, veral aan die Rand. Hier het 'n aantal Jode, meestal mediese studente van die Universiteit van Witwatersrand as 'n groep die Gryshemp- en Swarthempvergaderings met vuisgevegte ontwig. Hulle het nie 'n groepsnaam gehad nie, maar wel 'n groepsaak. Hulle het selfs 'n mediese span in die Cecil Hotel georganiseer om hulle ongelukke te versorg (Crwys-Williams, 1992 :3).

2. 3.2.1.2 BRUINHEMDE

Die Junior Nasionale Party is onder leiding van F.C. Erasmus in November 1933 as die Bruinhembeweging gestig. Hierdie groep was in die Kaap gesentreer. Hulle het 'n veldtog geloots teen die Hoggenheimers⁵ en hulle vennote en teen die kapitaliste, met ander woorde die Jode (Van Heerden 1972: 46).

⁴ Direkteur van die Sentrum vir Joodse Studies aan die Universiteit van Kaapstad.

⁵ Waarskynlik die beroemdste van alle spotprentkarakters wat die skepping van Daniel Boonzaaier in Die Burger was. Hoggenheimer het die magnate, kapitaliste en die geldmag voorgestel . I

Die Bruinhempbeweging was nooit 'n groot groep nie en het weinig invloed op enige gebied gehad. Hulle uitgangspunt was soortgelyk aan die Bruinhemde van Duitsland. Die Bruinhemde in Duitsland, die SA (*Sturmabteilung*) se doelwit was om politieke opposisie te intimideer (Downing, 2002 :12).

2.3.2.1.3 SWARTHEMDE

Manie Wessels het in Desember 1933 die Nasionale Demokratiese Party, of die sogenaamde Swarthempbeweging gestig (Visser, 1999 :63). Die Swarthemde is geïnspireer deur 'n soortgelyke Fascistiese beweging in Italië. Danie du Toit van die beweging sou later die eerste geïnterneerde word. Chris Haverman het van Wessels weggebreek en sy eie Swarthempbeweging gestig. Dit het bekend gestaan as Die Volksbeweging, wat uitgesproke anti-Semities was. Hulle was in die omgewing van Johannesburg bedrywig (Furlong, 1999 :41).

2.3.2.1.4 NUWE ORDE

Onder leiding van Oswald Pirow het die Nuwe Orde ontstaan, 'n beweging binne die Herenigde Nasionale Party. Pirow is in 1890 in Aberdeen gebore aan Duitse ouers. Hy het Regte aan die Universiteit van Stellenbosch studeer en het as advokaat gepraktiseer. In 1924 tree hy tot die politiek toe en in 1933, is hy as Minister van Verdediging in die Hertzogkabinet aangestel. Hy het Duitsland in 1933 en 1938 besoek. Tydens hierdie besoeke het hy Hitler en ander Duitse leiersfigure, asook vir Mussolini ontmoet. Pirow was besonder beïndruk deur die Duitse politiek en dit het sy politieke denke sterk beïnvloed (Van Heerden, 1972 :60). Hy het gemeen dat daar 'n radikale verandering in die regeringsvorm moes kom. Daar moes van die kapitalistiese stelsel weggebreek word en die armes, die werker, die middelklas en die boer moes besondere aandag kry. Sy idee was inderdaad 'n Suid-Afrikaanse nasionaal-sosialistiese staat waarin die volk die belangrikste is onder 'n leier met absolute mag (Coetzer, 1994 :12). Na 'n jaar se betrokkenheid in die oorlog was hy oortuig dat die omstandighede in Suid-Afrika gunstig was vir 'n sydelingse politieke beweging. Hy was oortuig dat die intimidasie om aan die oorlog deel te neem, die verset daarteen, en die militêre suksesse wat Duitsland op daardie stadium behaal het sou bydra tot 'n gunstige ontvangs van die nuwe beweging. Hy het ook aanvaar dat die Afrikaner se ingebore weersin teen Brittanje en die drang tot 'n vrye Republiek sou bydra om sy Nuwe Orde aanvaarbaar te maak vir die gewone burger (Van Heerden, 1972 :62).

Teen einde Augustus 1940 is Pirow deur die *Natal Witness* koerant genooi om sy idees oor 'n toekomstige republiek te verduidelik. Een maand later, op 25 September 1940, is die Nuwe

Ordebeweging gestig (Van Heerden, 1972 :162). Pirow het sy gedagtes van 'n Nuwe Orde in *Die Vaderland* van 14 Oktober 1940 en *Die Volksblad* van 16 Oktober 1940 bekendgemaak.. Dit was nie 'n weerstandsbeweging teen die oorlog nie, maar eerder beweging vir 'n nuwe regeringsvorm met 'n nasionaal-sosialistiese uitgangspunt.

Hoewel die brosjures van Die Nuwe Orde nie die indruk gee dat die beweging ongodsdienstig was nie, was Pirow self nie 'n gelowige nie. Hy het aan P. Meiring, 'n biografieskrywer, en andere gesê dat 'n volk se heil eerder in 'n nasionaal-sosialistiese benadering geleë is as in die navolging van die Profeet van Nasaret. Hy praat met minagting van die kerk se onmag om die lot van die Afrikaners te verander (Meiring, 1986: 204).

Die kerk het spoedig oor die Nuwe Orde geoordeel. Twee maande na die stigting van die Nuwe Orde het die Gereformeerde Kerk se Partikuliere Sinode van Transvaal vergader. Tydens hierdie vergadering het proff. C.J.M. de Wet en J.D. du Toit 'n verklaring oor die Nuwe Orde ingedien. Hulle het die Sinode versoek om hierdie "allerbelangrikste maar ook allergevaarlikste" beweging te verwerp. Hulle het aangetoon dat daar in die beweging 'n vergoddeliking van die staat en die volk is, soos by die nasionaal-sosialisme. Deputate is aangewys om namens die Gereformeerde Kerk op enige persberigte wat oor hierdie besluit van die Sinode geplaas word te antwoord. Die Sinode versoek die ander Afrikaanse kerke om hulle "in gelyke gees" hieroor uit te spreek. Die Sinode het ook voorgestel dat 'n pamflet opgestel word oor die gevaar van die Nuwe Orde, en dat dit aan alle lidmate versprei word (Gereformeerde Kerk 1941: 213).

C.W.M. du Toit, vroeër predikant van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein en bestuurslid van die Nuwe Orde het in die pers gereageer op hierdie sinodebesluit. In *Die Kerkblad* verdedig hy die Nuwe Orde as die oplossing vir 'n nuwe Republikeinse Staat. Hy wys daarop dat die Nuwe Orde hom vir die stigting van 'n Suid-Afrikaanse Christelike blanke nasionaal-sosialistiese republiek beywer (Du Toit, 1941). In *Die Volksblad* van 17 Februarie 1941 het hy voorgestel dat die kerke self die bepalings van Christelike godsdiens vir die Beweging kon opstel. Prof. G.M. Pellissier van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit Pretoria het gereageer op die polemie en die gedagte van 'n nuwe orde verdedig. Volgens hom moet die Kerk sy deel bydra tot die uitbouing van 'n nuwe orde, maar so dat die staat Christelik sal wees. Hy wys daarop dat die Afrikanerdom nie 'n ander volk se orde wil hê nie, in besonder nie 'n Britse orde nie, maar 'n eie Afrikaner nasionaal-sosialistiese staat. Volgens hom beteken sosialisme in die konteks volkswelsyn (Pellissier, 1941).

2.3.2.1.5 OSSEWABRANDWAG

Die Simboliese Ossewatrek van 1938 het aanvanklik 'n godsdienstige aard gehad. Na die Trek oor die Oranjerivier beweeg het, het dit 'n meer militêre karakter aangeneem (Ferreira, 1975 :74) Kol. J.C.C. Laas van Bloemfontein het kerkgroepe georganiseer om die waens te begelei en saans met wagte op te pas. Hy was bevelvoerder van Ladybrand se Burgermag. Hy het optogte, kransleggings en voortrekkerparades by feesgeleenthede gereël "om 'n bietjie meer militêre tug in die Afrikanerdom te bring". Hy het hierdie groepe "Brandwagte" genoem. Die administrateur van die Vrystaat, dr. J.F.J. van Rensburg, het voorgestel dat hierdie groepe die Ossewabrandwagte genoem word. Hierdie voorstel het dadelik inslag gevind (Van Rensburg, 1949 :7).

Tydens die Trek se feesgeleentheid by die Vrouemonument in Bloemfontein het ds. C.R. Kotzé van Bloemfontein die hoop uitgespreek dat die gees van die Trek behou moes word. Hy en 'n paar belangstellendes het 'n vergadering in Bloemfontein gereël om die saak te bespreek. Tydens hierdie vergadering is die idee van die Ossewabrandwag as 'n kultuurorganisasie aanvaar. Die vergadering het bestaan uit 'n groep intelligentsia wat na die Eeufees iets georganiseer wou bied om die Afrikaner verenig te hou. Die stigterslede was: Proff. D.F. Malherbe, H.M. Scholtz, J de W. Keyter, J.G.A. Arndt en J.G. Dekker, Drs. J.C. Pretorius en J. Stegman, Di. P.J. Pienaar, D.G. van der Merwe en C.R. Kotze. Ander lede was J.C.C. Laas, S.J. Naude, J.A. Schlebusch, G. van Tonder en N. van Tonder. J.A. Schlebusch is as sekretaris en ds. C. Kotze as voorsitter aangewys. Prof. H.M. Scholtz het die die grondbeginsels geformuleer (Van Heerden, 1972 :116).

Die Ossewabrandwag is op 4 Februarie 1939 formeel in die Tweekoringkerk in Bloemfontein gestig. Al die oorspronklike organiseerders was daar en ook twee persone uit die Transvaal, nl. J v W. de Vries en A. Spies (Van Heerden, 1972 :117). Kol. J. C.C. Laas is aangewys as die eerste leier van die beweging. Anders as die Hemdebewegings is die Ossewabrandwag openlik deur lidmate van die Hollands-Afrikaanse Kerke ondersteun. Menige predikant en lidmaat was lede van die beweging (Gereformeerde Kerk Brakpan, 1940. Art. 11; Van der Merwe 1993 :55). In *Die Vaderland* van 6 Februarie 1939 het Laas die doelstellings van die Ossewabrandwag verduidelik as:

Die bestendiging van die ossewagees ..., die handhawing en uitlewing van die tradisies en beginsels van die Dietse Afrikaner, die beskerming en die bevordering van die godsdienstige, kulturele en stoflike belange van die Afrikaner, die aankweek van

vaderlandsliefde en nasionale trots, en die uitskakeling en samesnoering van alle Afrikaners, manne sowel as vroue, wat hierdie beginsels onderskryf en gewillig is om hulle kragdadig daarvoor te beywer (Coetzer, 1986 :227).

Die leuse van die Ossewabrandwag was “My God, my Volk, my Land Suid-Afrika”. Die doelstellings van die beweging was suiwer kultureel. Die konstitusie van die Ossewabrandwag het ook vir Vrouekommando’s voorsiening gemaak. Een jaar na die stigting het daar ’n derde vleuel, die Jeugfront van skoolgaande kinders, tot stand gekom. Die het aanvanklik in samewerking met die Voortrekkerbeweging gefunksioneer. Die Jeugfront het spoedig sy eie rol gespeel in die teenstand teen die oorlog (Bakkes, 1987 :72; Mostert, 1948 :13). Die ontwikkeling van die beweging en die gebeure in die land het daartoe gelei dat die Ossewabrandwag hom later op die politieke vlak begewe het, al was dit nie die oorspronklike bedoeling nie. Die beweging het vinnig tot die magtigste Afrikanerorganisasie gegroei. Die opwelling van die Eeufees, die verwagtinge van ’n vrye Republiek, en die begeerte van die nuwe geslag om ’n eie volk te vestig, kon uiting vind in hierdie volksbeweging. Die semi-militêre inslag het vir menige jong Afrikaner ’n gevoel van trots gegee, en by hulle ’n herwaardering van eie kultuur en erfenis gebring (Buys, 1949 :22, 29, 31, 39, 41, 43).

Anders as die Hemdebewegings, het die Ossewabrandwag godsdiens en kerkverband belangrik geag. Volgens ’n Ossewabrandwag Bevel 11/41 is kerkbetrokkenheid aangemoedig en kerkparades is gehou:

- 4 (a) Die Christelike-nasionale gedagte oor alle terreine van die Volkslewe.
(b) Die beskerming van ons volk se Godsdienstige belange,
(c) Die terugbring van afgedwaaldes na die kerkbanke
- 5 Elke Brandwag moet daarom sy of haar Kerklike verpligtinge getrou nakom.
- 8 Daar sal in die O.B. geen bevel gegee word wat strydig is met ons Sondagsheiliging of Kerklike verpligtinge nie (Ossewabrandwag, 1941b. Julie 29).

Kerklidmate het sonder skroom aan die beweging deelgeneem. Predikante en Akademici het ’n leidende rol daarin gespeel, soos byvoorbeeld proff. H.G. Stoker, H. M van der Westhuyzen, J.C. van Rooy, H. P. Wolmarans, E.C. Pienaar, dr. H.B Thom, J.G Meiring, P.J. Schoeman, J.G. Neethling, Erika Theron, J.Trumpelmann, advv. J.F. Marais, F. Steyn, B.J. Vorster, di. J.J. Fick en D.C.S. van der Merwe (Ackermann, 1953 :227) en vele ander.

Die Gereformeerde Kerk se Klassis Pretoria het dit aan die plaaslike kerkrade oorgelaat om te besluit of kerkparades deur die Ossewabrandwag gehou kon word (Gereformeerde Kerk Klassis Pretoria, 1940 :10). Die Bloemfonteinse generaalskap is gelukkig met hulle mooi vertoning tydens 'n kerkparade (Ossewabrandwag, 1941. :20). In sommige gevalle het lidmaatskap spanning in kerkgeledere gebring. Die kerkraad van Boshof het besluit dat al sou die predikant en die kerkraad die beginsels van die Ossewabrandwag onderskryf, die predikant "onder die omstandighede lief nie moes aansluit nie" (Nederduits Gereformeerde Kerk Boshof, 1941 :72). In die Gereformeerde Kerk Clanwilliam het sommige lidmate geen kerklike bydraes gegee nie omdat die predikant lid van die Ossewabrandwag was (Gereformeerde Kerk Part. Sinode Kaapland Suidwes-Afrika, 1940 :2).

Die Ossewabrandwag was in beginsel nie nasionaal-sosialisties met 'n volksvergoddelyking soos die Nazi nie. Dit het wel heelwat van die uiterlike vorms van die Nazibeweging aanvaar soos militêre range van kommandant-generaal tot korporaal, drilbewegings, saluut, uniforms, kentekens, armbande met die Ossewabrandwag-wapen en vlag met die wapen daarop. Groot parades is gehou met speerpunt vaandelformasies, fakkelparades en erewagte (Ossewabrandwag, 1948, 47, 51, 53, 61, 66; 1949 : 22, 29, 31, 39, 41, 43). Hieroor is die beweging vele male uitgekryt as 'n Nazibeweging. In 'n verklaring deur die waarnemende hoofkommandant, dr. J.G. Meiring, voor studentekommando's op Stellenbosch is dit pertinent gestel dat die Ossewabrandwag nie een of ander oorsese ideologie soos die nasionaal-sosialisme nastreef nie (Hendrich, 2006 :132). Vir die Afrikaners het die Ossewabrandwag inderdaad die trotse Afrikaner volksbeweging geword wat gedurende die oorlog 'n groot rol vir die Afrikaner gespeel het.

2.4 REAKSIE TEEN DIE NASIONAAL-SOSIALISME IN SUID-AFRIKA

2.4.1 REAKSIE UIT DIE KERKE

Die Nasionaal-sosialisme van Duitsland het ernstige kommer gewek by die kerke in Suid-Afrika soos duidelik blyk uit die besluite van 'n Algemene Calviniste Kongres wat op 14 Desember 1937 in Bloemfontein gehou is. Die volgende is aan die bestuur opgedra:

- a) om nouer samewerking tussen die Hollands-Afrikaanse Kerke te probeer bevorder op die gebied van Christelik-nasionale volksbelange.

- b) Om ruimer samewerking te verkry tot die bereiking van die ideaal van 'n vrye skoolstelsel waarin ook Christelik-nasionale onderwys verseker sal wees vir ouergroepe wat die belydenis van die Hollands-Afrikaanse Kerke aanvaar.
- c) Om 'n volkskongres voor te berei tot vaslegging van 'n gedragslyn ten opsigte van C.N.O. en tot die verkryging van Christelik-nasionale Vakorganisasies (Du Plessis, 1938 :19).

Die kongres was oortuig dat hierdie besluite tot die gewete van die Afrikaner sou spreek. Die Hollands-Afrikaanse Kerke en die Afrikaner as volk is opgeroep om aan die kongres se besluite uitvoering te gee as optrede teenoor die Duitse nasionaal-sosialisme wat in sekere organisasies in Suid-Afrika voorgekom het (Du Plessis, 1938 :19).

Twee weke voordat die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Bloemfontein sou vergader, is Tsjeggo-Slowakye op 15 Maart 1939 deur Duitsland beset. Die moontlikheid dat Rusland met Duitsland kon saamwerk teen Pole het by die Westerse moondhede kommer gewek (Du Plessis, 1939:9). Die Sinode het sy kommer uitgespreek oor die gebeure en oor die groei van kommunisme, fascisme en nasionaal-sosialistiese bewegings in Suid-Afrika. Daar is besluit dat die Sinode 'n brosjure oor kommunisme, fascisme en nasionaal-sosialisme sou uitgegee. Dit moes aan *Die Kerkblad* en die dagbladpers gegee word. Deputate is benoem om die regering oor die bewegings te ontmoet. Die Sinode het besluit om in samewerking met die ander Afrikaanse kerke 'n kongres te belê om oor kommunisme te handel (Gereformeerde Kerk, 1939: 102; Coetzee, 1939a :8). Die uitbreiding van die kommunisme was vir die vergadering net so groot bedreiging as die invloed van nasionaal-sosialisme.

Die kerkrade van Clanwilliam, Middelburg (KP) en Aliwal Noord het die Partikuliere Sinode van Kaapland en Suidwes-Afrika wel versoek om hom uit te spreek oor die nasionaal-sosialisme. Die Sinode verwelkom die gedagte van volkseenheid en die "volksgedagte", maar beklemtoon dat die owerheid deur die "grasie van God regeer" en nie deur 'n volkswil wat die volk verhef tot die absolute nie (Gereformeerde Kerk Partikuliere Sinode Kaapland Suidwes-Afrika, 1941. Art. 12).

Onder invloed van die geestesklimaat in Brittanje het genl. Smuts oorlogdeelname geregverdig as 'n godsdiensoorlog (Coetzer, 1994 :337). N.E. Allison stel die klimaat in Brittanje soos volg: *"The idea being promoted was that this was a religious war, a war against an ungodly foe"* (Allison, 2011 :25).

Prof. Van Selms van die Nederduitsch Hervormde Kerk, het op die gevaar van Nazisme gewys en daarteen gewaarsku. Hy was tot 1938 in Nederland en het die opkoms en invloed van die nasionaal-sosialisme in Europa beleef. Hy het die oorlog as 'n godsdiensoorlog gesien omdat Nazisme, met sy aanbidding van die staat, die leier en die ras as 'n nuwe godsdiens aan die wêreld voorgehou het. Hieroor het hy die volgende kommentaar gehad:

- 1 *In dit stelsel is geen plaats voor Christus als verzoener onze zonde;*
- 2 *In dit stelsel word de Bijbel of openlijk, of wel tot onherkenbaar worden verminkt;*
- 3 *Het grondbegrip van den Bijbel word aangeduid door het woord "genade". Het nasionaal-socialisme verheerlijkt in pers en radio de genadeloosheid*
(Van Selms, 1940 :15).

Volgens hierdie gegewens was die publiek, in besonder die kerklidmate, nie onbekend met die gevolge van die Nazisme nie. Die stelling van Marx dat die publiek in Suid-Afrika min geweet het van Nazisme en die Naziregering is nie gegrond nie (Marx, 1998 : 295). Hoewel die Afrikaners kommunisme as 'n groter gevaar gesien het as nazisme, is nazisme nie gesien as die plaasvervanger vir die Empire nie. Die volksverabsoluttering van die Nazibeleid het hulle nie 'n mindere bedreiging vir die wêreld gemaak nie (Du Plessis, 1937. Oktober a 6 :2. Oktober b 20 :2; Nederduits Gereformeerde. Kerk. 1942 :16).

Behalwe vir Van Selms se opmerking oor nazisme was daar nie direkte uitsprake in *Die Hervormer* of *Die Kerkbode* teen die nasionaal-sosialisme nie. Alan Paton, die latere bekende skrywer, het *Die Kerkbode* en per implikasie daarmee die Nederduits Gereformeerde Kerk verwytdat *Die Kerkbode* neutraal teenoor Hitler en nazisme was, al was hulle ingelig daaroor (Paton. 1973: 70).

2.4.2 REAKSIE IN KOERANTE

In 'n hoofartikel van die *The Standard and Wesrand Koerant* het die redakteur gewaarsku teen die moontlikheid van steun of aanvaarding van nasionaal-sosialisme in die kerke:

Why the churches include the sixth Commandment in their teachings to the congregations (sic), the churches too must be against war, and whatever their doctrinal difference, must FORM A UNITED FRONT (sic). in denouncing war for the bestial thing it is. ... The people of the world are waiting for that united denunciation of war (Anon. 1938. :16).

Ten spyte van die kerke se afkeur van nasionaal-sosialisme sien Harry Klein 'n mate van aanvaarding daarvan gedurende die Simboliese Ossewatrek. Klein was 'n verslaggewer van die *Sunday Express* wat die Trek meegemaak het. Hy ervaar in die "sentimentele eenheidsgevoel", 'n opwelling en ontwikkeling van 'n nuwe volksgees, soos die nasionaal-sosialisme. Volgens hom word nasionaal-sosialisme, en daardeur nazisme, in die Afrikaanse kerke aangeprys.

On Sundays, churches are filled to overflowing by devout worshippers, and on many an occasion the passionate exhortations of the ministers create an aura of absolute fanaticism (Klein, 1938 :11).

Dit het by Klein die gedagte versterk dat 'n "Afrikaner-nazisme" begin ontwikkel het wat deur die godsdienstigheid van die Afrikaner gestimuleer is.

Ses maande na die stigting van die Ossewabrandwag het die redakteur van *Die Vaderland*, 'n regeringsgesinde dagblad, ook sy bedenkinge oor Nazinavolging in die beweging gehad. Hy het die Ossewabrandwag as 'n beweging met 'n nasionaal-sosialistiese karakter gesien. Hy beskryf dit as 'n skerpioennes binne die Nasionale Party van 'n klompie heethoofde, van wie 'n paar bekend is vanweë hulle nazibeskouinge, wat 'n Leemetford kultuurvereniging gestig het (Coetzer, 1986 :228).

2.4.3 GEWELDDADIGE REAKSIE

In 1938, terwyl ossewaens van oor die land na Pretoria getrek het, is daar in elke dorp waar hulle aangedoen het 'n Afrikanerfees met 'n sterk godsdienstige inslag gevier. Die Engelssprekendes het hulle buite hierdie emosionele opwelling gevoel en was meer geraak deur die verwickelinge in Europa (Crwys-Williams, 1992 :2). 'n Sterk anti-Duitse gevoel het onder die Engelstaliges en die Jode ontstaan. Die optrede van die Grys- en Swarthemde in Suid-Afrika, met hulle nasionaal-sosialistiese ingesteldheid, het hierdie siening aangehelp. Crwys-Williams verwoord die Engelstaliges se gevoel soos volg: "*We had everthing to lose if South Africa went Nazi*" (1992 :xix).

In September 1939 het ernstige botsings op die Witwatersrand tussen Duitse ondersteuners (Afrikaners) en Britse ondersteuners voorgekom. Soldate moes met gevelde bajonette die skares uitmekaar dryf. In Benoni, Boksburg, Johannesburg en Potchefstroom het ook anti-Semitiese geweld voorgekom, aangedryf deur Grys- en Swarthemde (Crwys-Williams, 1992 :xxi). Dit het in Johannesburg tot onluste gelei toe 'n motor met Swarthempe-insittendes 'n

fietsryer raakgery het (Crwys-Williams, 1992 :xix). 'n Skare van ongeveer 700 het die middag van 1 September 1939 ⁶voor die Duitse Klub saamgedrom en het gedreig om die gebou te beskadig. Die polisie het die skare met traangas uitmekaar gejaag (The Standard en Die Wesrand Koerant, 1939 :21). Die volgende dag was daar weereens betogings in Johannesburg. Duitse motors is beskadig en aan die brand gestee. 'n Duitse firma, Piels, se koelkamervenster is stukkend gegooi en vragmotors is uitgebrand. Verskeie ander geboue van Duitse firmas is beskadig. Vir die Afrikaners was hierdie optrede 'n ontnugtering. Sulke optrede het herinner aan die staking van 1922.

Genl. Smuts, die adjunk Eerste Minister, het in 'n toespraak op Krugersdorp by die *Caledonian Society* op die geweld gereageer.

There were alien movements in the country (sic). which had for them the purpose the setting one section of the people against others. The Government will deal with these people what ever race, language and colour. ... If such doctrines were allowed to be preached there would be little hope of South Africa ever being a united nation (Smuts, 1938).

2.5 NEUTRALITEIT

Terwyl die moontlikheid van 'n wêreldoorlog in 1939 al hoe sterker geword het, was die grootse politieke vraag in Suid-Afrika die vraag oor neutraliteit. Indien Brittanje in 'n oorlog betrokke sou raak, wat moet Suid-Afrika se houding wees? Die Nasionale Party was uitgesproke daarvoor dat hulle nie weer by 'n Britse oorlog betrokke wou raak soos tydens die Eerste Wêreldoorlog nie. Die meerderheid nie-Afrikaners het egter anders gevoel hieroor. Genl. Hertzog, die Eerste Minister, het in September 1938 'n verklaring aan die Kabinet gegee waarin hy sy standpunt rakende neutraliteit bevestig het. Indien oorlog sou uitbreek in Europa, sal die bestaande verhouding tussen die Unie en die ander lande ongewysig bly. Dit sou Duitsland insluit (Van den Heever, 1944: 691).

Hoewel die Afrikaners in 1938 emosioneel meegesleur geraak het deur die ossewaens wat oor die land na Pretoria opgetrek het, was die spanning in Europa nie vergete nie. Klassis Pretoria van die Gereformeerde Kerk het in September 1938 die regering versoek om in 'n moontlike oorlog neutraal te bly (Gereformeerde Kerk Klassis Pretoria, 1938. art. 10 & 13).

⁶ Duitsland het Pole op 1 September 1939 binnegeval, waar 'n groot gemeenskap Jode was.

Genl. Smuts het op 13 Januarie 1939 tydens 'n openbare vergadering op Ermelo sy mening oor neutraliteit so gestel: "*People who thought South-Africa could be safe if a big war broke out were hopelessly misled*" (Hancock, 1968: 317). Hy het 'n betekenisvolle opmerking oor die inval in Tsjeggo-Slowakye gemaak:

As times of test approach we stick to our friends ... the time will then also come for this Government to warn the people of the Union, and to ask this House to occupy itself with European affairs (Hancock, 1968: 318).

Omdat die kerk 'n belangrike deel van die volk is, is dit vanselfsprekend dat die politieke gebeure van elke dag 'n invloed op die lidmate en op die kerke se funksionering gehad het. Die Hollands-Afrikaanse kerke het in hulle meerdere vergaderings en in hulle kerklike tydskrifte die saak van nie-deelname bespreek, beredeneer en voorstelle gemaak en skrywes aan die regering gerig. Elke van die Hollands-Afrikaanse Kerke het binne sy eie struktuur van kerkrade en meerdere vergaderings standpunt ingeneem teen oorlog deelname

2.5.1 VANUIT DIE GEREFORMEERDE KERK

Tydens 'n kerkraadsvergadering van die Gereformeerde Kerk Brakpan gee die voorsitter, ds. J.A. Schutte, kennis van 'n protesvergadering wat in Brakpan gehou beplan word teen die "inlyf" van Suid-Afrika in 'n Europese oorlog (Gereformeerde Kerk Brakpan, 1938: 12).

Tydens 'n Klassisvergadering in Pretoria op 27 September 1938 spreek die Klassis hom uit oor die gevaar van deelname aan 'n Europese oorlog. Kerkrade word versoek om die gevaar daarvan onder die aandag van gemeentes te bring. Die Klassis rig ook 'n brief aan genl.

Hertzog en versoek hom om die land uit so 'n oorlog uit te hou (Gereformeerde Kerk Klassis Pretoria, 1938. art. 10 & 13). Mnr. P. Botha, die privaat sekretaris van die Eerste Minister, het die brief ontvang en het onderneem om dit onder die aandag van genl. Hertzog te bring (Gereformeerde Kerk Klassis Pretoria. Bylae, 1938). Geen antwoord is ontvang nie.

Klassis Pretoria het in April 1939 weer vergader en het weereens 'n skrywe aan die Eerste Minister se kantoor gerig:

... dat u tog sal verhoed dat Suid-Afrika in 'n oorlog sal dompel en also genoodsaak sal word om saam te veg met partye wat kommunisties gesind is (Gereformeerde Kerk Klassis Pretoria, 1939 :278).

Hierdie skrywes moes Hertzog verseker versterk het in sy standpunt, hoewel hy nooit persoonlik enige kerklike skrywes beantwoord het nie.

In die volgende maande het daar drie artikels in *Die Kerkblad* verskyn oor neutraliteit en oorlog (08/09/39; 06/10/39; 20/10/39).

2.5.2 VANUIT DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK

Op 27 Maart 1939 het 'n oproer by 'n kommunistevergadering op die Parade in Kaapstad uitgebreek. Van die skare het in Adderleystraat afgestorm, die publiek aangerand, en skade is aan verskeie voertuie aangerig. Vier polisiemanne is in hierdie oproer beseer. By die Parlementsgebou is die skare gestuit toe die hekke gesluit is (De Villiers, 1977: 63).

Tydens die Algemene Sinode is hierdie gebeure bespreek en is 'n vorige besluit van die Sinode van 1936 bevestig:

... dat die benarde wêreldtoestand en die gespanne verhouding tussen volke, te wyte is aan die toenemende afvalligheid van God en sy Woord (Mentz, 1939 :376).

Ds. C.C. Kritzinger van Hopetown het in Mei 1939 gewaarsku dat “as die mensdom hom van God af wegkeer sal God hom straf soos vir Adam”. Hy het gewaarsku dat daar nie meer in die raadsale van die wêreld na die leiding of verbond van God gevra word nie, maar mense sluit met mekaar verbonde. Dit gaan uiteindelik straf tot gevolg hê (Kritzinger, 1939 :10).

Die aandrang om neutraal te bly het al hoe sterker in die *Kerkbode* na vore gekom. Volgens 'n artikel is oorlog die hoogtepunt van ongeloof, sonde en wêrelddiens “wat te wyte is aan die gebrekkige geestelike toerusting wat by die mense in hulle jonger lewe ontbreek het” (Anon, 1942b :44).

Dr. W. Nicol skryf in *Die Kerkbode* oor “Die Kerk en Neutraliteit” dat dit die reg en plig van die kerk is om enige aanvalsoorlog te veroordeel. Wanneer oorlog verklaar sou word vir eie

voordeel sal dit teen die wil van God wees. Die owerheid het die verantwoordelikheid om sy onderdane te beskerm (Nicol, 1939a :623).

Dr. D.F. Malan, leier van die Nasionale Party, spreek hom ook uit oor neutraliteit. Hy het gemeen dat die kerk sterker standpunt moes inneem daaroor. A.R. Olivier haal dr. Malan aan uit *Die Ossewabrandwag* van 12 September 1941: “As dit ons godsdienste, ons sedelikheid as volk, en die reg van ons gewete betref, kan die kerk nie neutraal bly nie” (Olivier, 2002 :260).

In *Die Kerkbode* het slegs een artikel oor neutraliteit verskyn (02/04/39).

2.5.3 VANUIT DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

In *Die Hervormer* is 'n neutrale standpunt teenoor neutraliteit gehuldig. Ds. H.P. Wolmarans skryf op 25 Oktober 1939:

... die kerk wat homself ken as die liggaam of as deel van die liggaam van Christus op aarde, keur elke vorm van oorlog in beginsel af... Die christelik georiënteerde volk sal dit as die allerlaaste middel beskou ... Die kerk voer geen oorlog nie en besluit ook nie oor die noodsaaklikheid om oorlog te verklaar of nie... Dat die kerk hom dus moet oor die vraag of die owerheid oorlog moet verklaar of nie, kan dus nie anders gesien word nie as 'n growwe misverstand van wat kerk is (Wolmarans, 1939e: 12).

Wolmarans was oortuig dat daar onder die lidmate groot verwarring sou wees indien die kerk 'n uitspraak oor die neutraliteitskwessie sou maak. Sy gevoel was dat hoewel die lidmate en predikante wel die reg op hulle eie oortuiging het, die kerk nie 'n uitspraak daaroor maak nie (Wolmarans, 1939 :12). Vir Wolmarans was dit duidelik dat kerk en politiek nie onder dieselfde dak hoort nie.

In *Die Hervormer* het slegs een artikel oor neutraliteit verskyn (25/10/1939).

Uit die voorafgaande kom die onderskeie kerke se standpunt duidelik na vore. *Die Kerkblad* wys op die gevaar van oorlog en die gevolge daarvan op die volk met inbegrip van die kerk. Die regering word versoek om Suid-Afrika uit die oorlog uit te hou. *Die Kerkbode* lê klem daarop dat die oorsaak van oorloë afvalligheid van God en Sy Woord is. Eers as daar verootmoediging kom kan enige heil van God verwag word. *Die Hervormde* beklemtoon dat die kerk nie ingetrek moet word in enige uitspraak van deelname of nie-deelname nie. Die kerk moet neutraal bly oor neutraliteit.

2.6 KERKE SE REAKSIE OOR DIE MOONTLIKHEID VAN OORLOG

Die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk het in 1936 'n aantal beskrywingspunte rakende die moontlikheid van oorlog aanvaar. Eerstens is gestel dat die gespanne toestand in die wêreld te wyte is aan toenemende afvalligheid van God se Woord. Tweedens betreur die Sinode die wantroue en suspisie tussen volke in Suid-Afrika, en derdens stel die Sinode dat wapengeweld nie die oplossing sal wees nie (Nederduits Gereformeerde Kerk, 1936 :280). Sonder om dit so te noem het die Sinode 'n standpunt van neutraliteit bepleit.

Vuisgevegte tussen Jode en van die Hemdebewegings het sporadies op die Oos-Rand voorgekom. Dit het telkens die moontlikheid van 'n oorlog na vore gebring. Die Klassis Pretoria van die Gereformeerde Kerk het op 27 September 1938 in Benoni vergader. Tydens die vergadering is die voorafgaande onluste bespreek. Die Klassis het tydens die vergadering 'n brief aan genl. Hertzog gestuur waarin die gemeentes aan die Rand en Pretoria die volgende versoek rig:

Uit vrees vir die verbreiding van Kommunisme as gevolg van 'n moontlike Europese oorlog, vra hierdie Klas. Vergadering die Hoë owerheid om ons land en volk uit die oorlog te hou (Gereformeerde Kerk Klassis Pretoria, 1938 :10).

2.7 OORLOGSVERKLARING

Terwyl die spanning in die wêreld aan die opbou was, het adv. E.G. Jansen en genl. Smuts die volk opgeroep tot nuwe vaderlandsliefde en morele en geestelike bewapening as manne en vroue wat 'n Christelike gees en etiek as maatstaf in hulle lewe het (Jansen, 1939:16). In Johannesburg het honderde manne elke dag by die Drilsaal, die hoofkwartier van Kommandement Witwatersrand, byeengekom in afwagting van die regeringsbesluit. Agter die skerms het die Leër en die Lugmag hulle gereed gemaak vir deelname aan die oorlog, ongeag wat die kabinet se besluit sou wees (Crwys-Williams, 1992: 22).

As gevolg van die oplopende spanning het die Tussenkerklike Kommissie, voorheen genoem die Interkerklike Kommissie, voorgestel dat alle geaffilieerde Presbiteriaanse Kerke opgeroep moes word om op Sondag, 3 September 1939, te verenig in gebed. Hoewel daar nie biddag in die land afgekondig is nie, het baie gemeentes wel aan die versoek van die kommissie voldoen (Anon.1939a :569).

Die oorlog het op 1 September 1939 uitgebreek toe Duitsland Pole binnegeval het. Op 3 September 1939 het Brittanje oorlog verklaar teen Duitsland (Baudot, 1977: 528). Op Saterdag 2 September 1939, twee dae voor die Parlement sou besluit oor Suid-Afrika se toetrede of neutraliteit, het die studente van die Universiteit van Pretoria onder leiding van Anton Rupert byeengekom en die regering versoek om neutraal te bly in die komende oorlog van Europa (Meyer, 1953: 24). Die Afrikaanse Nasionale Studentebondtakke van die Universiteite van Potchefstroom, Stellenbosch en Witwatersrand het hierna soortgelyke verklarings uitgereik (Meyer, 1953: 24). Geeneen van die takke het egter enige kommentaar hieroor van die regering ontvang nie. Die gebeure in die Parlement die volgende dae het aan die studente duidelik gemaak dat hulle versoek nie in ag geneem is nie.

Die Senaat van die Parlement se dienstryd sou voor die volgende Parlementsitting in 1940 ten einde loop. 'n Buitengewone Parlementsitting is byeengeroep om hulle ampstryd te verleng. Hierdie sitting het op Saterdag 2 September 1939 plaasgevind (De Villiers, 1977: 66). Hoewel die vergadering nie byeengeroep is om oorlogsdeelname te bespreek nie, het die neutraliteitsstandpunt wel ter sprake gekom. Die volgende dag, Sondag 3 September 1939, het genl. Hertzog 'n Kabinetsvergadering byeengeroep in die ampswoning, Groote Schuur, waar hy duidelik gestel het dat die Kabinet by sy besluit van neutraliteit sal bly. Smuts was egter oortuig dat Suid-Afrika moreel verplig was om Brittanje by te staan (Van den Heever, 1944: 702). Hy het 'n ander, breër siening oor Suid-Afrika se posisie in die Britse ryk gehad. Hy het die Gemeenebes gesien as 'n ekonomiese gemeenskap van volke met 'n Britse identiteit waarvan Suid-Afrika deel was, met die Britse monarg as hoof (Marx, 1998: 112). Die kabinet was verdeel oor die saak van neutraliteit. Hertzog het te kenne gegee dat as daar oor sy standpunt verdeeldheid was, hy die Goewerneur-Generaal sal vra om die Parlement te ontbind sodat die volk in 'n stemming self kon besluit (De Villiers, 1977: 66). Die volgende Maandag tydens die Volksraadsvergadering het Hertzog sy standpunt oor neutraliteit soos volg gestel:

Dat die bestaande verhouding tussen die Unie van Suid-Afrika en die verskillende oorlogvoerende partye, sover dit betref die Unie, ongewysig bly en voortbestaan en voortgesit word asof daar geen oorlog gevoer word nie (Van den Heever, 1944: 702; Schoeman, 1978: 36).

Smuts was oortuig dat Hertzog in die geheim steun vir sy siening geworf het. Sy seun skryf hieroor soos volg:

His (Hertzog) movements and motives were all hidden under a cloak of secrecy, and not an inkling of what was happening was allowed to reach my father (Smuts, 1952: 345).

Smuts se amendement op Hertzog se voorstel was dat Suid-Afrika sy verpligtinge teenoor Brittanje moes nakom. Smuts se holistiese oortuiging was hierin duidelik: Dat elkeen op die aarde deel is van die ander in 'n groot geheel, dat die eie volk nie die enigste of die volmaakte is nie, maar 'n onderdeel van die geheel. Handhawing van die eie, soos nasionaal-sosialisme, en per implikasie Afrikanernasionalisme, is egoïsties. Volgens Smuts was Duitsland 'n bedreiging vir die Gemenebes, en moes almal hulle daarteen verset. Hy wou hê die Unie moes net na sy eie verdediging omsien en geen troepe, soos met die Eerste Wêreld Oorlog, oorsee stuur nie (Schoeman, 1978 :37; Ingham, 1986 :206). In die debat wat hierop gevolg het, was dit duidelik dat die ou dubbele lojaliteit nog altyd by die Engelssprekendes geleef het nl. dat Brittanje steeds *Home* was (Schoeman, 1978 :38). Toe die Parlement hieroor gestem het, het 80 vir Smuts en 67 vir Hertzog gestem (Meiring, 1986: 148; Schoeman, 1978 :38). Die goewerneur-generaal, sir Patric Duncan, het gevoel dat “n verkiesing in die heersende krisissomstandighede tot bitterheid en selfs geweld sou lei” (Coetzer, 1986: 268). Hy het nie die Parlement ontbind of referendum toegestaan soos wat Hertzog versoek het nie. Duncan se besluit het meer bitterheid en geweld tot gevolg gehad as wat hy kon voorsien. Hy het nie die Afrikanernasionalisme van 1938 verstaan nie en het eensydig Britse belange gedien. Smuts is gevra om 'n nuwe kabinet saam te stel. Daarmee het Duncan vir Hertzog uit sy pos onthef. 'n Nuwe koalisiëkabinet is op 6 September 1939 ingesweer en Suid-Afrika het amptelik oorlog teen Duitsland verklaar (Coetzer, 1986: 269). Al hierdie verwikkelinge is regdeur die land met afgagting gevolg. Die Britsgesindes het gejuig, terwyl die Afrikaners gespanne gewag het op die optrede van hulle Nasionale Party leiers. Foutiewe berigging deur die SAUK oor die gebeure, nl. dat genl. Hertzog die parlement huis toe gestuur het, het daartoe gelei dat die Bloemfonteinse kommando deur hulle bevelvoerder, dr. Hans van Rensburg, opgeroep is (Meiring, 1986: 149). 'n Volledige berig is later deur die Uitsaai korporasie uitgesaai wat die saak in perspektief gestel het. Van Rensburg het die kommando deur huis toe gestuur. Later het Van Rensburg sy optrede geregverdig deur te verklaar dat hy bevrees was dat die berig tot oproer sou lei. Hy was egter die enigste kommando bevelvoerder wat so gereageer het. Van Rensburg, wat later die Kommandant Generaal van die Ossewabrandwag geword het, het moontlik in hierdie gebeure reeds sy drang tot optrede teen die oorlog geopenbaar, wat hy later so dramaties uitgeleef het in die Ossewabrandwag.

Die politieke besluite en gebeure van daardie dae het die samelewing in Suid-Afrika dramaties beïnvloed, in besonder die Afrikanergemeenskap. Die verdeeldheid in Afrikanergeleedere wat hierop gevolg het, was groter as die verdeeldheid tydens die Rebelle van 1914. Hierdie spanning, wat ook in die gemeentes gemanifesteer het, het in intensiteit toegeneem met die duur van die oorlog (Van Zyl, 2010; Diederiks, 2011; Riekert, 2011; Kruger, 2012; Reynecke, 2012).

Die Interkerklike Kommissie van die drie Afrikaanse Kerke het verklaar dat daar met die oorlogsverklaring 'n verdeeldheid onder die Afrikaners te bespeur is, nie net op staatkundige gebied nie, maar ook op maatskaplike gebied. Die kommissie het besef hulle kan nie 'n program van hereniging aan die hand doen nie, maar beveel aan:

... om so spoedig moontlik op dieselfde datum, 'n dag van verootmoediging en gebed te bepaal, om deur alle ampsdraers, alles te doen wat moontlik is om die bestaande bitterheid te verwyder (Gereformeerde Kerk, 1939 : 157).

Die Raad van Kerke van die Nederduits Gereformeerde Kerk het ook die volksverdeeldheid en verbittering wat daar tussen die Afrikaners geheers het betreur. Die Raad was dankbaar dat die Afrikaners ten gunste van volkshereniging was, en was oortuig dat 'n dag van "verootmoediging en gebed" hieroor vasgestel moes word (Raad van Kerke, 1939 :648).

Ds. H.J. Pienaar van die Nederduits Gereformeerde Kerk het gemeen 'n ramp staan voor die deur: "Wat sal die uitkoms wees ... Sal die een of ander nasie uit die ry van volke uitgewis word?" (Pienaar, 1939 :774).

Geen verwysing na die oorlogsverklaring is te vinde in die kerklike tydskrifte en geraadpleegde kerkraadsnotules nie.

Die geestesklimaat in Suid-Afrika in die dertigerjare is vir die Afrikaner gekenmerk deur eensgesindheid op die kultuurvlak, maar verdeeldheid op politieke vlak. Op maatskaplike gebied het die Armblanke vraagstuk 'n groot rol gespeel. Deur die toedoen van die kerke is 'n konferensie hieroor gehou, en daaruit het die Federasie vir Afrikaanse Kultuurvereniginge, die Voortrekkerbeweging en Sakekamers tot stand gekom. Dit moes die Afrikaner se kultuurbelange teen 'n sterk Britse kultuur beskerm. Die geestesklimaat in Europa, in besonder in Duitsland, is deur die opkoms van die Nasionaal-sosialisme, met sy volksverheerliking en 'n sterk anti-Semitisme oortuiging, oorheers. Die kerk in Duitsland is so deur die regering oorheers dat die grootste deel van die kerk 'n stemlose staatsdepartement geword het. Hierdie verwickelinge was in Suid-Afrika bekend. In kerklike geledere is dit beoordeel en afgewys as 'n nuwe heidendom met 'n "onchristelike" volksverheerliking. Hierdie verheerliking van die volk het egter vir sommige die moontlikheid ingehou om die Afrikanervolk weer te verenig teenoor Britse oorheersing. Uit hierdie oortuiging het verskeie bewegings, soos die Hemdebewegings en die Nuwe Orde, met 'n nasionaal-sosialistiese oortuiging tot stand gekom. Dit het 'n tyd van onrus in Suid-Afrika gebring. Menige politieke vergadering is met geweld uitmekaar gejaag deur opponerende partye. Die Simboliese Ossewatrek van 1938 het teen hierdie agtergrond

plaasgevind, en dit het vir die meeste Afrikaners 'n emosionele beleving van hulle geskiedenis en 'n oplewing in patriotisme gebring. Vir 'n kort tyd was die Afrikaner verenig buite die politieke veld en die verwickelinge in Europa was tydelik op die agtergrond geskuif. Die Engelstaliges het nie hierdie emosionele opwelling gedeel nie. Uit hierdie volksbeleving is 'n nuwe kultuurbeweging, die Ossewabrandwag, gestig. Die ontwikkeling van die beweging en die gebeure in die land het daartoe gelei dat die Ossewabrandwag vinnig tot die magtigste en oorheersende Afrikanerorganisasie gegroei het.

Met 'n dreigende oorlog in Europa was een van die belangrikste politieke vrae in Suid-Afrika die vraag oor neutraliteit. As daar oorlog sou kom, wat moet Suid-Afrika se optrede wees? Baie, hoofsaaklik Afrikaners, was oortuig dat Suid-Afrika nie in 'n Britse oorlog betrokke moet raak nie. Die, hoofsaaklik Engelstaliges was oortuig dat Suid Afrika as deel van die Britse Ryk verplig was om Brittanje te steun.

'n Spesiale parlamentsitting oor die verlenging van die Senaat se ampstyd is byeengeroep. Weens die verwickelinge in Europa was die parlement genoodsaak om oor Suid-Afrika se posisie en optrede te handel. Die adjunk Eerste Minister, genl. Smuts, se drang en oortuiging om die Britse kroon te ondersteun het die uitsonderlike gevolg gehad dat die regerende party verdeeld was oor deelname aan die oorlog. Met 'n verdeling van stemme is die opposisie se standpunt gesteun en die regerende party moes sy posisie afstaan. Genl. Smuts het 'n nuwe kabinet saamgestel en oorlog is teen Duitsland verklaar. Die volk het geen inspraak in hierdie dramatiese besluit gehad nie. Dit het Suid-Afrika in 'n groter onrus gedompel as bloot die politieke vergaderings se vuisgevegte.. Indien die kiesers, deur 'n referendum self kon besluit oor deelname al dan nie, sou die politieke gebeure in Suid-Afrika anders verloop het. As vrywilligers toegelaat was om by die Britse magte aan te sluit sonder dat Suid-Afrika amptelik tot die oorlog toegetree het, sou daar nie teenstand gewees het nie en die lewensomstandighede in Suid-Afrika sou minder geaffekteer gewees het.

As die Afrikaners eensgesind was oor neutraliteit sou die kerke nie met verdeeldheid in eie geledere geworstel het nie. Die verdeeldheid het tot bitterheid en selfs minagting vir mekaar gelei. Binne hierdie geestesklimaat moes die kerke steeds hulle pastorale bediening uitvoer ongeag enige lidmaat se politieke oortuiging.

INVLOED OP LEWENSOMSTANDIGHED

Oorsig

- 3.1 Inleiding
- 3.2 Noodmaatreëls
- 3.3 Soldategedrag
- 3.4 Invloed op sedelike lewe
- 3.5 Aflegging van die Eed
- 3.6 Gevolgtrekking

3.1 INLEIDING

Wanneer 'n regering in 'n oorlogsituasie kom, stel hy gewoonlik noodmaatreëls in vir die beheer van die ekonomie en die binnelandse veiligheid. Sulke maatreëls gee aan die Regering wye magte oor bykans alle gebiede van die burgerlike samelewing. Die Suid-Afrikaanse regering was verplig om sulke maatreëls in te stel om hom beter te beskerm. Dit het ook 'n groot invloed op die lewensomstandighede van die bevolking gehad. Hierdie hoofstuk ondersoek die invloed van die noodmaatreëls tesame met die impak daarvan op die kerklike lewe. Die invloed wat dit op die geestelike en morele lewe van Suid-Afrikaners gehad het word aangetoon, en die optrede van soldate teenoor die publiek word nagegaan. Politieke verwickelinge het veroorsaak dat mense maklik van party of organisasie verander het. Dit het hulle eed van trou aan sulke organisasies geraak, en hierdie optrede word beoordeel.

3.2 NOODMAATREËLS

Tydens die eerste sitting van die oorlogskabinet op 6 September 1939 het genl. J.C. Smuts die opmerking gemaak: *We are in for a hell of a time. Make no mistake about it* (Coetzer, 1994 :274). Dit bevestig dat hy ernstige teenkanting van die teen-oorlog groepe verwag het. Veral na die Afrikaneroplewing van die vorige jaar se fees, was min Afrikaners gereed vir pro-Britse entoesiasme. Die wat wel genl. Smuts se politieke oortuiging aanvaar het, het volgens die ander verraad teen die geskiedenis van die Afrikaner gepleeg. Smuts was deeglik bewus van die verdeling onder die Suid-Afrikaanse bevolking. Hy noem dit in sy radioboodskap op Oujaarsdag 1939:

The choice with all its overwhelming responsibility was relatively easy for the English-speaking Afrikaners to make, their hearts agreed with their heads. On the contrary, for Dutch Afrikaners the choice was a crisis which hit deep, causing the tragic division among us. But don't allow the crisis to become a tragedy. Don't allow the division to turn into judgment (Craws-Williams, 1992 :54).

Omdat daar openlike weerstand teen die oorlogsbesluit was, was die regering verplig om sekere noodmaatreëls in te stel om hom te beskerm. In 'n Buitengewone Staatskoerant van 14 September 1939, is die eerste van 'n reeks noodmaatreëls afgekondig. Hierin is o.a. bepaal dat byeenkomste van meer as 20 persone verbied is. "Godsdiensoefening in geboue wat gewoonlik vir godsdiensoefeninge gebruik is" was hiervan uitgesluit. Alle buite byeenkomste, ook op kerk terreine, was onwettig, behalwe met spesiale toestemming van die plaaslike landdros of kontroleer. Bruilof, begrafnis en verassing was egter van hierdie regulasie vrygestel. Hierdie noodregulasies van tyd tot tyd aangepas en het 'n al wyer spektrum van die lewe van die Suid-Afrikaners geraak.

Dat hierdie regulasies deur teenstanders oortree sou word, is vanselfsprekend. Tydens die 1940 Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk OVS is besin hoe opgetree moes word teen oortreders van die noodregulasies, wetende dat lidmate wat teen die oorlog gekant was een of ander van die noodmaatreëls sou oortree. Die maatreëls sou sommige lidmate voor 'n botsing van plig bring. Mag 'n persoon teenoor die staat weier om te getuig oor iemand anders? Indien hy getuig het, was dit tot skade en nadeel van sy naaste. Die Sinode het wyslik besluit om die saak aan die plaaslike kerkrade oor te laat omdat elke geval op meriete hanteer moes word (Nederduits Gereformeerde Kerk, 1940 :257). Daar is geen aantekening in enige notule dat 'n kerkraad tug oor enige oortreding van die maatreëls toegepas het nie.

3.2.1 EKONOMIESE MAATREËLS

Die Suid-Afrikaanse publiek was tot die einde van 1941 betreklik min op ekonomiese gebied deur die oorlog beïnvloed. Die regering het wel 'n poging aangewend om van die publiek vrywillige offergawes vir die oorlog te verkry, soos aluminium ketels en kastrolle vir gietwerk, maar dit was nie geslaagd nie (Coetzer, 1994 :160). Die effek van die oorlog op die lewensomstandighede het spoedig verander toe die VSA en Japan tot die oorlog toegetree het.

Oorlog op see het toegeneem en dit het tot gevolg gehad dat net noodsaaklike goedere ingevoer kon word. Vir die bevolking het die beperkte invoer van goedere stremmend op hulle daaglike lewe ingewerk.

3.2.1.1 RANTSOENERING

Beperkings is ingestel op die verkryging van petrol, rubber, motorbande, botter, kaas, meelblom, wit verf, tandepasta, sinkplate, papier, fotografiese materiaal en klere (Coetzer, 1994 :160). Die beperkings op die invoer van materiale het gemeentes geaffekteer. Kerkrade is genoodsaak om aan kerkraadslede toestemming te verleen om sonder 'n manel eredienste by te woon. Tydens die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk OVS is versoek dat daar 'n tegemoetkoming moet wees teenoor kerkraadslede vanweë die “duurte en skaarste” van manelpakke (Nederduits Gereformeerde Kerk, 1944 :266; Du Toit, 1944 :15).

Die invoer van papier is ook beperk. In die voorwoord van die Gereformeerde Kerk se *Almanak* van 1942 en 1943 word verskoning gemaak vir die kleiner formaat van die publikasie vanweë die beperkings. Die aantal bladsye van die *Jaarboek/Almanak* van die Nederduits Gereformeerde Kerk en die van die Nederduitsch Hervormde Kerk moes verminder word “volgens owerheid-bepalings” (Oberholtzer, 1943 :7; Engelbrecht, 1943 :122). Die publikasie van *Die Kerkbode*, die tydskrif van die Nederduits Gereformeerde kerk, is vanweë papierskaarste ingekort. Die amptenare van die Sinode is versoek om so min moontlik plek te gebruik vir amptelike kennisgewings. Slegs die kennisgewings wat deur die wet vereis word, kon gepubliseer word (Nederduitsch Hervormd of Gereformeerde Kerk, 1944 :59, 321). Die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Sending Kerk van Transvaal, wat 'n Sendingblad, *Die Boodskapper, Lengosa Umse* wou uitgee, moes by die Staatskontroleur toestemming vra om van die kerk se kwota papier te mag gebruik. Aanvanklik is geen antwoord van die Kontroleur ontvang nie. Later is wel toestemming verleen (Robinson, 2009 :100).

Beperkings op boumateriaal het veroorsaak dat die oprigting van kerkgeboue uitgestel of vertraag is. Die bou van die Nederduits Hervormd of Gereformeerde Kerk Belfast se kerkgebou moes uitgestel word tot na die oorlog. Die Algemene Kommissie van die Nederduitsch Hervormde Kerk is gevra om by die regering aan te dring om boupermitte vir nuwe kerkgeboue toe te staan (Nederduitsch Hervormde Kerk, 1945). Die minister het die versoeke afgewys omdat plaaslike sement slegs vir militêre doeleindes beskikbaar was en ander nie ingevoer kon word nie. Die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Oos kon eers na 1945 'n permit verkry om hulle kerkgebou op te rig (Harris ea. 2009 :25). Die Gereformeerde Kerk Durban het eweneens nie 'n boupermit van die “kontroleur” verkry nie (Gereformeerde Kerk Durban, 1943).

Johannesburg-Suid se pyporrel is eers na 1949 voltooi omdat die nodige allooi vir die vervaardiging van die pype nie gedurende die oorlog ingevoer kon word nie (Harris e.a. 2009 :99).

3.2.1.2 VOEDSELRANTSOENERING

Die noodmaatreëls het ook voedsel voorsiening geraak. Die koringoes vir wit meel moes aan die staat afgestaan word vir die verdedigingsmag op die front. Slegs growwe meel was vir die publiek beskikbaar. Die publiek is ook verbied om die meel te sif. Menige huisvrou het agter geslote deure “onwettig” meel gesif om witbrood te kan bak (Reynecke, 2012; Snyman, 2011; Van Tonder, 2004; Yssel, 2011; Kruger, 2011). Die Kerkraad van Gereformeerde Kerk Kaapstad het die regering om ’n toegewing gevra vir wit meel om brood vir nagmaal te bak. Die versoek is afgewys (Gereformeerde Kerk Kaapstad, 1943. 1.1.3 :52). As aan die een kerk ’n toegewing gemaak sou word sou ander ook daarop kon aanspraak maak. Kerke moes vir die duur van die oorlog bruinbrood gebruik. Na die oorlog het die Minister van Landbou, minister Kosie Strauss, hierdie maatreëls verdedig. Die voorsiening van witbrood sou beteken dat ’n miljoen sakke koring per skip ingevoer moes word. Dit was nie prakties moontlik nie omdat slegs noodsaaklike goedere ingevoer is (Coetzer, 1994 :399). Die invoer van koring en ander “luukse” artikels sou teen die oorlogbelange van die land indruis. Die voorsiening aan die soldate en ander oorlogbenodighede is as prioriteit gereken. Die koringoes in Suid-Afrika is aangewend vir die soldate (Wessels, 1996:3).

Voedselrantsoenering het veroorsaak dat mense in lang rye moes staan vir meel, suiker, vleis en aartappels. Die gevolg was dat swartmarkte soos paddastoele verskyn het waar enige iets verkry kon word. Wit meel is “onwettig” van boere bekom en so verkoop (Coetzer, 1994 :430. Kruger, 1955 :237). Hierdie onwettige handel is in geen kerklike vergadering of tydskrif bespreek of veroordeel nie.

3.2.1.3 VERVOER- EN REISBEPERKINGS

Rantsoenering van brandstof en bande het bepaalde gevolge vir kerke gehad. Vanaf 1 Februarie 1942 is petrolrantsoenering by wyse van ’n koeponstelsel ingestel. Motoriste was tot 300 myl per maand beperk. Dit het stremmend en ontwrigtend op die sakesektor, kerklike organisasie en sport ingewerk. Vanaf 1 Januarie 1943 is die rantsoen verminder na 200 myl (Coetzer, 1994 :297). Kerke is hierdeur geraak deurdat huisbesoek in afgeleë dele nie kon plaasvind nie. Meerdere vergaderings waar afgevaardigdes lang afstande moes reis kon nie

gereeld plaasvind nie (Gereformeerde Kerk Bloemfontein, 1942a. :301). Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Kaapstad het besluit dat nagmaal vir die buitewyke van die Boland op Stellenbosch gehou sal word omdat lidmate nie na Kaapstad kon reis nie. Die kerkraad se aansoek om ekstra koepons vir huisbesoek is nie toegestaan nie (Gereformeerde Kerk Kaapstad, 1942. art. 6 & 9) Die Westelike Klassis in samewerking met die Oostelike Klassis het as meerdere vergaderings die regering versoek om toegewings te maak, maar sonder sukses (Gereformeerde Kerk Westelike Klassis, 1943 :41). Ds. J.V. Coetzee van Potchefstroom, wat na Bethal moes reis vir 'n bepaalde kerklike verpligting telegrafeer aan ds. P.J. Delport van Bethal: "Kontroleur weier brandstof vir reis. Trein buite Kwessie neem 9 dae uit en tuis" (Coetzee, 1944a). Die Ring van die Nederduits Gereformeerde Kerk Bloemfontein het die predikant van Bloemfontein-Wes aangewys om die owerheid te spreek oor die brandstofrantsoenering wat die kerke se bedieningswerk bemoeilik het (Nederduits Gereformeerde Kerk Ring van Bloemfontein, 1942. April :140). Waarskynlik is daar later 'n toegewing gemaak, want die moderamen van die Ring van Fauresmith rig die volgende skrywe aan die Kontroleur:

Versoek beleef dog dringend deur die kanaal van die Saakgelastigde van die N.G. Kerk dat die Hoofkontroleur, soos in die geval van geneeshere, spesiale permitte aan predikante gegee sal word vir buite- en binnebande, en waar die Ring die Kontroleur bedank vir die tegemoetkoming re. petrol rantsoene, vra die Ring beleefd dat die Kontroleur sal toesien dat die predikant van Jacobsdal reëlmatig petrolrantsoene sal bekom (Nederduits Gereformeerde Kerk Ring Fauresmith, 1942c : 323).

Die Sinodale Kommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Transvaal het sy kommer uitgespreek dat hulle drie-jaarlikse Sinode nie kon plaasvind nie, omdat motorvervoer beperk was. Die meeste sinodegangers kon ook nie 'n konsessie vir die trein bekom nie (Anon, 1942c :268). Tydens die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die OVS is die owerheid weereens versoek om meer tegemoetkomend te wees aan kerklike amptenare wat vervoer betref, "(motorbande en petrol) met die oog op hulle werk in die gemeentes". Geen antwoord op die versoek is ontvang nie en geen toegewing is gemaak nie (Nederduits Gereformeerde Kerk OVS, 1944 :266).

3.2.1.4 PERSSENSUUR

Onder die noodmaatreëls kon sekere sake nie in die pers bespreek word nie. Kerke het in die verlede sterk uitsprake oor die kommunisme en die gevaar van kommunisme gemaak. Nadat Rusland in Junie 1941 aan die Geallieerdes se kant tot die oorlog toegetree het, kon artikels oor

die kommunistiese gevaar nie meer gepubliseer word nie. Die redakteur van *Die Kerkblad* wou 'n artikel publiseer oor die Bolsjewiste wat aan die kant van die Christenbelyers veg, maar die regsadviseurs van die blad het aanbeveel dat die prokureur-generaal eers toestemming gee. Die artikel is nie gepubliseer nie. 'n Tweede artikel met die opskrif: “'n Dreigende Gevaar” is ook afgewys (Coetzee, 1941a :2).

Onder hierdie maatreël het die regering ook 'n nuwe publikasie verban. In Januarie 1944 het speurders by die kantoor van Die Protestantse Vereeniging in Kaapstad 875 kopieë van *The Roman Catholic System* gekonfiskeer. Die Protestantse Vereeniging het publikasies oor die “Roomse gevaar” versprei. In die publikasie het 'n gewese Roomse priester die Roomse kerk veroordeel. Die polisie het na die klopjag op die Protestantse Vereeniging periodiek by die naburige pastorieë navraag gedoen oor hierdie publikasie. Die kerke het by die regering navraag gedoen oor hierdie optrede, maar geen antwoord is ontvang nie. Die vermoede was dat die minister tot die optrede oortuig is deur druk van top amptenare in die regering wat aan die Roomse kerk behoort het (Coetzee, 1944 :14). In Januarie 1944 het die moderamen van die Nederduits Gereformeerde Kerk 'n telegram aan die Eerste Minister gestuur oor die optrede van die polisie. Die deursoek van huise is hierna gestaak. In Februarie is 'n tweede skrywe aan die Eerste Minister gestuur oor die verbanning. Die kantoor van die Eerste Minister het wel erkenning van ontvangs van die brief gegee, maar geen verduideliking oor die optrede is gegee nie. Op 15 Maart 1944 is 'n derde skrywe gestuur. Weereens is geen reaksie of verduideliking ontvang nie (Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1944 :51). Eers op die volgende Sinode is gerapporteer dat die ban op die boek teruggetrek is sonder enige kommentaar of rede vir die konfiskering (Nederduits Gereformeerde Kerk, 1945 :38 & 70).

3.2.2 ONTWAPENING EN BEWAPENING

Een van die maatreëls wat grootskaalse ontevredenheid veroorsaak het, is die opkommandering van alle koeëlgewere en ammunisie. Alle koeëlgewere moes voor 17 Julie 1940 by die polisie ingehandig word (Buitengewone Staatskoerant, 1940. Wet 1067). Die maatreël is afgekondig uit vrees vir 'n gewapende opstand soos die Rebelle van 1914. Dr. P.J.S. de Klerk skryf hieroor in *Die Kerkblad* dat burgerlike vryheid hierdeur in die gedrang kom. Dit is “gedwonge vrywilligheid” deur dwang en viktimisasie (De Klerk, 1940 :18).

Op Stellenbosch is 'n vrouevergadering gehou wat aan genl. Smuts en aan die Minister van Justisie, dr. Colin Steyn, die volgende telegram gestuur het:

As gevolg van die gevaarlike toestand wat ontwikkel het tussen blank en gekleurde, veroorsaak deur die wrywing wat ontstaan deur die nie-segregasiebeleid van die Regering en deur die ontwapening en deur die vermindering van die polisie, eis ons dringend van die Regering die teruggawe van die wapens van ons dorp en distrik en die herstel van ons polisie in hul oorspronklike sterkte – vir die beskerming van ons vroue” (Hendrich, 2006 :154).

Die ontwapening het verder toenemende rass spanning gebring. In Stellenbosch het dit tot ernstige konflik tussen blanke studente en die kleurling inwoners gelei. Die gebeure het later as die “Slag van Andringastraat” van 27 en 28 Julie 1940 bekend geword. Studente en kleurling inwoners was in huisgevegte betrokke en van die kleurlinge se eiendom is beskadig (Hendrich, 2006 :187).

Enkele maande na hierdie gebeure het die regering begin met die werwing en bewapening van swartes en kleurlinge as soldate (Staatskoerant, 1941 :2-7). Hulle is met assegaie bewapen en is in nie-veegeenhede as byvoorbeeld wagte, voertuigbestuurders en baardraers aangewend (Coetzer, 1994 :325). Vir die Regering was die oproep en bewapening van nie-blankes die voorsiening van mannekrag in ondersteuningsdienste sodat meer soldate vir geveegsgroepe beskikbaar was. Die Afrikaanse kerke het nie hierdie beleid so verstaan nie. Die bewapening het tot groot verontwaardiging onder die blankes gelei. Dit was die eerste maal in die Suid-Afrikaanse geskiedenis dat nie-blankes opgeroep is om deel te wees van die “blankes se oorlog”. Vir die meeste Afrikaners was dit ongehoord en onaanvaarbaar. Die kerk se standpunt oor rasseverhoudings en gelykstelling is histories gevorm, naamlik dat die blanke die voog van die ondergeskikte nie-blanke geword het. Die Sinode van die Gereformeerde Kerk het hom ten sterkste oor die bewapening uitgespreek. Dr. De Klerk noem dit die “misdadige dwaasheid om die gekleurd te bewapen”. Die moderamen van die Sinode het ‘n telegram aan die regering gestuur waarin dit gestel is dat die bewapening volksgevaarlik is en in stryd met is die Christelike volks tradisie. Dit dui ook in teen die kerk se sendingbeleid (Gereformeerde Kerk, 1942. :30). Prof. J.D. du Toit (Totius) was van mening dat hiermee die “klimaks of teen-klimaks van die volk se vernedering” bereik is (Du Toit, 1942 :4). Die Nederduits Gereformeerde Kerk Kestell was van mening dat die bewapening die fondament klippe van die Christelike beskawing uitgrawe (Nederduits Gereformeerde Kerk. Ring van Betlehem, 1942a :35, 36). Die Sinodale Kommissie van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Transvaal het die volgende uitspraak ‘n Sinodebesluit gemaak:

... strydig met die Woord van God en die beste tradisie van die Afrikanervolk... As tot die bewapening van nie-blankes oorgegaan word, die fondamentklippe van die Christelike beskawing in Suid-Afrika uitgegrawe word. Terwyl dit astrartheid teenoor en minagting vir die blankes in die hand sou werk en die gees van gelykstelling tussen wit en swart sou bevorder (Nederduits Gereformeerde Kerk, 1944 : 57; Anon, 1942d :661).

Die kommissie dring daarop aan dat “geen naturel of kleurling” in beheer van vuurwapens gestel word nie. Ds. P.J. Viljoen, die assessor, het verklaar “dat Swartes moet bloot ondergeskikte hulp verleen en nie wapens ontvang nie” (Anon. 1942d :661; Swart, 1942a :764). Die Ring van Bloemfontein het ook ten sterkste beswaar gemaak teen die bewapening as “volksgevaarlik en in stryd met ons christelike volkstradisies”. Hierdie besluit is aan die pers deurgegee sodat die breë publiek kennis kon neem van die kerk se standpunt (Nederduits Gereformeerde Kerk, Ring van Bloemfontein 1942 :91, 92). Op ‘n Ringsvergadering van Ficksburg is beswaar gemaak dat bewapening “astrantheid en minagting in die hand werk teenoor die blankes” en ‘n anti-sending gesindheid by die blankes kweek (Nederduits Gereformeerde Kerk. Ring van Ficksburg, 1942d. :121). Die skriba van die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk wys daarop dat die beleid van die kerk gegrond is op Gods Woord, wat leer dat “rasseapartheid en voogdyskap” die grondslag vorm van die naturelle-wetgewing. Bewapening is gesien as ‘n miskenning hiervan, iets wat verreikende gevolge sou hê (Nederduitsch Hervormd of Gereformeerde Kerk, 1944 :57).

Die agtergrond van hierdie reaksie was nie net die bewapening van nie-blankes nie, maar ook die politieke gebeure in die land. In Julie 1940 het ‘n groep swartes in Pretoria vergader met die versoek om aan te sluit by die Unie se Verdedigingsmag (Coetzer, 1994 :325). Twee jaar later het ‘n aantal nie-blanke organisasies in Johannesburg vergader as *The Transvaal Non-Europeans Peoples Conference* wat vra vir volle bewapening van swartmense en die beëindiging van diskriminasie teen kleurlinge in die leër (Coetzer, 1994 :330). Die African National Congress het in 1941 ‘n resoluëie aanvaar dat:

... the time has arrived when the Union Government and Parliament should consider the expediency of admitting the African and other non-European races ... into full citizenship of the Union (Simon and Simon, 1983 :10).

Hiermee is benadruk dat gelyke voorwaardes vir alle dienspligtiges, wit en swart, moes geld om die Unie suksesvol te kan verdedig.

Die Afrikaners het aanvaar dat swartes se deelname aan die oorlog 'n groot mate van gelykstelling sou meebring, wat tot politieke eise sou lei. Wat die kerke se reaksie meer aangedryf het was Smuts se uitlating dat as Suid-Afrika aangeval sou word, die blankes na die kleurlinge en swartes kon opsien om hulp. Dit is gesien as 'n vernedering van die blankes (Coetzer, 1994 :329).

3.2.3 VERDONKERING

Een van die maatreëls wat deur die nasionaliste as 'n verdigsel en 'n onnodigheid gesien is, was verdonkering of "Blackouts" teen moontlike lugaanvalle. Inwoners moes teen hoë koste verdonkeringmateriaal voor hulle vensters en deure sit sodat geen lig snags sigbaar was wees nie. Motors moes 'n kappie oor hulle ligte hê. Dit was egter veel eerder 'n lastigheid as 'n noodsaaklikheid, en dit het telkens tot ongelukke gelei. Voetgangers is raakgery en motors het teen pale en teen mekaar vasgery. Diefstal en roof het in die donker ure gefloreer (Coetzer, 1994 :381). Lede van die Burgerlike Beskermingsdiens het die strate gepatrolleer en waarskuwings en boetes is uitgereik vir die wat sou waag om die verdonkeringsmaatreël te oortree. Selfs op die platteland en op plase is hierdie maatreël met groot erns toegepas (Coetzer, 1994 :382).

Durban was die eerste stad wat permanente verdonkering ingestel het. Dit het belemmerend ingewerk op die kerklike lewe. Aanddienste moes vervroeg word en huisbesoeke moes in die dag geskied (Du Toit, 1942 :16; Pretorius, 2011; Snyman, 2011). J.J. Pretorius, lidmaat van die Gereformeerde Kerk Durban, verklaar: "Ek kan nie onthou of ons ooit in die oorlogtyd 'n aanddiens gehad het nie en selfs ouderlinge se huisbesoek het selde in die aand plaasgevind" (Pretorius, 2010). In die Nederduits Gereformeerde Kerk De Nieuwe is besluit dat kerkraadslede wyksbidure en wyksdienste sal reël soos moontlik vanweë die verdonkering (Nederduits Gereformeerde Kerk De Nieuwe, 1942 :381).

Op die Wesrand is 'n *Blackout Sunday* gereël vir Sondag 19 April 1942 as oefening teen 'n moontlike Japanse lugaanval. Sirenes het geblaas en alle ligte moes dadelik afgeskakel word. Motors moes stop en hulle ligte afsit. Dit het alle aand-eredienste op die Wesrand geaffekteer (Anon, 1942l).

In Kaapstad het die kerke hulle aand-eredienste vervroeg na 4:00 nm (Gereformeerde Kerk, 1942. Art. 7a). Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Kaapstad het die Klassis versoek om

ander reëlins te tref vir die Klassisvergadering omdat die verdonkering in Kaapstad 'n probleem sou wees. 'n Kerkraadsvergadering in Kaapstad is ontwig en moes afgestel word toe alle krag meteens afgeskakel is (Gereformeerde Kerk, 1942. Art. 5). In Benoni is 'n proefverdonkering op 'n Sondagaand in Augustus 1942 gehou. Dit het alle eredienste ontwig. Afgevaardigdes van al drie die Afrikaanse kerke het die burgermeester hieroor gaan spreek en hulle teen die reëling uitgespreek. Hulle het versoek dat sulke oefeninge, indien nodig, op weeksaande gehou moes word wat die minste ontwigting sou meebring (Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1942. Ring van Boksburg; Gereformeerde Kerk Benoni, 1942:258).

Met die reëling het die regering die sensasie en beleving van die oorlog by die bevolking hoog aangeblaas gehou. Daardeur het Suid-Afrika deel geword van die beleving van Europa, en in besonder van Brittanje. Hierdie reëling was onrealisties en 'n oorreaksie in die binneland. Dit was nie moontlik dat Duitse of Japanse bomwerpers Pretoria of Benoni of Ventersdorp sou kon aanval sonder om iewers in die nabyheid van die Suid-Afrikaanse grense brandstof in te neem nie. Waar dit wel geregverdig kon word, was by die kusstreke wat moontlik deur duikbote of vliegtuie vanaf vliegdekskepe naby die kus geteiken kon word.

3.2.4 BID-POUSE

Sommige munisipaliteite het 'n daaglikse bid-pouse ingestel op die middaguur. Twaalf-uur daaglik moes almal vir twee minute stilstaan en bid vir die soldate. Hierdie reëling is aanvanklik in Kaapstad ingestel deur die *Church Council*, 'n groep Engelse predikante. Die gedagte van die *Church Council* was om vir 'n oorwinning deur die Geallieerdes te bid, vandaar die godsdienstige inslag van 'n gebed of "dinktyd" aan die soldate. Hierdie bid-pouse is deur die stadsraad van Kaapstad⁷ ingestel en afgedwing. Dit is later ook in Port Elizabeth en Oos Londen toegepas. Hierdie reëling was van toepassing op alle lede van die publiek, ongeag van watter geloof en van watter oortuiging. Ds. Kikilus van die Nederduits Gereformeerde Kerk skryf in *Die Gereformeerde Vaandel* "Omdat allerlei gelowe vandag deel het in die middagpouse, omdat mense, innige Christene, in die war gebring word" moet die volgende vraag gevra word:

"...sal dit waarlik tot eer van God strek as gelowiges en ongelowiges, Christene, Mohammedane, Russeliete eens saam bid. Hulle het geen gemeenskaplike grond en gemeenskaplike God nie" (Kikilus, 1941 :315).

⁷ Die stadsraad van Kaapstad was nie net pro-Brits en oorloggesind nie, maar ook uitgesproke anti-Afrikaner (Coetzer 1994 :346).

Die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk Kaapland het hom soos volg uitgespreek oor die bid-pouse:

Die H.E. Sinode is nie daarvan bewus dat deelname aan godsdiensoverdrigtinge van watter aard ook op lede van die N.G. Kerk in Suid-Afrika mag afgedwing word nie. Die Sinode wil sy afkeuring te kenne gee van die gedwonge bid-pouse wat daagliks nog in die strate van Kaapstad waargeneem word. Wat die saak waarom gebed word aangaan moet dit 'n saak wees wat die diepe begeerte van die biddende persoon is (Nederduits Gereformeerde Kerk Kaapland, 1940 :18 & 320).

Hierdie besluit is deurgegee aan die *Church Council* en die burgermeester van Kaapstad (Nederduits Gereformeerde Kerk Kaapland, 1940 :320).

Menige Afrikaner was gegrief deur die stadsraad se verpligting wat deur adv. Strydom as 'n onsinnige gebruik genoem is (Coetzer, 1994 :366). Dit het 'n verdere geleentheid gegee vir Afrikaners om hulle misnoeë teenoor die regering se oorlogsbeleid te toon. Van die studente van Stellenbosch het per geleentheid spesiaal Kaapstad toe gegaan om die bid pouse daar te ontwig. Sommige sou in die bid tyd oor die straat stap, terwyl die ander gewapen gereed was vir die konfrontasie. Toe die twee minute bid tyd om was het die verwagte geveg uitbreek onder uitroepe van die publiek:

Kill the damned Dutchmen!

Wipe out the Dutch bastards!

Put our soldier on the Dutch hooligans!

Chop off the rebels' heads!

Down with the bastard Nationalist! (Pienaar, 1979 :26).

In die hoë drif van die oggend se gebeure het 'n geveg die aand in Stellenbosch tussen studente en kleurlinge uitbreek. Dit het begin deurdat 'n student 'n kleurling-soldaat in die straat aangerand het. Ds. Affie Louw van Stellenbosch het die studente versoek om geld bymekaar maak vir die skade wat aan kleurling-eiendomme aangerig is. Die studente het egter geweier (Pienaar, 1979 :29).

'n Voorbeeld van die impak van die bid-pouse word deur die skryfster M.E.R (Maria Elizabeth Rothmann) vertel. Haar seun het sy werk verloor omdat hy tydens die bid-pouse gesit en brood eet het. Haar ontsteltenis hieroor het sy as 'n "Anglophobia" beskryf (Steyn, 2004 :380).

Die gebeure in Kaapstad het tot gevolg gehad dat ds. J.V. Coetzee twee artikels oor gebed vir vyande en ander mense in *Die Kerkblad* geskryf het. Die gebed vir ons vyande is die hoogste vorm van verzet teen hulle goddeloosheid en verkeerdhede, soos om oorlog te maak teen 'n volk wat nie teen jou oorlog verklaar het nie (Coetzee, 1941a :3; 1941b :2). Ds. C.R. Kotze van die Nederduits Gereformeerde Kerk Bloemfontein het in 'n preek na die bid-pouses verwys "die veroweraar en die verowerde kan nie saam Bybel lees en bid nie! As die een bid, dan wil die ander dank" (Kotze, 1955 :48). Ds. P. Grobbelaar het in *Die Kerkbode* oor biddae wat die regering uitroep en die stede se bid-pouse in 'n artikel gereageer oor wat mag Christene van God afsmeek in 'n tyd van oorlog. Mag daar gebed word vir 'n oorwinning van een of ander kant? Daar moet eerder gebed word vir die oorwinning van Gods koninkryk. Die staat kan niemand voorgeskryf om vir die oorwinning van die een en 'n neerlaag van die ander te bid nie (Grobbelaar, 1940 :790). Die gedagte van die *Church Council* om 'n eensgesinde optrede onder die publiek te bewerkstelling, het eerder die verdeeldheid bevestig en gestimuleer.

3.3 GEDRAG VAN SOLDATE

Gebeure wat groot ontsteltenis by die publiek veroorsaak het was die gedrag van soldate in die publiek wat menigmaal tot geweldadige konfrontasie gelei het. Militêre lede uit verskeie lande het van tyd tot tyd in Suid-Afrika aangedoen. Hulle optrede het nadelig ingewerk op die gedrag van die manne en vroue van die Unie Verdedigingsmag. Hulle het met 'n meerderwaardige bombasme teenoor die gewone publiek opgetree asof persone sonder uniform minderwaardig was. Aanrandings deur soldate het gereeld voorgekom. Die publiek was erg verontwaardig toe genl. Smuts beweer het dat die soldate vir die godsdiens veg. Hy het hulle selfs "soldate van die kruis" genoem (Coetzer, 1994 :337). Die Gereformeerde Sustersbond van Transvaal, het die Sinode deputate versoek om by die Regering aan te dring dat maatreëls geneem moes word om die swak gedrag van sekere lede van die Unie Verdedigingsmag op publieke plekke en veral op treine te bestry (Gereformeerde Kerk, 1945:62).

3.3.1 VLOEKTAAL

'n Moontlik onderliggende oorsaak van die latere swak gedrag van die soldate moet in die taalgebruik van instrukteurs by die opleidingseenhede gesoek word. Verskeie kerkrade het voor die uitbreek van die oorlog al by die owerheid gekla oor die gebruik van “vloektaal” op Voortrekkerhoogte en Tempe, die opleidingsgebiede van soldate, asook die Polisie Kollege in Pretoria-Wes. Op die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Brakpan het ouderlinge verslag gedoen oor soldate-lidmate wat “vuiltaal” teenoor die ouderlinge op huisbesoek gebruik het (Gereformeerde Kerk Brakpan, 1939. Art 11).

Die Sinode van die Gereformeerde Kerk het met “leedwese en kommer” kennis geneem van die euwel van vloektaal, en het 'n kommissie benoem om met die owerheid daaroor te onderhandel (Gereformeerde Gemeentes, 1939 :184). Die Kommissie vir die Bestryding van Sosiale Euwels van die Gereformeerde Kerk versoek die Ring van Pretoria van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk om samewerking in die verband. 'n Versoekskrif moes aan die Minister van Justisie gerig word om 'n stop te sit aan die vloektaal wat gebruik word by die Polisie en Verdedigingsmagte (Gereformeerde Gemeentes, 1939 : 179). Dr. P.J.S. de Klerk is deur die Sinode afgevaardig om met die Departement van Verdediging hieroor in gesprek te tree. Hy rapporteer later aan die Sinode dat die onderhoud met adv. A.H. Broeksma en min. O. Pirow⁸ “ongelukkig” verloop het. Daar is genotuleer “Die belediging die Gerf. Kerk aangedaan en laster haar opgelê deur genoemde twee here, word diep gevoel en betreur”. Dr. De Klerk het voorgestel dat 'n onpartydige kommissie ondersoek moes instel oor die gebruik van vloektaal (Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos, 1939: 115). Na die onderhoud het adv. Broeksma in die pers geskryf: “dat die kwaadwillige bombasme van die sensasiebeluste voorsitter van die Gereformeerde Kommissie alleen oortref word deur sy eie vermetelheid en aanmatiging” (Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos, 1939. Art 8. Coetzee, 1939b :13). Een maand later het die kommissie weer 'n onderhoud met min. Pirow en adv. Broeksma gehad wat meer gemoedelik verloop het. Tydens hierdie onderhoud is die kerklike bediening van die soldate op Voortrekkerhoogte ook gereël. Die kommissie het voorgestel dat 'n omsendbrief oor die vloektaal van instrukteurs na alle gemeentes gestuur word om bewyse van sulke optrede te vra. Hierdie voorstel is deur min. Pirow botweg geweier. Ongeag die minister se houding het die kommissie wel 'n “OPROEP” opgestel en aan alle gemeentes van die Hollands-Afrikaanse Kerke gestuur met die volgende inhoud:

⁸ Adv. Broeksma sekr. Van Verdediging. O.Pirow min. van Verdediging.

“Hiermee doen ondergetekende as Voorsitter van die Kommissie vir bestryding van sosiale euwels ’n dringende beroep op alle kerkrade en privaat persone om beëdigde verklarings te kry van persone in hulle bereik insake vloektaal op Voortrekkerhoogte. In verklarings moet vermeld word wanneer ongeveer dit (sic) vloektaal gebesig was, en indien moontlik deur watter offisier of instrukteur dit gebesig is. Hierdie verklaring sal as vertroulik en strik konfidensieel beskou word. Name van persone wat verklarings aflê sal versoek word om nie deurgestuur te word na die Departement Verdediging nie, slegs die bevindings. Waar die Komitee getuies en getuienisse sal oproep, daar is dit nodig dat spoedig gehandel moet word. Die eer van God eis dit dat ons getuie (sic), waar sy Naam so belaster word” (Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos, 1939:113).

Enkele maande later het die minister gevra om weer die kommissie van die Gereformeerde Kerk te ontmoet. Die kommissie het na oorleg met ander predikante hierdie ontmoeting afgewys. Die kommissie het geoordeel dat die minister eers apologie moes aanteken oor die beledigings wat dr. De Klerk en die Gereformeerde Kerk in die algemeen aangedoen is. Die kommissie se vorige aksies het in elk geval reeds vrugte afgewerp. Baie van die instrukteurs was lidmaat van een van die Afrikaanse kerke en was bewus van die kerk se besware. Die gebruik van vloektaal het drasties verminder (Gereformeerde Kerk, 1942 :117).

In die gedenkbundel van die Nederduits Gereformeerde Kerk Albanië word verwys na die “onrusbarende tekens ... tot moderne gewoontes van rook, onweloweglike kleredrag en onverskillige taal” (Kruger, 1981 :59).

Dit was nie net die kerke wat hieroor reageer het nie. In *The Standard and Wesrandse Koerant*, het die volgende berig verskyn:

It should be noted that men whose intellectual equipment is far superior to that of their instructors, and who now came forward anxious to help the country, are entitled to different treatment (Anon,1939e. Des. 15).

3.3.2 GEWELD

Die meerwaardige en aggressiewe houding van soldate het tot baie wrywing gelei. Die soldate, jong fikse manne wat vir oorlog opgelei was en wat na aksie gesoek het, is maklik in die *Esprit de corps* opgesweepte teenoor persone wat as teenstanders van die “greater cause” gesien is

Tale voorvalle van soldate geweld is in koerante gepubliseer. Soldate het manne met baarde aangerand en selfs die baard probeer afskeer. Dogters is aangesê om Voortrekkerklere uit te trek (Coetzer, 1994 :337). Ossewabrandwaglede, in besonder die Stormjaers, daarenteen het die soldaat gesien as teenstander van die Afrikanersaak en het maklik in hulle eie oortuiging opgesweep geraak en konfrontasie met uniformdraers uitgelok. Albei partye het mekaar met veragting behandel, wat tot gewelddadigheid gelei het.

Die Minister van Binnelandse Sake, Harry Lawrence, het gewaarsku dat streng opgetree sal word teen enige iemand wat in konfrontasie met soldate betrokke raak. Ondanks hierdie waarskuwings het botsing met veral die studente gereeld voorgekom. Die studente van Potchefstroom is deur die soldate as die verteenwoordigers van Afrikanernasionalisme uitgesonder (O'Niell, 1992 :61). Tydens 'n politieke vergadering in Klerksdorp het min. Lawrence kopbeserings opgedoen in 'n geveg wat in die saal uitgebreek het (Anon, 1941a Januarie 31).

Volgens die sekretaris van die Verenigde Party was die soldate nie normaalweg die aanhitters tot die geweld nie. Die oorsaak moes by die Afrikaners gesoek word. Volgens hom het lede van 'n bekende Afrikaanse klub in Johannesburg vanaf 'n balkon by die klub allerlei aanmerkings en beledigings na die soldate geskree (Oosthuizen, 1945 :63). Alexander Campbell, 'n vurige ondersteuner van genl. Smuts se *objektive adjudicate*, was oortuig dat alle aanhitsing tot geweld altyd van die Ossewabrandwaglede gekom het. Hulle het ten doel gehad om die mag in die land oor te neem. Die gevolg sou wees dat *Sjambocracy would replace Democracy* (Campbell, 1943 :123).

Omdat die opposisie, die HNP, teen die oorlogdeelname gekant was, was die party uiters krities oor die soldate. In die Parlement het P.J. Bosman getuig dat 'n groep soldate op 'n bus in Pretoria gesê het "Ons is almal hier om die burgers te veg. Die meeste van ons het bajonette saamgebring" (Bosman, 1945 :65). Adv. J.G. Strydom van die HNP se kommentaar was dat die Eerste Minister daarop moet let dat al hierdie aanrandings deur Engelsprekendes teen Afrikaners in Suid-Afrika gemik was" (Oosthuizen, 1945 :67). Genl. Smuts het aangevoer dat sy soldate vir die vryheid van die godsdiens veg en dus "soldate van die kruis" is. Adv. Eric Louw se kommentaar hierop was dat die kruis as 'n politieke simbool misbruik word. Studente van Potchefstroom se Universiteit is deur die "soldate van die kruis" aangeval. Die offisier het nie beheer oor die manskappe gehad nie en het selfs meegedoen aan die aanrandings (Coetzer, 1994:337).

Die soldate se optrede het die gevolg gehad dat hulle nie by sekere plekke toegelaat is nie. Die Normaalkollege van Pretoria het soldate in uniform by dans-geleenthede verbied. L. Blackwell het in die Parlement gekla dat die Kollege as regeringsinrigting se besluit 'n growwe belediging vir die Suid-Afrikaanse Leër is. Volgens hom moes die Onderwysdepartement bepaal het: "Geen soldate nie, geen dans nie" (Blackwell, 1994 :68).

Die kerke het hulle nie onbetuig gelaat oor die aanrandings nie. Op die Partikuliere Sinode Kaapland SWA van 1944 is die volgende beskrywingspunt ingedien:

Die Eerwde. Sinode word versoek om 'n sterk waarskuwing te rig i.v.m. nuwe metodes wat vandag in ons land aangewend word, soos aanrandings en ontvoerings van persone, aangesien sulke dinge nie met die Gees van die Bybel ooreenkom nie, en vreemd is aan volkstradisie en volkskarakter (Gereformeerde Kerk Partikuliere Sinode, 1944: 5).

Die Sinode het die geweld nie eensydig veroordeel nie. Hulle was deeglik bewus daarvan dat lidmate as Ossewabrandwaglede, Stormjaers en politieke teenstanders nie onskuldig was in die gebeure nie. Kerkrade en predikers is versoek om die gees van geweldpleging in die volkslewe te bestry en daarteen te waarsku (Gereformeerde Kerk Partikuliere Sinode, 1944 :5).

Prof. S. du Toit van die Gereformeerde Kerk se Teologiese Skool het in *Die Kerkblad* geskryf oor die negatiewe gedrag wat posgevat het onder die bevolking. Hy verwys na die "opspraakwekkende gevalle van aanranding van Afrikaners". Die agtergrond van die aanrandings is wel politiek, maar die kerk moet sigself uitspreek hieroor, sonder om aan een of ander politieke party voorkeur te gee. Eie simpatie of antipatie mag nie 'n rol speel nie. "Die uitlander mentaliteit van bandelose liberalistiese strydmetodes het al deel van ons eie volk geword. Politiek word vereenselwig met vuisslaan en uitskel. Die kerk moet sy stem daarteen laat hoor" (Du Toit, 1944 :12).

In hierdie omstandighede moes die kerk sy rol as pastor aan die lidmate vervul. Hoewel daar nie in die geraadpleegde kerkraadsnotules na hierdie geweld verwys word nie, was vele van die lidmate daarby betrokke (Diederiks, H. 2011; Kruger, 2012; Meiring, 2011; Riekert, 2011. Reynecke, 2012; Van Zyl, 2010).

3.3.4 AANVALLE OP AFRIKANERINSTELLINGS

Voor die oorlog is daar periodieke aanvalle op Duitse instellings gemaak, veral deur Jode wat gesteun is deur Britsgesindtes (Coetzer, 1994 :274). Gedurende die oorlog het soldate aanvalle op Afrikanerinstellings soos die Transvalergebou en die Potchefstroomse Universiteitskollege geloots.

3.3.4.1 DIE TRANSVALERGEBOU

Tydens 'n vergadering van die Ossewabrandwag in die Johannesburg se stadsaal op 1 Februarie 1940 het soldate buite die saal mekaar opgesweep om teen die Afrikaners op te tree. In hierdie emosionele opwelling is die Transvalergebou bestorm waar die Afrikaanse Pers gehuisves was. Die koerante *Die Transvaler* en *Die Vaderland* wat daar gedruk is, was bekend vir hulle uitgesprokenheid teen die regeringsbeleid. Vir die soldate was dit die simbool van die Afrikaner se anti-oorlogsgesindheid en daarom was die aanval vir hulle geregtig. Die aanval is deur lede van die Ossewabrandwag gestuit nadat baie skade reeds aan die gebou aangerig is. 'n Tweede aanval die volgende aand is afgeweer omdat dit te wagte was. Dit het tot baie hoë spanning tussen die partye gelei. Smuts se reaksie hierop was:

dat sekere bedroewende en betreurenswaardige voorvalle gedurende die afgelope naweek in Johannesburg plaasgevind het ... 'n klad op die baie goeie skoon verlede van ons troepe (Oosthuizen, 1945 70).

3.3.4.2 DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEITSKOLLEGE

Die Potchefstroomse Universiteitskollege is deur soldate uitgesonder as 'n pro-Nazi-Universiteit, en was verskeie kere die teiken van die soldate. Die Universiteit was volgens die regering ook veels te vry met toestemming vir nasionalistiese toesprake (Van der Schyff, 2003 :504). Die Universiteit en die militêre kamp is lank mekaar geleë sodat daaglikse kontak met mekaar onvermydelik was. Minagting vir mekaar was sekerlik openlik gedemonstreer deur woord en daad, wat aanhitsing tot konfrontasie kon gee. Op 7 Augustus 1940 is 'n aanval op die studente geloots. Die studente was besig met sangoefening toe 'n groep soldate die lokaal omsingel het. Vensters is gebreek en traangas is in die saal gegooi. Die studente is aangerand met sokkies vol sand en met stukke pyp. Die klavier en orkes instrumente is stukkend geslaan. Die studente is gedwing om *God Save the King* te sing vir die soldate. (Stroebel, 2013). Die dames is deur soldate wat nie aan die geveg deelgeneem het nie na hulle koshuise vergesel. Een soldaat

het aan die dames erken dat hulle deur onderoffisiere gedwing is tot die aanval (Kotze, 1982 :103). In die geveg is 26 studente en 14 soldate beseer, o.a. teologiese student G.P.L. van der Linde.

Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Johannesburg-Noord skryf aan min. Hofmeyr dat hulle “met verontwaardiging kennis geneem het van die vandalistiese optrede van die Unie soldate” (Gereformeerde Kerk Johannesburg-Noord, 1940 :304). Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Vryburg verklaar:

Ons is oortuig dat dit 'n gewelddaad is wat nie slegs teen persone en eiendom bedoel is nie, maar ook en veral teen die Christelike Nasionale beginsels (Gereformeerde Kerk Vryburg, 1940 :51).

Die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk OVS het die Universiteitsowerhede verseker van die meegevoel van die Vrystaatse Kerk oor die aanval en skade (1941 :31, 66).

3.4 INVLOED OP DIE SEDELIKE LEWE

Die onnatuurlike omstandighede van oorlog het gewoonlik 'n invloed op die sedelike lewe van sommige betrokkenes. Die soldate is vir lang tye in opleidingskampe of in operasionele gebiede uit die normale samelewing verwyder. Huwelike word deur die verwydering geraak. Die binding van huis en kerk is nie daar soos in normale omstandighede nie. Dit het bepaalde gevolge gehad.

3.4.1. MORELE GEVOLGE

Van die begin af het die kerk sy kommer uitgespreek oor die invloed wat die oorlog op die geestelike lewe van die breë gemeenskap sou hê.

Waar oorlog altyd die laagste hartstogte van die mens opwek, daar het die H.E. Ring van Bloemfontein met kommer en benoudheid van hart kennis geneem van die aktiewe deel wat die vroue van SA geroep word om te neem in die teenwoordige oorlogsbedrywigheide. Wetende dat omstandighede op die oorlogsterrein bereken is om ondermynend in te werk op die sedelike lewe (Nederduits Gereformeerde Kerk Ring van Bloemfontein, 1942b :148).

'n Sinodale kommissie van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk het in Maart 1942 die Eerste Minister gespreek oor die moontlikheid van geestelike bearbeiding van vroue in militêre diens. Hoewel sy kantoor die wenk "met dank" aanvaar het, is daar nie in die operasionele gebied uitvoering daaraan gegee nie. Ds J.P. le Roux is wel as Veldprediker vir die opleidingseenheid in Port Elizabeth aangestel (Nederduits Hervormd of Gereformeerde Kerk, 1944:242).

Ds. Mentz van die Nederduits Gereformeerde Kerk het al voor die oorlog gewaarsku teen die impak van die oorlog op die geestesgesteldheid van die volk. Vier jaar later wys hy weer daarop dat die kerke ingestel moet wees om die gees van onverskilligheid op godsdien, sedelike en maatskaplike gebiede raak te sien en daaroor te handel (Mentz, 1943 :20).

Die oorlog se nadelige invloed op menige huwelike kan afgelei word uit die aantal egskeidings wat jaarliks drievoudig vermeerder het. Twee gronde wat hiervoor aangedui is, is owerspel en moedswillige verlating (Albertyn, 1941 :553). Moontlik was die vinnige huweliksluiting van soldate voor hulle vertrek na die front 'n faktor wat tot die egskeidingstatistiek bygedra het.

Bordele in die omgewing van opleidingskampe het bygedra tot sedelike verval by baie soldate. Veneriese siektes as gevolg van seksuele losbandigheid het menige soldaat in die hospitaal laat beland (Steenkamp, 1966). Die kerke moes deeglik bewus gewees het van hierdie situasie, maar daar is geen bewyse gevind dat die Afrikaanse kerke daarvoor kommentaar gelewer het of daarteen beswaar gemaak het nie. Die biskoppe van die Anglikaanse Kerke van Pretoria en Johannesburg het by die militêre owerheid aangedring dat stappe geneem moes word teen die bordele (Van Niekerk, 2002 :138).

3.4.1.1 DRANKMISBRUIK

Een van die grootste sosiale euwels van die tyd was drankmisbruik. Vir die kerke was die drankmisbruik ontstellend; dat stoere Afrikaner mans met 'n Calvinistiese agtergrond so maklik deur 'n Engelse gebruik verlok kon word (Van Niekerk, 1989; Booyens 2000).

Tydens die Sinode van die Gereformeerde Kerk in 1939 is die Minister van Verdediging versoek om die kantiene op Robbertshoogte en by die Hoofkwartiere van die Verdedigingsmag op Sondae te sluit (Gereformeerde Gemeentes, 1939 :180). Geen antwoord is op hierdie versoek ontvang nie. Met die ontwikkeling van die oorlog het al meer troepe van verskillende volke in Suid-Afrikaanse hawens aangedoen. Die maklikste afleiding vir die massas was om kroeë te

besoek. Op treine, waar afleiding min was, was dronk soldate “onmoontlik, ondraaglik en afskuwelik” (Coetzer, 1994 :339).

Tydens die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormd of Gereformeerde Kerk is gewys op die euwels wat uit die oorlog voortvloei, onder andere die oordadige gebruik van sterk drank. (Nederduitsch Hervormd of Gereformeerde Kerk, 1940 :516). Die Sinodale Kommissie het die volgende jaar die regering versoek om “by proklamasie te belet” dat soldate met drank getraakteer mag word, en om stappe te neem om drankmisbruik stop te sit. Hierdie optrede is deur die Kaapse Sinode ondersteun (Nederduits Gereformeerde Kerk, 1940 :238). Die saak is ook deur die Ring van Bloemfontein na die Sinode van die Vrystaat verwys. Die Ring verneem “met kommer oor die verwoestende invloed van drankmisbruik deur edele seuns en dogters in die militêre kampe” (Nederduits Gereformeerde Kerk Ring van Bloemfontein, 1942:150). Die Ring van Pretoria wys daarop dat jongmanne in uniform “vrymoediglik” kroeë besoek (Nederduits Gereformeerde Kerk. Ring van Pretoria, 1942). Hierdie besware wat onder die aandag van die regering gebring is, het uiteindelik tot gevolg gehad dat ’n verbod geplaas is om enige iemand in uniform in die openbaar met sterk drank te trakteer (Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1944 :53).

Dit was nie net die kerke wat bekommerd was oor hierdie euwel nie. Die Suid-Afrikaanse Vrouehulpdiens (SAVHD)⁹ (*South African Womens Auxiliary Service - SAWAS*) wat uit oorlogsgesinde vroue georganiseer is, het die situasie begryp. Hulle het nie van die owerheid verwag om iets hieromtrent te doen nie, maar het soveel moontlike aktiwiteite aangebied om onbeheersde gefuif te voorkom:

No alcohol, but tea and coffee and buns and sandwiches, music, a place where they could relax and feel at home (Bean, 1992 :45).

3.4.1.2 DANS

Die kerke het voortdurend hulle stem laat hoor as waarskuwing teen moontlike sedelike verval.

⁹ In Suid-Afrika het die Vrouehulpdienste in 1939 voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog tot stand gekom. Kort na die stigting van die Suid-Afrikaanse Vrouehulpdiens (SAVHD) is die Vrouehulpverdedigingskorps (VHVK) gestig, bestaande uit die Vrouehulp vir die landmag en die Vrouehulp vir die lugmag. In 1940 het die eerste vrouevrywilligers hulle by die Suid-Afrikaanse Weermag aangesluit. Alhoewel vroue aanvanklik net in die Leer en die Lugmag aangewend is, is hulle later ook in die Vloot opgeneem.

Een van die euwels wat uitgesonder is as iets wat die verval aangehelp het, is dans. Dit sou lei tot losbandigheid en huweliksonmin.

As gevolg van die troepe van die Geallieerde Magte wat Suid-Afrikaanse hawens en ander stede aangedoen het, is daar vermaak vir hulle gereël deur regerings-gesteunde vroue Hulpdienste soos SAWAS. As deel van die vermaak is dansgeleenthede gereël (Bean, 1992 :44). Hoe goed bedoel en edel die taak ook was, het die kerke hulle kommer daaroor uitgespreek. Veral oor die euwel van dans wat tot onsedelikheid kon lei. Die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk spreek dit hieroor uit: “ ...dat die Kristenbelyer hom daarvan behoort te onthou”. Dit is ook deur ander kerkvergaderings bevestig (Nederduits Gereformeerde Kerk Kaapland, 1940; Nederduits Gereformeerde Kerk Ring van Ficksburg, 1942 :135; Nederduits Gereformeerde Kerk Kaapland, 1945 :32).

Die Handeling van die Nederduits Gereformeerde Kerk Kaapland (1940 :319) maak melding van 'n Reinheidsbond wat “reinheid van die liggaamlike, geestelike en morele ... asook die heilighheid van die huwelik” ten doel gehad het. Die Sinode het ook besluit om 'n Waaksaamheidskommissie aan te stel. Die funksie of opdrag van die Bond en kommissie is nie genotuleer nie en rapporte van aksies is nie aangeteken nie.

3.4.1.3. VERMAAKLIKHEIDSPLEKKE

Bioskope en teaters was belangrike vermaaklikheidsplekke. Vir vele Nasionaliste was dit ook die plekke waar hulle hulle misnoeë en veragting teen die Britse Kroon kon toon. Na afloop van vertonings is die Britse volkslied gespeel en is verwag dat alle teatergangers uit eerbied vir die Kroon sou opstaan en saam sing. Die Nasionaliste het meestal voor die tyd die teater verlaat om hulle minagting te toon en om nie aan die vernedering van eer aan die Kroon deel te hê nie. Dit het gewoonlik tot konfrontasie gelei tussen Afrikaners en Engelsgesindes (Booyens, 2000). Die Bloemfonteinse tak van die Handhawersbond het besluit dat sy lede geen teater sou besoek waar die Britse volkslied gespeel word nie (Coetzer, 1994 :388). Die soldate het beweer dat hulle altyd die nodige respek toon as “Die Stem” gespeel word. Volgens hulle was dit die lede van die publiek wat uit hulle pad gegaan het om uittartend op te tree wanneer die Britse volkslied gespeel word. Dr. Malan se kommentaar hierop was dat as die twee liedere op gelyke vlak behandel word, word daar aan die Britse imperialisme burgerskap verleen, iets wat hy nie bereid is om te doen nie (Oosthuizen, 1945 :67).

Ds. J.V. Coetzee het geen simpatie gehad met enige persoon wat in 'n gevegte in bioskope betrokke geraak het nie. Vir hom was dit vanselfsprekend dat Afrikaner Calviniste nie by sulke wêreldse vermaak hoort nie. Hy vra in *Die Kerkblad* :

Wat seek goeie Afrikanermense op sodanige plekke? Wat gaan seek goeie Afrikanermense wat Christus bely, in 'n bioskoop? Wat gaan maak hulle daar in die duiwel se kykkas?...Want die bioskoop soos ons hom in Suid-Afrika ken, is 'n instelling met 'n absoluut onnasionale onafrikaanse en onchristelike atmosfeer (Coetzee, 1941c :10)

3.4.1.4 STUDENTE

Die studente van die Afrikaanse Universiteite het aktief aan die landspolitiese deelgeneem as teenstanders teen die oorlogsbeleid. Hulle het gemarsjeer, vlae geswaai, vergaderings gehou en sommiges is gearresteer. Vir sommiges was die sing van die Britse volkslied 'n geleentheid tot konfrontasie, soos met die studente se optrede in Kaapstad teen die bid-pouse [kyk 4.2.4]. M.J. Booyens, later predikant in die Gereformeerde Kerk, se kakebeen is in so skermutseling in Pretoria ernstig beseer (Van Tonder, 2003).

Die studente van die Potchefstroomse Universiteitskollege het 'n eie "volkslied" geskep in die plek van die Britse volkslied, die sg. Mislied. Dit is gesing op die melodie van *God Save the King*. Studente het eerbiedig op aandag gestaan en uit volle bors gesing:

Oh Sir
Sal jy vir my
'n wvrag mis laat kry
en droog daarby.
Ek sal die prys betaal
as ek die mis kom haal
maar dit moet kraalmis wees.
Goeie mis en droog (Coetzee, 2011).

Die studente van die Universiteit van Kaapstad, wat uitgesproke regeringsgesind was, het beswaar gemaak teen Duitse liedere wat deur die Afrikaanse Nasionale Studentebond gesing is (Coetzer, 1994 :389). So was daar op verskeie vlakke voortdurend minagting vir mekaar se oortuigings.

Die Afrikanernasionaliste kon met reg ontevrede wees oor die situasie. Die Suid-Afrikaanse vlag of volkslied is nie aan ander in die publiek opgedring nie. Daarenteen is die Britse vlag en Britse volkslied aan ander opgedring. Lidmate wat hieroor by kerkrade gekla het, het nie enige besluit of oproep tot die Regering gerig nie. Kerke het verkieslik nie oor politieke sake uitsprake gemaak of besluite geneem nie (Booyens, 1989).

3.5 AFLEGGING VAN DIE EED

Die aflegging van 'n eed kan nie ligtelik opgeneem word nie. Hierdeur word 'n beroep op die hoogste gesag, nl. God gedoen, vir die waarheid daarvan. In een van die belydenisskrifte van Hollands-Afrikaanse Kerke, die *Heidelbergse Kategismus*, word dit duidelik uitgespel dat 'n eed alleen gesweer kan word tot eer van God en tot heil van ons naaste (Heidelbergse Kategismus, Sondag 37). Die gebruik van die eed in buitengewone omstandighede soos in oorlogstyd verander ook nie die binding van die eed nie. Gedurende die oorlog is die eed egter by verskillende geleenthede gebruik om trou aan die staat of 'n organisasie te sweer, soos die Ossewabrandwag of die Gryshemde. Lede van so 'n organisasie het egter maklik van lidmaatskap verander van een organisasie na 'n ander en so ligtelik die eed aan die organisasie verbreek ten gunste van 'n ander party. Die kerke het hulle ernstige kommer oor hierdie optrede uitgespreek (Gereformeerde Kerk Klassis Potchefstroom, 1941 :206; Nederduits Gereformeerde Kerk Kaapland, 1945 :445). Die owerheid het ook by vele geleenthede die eed gebruik om iemand se trou te verseker.

3.5.1 DIE AFRIKA EED

Met Suid-Afrika se toetrede tot die oorlog kon die regering die lede van die Verdedigingsmag nie dwing om buite die landsgrense op te tree nie. Die regering het hierdie probleem oorkom deur vrywilligers te werf wat 'n spesiale verklaring onderteken het om enige plek in Afrika te gaan veg. Hierdie verklaring was bekend as die Diens in Afrika-eed, wat ook bekend geword het as die Rooi Eed met die volgende bewoording:

That in accordance with the resolution of Parliament, I will serve in the South African Permanent Forces and/or the Coast Garrison Forces and/or the Active Citizen Forces in Africa, whether within or outside the limits of South Africa, for the duration of the present war (Crwys-Williams, 1992 :67).

Diegene wat die eed afgelê het, het 'n rooi bandjie as onderskeidingsteken aan die skouer epoulette gedra. Dit het spoedig by die Afrikaners as die “Rooi lussies” bekend gestaan. Die Rooi Eed is ook na die Polisie uitgebrei. Lede wat nie gewillig was om die eed af te lê nie, is deur die ander as minderwaardig beskou en viktimisasie teen sulke lede was algemeen. Van hierdie lede se range is verlaag of hulle is ontslaan. Coetzer verwys na talle berigte in *Die Burger* wat oor werkverlies berig het. In Kaapstad is tussen 50 en 60 Afrikaners wat nie die eed wou aflê nie uit die Verdedigingmag ontslaan. Hulle was sonder heenkome, en indiensneming by enige staatsdepartement of regeringsondersteunde firmas is nie toegelaat nie (Coetzer, 1994 :354).

Polisiemanne wat nie die eed wou aflê nie, is as hande-arbeiders gebruik en na afgeleë stasies verplaas (Burger, 2011). Enige nuwe aanstellings in die magte was onderhewig aan die aflegging van die eed (Crwys-Williams, 1992 :67).

In die gemeentes is soldate wat nie die eed afgelê het nie met minder afsydigheid behandel, maar hulle was steeds deel van “die ander kant” (Louw, 2011). Vir alle lidmate in uniform was die afsydigheid van ander ‘n traumatiese ervaring wat baie spanning veroorsaak het (Louw, 2011; Snyman, 2011; Van Niekerk, 1089; Booyens, 2000). In die geraadpleegde kerklike notules is geen verwysing gevind na sulke lidmate nie. Mens kan aanvaar dat predikante en ouderlinge hulle gewone kerklike verpligtinge nagekom het. Besoeke aan lidmate word normaalweg nie per individu op ‘n vergadering bespreek nie.

3.5.2 BLOU EED

Toe die Duitsers uit Noord-Afrika verdryf is, het die oorlogsfront na Italië verskuif. Die Rooi Eed het Smuts gemagtig om troepe in Afrika te ontplooi, vir enige verdere deelname aan die oorlog was 'n volgende goedkeuring nodig. Die “Blou Eed” is op 28 Januarie 1934 daarvoor ingestel (Michau. Sj. 10). Dit het groter onmin in soldategeledere gebring as die Rooi Eed. Soldate wat geweier het om die Blou Eed af te lê is terug gestuur as “onbruikbaar.” Offisiere wat geweier het se range is summier verlaag tot die rang wat hulle voor die oorlog gehad het, met die gepaardgaande implikasie vir hulle soldy. Sommiges is ontslaan en het hulle verdienste verloor (Coetzer, 1994 :358). Hierdeur is kerke met 'n nuwe verdeeldheid en ontnugtering onder lidmate gekonfronteer. In die geraadpleegde notules is geen verwysing na sulke gevalle gevind nie, hoewel mondelinge getuies bevestig dat soldate wat die rooi- en blou eed afgelê het nie hartlik in die gemeentes terug verwelkom is nie (Burger, 2011; .Pretorius, 2011; Reynecke, 2011; Snyman, 2011; Yssel. 2011).

3.5.3 VAAL EED

Geïnterneerdes of politieke gevangenes wat op parool vrygelaat is, was aan sekere bepalings onderworpe wat hy met 'n eed moes bevestig. Gewoonlik is so persoon in 'n gebied geplaas wat vër van sy tuisgebied was. So persoon kon geen vergaderings bywoon nie, behalwe eredienste. Hy mag nie die gebied waar hy geplaas is verlaat het nie en moes op vasgestede tye by die plaaslike polisie aanmeld. Hierdie eed het onder die gevangenes en geïnterneerdes bekend gestaan as “Die Vaal Eed” (Van der Merwe, 1992 :61). Ds. D.C.S. van der Merwe, wat op parool vrygelaat is, kon nie na sy gemeentes Petrusburg, Boshof en Koffiefontein terugkeer nie. Hy was op “plaas-arres” op 'n plaas in die Pietersburg (Polokwane) distrik (Van der Merwe. 1992 :61). L.H. Steenkamp van Groenpunt was in die Boshof distrik op parool. Hy kon net elke derde Sondag van die maand 'n erediens bywoon (Permit, 1945). Geen bewys kon gevind word van iemand wat hierdie eed verbreek het nie, omdat die toegelate vryheid baie kosbaar was. In die geraadpleegde notule is geen verwysing na so persoon gevind nie. Kerkrade was versigtig om nie enige politieke saak te beoordeel of veroordeel nie, vanweë die verdeeldheid wat in gemeentes bestaan het. Meestal is die gebeure geïgnoreer asof dit lidmate nie geraak het nie.

3.5.4 DIE EED AAN ORGANISASIES

Tydens die Volksherenigingsvergadering op 9 September 1939 te Pretoria is met die plegtige opsteek van die regterhand die volgende belofte aan mekaar gedoen:

Tewens wens ons met hierdie verklaring ons begeerte te openbaar en te beseël dat ons verlang om ons volk te dien, tot opbou en nie tot neerwerping nie, en dat ons mekaar se hand gryp op die Pad van Suid-Afrika om dit nooit weer los te laat nie. Dit verklaar ons plegtig met opheffing van ons hande (Schoeman, 1978 :56).

Kort daarna het sommige van daardie skare by die Verdedigingsmag aangesluit en die “Rooi Eed” afgelê en daarmee die belofte van Monumentkoppie, om as Afrikaners mekaar nooit weer los te laat nie, verbreek. Ds. J.V. Coetzee van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom spreek hom ernstig uit oor die “Eedverbrekers”. Daar is 'n eed van belofte afgelê, “'n promissoriese eed” waarin elkeen voor die Here beloof het om trou te bly aan wat hy beloof het. Na aanleiding van die verdeeldheid onder die Afrikaner vra hy die vraag:

Het die saak waarin ons mekaar trou beloof het voor die aangesig van die Here, miskien ondertussen onvoorsiens 'n wesenlike verandering ondergaan ... as ons vandag mekaar

se hande los en onself verteer in broedertwis, dan kan dit alleen wees omdat 'n groep beskou dat sy mede-Afrikaners geweier het om hulle belofte na te kom (Coetzee, 1941d :4).

Dit is volgens Coetzee 'n oortreding van die derde gebod en die kerk kan nie daarvoor swyg nie. Persone wat lid van die Ossewabrandwag geword het, het trou aan die Beweging en aan mekaar gesweer om te stry vir God, volk en vaderland en om mekaar se hande te vat. Later het die stryd tussen die HNP en die Ossewabrandwag daartoe gelei het dat die HNP besluit het dat partylede nie meer lid van die Ossewabrandwag kon wees nie. Dit het noodwendig 'n impak op die lidmate van die Afrikaanse Kerke gehad. Baie het die Ossewabrandwag bedank, of net verlaat, en so die eed van trou aan die beweging verbreek. Ds. J.V. Coetzee reageer hieroor soos volg:

Politieke leiers mag nie so maklik en ligweg hul partyaanhangers aanraai om die hande van hul mede-Afrikaners te laat los wat nie vrymoedigheid het om op dieselfde manier hul van hul eedverpligting te ontdoen nie. Besef hulle nie dat hulle mense aanspoor om eedverbrekers te word? ... Die kerk arbei en swoeg in die bediening van die Evangelie om die sedelike begrippe van die volk suiwer te hou en gedurig te versterk. En dan kom politieke voormanne sonder blik of bloos, terwille van partyvoordeel, en spoor mense aan om 'n geswore eed te verbreek (Coetzee, 1941e :4).

Die regering het ook oor allerlei beuselagtighede van persone verwag om 'n eed af te lê. Die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk het beswaar aangeteken teen die eed wat soms oor "banale dinge" geëis is wat "werklik Godslasterlik" was (Anon, 1944a. :477). Die Sinode beklemtoon die heilige erns van die eed en "die sondigheid van alle ligvaardige eedsweringe". Die Sinode versoek lidmate om slegs by hoë uitsondering 'n eed af te lê (Nederduits Gereformeerde Kerk, 1945. Handeling :443).

3.6 GEVOLGTREKKING

Omdat Suid-Afrika verwyderd was van die oorlogsgebiede kon die lewe in Suid-Afrika redelik normaal voortgaan. Die weerstand in Afrikanergeleedere het egter die regering genoodsaak om sekere maatreëls in te stel om die regering teen enige gewapende optrede te beskerm. Dit is gedoen deur 'n ontwapeningsmaatreël. Hierdie maatreël het tot groot ontevredenheid gelei. Toe

nie-blankes vir militêre diens gewerf en bewapen is het dit tot groot onsteltenis in Dit is deur die kerke as strydig met die samelewingsorde en die blanke se voorgdyskap beskou. Die feit dat die nie-blankes in nie-vegtende eenhede aangewend is, is nie deur die nasionaliste in aanmerking geneem nie. Die werwing van nie-blankes was vir hulle 'n minagting van en wantroue in die blankes.

Die invloed van die oorlog het mettertyd die invoer van goedere geraak. Om die ekonomie te beskerm was die regering verplig om sekere rantsoeneringsmaatreëls in te stel. Dit het 'n beduidende impak op die lewe van die inwoners gehad en het die werksaamhede van die kerke beïnvloed. Brandstof rantsoenering het huisbesoek en bediening op die platteland bemoeilik. Papier skaarste het die kerklike tydskrifte geraak. Van die nie-ekonomiese maatreëls, soos verdonkering teen moontlike lugaanvalle was eerder 'n lastigheid as 'n noodsaaklikheid. Dit was nie moontlik vir vyandelike vliegtuie om 'n aanval in die binneland te loots nie. Aand-eredienste, huisbesoek en selfs die meerdere vergaderings van die kerke is deur die verdonkerings maatreëls geraak.

Die ongerief van die noodmaatreëls is soms oorskadu deur die gedrag van soldate wat die publiek brutaal daaraan herinner het dat daar 'n oorlog aan die gang was. Die meerderwaardige en bombastiese gedrag van die soldate het gemaak dat klagtes uit baie oorde by die owerheid ingedien is. Afrikaanssprekende manne wat nie 'n uniform gedra het nie, is as teenstanders van die regering en as Nazi-ondersteuners aangeval. Dit het onvermydelik daartoe gelei dat die minagting van een party teenoor die ander met geweld besleg is. Soldate aanvalle op Afrikaners en Afrikanerinstellings is deur die soldate as geregverdig beskou.

Lojaliteit teenoor die staat kan nie deur wetgewing of maatreëls afgedwing word nie. Die maatreëls het eerder teenstanders opgesweep om daarteen op te tree. Die verpligte eerbewys aan die Britse volkslied in openbare plekke was vir die Afrikaner vernederend en 'n geleentheid om sy minagting teenoor die Britse koningshuis te toon. Verpligte bid-pouses in sommige stede was 'n uitnodiging tot konfrontasie. Daardeur kon Afrikaners aan sy opgekropte gevoel van magteloosheid uiting gee. Hoewel ver verwyder van die oorlogstoneel het Suid-Afrika nie die negatiewe invloed van die oorlog op die sedelike en morele lewe van betrokkenes vrygespring nie. Etiese waardes het by talle verlaag tot ongebondenheid in onsedelikheid, drankmisbruik en onverantwoordelikheid. In die kampe en op die oorlogsfront was die binding van ouerhuise, kerke en huwelike nie meer 'n faktor nie. Die gees van "eet en drink en wees vrolik, want more sterf ons", was by baie die norm.

In die kerke was daar voor die oorlog reeds kommer dat Suid-Afrika nie aan hierdie verval sou ontkom nie. In kerklike notules is die toename van sensuur oor ontug, egskeiding en drankmisbruik as bevestiging van hierdie verval aangeteken. Die regering het aanvanklik vrywilligers gevra om buite die landsgrense te gaan veg. Van so persoon is 'n eed van getrouheid aan die Britse Kroon vereis. As onderskeidingsteken is 'n rooi lussie op die skouer epoulet gedra. Vir die draers daarvan was dit 'n trotse bewys dat hulle deel was van die wêreldmagte. Vir die teenstander was dit 'n gehate teken van troubreuk teen die Afrikaner. Dieselfde teenstander het maklik sy eie eed aan 'n bepaalde organisasie vergeet om weer trou aan 'n ander organisasie of 'n politieke party te sweer. Die binding van 'n eed was vir baie slegs bindend sover eie oortuiging gestrek het. Die Staat het ook vir onbenullighede 'n eed vereis. Die kerke het hulle kommer oor hierdie ligtelike gebruik en verbreking van 'n heilige belofte teenoor God uitgespreek.

Die kerk se opdrag om die Evangelie te verkondig, moes onvoorwaardelik gehandhaaf word. Binne landsomstandighede waar verdeeldheid en broedertwis algemeen was, moes die kerke onpartydig bly om beide partye pastoraal te bedien en te versorg. Hierin is nie altyd geslaag nie.

REGERING SE OPTREDE

Oorsig

- 4.1 Inleiding
- 4.2 Interneringsbeleid van die regering
- 4.3 Geestelike versorging in kampe
- 4.4 Kampskool in Koffiefontein
- 4.5 Politieke gevangenes in tronke
- 4.6 Die geval van Johannes van der Walt
- 4.7 Optrede teen Nederlanders in Suid-Afrika
- 4.8 Gevolgtrekking

4.1 INLEIDING

Wanneer 'n staat in 'n oorlog betrokke raak is sy eerste prioriteit sy eie beskerming. Menseregte is laag op sy prioriteitslys. Op 14 September 1939 is die Wet op Oorlogsmaatreëls aanvaar wat alle stappe wat in verband met die oorlog geneem is, gewettig het. Deur hierdie wet kon maatreëls uitgevaardig word wat as noodsaaklik geag is vir die handhawing van wet en orde. Dit het die staat die mag gegee om te kan optree teen enige teenstanders. So het genl. Smuts met 'n ysterhand die staat se oorlogsdeelname beskerm. Hancock, Smuts se biograaf skryf hieroor: *...he had to take the powers he needed by proclamation in advance of parliamentary sanctions* (Hancock, 1968 :334). Hierdie hoofstuk bied 'n bespreking van die optrede van die staat deur internering en gevangenis en die gevolge daarvan. Die godsdienstige versorging en vryetydbesteding van hierdie persone kry besondere aandag. Die gebeure rakende Johannes van der Walt as Afrikanerleier word beoordeel, sowel as die regering se optrede teenoor sommige Nederlanders.

4.2 INTERNERINGSBELEID VAN DIE REGERING

In 'n Buitengewone Staatskoerant van September 1939 is Noodregulasie nr. 201.15 van 1939 afgekondig. Dit het aan die Minister van Verdediging die mag gegee het om enige verdagte persoon in belang van die staat te arresteer en vir 'n onbepaalde tyd aan te hou. "Niemand mag 'n ander persoon aanhits tot weerstand of verset teen die regering nie". Enige persoon wat na die oordeel van 'n beampte of offisier teen die staat optree, in gesprekke of dade, mag

gearreesteer word (Buitengewone Staatskoerant, 1939: 2). Hierdie was 'n vreemde verskynsel in die verhouding tussen staat en burgers. Tydens die Eerste Wêreldoorlog is gewapende teenstanders gearreesteer en in die gevangenis aangehou (Oost, 1958 :369). Tydens die Tweede Wêreldoorlog is persone wat as gevaarlik vir die staat beskou is gearreesteer en in 'n kamp aangehou soos krygsgevangenes. Die wat skuldig bevind is aan hoogverraad is tot tronkstraf gevonniss.

Teenstand teen die regering is gesien as die optrede van vyfde kolonne¹⁰. *The Standard and Wesrand Koerant* verwys na 'n uitspraak deur kol.C.F. Stallard, Dominium Party leier en Lid van die Volksraad (LV) vir Pietermaritzburg, wat gemeen het dat berigte in die teen-regeringskoerante en kerklike tydskrifte 'n aanhitsing van Vyfde kolonne is waarteen die staat moes optree (Anon, 1940d). Stallard het egter geen bewyse vir hierdie stelling gegee nie. Adv. Leslie Blackwell, LV vir Kensington, was van oordeel dat die oorlogteenstanders deur die radio en pers "n uitgestrekte fluisterveldtog" teen die regering voer. Hy was daarvan oortuig dat Krygswet, eerder as noodmaatreëls, afgekondig moes word om te verhoed dat die oorlogspoging van die regering gehinder kon word (Blackwell, 1940). In die tydskrifte van die drie Hollands-Afrikaanse kerke het geen artikels verskyn wat kon aanleiding gee tot enige optrede deur die owerheid nie. Slegs enkele artikels is op regsadvies nie gepubliseer nie (Coetzee, 1941g :2).

Die regering kon nie alle teenstander interneer nie. In 'n poging om die teenstand, of die vertoon van teenstand, te verminder is op 5 Junie 1940 'n proklamasie uitgevaardig oor die dra van uniforms. Organisasies wat uniform dra of kentekens vertoon anders as die van die Verdedigingsmag is hiervolgens verban (Coetzer, 1994 :292). Die Voortrekkers, Boy Scouts, Girl Guides en die Rooikruis was hiervan uitgesluit. Hierdie proklamasie was eintlik teen die Ossewabrandwag gemik, en is verseker nie goed deurdink nie. Die amptelike opposisie, die Herenigde Nasionale Party, het 'n kruithoring as lapelwapen gedra. Ander organisasies wat nie in die politiek betrokke was nie wat kentekens en uniforms gebruik het, was onder andere die ATKV, wat 'n lapelwapen gedra het, die Vrymesselaars, wat rokke, handskoene en voorskoot gedra het, en die Sionisteverenging wat die Dawidster as kenteken gedra het. Dit het die regering in 'n dilemma geplaas, en die proklamasie kon nie uitgevoer word nie.

Met internering kon die regering seker maak dat hy sy teenstanders gedeeltelik beheer. Aanvanklik is Duitsers, Italianers en Kommuniste as verteenwoordigers van die vyand geïnterneer. Spoedig is die beleid ook op eie burgers van die regering toegepas met die visier

¹⁰ Verraaiers wat in hulle eie land vir die vyand werk.

op die Ossewabrandwag en lede van die Grys- en Swarthemde wat as teenstanders geklassifiseer is (Marais, 1953 :172). Dit moes as afskrikmiddel dien en 'n belangrike deel daarvan was om iemand sonder verhoor te interneer. Die betrokke persoon het eers later in die kamp verneem wat die klagte teen hom was. Daar is ook nie op 'n besondere groep of leiers in die beweging gekonsentreer nie. Die regering se metode was hier weldeurdag, want arrestasies is lukraak gedoen sodat geen manlike lid van die Ossewabrandwag homself veilig kon voel nie. Die kommandant-generaal en van die generaals van die beweging is met rus gelaat (Van der Merwe, 1992 :58). J.F.J. Van Rensburg¹¹ meen die sleutel tot die Interneringsbeleid was "Vreesaanjaging". Hy het beweer dat Smuts in hierdie beleid 'n navolger van Nicola Machiavelli, 'n Florentynse politieke leermeester was wat gesê het: "Waar 'n regering moet kies tussen die liefde en die vrees van sy onderdane, kies dan die vrees, die is bestendiger." Sodoende kon die oorlog onbelemmerd "*ad majorem gloriam Britanniae*" voortgesit word (Van Rensburg, 1953 :52). Internering het egter nie oor die glorie van Brittanje gegaan, soos vele Afrikaners voorgegee het nie. Die regering moes homself beskerm teen ondermynende optrede van sy teenstanders, daarom is uitgesproke teenstanders en moontlike gevare vir die staat vir 'n groot deel van die oorlog geneutraliseer deur internering.

Die eerste interneringskamp was by die Leeukop Gevangenis waar honderde Duitsers en later 27 Afrikaners gevange gehou is. Onder hulle was Danie du Toit, die leier van die Swarthembeweging en dr. Trümpelmann, swaer van Erich Holm. Holm het vanaf Zeesen in Duitsland Duitse propaganda uitgesaai. Teen die einde van 1940 het die getal Afrikaners in die gevangenes aangegroei tot 69 (Marais. 1953 :173).

Duitse sendelinge van Suidwes-Afrika was onder die eerstes wat geïnterneer is. Die moderamen van die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk het die Eerste Minister versoek om die sendelinge vry te laat sodat hulle met hulle sendingtaak kon voort gaan. Die Afrikaanse kerke was oortuig daarvan dat die sendelinge nie in die politiek betrokke was nie. Waarskynlik was die Afrikanerpubliek nie bewus van die propaganda wat deur die sendelinge onder Duitsers in Suid-Afrika versprei is nie (Kritzinger, 1972 :424). Furlong wys daarop dat die Duitse Nazi-organisasies baie onmin in Suidwes-Afrika veroorsaak het. Die Duitsers is op elke vlak deur middel van frontorganisasies in hulle koerante, kerke en skole geïndoktrineer (Furlong, 1991 :18,74,76). Die regering moes van hierdie propaganda kennis gehad het, daarom die internering. Kerke het geen antwoord ontvang op die versoek om die sendelinge vry te laat nie. Die Kaapse Sinode het hierna 'n telegram na die Eerste Minister se kantoor

¹¹ Kommandant Generaal van die Ossewabrandwag.

gestuur wat stel dat die Sinode bereid was om 'n predikant aan die sendingkerk te voorsien indien hulle vertoë vir loslating nie sou slaag nie (Anon, 1941b : 629; . Kritzinger, 1972 : 426). Op hierdie telegram is ook geen antwoord ontvang nie.

Teen die einde van 1940 is 1000 Duitsers in Baviaanspoort geïnterneer. In Andalusia, 'n kamp noordwes van Warrenton, is nog 700 geïnterneer. Die Afrikaners is later uit Leeukop na Ganspan naby die Andalusia kamp verskuif. Na etlike ontsnappings uit Ganspan het die regering besluit om die kamp op 8 Desember 1941 na Koffiefontein te verskuif. Sir Ernest Oppenheimer, die mynmagnaat, het die myn se kampongs op Koffiefontein en Jagersfontein vir hierdie doel aan die regering aangebied. 'n Groot groep Italianers was reeds op Jagersfontein gehuisves (Marais, 1953 :173).

Onder die geïnterneerdes was verskeie intelligentsia, oa. prof. H.G. Stoker, dr. J.G. Neethling, J.Trumpelmann, B.M. Kranz, K. Kirby, H. Graf, G. Eloff, J. Vogel, H. Schweikerdt, advv. J.F. Marais en B.J. Vorster, di. J.J. Fick en D.C.S. van der Merwe, J.D. Vorster was in die Pretoria Gevangenis (Ackermann, 1953 :227).

A.O. Oosthuizen, die hoofsekretaris van die Verenigde Party, was oortuig dat die nasionaliste van die eerste dag af daarop uit was om die regering se interneringsbeleid "oop te vlek" en verdag te maak. Die Leeukopkamp wat deur genl. C.G. Kemp besoek is, is deur Kemp as 'n "moordkamp" beskryf, en dr. D.F. Malan het dit vergelyk met die "swart hool van Kalkutta" (Oosthuizen, 1945 :50).

Smuts het na die oorlog die Interneringsbeleid soos volg geregverdig:

My punt is dit dat ons 'n toestand gehad het in ons land van propaganda en onderduimse opruiery wat die posisie onseker gemaak het, en as daar ooit 'n land was waar internerings nodig was, dan was dit Suid-Afrika (Oosthuizen, 1945 :51).

Die regering het van 'n uitgebreide spioenasiestelsel van "Waarheidsridders" gebruik gemaak wat die privaat lewe van medeburgers dopgehou het. Dit het tot gevolg gehad dat iemand wat 'n vete teen 'n ander gehad het, hom maklik kon gaan verkla as 'n staatsondermyner.

Die polisie het gewoonlik nie gehuiwer om so 'n persoon te arresteer nie. Prof. H.G. Stoker¹² is deur 'n huisvriend by die regering aangegee as pro-Duits (Van der Schyff, 2003 :504). Ds. P. Geyer van die Nederduitsch Hervormde Kerk Roodepoort is deur 'n lidmaat, J van Deventer, by die polisie aangegee omdat ds. Geyer volgens Van Deventer politieke uitsprake vanaf die preekstoel gemaak het. Die polisie het ds. Geyer se huis deursoek maar het hom nie gearresteer nie (Nederduitsch Hervormde Kerk Roodepoort, 1943 :4). Om die "Waarheidsridders" te beskerm is hulle name nooit bekend gemaak nie (Van der Walt, 1953 :57). J.G. Strydom het in die Parlement verklaar dat deur die Waarheidslegioen 'n gees van haat en nyd in Suid-Afrika ontwikkel het soos nog nooit te vore nie (Van der Schyff, 1991 :205). Op hierdie Waarheidsridder is met veragting neergesien. H. Graf, 'n oud geïnterneerde, verklaar die "Waarheidsriddergees" soos volg:

Elke volk het sy verdwaaldes – sy verraaiers - die karakterloses ... selfsugtig materieel ingestelde tipes ... wat volksentiment alleen te kenne gee wanneer dit "betaal." Daardie, wat die karakter betref swakker groep, behep met 'n minderwaardigheidsgevoel, wat sy eie volk se tradisies en instellings minag en, meestal weer uit vreesgevoel, die vyand se sterkte, sy instellings en tradisies aanbid (Graf, 1953 :74).

Op Randfontein het 'n groep vroue aan Afrikaners wat in noodsaaklike poste was, sg. *Key men*, 'n wit veer gestuur om aan te dui dat hy 'n lafhart is wat die oorlog ontduik. Hulle is ook deur die vroue by die polisie verkla as mense wat nie die regering goed gesind is nie. In *The Sunday Times* is na hulle verwys as die *Brigade of feather merchants* wat persone wat om een of ander rede nog nie aangesluit het nie uitsonder *for their alleged cowardice in not being at the front* (Anon, 1939f :9). Die redakteur van *The Standard and Wesrand Koerant* het hierdie optrede as 'n lafhartige daad verwerp.

It seems to be considered a sign of high patriotic favour to whisper insidious hints about such people and hold them as enemies of their country (Anon, 1940e).

Die moontlikheid om iemand te kan verkla as 'n ondermynende persoon het jammerlike gevolge in die kerk gehad. Spanning het ontstaan weens wantoue onder lidmate. Hoewel

¹² Stoker was Hoogleraar in Filosofie aan die Potchefstroomse Univ. Kollege. Sy publikasie Stryd om die Ordes het meegehelp tot die besluit om hom te interneer. Die algemene gevoel onder die Afrikaners was dat Stoker uit die PUK-kring gekies is ten einde alle andersdenkendes tot groter versigtigheid te intimideer (Taljaard 1957: 2)

geraadpleegde kerklike notules geen verwysing hieroor het nie, bevestig mondelinge getuies dat dit wel so was (Diederiks, 2011; Engelbrecht, 2010; Kruger, 2012; Meiring, 2011; Riekert, 2011; Reynecke, 2012; Van Blerk, 2010; Van Tonder, 2000; Van Zyl, 2010). *Die Kerkbode* het die voorkoms van nuusdraers bespreek in 'n artikel getiteld "n Treurige Verskynsel". Hierin is verwys na die "gees van verdagmakery" waardeur persone die geleentheid gebruik het om mekaar by die owerheid aan te gee. So kon 'n persoonlike "vyand" gemaklik uit die pad geruim word. Die skrywer haal Gal. 5:15 aan: "As julle mekaar byt en opeet, pas op dat julle nie die een deur die ander verteer word nie" (Anon, 1941c :372).

Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk het hulle kommer oor die situasie soos volg uitgespreek:

Ons beleef kritieke wêreldtoestande. Moet nie dat 'allerhande dinge' skeiding tussen lede bring nie. Ons is van een volk en kerk en byna een familie. Ons moet nie dat Judasse onder ons kom nie, wat die een die ander sal verrai nie (Nederduitsch Hervormde Kerk Algemene Kerkvergadering, 1940 :117).

4.2.1 DIE INVLOED VAN DIE INTERNERINGSBELEID OP DIE KERKE

Die Interneringsbeleid het die kerke op verskillende maniere geaffekteer. Predikante wat geïnterneer is se gemeentes moes deur ander predikante versorg word met eredienste, veral met doop en nagmaal, kerkraadsvergaderings en huisbesoek. Dit het dus 'n tweede en derde gemeente geaffekteer. Lidmate wat geïnterneer is se gesinne is deur skok en ontnugtering getraumatiseer. Hulle moes deur die kerke pastoraal en met barmhartigheidsdiens versorg word.

Tydens die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk is gerapporteer dat verskeie lidmate wat lede van die Ossewabrandwag was, gearresteer is. Ds. S. Vermooten het voorgestel dat die moderamen dadelik die minister van Justisie spreek en versoek om nie predikante en ouderlinge te interneer nie. Die moderamen het dieselfde dag nog 'n onderhoud met genl. Smuts gehad. Smuts het die versekering gegee dat die vergadering nie gesteur sou word nie (Nederduitsch Hervormde Kerk, 1940 :80 & 103). Moontlik het hierdie ooreenkoms daartoe gelei dat geen predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk geïnterneer is nie. 'n Groot aantal lidmate is wel oor 'n tyd gearresteer.

Vanweë die spanning in die kerke het die kerkraad van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Kimberley kerkraadslede tot versigtigheid gemaak in die uitvoering van hulle ampspilte: "... in die veel bewoë tyd van oorlog is daar onrusbarende tekens van moeilikheid in die gemeente" (Nederduits Gereformeerde Kerk Kimberley, 1941 :18). Hierdie vermaning het later 'n Sinodebesluit geword wat maak dat predikante versigtig en verantwoordelik moes optree ten einde regeringsoptrede teenoor hulle te voorkom (Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1942 :243).

Die Ringvergadering van Ficksburg het 'n "ernstige dog dringende versoek" aan die regering gerig om af te sien van die Interneringsbeleid:

... met 'n gevoel van innige leedwese is kennis geneem van die onrus, ontevredenheid, skepping van 'n diepe kloof van verwydering, vervreemding, haat en tweedrag wat ontstaan het in die volkslewe deur die voortgaan van die hoogedele regering met die internering en gevangeneming van Afrikaanssprekende burgers, wat nie in alles met die sienswyse die handelswyse van die hoogedele regering saamstem nie (Nederduits Gereformeerde Kerk Ring van Ficksburg, 1942:122).

Vir die regering was die geïnterneerdes moontlike staatsondermyners. Hy kon nie sy beleid vir eie beskerming ophef net op versoek die betrokkenes se kerke nie.

Twee jaar later het dieselfde vergadering die regering weer versoek om die onskuldiges so spoedig moontlik los te laat (Nederduits Gereformeerde Kerk Ring van Ficksburg. 1944 :243). Die regering het geen antwoord verskaf nie.

Die Gereformeerde Sustersorganisasie het 'n beroep op die regering gedoen "om 'n end te maak aan die lyde deur geïnterneerdes los te laat" (Du Plessis, 1944 :14). Die regering het nie gereageer nie.

Uit die drie Hollands-Afrikaanse kerke is slegs twee predikante geïnterneer, Ds. J.J. Fick en ds. D.C.S. van der Merwe. Albei was oudstudeerders van die Universiteitskollege van Potchefstroom (Van der Schyff, 2003 :506). Beide was uitgesproke teen oorlog deelname. Ander geestelike Nederduits Gereformeerde Kerk, en Ds. J.D. Vorster van die Nederduits Gereformeerde Kerk wat in die Sentrale Gevangenis in Pretoria aangehou is.

4.2.1.1 DS J.J. FICK AS GEÏNTERNEERDE

Ds. J.J. Fick was predikant van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk Germiston-Suid. Hy is op 10 Oktober 1941 gearresteer vanweë uitsprake teen die oorlog en teen die regering. Die internering van 'n predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk, die grootste van die Hollands- Afrikaanse Kerke, het 'n effek regdeur die kerk en daarmee regdeur die land gehad. Die Sinodale Kommissie van Transvaal het dadelik 'n afvaardiging na die interneringsbeampte, sir. Theodore Truter, gestuur om vir die loslating van ds. Fick te pleit. Truter was nie geneë om enige toegewing te maak nie (Anon, 1941d :837). In dieselfde artikel is verwys na 'n tweede afvaardiging wat aan Truter verduidelik het dat predikante gedurig in die publiek optree, wat tot gevolg kan hê dat iemand sy uitsprake verkeerd interpreteer. Die afvaardiging het aan die minister voorgestel dat die moderamen gebruik kon word om “voorkomende moeilikhede te probeer oplos”. Die minister het die versekering gegee dat hy in die vervolg van die aanbod gebruik sou maak (Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1940 :464). Waarskynlik het die gesprek en 'n gesprek van dr. W. Nicol met genl. Smuts verhoed dat ander predikante geïnterneer is. Dr. Nicol het beweer dat hy na 'n gesprek met Smuts 'n aantal broeders “uit die kamp gehou het” (O'Brien Geldenhuys, 1982 :14). Die Regskommissie van die Sinode het by die kerke aanbeveel dat hulle in sulke “noodtoestande” die advies en leiding van die Ringskommissie moes vra (Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1940 :464).

Een jaar later het die Ring van Boksburg die Minister van Binnelandse Sake versoek om ds. Fick vry te laat met die motivering: “Dit gaan oor die werk van die Heer” (Anon, 1942f :527). Fick is eers 'n jaar later vrygelaat.

Tydens ds. Fick se afwesigheid uit sy gemeente het ds. G.O. Mey van Elsburg die eredienste daar gelei tot 1943. Vanaf begin 1943 het eerw. J.F. Wiesner waargeneem totdat ds. Fick in Augustus 1943 vrygelaat is (Olivier, 1952 :494).

4.2.1.2 Ds. D.C.S. VAN DER MERWE AS GEÏNTERNEERDE

Ds. D.C.S. van der Merwe was predikant van die Gereformeerde Kerke Petrusburg, Boshoff en Koffiefontein kombinasie. Met die uitbreek van die oorlog was hy in Duitsland besig met nagraadse studie. Hy het teruggekeer na Suid-Afrika en is in April 1941 na die kombinasie beroep. Hier is hy ook as hoofkommandant van die Ossewabrandwag in die gebied aangewys. Soos ander Ossewabrandwag-offisiere het hy na die veroordeling van H.S. van Blerk en J.

Visser¹³ 'n telegram aan genl. Smuts gestuur om vir begenadiging te vra. In die brief aan Smuts het hy oa. gemeld dat indien Smuts sou toelaat dat Van Blerk en Visser gehang word, dit so goed soos "politieke selfmoord" is. Hy het verwys na die Jopie Fourie¹⁴ gebeure. Hierdie skrywe is gesien as 'n dreigement teenoor Smuts se lewe. Die tweede aanklag het gespruit uit 'n preek uit Open. 17¹⁵ wat hy aan Smuts en *Die Kerkblad* gestuur het. Die preek is nooit gepubliseer nie. Van der Merwe is op 27 Julie 1942 gearresteer (Van der Merwe, 1992 :57).

Die Nederduits Gereformeerde Kerk Petrusburg het hulle meegevoel met die Gereformeerde Kerk uitgespreek oor die arrestasie van ds. Van der Merwe. Hulle het aangebied dat hulle predikant, ds. Esterhuizen, in die gemeente kon uithelp solank as wat Van der Merwe afwesig was (Nederduits Gereformeerde Kerk Petrusburg, 1942 :143). Hierdie "broederlike" aanbod is met groot dank deur die skriba van die Gereformeerde Kerk Petrusburg aanvaar (Gereformeerde Kerk Petrusburg, 1942 :149). Die kerkrade van Petrusburg, Boshoff en Koffiefontein het 'n kommissie bestaande uit ds. T.T. Spoelstra, proff. F. Postma en J.D. du Toit benoem om die interneringsbeampte, sir. Theodore Truter, te spreek oor Van der Merwe se vrylating. Ds. Van der Merwe is ses maande later op parool vrygelaat. Sy vrylating is toegestaan deur bemiddeling van sy skoonpa wat met genl. Smuts bevriend was. Van der Merwe mag nie na sy gemeentes terugkeer het nie, maar moes op sy skoonpa se plaas in die Pietersburgdistrik gaan bly. Vryburg gemeente het hom in die tyd beroep (Van der Merwe, 1992 :55, 61). Hierdie beheer oor persone op parool het tot vier maande na die Vredesluiting in 1945 nog voortgegaan. L.H. Steenkamp van Groenpunt was op parool in Boshof. Hy kon elke derde Sondag van die maand een kerkdiens in Boshof bywoon (Unie van Suid-Afrika, 1945. Permit).

4.3 GEESTELIKE VERSORGING IN KAMPE

Wanneer 'n persoon gearresteer is, het hy en sy gesin deur hartseer en vernedering gegaan. So 'n gesin se normale lewenspatroon is meteens traumaties ontwig. In hierdie emosionele toestand word die gevangene by 'n Polisiestasie in 'n sel toegesluit. Meteens is sy ruimtelike beweging beperk tot die groter van die sel. Later is hy na die interneringskamp oorgeplaas, gewoonlik sonder om te weet waarvoor hy gearresteer is. Die meeste het deur hierdie gebeure

¹³ H.S. van Blerk en Julian Visser is ter dood veroordeel na hulle as Stormjaers 'n bom by die Benoni poskantoor geplant het. Ongelukkig is een man gedood deur die ontploffing. Van Blerk en Visser is gearresteer vir moord en die onwettige besit van plofstof.

¹⁴ Jopie Fourie, 'n Burgermagoffisier, is tydens die Rebelle van 1914 as rebel gearresteer en weens hoogverraad ter dood veroordeel. Smuts het geweier om hom te begenadig. Dit was 'n politieke fout wat Smuts bygebly het (Schoeman, 1978 :22).

¹⁵ Opskrif 1933-vertaling. Val van Babilon. Gesig van die hoer wat deur die dier verlei is.

hulle werk verloor en was bekommerd oor die versorging van hulle huisgesin. Die vernedering en onsekerheid het so persoon deur fases van magteloosheid en opstand laat gaan. In die kamp is gevangenes beweeglikheid ingeperk tot die gebied binne die doringdraadheining wat meer as 400 persone moes deel. Hulle dae is bepaal deur die roetine in die kamp. Hierdie omstandighede het 'n besondere behoefte aan geestelike bemoediging en versorging by die meeste gebring. Vir die gevangenes wat so saam ingehok was, het die kerk 'n eenheidsgemeenskap geword waarin hulle 'n mate van berusting in hulle omstandighede kon vind.

Eerwaarde M.S.F. Grobler, 'n sendeling van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in Pretoria, 'n generaal van die Ossewabrandwag, was een van die eerste geïnterneerdes in die Ganspankamp (Marx, 1998 :321). Hy het dadelik in die kamp eredienste vir Sondae gereël. Twee eredienste is per Sondag gehou om op hierdie manier in die onnatuurlike situasie van die kamp die gewone roetine van 'n Sondag te behou. Ds. J.A. van Blerk van die Nederduits Gereformeerde Kerk Warrington is soms toegelaat om die Ganspankamp te besoek. Danie du Toit het die sang op 'n akkordeon begelei (Fick, 1953 :206). 'n Skildery van so byeenkoms is opgeneem in die Ossewabrandwagmuseum te Potchefstroom. Ds. J. Fick, wat geïnterneer was, is hartlik in die Ganspankamp verwelkom met die begroeting "Ons waardeur dit dat u die beroep na Albertyn bedank het en die na Ganspan aangeneem het" (Fick, 1953 :206). Eerw. Grobler was toe reeds vrygelaat. Fick getuig van die "onvergeetlike dienste vir predikant en gemeente" (Fick, 1953 :206).

In Andalusia naby die Ganspankamp waar Duitsers aangehou is het die Suid-Afrikaanse Duitsers by die owerheid aansoek gedoen dat 'n Afrikaanse predikant Sondae daar eredienste mag hou. Hierdie versoek is sonder rede geweier. Hulle is verplig die Duitse eredienste by te woon (Gerhardt, 1953 :383).

Na verskeie ontsnappings uit Ganspan het die regering besluit om die kamp op 8 Desember 1941 na Koffiefontein te verskuif. Dit het die geïnterneerdes binne die grense van Koffiefonteingemeentes geplaas. In die notules van hierdie gemeentes is geen verwysing na hierdie toevoeging tot die gemeentes aangeteken nie. Dit was vir hulle 'n afsonderlike verblyfplek wat nie die gemeente se verantwoordelikheid was nie.

4.3.1 GODSDIENS IN DIE KAMPE

Die gebondenheid van die beperkte ruimte van die kamp en die onsekerheid oor hulle huisgesinne buite het gedurende spanning in die geïnterneerde se gemoed veroorsaak. Die saamwees in kerk en erediens het meegehelp om die spanning te ontloos en gemoedsrus te gee. In die kamp is 'n "adviserende" kerkraad saamgestel uit kerkraadslede van die Afrikaanse en Lutherse kerke bestaande uit drie ouderlinge en twintig diakens. Sondag is twee eredienste deur ds. Fick geleë. Toe daar in Januarie 1942 meer as drie honderd polisiemanne, speurders en gevangenisdiensbeamptes op een dag gearriveer het, is die kampgemeente met drie honderd lidmate versterk (Anon, 1942g :411). Met hulle aankoms het ds. Fick almal byeengeroep en uit Romeine 8:28 gelees het: "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is..." Dit het dadelik 'n binding met die ander gevangenes gebring. Algemene godsdiensoefening is Woensdagaande in die sink-eetsaal gehou. Stephen Eyssen¹⁶ was die orrelis wat hulle op 'n verweerde klavier begelei het. Chris Klopper was die koster wat op 'n stuk yster die klokkespel voor die diens gelewer het. 'n Kateder as kansel is uit hout gebou wat "onopsigtelik" uit die houtraamwerk van hutte verwyder is. Dr. Trümpelman, die kampeier, het stilletyd vir die aand gelas, waartydens huisgodsdienste gehou is (Fick, 1953 :209).

Met die besef dat die interneringskamp nie spoedig ontruim sou word nie, het die kerke besef dat daar van die kerke se kant geestelike versorging moes kom.

Tydens die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk OVS is 'n skrywe van die Transvaalse Moderatuur aan die Eerste Minister voorgelees. Hierin is voorgestel dat, aangesien die interneringskamp in die Vrystaat is, 'n kapelaan uit die Vrystaatse gemeentes benoem moes word vir die kamp (Nederduits Gereformeerde Kerk OVS, 1942 : 247). Die moderatuur van Natal het die versoek van Transvaal ondersteun (Nederduits Gereformeerde Kerk Natal, 1942 :11). Die moderamens van die onderskeie Nederduits Gereformeerde Kerke het weer 'n skrywe aan genl. Smuts gestuur en kon in Maart 1943 as volg rapporteer:

- (a) Verlof word gegee vir die aanstelling van 'n besoekende Kapelaan.
- (b) Dit word meegedeel dat Ds. J.J. Fick, een van die getal, die geestelike werk onder geïnterneerdes in die kamp waarneem.

¹⁶ Eyssen was 'n bekende komponis, musikant en onderwyser op die Afrikaanse kultuurgebied.

(c) 'n Deputasie van Predikante die kamp mag besoek vir suiwer geestelike doeleindes (Anon, 1942h :743).

Daar is geen verwysing dat 'n deputasie van die kerke die kamp wel besoek het nie. In die kerklike notules is daar ook geen verwysing dat so deputaatskap aangewys is nie.

Ds. Fick en die kampbestuur het by die owerheid aangedring op die aanwysing van 'n kapelaan vir die kamp. As geïnterneerde het ds. Fick geweier om die regering se aanbod dat hy die kapelaan moes wees te aanvaar. Dit sou hom 'n regeringsverbintenis gee wat bediening onmoontlik sou maak (Fick, 1953 :210).

Die Moderatuur van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk het in Maart 1942 tydens 'n onderhoud met die Eerste Minister die toegewing verkry dat ds. Dawid Botha van Koffiefontein aangestel sou word as kapelaan vir die kamp (Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1944 :243).

Die Sinode van die Gereformeerde Kerk het in 1942 dr. P.J.S. de Klerk, di. J.M. de Wet, J.A. Schutte en J.V. Coetzee as deputeate benoem om met die owerheid te onderhandel sodat lidmate in militêre diens, interneringskampe en gevangnisse bedien kon word. Die sinode het die deputeate versoek om "n leraar of leraars aan te wys, langs kerklike weg, vir die bediening van bogenoemde lidmate" (Gereformeerde Kerk, 1942 :198). Tydens die onderhoud met die direkteur is hulle daarop gewys dat ds. Botha reeds aangewys is as kapelaan vir Koffiefontein. Hy was nie geneë om aan ander kerke ook 'n permit uit te reik nie (Gereformeerde Kerk, 1945 :76).

Die Nederduitsch Hervormde Kerk het ook aansoek gedoen dat 'n kapelaan uit die kerk vir die geïnterneerdes aangewys word. Hierdie versoek is op dieselfde grond as vir die Gereformeerde Kerk afgewys (Nederduitsch Hervormde Kerk, 1945 :28).

Die direkteur het met die standpunt, moontlik onbewus, hier wys opgetree deur nie vir elke kerk afsonderlik 'n predikant toe te laat nie. Afsonderlike groepe sou met eie versoeke, eise en verwagting gekom het. In die kamp omstandighede was dit nie wenslik dat kerklike verdeling of verskille ook nog 'n rol speel nie.

Ds. T. Potgieter van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk Lichtenburg het grootmoedig 12 maande verlof van die gemeente gevra om die geïnterneerdes te bedien. Die

kerkraad het dit goedgekeur, maar die owerheid het dit nie toegelaat nie (Nederduits Gereformeerde Kerk Lichtenburg, 1985 :96).

Agt maande na ds. Fick geïnterneer is, is ds. Van der Merwe van die Gereformeerde Kerk geïnterneer. Die twee predikante het saam die "gemeente Koffiefontein Kamp" bedien. Fick skryf in sy herinneringe "Ons samewerking was uiters aangenaam en broederlik en sy arbeid was ongetwyfeld geseënd" (Fick, 1953 :210). Beide het geweier om nagmaal te bedien omdat hulle nie na die kamp beroep was nie (Van der Merwe, 1992 :58). Omdat net die nodigste na die kamp saamgeneem kon word het die twee predikante slegs die Bybel en Psalmboek beskikbaar gehad om preek te maak. Van der Merwe het gereeld uit die Heidelbergse Kategismus gepreek "wat tot my grootste verbasing groot byval gevind het onder die nie-Gereformeerdes" (Van der Merwe, 1992 : 58).

Vanweë die omstandighede het sekere Psalms en Gesange gelief geraak in die eredienste, byvoorbeeld Psalm 38:1 "Straf tog nie in ongenade ..."; 42:1 "Soos 'n hert in dorre streke ... skreeu my siel na U o God"; 43:1 "Heer, doen my reg, hoor my gebede ..."; 138:1 "Uit dieptes gans verlore ..."; Gesang 7:1 "Op berge en in dale ... "; 52:11 "Ewig-onbegryplik Wese, ... "; 58:1 "Ruwe storme breek in woede, alles om my heen is nag: tog hou God my in Sy hoede. Hy hou vir my heil die wag ..."; en 161:1 "Ure, dae, maande, jare vlieg soos skadudrome heen ..." (Eyssen, 1953 :272).

Beide predikante het kategetiese onderrig gegee vir die wat belydenis van geloof wou aflê. Aan so persoon is 'n kampsertifikaat uitgereik wat hy by sy tuisgemeente kon ingehandig. Tydens die Ring van Fauresmith se vergadering van 1942 is die diens van ds. Fick in die kamp bespreek en dispensasie, oftewel vrystelling, is gevra dat hy lidmate in die kamp kan aanneem en voorstel. Die name kon in die lidmaatregister van die Koffiefontein gemeente aangeteken word. Na veel bespreking is besluit dat:

Lidmate wat aangeneem en voorgestel word in die Interneringskamp nie by Koffiefontein se gemeente gevoeg word nie, maar by die Armsorgsekretaris aangegee word. Hulle kan later by hulle eie gemeentes getel word (Nederduits Gereformeerde Kerk Ring van Fauresmith, 1942.: 349).

Geestelike versorging in die kamp het nie net eredienste en kategetiese onderrig ingesluit nie. Die twee predikante is gereeld gevra om in afsonderlike huise huisgodsdienste te hou. Hoewel

almal die predikante goed ontvang het, is ds. Fick by een geleentheid deur 'n aggressiewe ongelowige uit 'n hut uitgejaag (Van der Merwe. 1992 :59).

As ds. Botha op besoek gekom het, het hy die eredienste gelei en nagmaal bedien. Bedlakens is oor kamptafels gegooi. Brood en wyn en die nagmaalservies is deur Koffiefontein se dorpsgemeente voorsien. Tydens so 'n nagmaalviering het 'n aantal manne belydenis van hulle geloof afgelê (Fick, 1953 :211).

Speurders het gereeld die kamp besoek en persone ondervra met die belofte van vrylating as inligting oor ander persone bekend gemaak word. As iemand verraad teen 'n ander gepleeg het is die verraaiers deur die kampbestuur uitgeskuif na aparte hutte eenkant in die kamp. Die beloofde vrylating het gewoonlik nie gerealiseer nie. Hulle is uitgesluit uit geselskappe en aktiwiteite en het vereensaam omdat ander hulle vermy het. Slegs die predikante kon hulle besoek. Van der Merwe meen "Ons pastorale werk onder die 'verraaiers' het skynbaar heeltemal op die rotse geval ... hulle was radikaal ontmoosbaar" (Van der Merwe. 1992 :59).

Die Ring van Fauresmith het die moontlikheid bespreek om die geïnterneerdes en die wagte saam kerklik te bedien. Meeste van die blanke wagte was lidmate van een van die Afrikaanse kerke (Nederduits Gereformeerde Kerk. Ring Fauresmith. 1942 : 329). Volgens S. Ferreira, wat as polisielid daar wagdiens gedoen het, was min van die wagte geneë vir enige gesamentlike reëlins met die kamp-inwoners. Hulle het mekaar as vyande beskou. Beide groepe was nie bereid om skynheilig langs 'n vyand in 'n erediens te sit nie (Ferreira. 2011).

4.3.2 DIE CALVINISTIESE STUDIEBOND IN DIE KAMP

Behalwe vir die skoolklasse en eredienste was daar by sommige die behoefte aan studie oor geloofsake. Op Sondag 25 April 1943, onder leiding van prof. H.G. Stoker, is 'n Calvinistiese Studiebond met 35 lede gestig. Die grondslag van die Bond was Die Bybel en die Drie Formuliere van Eenheid.¹⁷ As studiebronne naas die Bybel is *Die Kosbare Goud*, *Koers in die Krisis* en die tydskrif *Koers* gebruik. Die doelstellings van die Bond was:

- 1 Die aanwerwing en verspreiding van meer kennis aangaande God se Woord en die Calvinistiese beginsels.
- 2 Die nuttige en aangename vervulling van ledige tyd.

¹⁷ Heiderbergse Kategismus, Nederlandse Geloofbelydenis en Dordtse Leerreëls

3 Die bestryding van Skrifvreemde gedagterigtings binne die kamp (Greeff, 1953 :213).

Die Bond het elke Sondagmiddag bymekaar gekom. Omdat nie almal in die kamp van dieselfde geloofsoortuiging was nie, het enkeles beledigende uitsprake teen die waarheid van die Skrif gemaak by ander kampgeleenthede. Die bestuur van die Bond het 'n brief aan die kampleiding hieroor gerig waarin gewys is op ateïstiese propaganda wat in die kamp gemaak word asof dit die beleid van die kamp is (Greeff, 1953 :215). Die kampleiding het aan die Bond die versekering gegee dat geen reg of fasiliteit aan iemand wat teen die Christelike beginsels van die Ossewabrandwag is toegeken sou word nie (Greeff, 1953 :215).

Die Afrikaners se gereelde eredienste het 'n invloed op die Italianers in 'n kamp langsaan gehad. Die kampowerheid was nie geneë om eredienste toe te laat nie, uit vrees dat dit 'n politieke invloed sou hê. Die gevangenes het op 'n stuk linne 'n boodskap na die Bloemfonteinse Roomse Kerk uitgesmokkel, waarop hulle vermeld dat 'n *Father* saam met 'n groep Italianers uit Rhodesië in die kamp was. Die *Apostolic Delegate* is versoek om iemand na die kamp te stuur om met die kampowerheid te onderhandel vir eredienste (Bassani, sj).

4.4 KAMPSKOOL IN KOFFIEFONTEIN

Die ledige kamp-ure is deur die meerderheid benut om kennis van 'n vak of rigting te bekom. Aanvanklik is op 'n klein skaal lesings in die Leeukop Gevangenis aangebied oor Afrikaanse kultuur en verskeie tale (Ackerman, 1935 :222). In Ganspan is ook klasse aangebied, maar die kampowerheid het geweier om handboeke toe te laat. Na die kamp in 1941 na Koffiefontein verskuif is, was die kampowerheid deeglik bewus daarvan dat ledigheid maklik tot opstandigheid kon lei. Die owerheid het toestemming verleen dat 'n Kampskool ingerig kon word. Prof. H. Stoker het as rektor opgetree en vyf-en-twintig vakke is aangebied. E. Norval wys op die waarde van die skool as vorming van vaardighede

... dat in die onnatuurlike lewe, waar die vryheid aan bande gelê is, die gees werksaam is ... in die klasse (is) die verstand bevrug, is dit geprikkel deur nuwe kennis, dit het belangstelling gewek vir nuwe onbekende terreine (Norval, 1953 :248).

Die skool het 'n groter invloed gehad as om net in 'n behoefte aan onderrig te voorsien., Dit het gehelp om die verlange na buite en om die beklemmende ruimtelike ervaring te verwerk (Ackermann, 1953 :221). Die grootste behoefte van die Skool was om die nodige handboeke te bekom. Prof. G Dekker, 'n ouderling van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom, was bewus

hiervan en het die kerkraad versoek om aan die kamp boeke te voorsien. 'n Spesiale kollekte is daarvoor gehou en 'n aantal boeke kon aangekoop word (Gereformeerde Kerk Potchefstroom, 1943).

4.5 POLITIEKE GEVANGENES IN TRONKE

Die meeste politieke gevangenes wat as staatsgevaarlik beskou is, is in die Pretoria Sentrale Gevangenis of in die Fort in Johannesburg aangehou. Anders as die interneringskamp waar 'n bepaalde groep saam was, kon daar nie vir die in die politieke gevangenes afsonderlik voorsiening gemaak word nie. Die politieke gevangenes, wat uit 'n ander vlak van die samelewing as die geharde misdadigers gekom het, moes met die misdadigers dieselfde fasiliteite deel. Om soos misdadigers behandel te word het die vernedering vergroot en emosionele spanning gebring wat op een of ander manier deur die gevangene verwerk moes word. Die tronksel met tralievensters en die gedurige teenwoordigheid van wagte het sommige geestelik geknak (Van der Walt, 1953 :80). Ds. J.D. Vorster het hierdie belewenis so verwoord:

Die gevaarlikste invloed van die gevangenis is egter die verontpersoonlikende (sic). mag van die stelsel... Die stelsel met sy lewe, roetine en werk breek die wil van die mens. Die dissipline en verskriklike eentonigheid van die lewe breek die wil af. Hierdie verontpersoonlikingsproses word verhaas deurdat die mens sodra hy opgesluit word, begin lugkastele bou (Vorster, 1953 :126).

Politieke gevangenes, wat merendeels gelowige kerkgangers was, se behoefte aan geestelike versorging was meer as by gewone gevangenes. Die kerke kon egter van buite nie veel ondersteuning bied nie. Die owerheid het wel 'n kapelaan vir groepe toegestaan. Vir die Afrikaners is ds. Johan Reynecke as kapelaan aangestel.

Die diakonie van die Gereformeerde Kerk Pretoria het besluit om "geestelike troosvolle literatuur" aan die politieke gevangenes in Pretoria te voorsien as hulle die nodige toestemming kon kry (Gereformeerde Kerk Pretoria Diakonie, 1944 :18). Dit is nie genotuleer of toestemming verkry is nie.

Die enigste predikant wat in die tronk was, was ds. J.D. Vorster, predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk De Nieuwe in Kaapstad. Hy was uitgesproke ten gunste van Hitler se *Mein Kampf*, en uitgesproke anti-Brits en anti-Joods (Anon, 1964 :15). In Februarie 1941 is hy

gearrester omdat hy militêre inligting verkry het wat vir die staat skadelik kon wees. Hy is tot drie jaar tronkstraf gevonnis op grond van die oortreding van die Wet op Staatsgeheime (Sunday Times, 1964 :15). Na sy arrestasie het die kerkraad dadelik 'n petisie opgestel vir sy vrylating. Die versoë is nie in die hof aangehoor nie en Vorster is twee jaar tronkstraf opgelê (Nederduits Gereformeerde Kerk De Nieuwe, 1941 :311). Op die eerste kerkraadsvergadering nadat hy gevonnis is, is besluit om hom vir 'n onbepaalde tyd verlof te gee en ds. E.H. Holzapfel is vra om in die gemeente te help. Mev Vorster het 'n maandeliks toelaag ontvang tot hy vrygelaat is (Nederduits Gereformeerde Kerk De Nieuwe Kerk, 1941 :316.; Ring van Kaapstad. 1942. Bylaag 2). Hy is na twee jaar op 14 Augustus 1943 vrygelaat en kon op 12 Oktober 1943 weer 'n kerkraadsvergadering in sy gemeente lei (1943 :420). Die eerste telefoonoproep wat hy na sy vrylating gekry het was van prof. J.D. du Toit (Totius) met die woorde: “Broer hierdie dag is seker nie net vir jou mooi nie, maar ook aandoenlik” (Beukes, 1979. :21).

Vir ds. Vorster was die gevangenis 'n ingrypende ervaring (Nederduits Gereformeerde Kerk De Nieuwe, 1943 :426), veral die gelykstelling van politieke gevangene met gewoontemisdadigers. Hy is slegs eenmaal toegelaat om medegevangenes as predikant te besoek. Hy kon vir H.S. van Blerk en Julian Visser, wat ter dood veroordeel is, as predikant besoek. Ds. Charles Murray, die kapelaan vir die Afrikaners, was 'n uitgesproke Smuts ondersteuner wat met die politieke gevangenes geen deernis gehad het nie. Vorster se raad aan Van Blerk en Visser was “jaag hom weg. Hy het niks vir ons te sê nie” (Van Blerk. 2010). Murray het egter in die tyd geëmeriteer sodat hy hulle nie besoek het nie. Ds. Johan Reyneke van Pretoria gemeente is as die nuwe Gevangenis Kapelaan aangewys. Hy het by genl. Smuts vir die begenadiging vir Van Blerk en Visser gevra (Anon. 1952 :11). Van Blerk getuig dat ds. Reyneke vir hulle soos 'n vader was. Hy het in die sel op sy eie bankie, wat hy saamgedra het, gaan sit en na hulle geluister en hulle bemoedig. Ds. J. Visser van die Nederduits Gereformeerde Kerk Benoni, 'n neef van Julian Visser, het een maal spesiale verlof ontvang om die twee veroordeeldes te besoek (Van Blerk 2010). Visser en Van Blerk was 28 dae in die dodesel voor hulle deur Smuts begenadig is.

Ds. S.P. van der Walt van die Gereformeerde Kerk Johannesburg-Suid kon die politieke gevangenes in die Fort in Johannesburg van tyd tot tyd besoek (Van der Walt. 1953 :80). Ds F.P.J. Snyman van die Gereformeerde Kerk Johannesburg-Noord is ook periodiek toegelaat om hulle te besoek. Omdat die predikante toegelaat is om hulle te besoek het die owerheid dit nie die noodsaaklikheid geag om 'n Kapelaan vir die Fort aan te stel nie (Gereformeerde Kerk Klassis Pretoria, 1943 :323).

4.5.1 GODSDIENS IN DIE TRONK

Vir elke kerkgroep, Afrikaners, Engelse Protestante, Katolieke, Anglikane en Jode was daar geleentheid om Sondae 'n eie erediens te hou as die getalle dit geregverdig het. Die owerheid het bepaal dat alle gevangenes verplig was om een diens per Sondag by te woon.

In die week kon die Afrikaners Christelike Stewersvergaderings hou. Hier is Bybelstudie gedoen en besprekings gehou. Dit was ook 'n geleentheid om van die sielododende sel te ontsnap vir 'n aangename uur saam met mede-Afrikaners buite die geselskap van misdadigers. Vir die Engelstaliges of wie ookal belang gestel het, het die *Oxford Group* weekliks 'n *house party* gehou. Die *Group* het verlof gehad om die selle te besoek sonder 'n wag. Hierdie voorreg is nie aan ander geestelike werkers toegestaan nie. Die Afrikaners het hierdie reëling met agterdog bejeën as 'n geleentheid wat die regering gebruik het “om jou sondes teen die Empire te laat *share*.” Die Afrikaners het gewoonlik die lede van die *Group* weggewys (Vorster, 1953 :144).

In 1944 het die Afrikaners in die gevangenis 'n besondere projek aangepak wat hulle meer as agt maande besig gehou het. Veertig van hulle het in drie groepe die Bybel numeries ontleed. Die hoofstukke, verse, woorde en letters is getel. Hierdie gegewens is netjies uitgeskryf en geraam aan ds. Reynecke geskenk (Anon, 1952 :11). Van die eindresultaat was soos volg:

1,189 hoofstukke, 794,899 woorde, oor die drie miljoen letters. Ps. 117 is die middelste hoofstuk in die Bybel, terwyl Ps 101:8 die middelste vers is. Die woord “dors” in Ps 63:2 is die middelste woord in die Skrif (Vorster, 1953 :145).

Binne die streng roetine van die tronk het die tronkowerheid tog 'n enkele toegewing gemaak. Drie verhoorafwagtendes het pa geword na hulle arrestasie. Die owerheid het toegestem dat 'n gesamentlike doopplegtigheid in die magistraatskantoor gehou kon word en dat die ander beskuldigdes in die saak van die drie ook teenwoordig kon wees. Na die doop is “Kom treen wy dan gemoedig voort” gesing (Van Heerden, 1953 :91).

4.6 DIE GEVAL VAN JOHANNES VAN DER WALT

Een van die gebeure wat die emosie in Afrikanergeledere hoog aangeblaas het, was die geval van Johannes van der Walt. Hy was 'n bekende internasionale stoeier en offisier in die

Ossewabrandwag. Johannes van der Walt is op 17 Desember 1941 gearresteer, maar het uit aanhouding ontsnap. Hy het op 'n plaas in die Roodepoort distrik by Venter familieledede gaan skuil. Hier is hy op 23 Februarie 1942 deur die polisie verras. In 'n poging om deur 'n venster te ontsnap is hy deur 'n sersant Fourie in die rug geskiet. Die koeël het sy rugmurg beskadig en hy is verlam. Die gebeure het skokgolwe deur die land gestuur en vurige besprekings in die parlement tot gevolg gehad (Anon. sa. :5).

Die Ring van die Nederduits Gereformeerde Kerk Winburg het 'n mosie aangeneem wat lui:

Hiermee ons innige meegevoel betuig met die treurige skietvoorval van Johannes van der Walt, en wil hom en sy familie die versekering gee van onse innige voorbidding (Nederduits Gereformeerde Kerk Ring van Winburg, 1942 :293).

Die voorval het opnuut van die Afrikaners in hulle weerstand teen die regering verenig. Vanuit al drie Hollands-Afrikaanse kerke het predikante en lidmate die gesin besoek en bemoedig. (Venter, 2010).

Omdat Van der Walt as 'n politieke held en martelaar gesien is, het die Kerklike tydskrifte geen kommentaar of berigging oor die geval gepubliseer nie.

Dertien maande na die skietvoorval is Van der Walt oorlede. *Die Transvaler* het die nuus van sy dood in 'n hoofberig op die voorblad gehad. Die dood van hierdie bekende figuur het opnuut die woede teen die Smuts-regering en sy "verraderlike" polisie aangevuur. Die begrafnis was op 28 Maart 1943 uit die Gereformeerde Kerk in Melville, Johannesburg. Dit het 'n volksaamtrek soos by monumentkoppie geword waar bykans 50 000 mense byeen was. Sy kis is op 'n Kakebeenwa, die Louis Trichardt, met agt swart osse vervoer. Op die wa was die vader van Johannes. Voor die touleier het twee mans met die Vierkleur gestap. Prof. J. Van Rooy van Potchefstroom het die erediens waargeneem. Ds. A.J. Nolte het namens die Nederduits Hervormde Kerk 'n boodskap gegee en Dr. A.B. du Preez namens die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk. Ds. F.P.J. Snyman, Van der Walt se predikant, het namens die gemeente gepraat en by die graf prof. S.P. van der Walt. Die reëlins was soos die begrafnis van genl. De La Rey waarin 'n groot groep Afrikaners verenig is (Anon, sj :8; Swart. 1980 :95). Die Transvaler het oor die gebeure geskryf:

Die Afrikanerdom staan stil by sy graf... daar het van die toneel verdwyn een van die bekendste figure wat in hierdie eeu onder die Afrikanervolk aan die Rand beweeg het (Anon, 1943a :1).

4.7 OPTREDE TEEN NEDERLANDERS IN SUID-AFRIKA

Die Nederlanders wat voor 1939 reeds in Suid-Afrika gewoon het, maar nog nie burgerskap ontvang het nie, is met die uitbreek van die oorlog in 'n ongemaklike situasie vasgevang. Hulle het Suid-Afrika as nuwe vaderland aanvaar, al het hulle nog Nederlandse paspoorte gedra (Van Dijkhorst, 2010). Omdat hulle nie Suid-Afrikaanse burgers was nie, kon hulle nie by die Verdedigingsmag aansluit nie. Baie van hulle wou in elk geval nie by die oorlog betrokke wees nie.

Nederland, wat in die oorlog neutraal wou bly, is op 10 Mei 1940 deur die Duitse magte binnegeval. Die Nederlandse koningshuis het in die geheim na Engeland uitgewyk sonder die medewete van die Nederlandse kabinet. Die Nederlandse Grondwet, art. 21, het bepaal dat: *de Nederlandse regering zich nimmer buiten het koninkrijk mag vestigen* (Schumacher, 2007 :18). Terwyl die wêreld verontwaardig was oor die inval in Nederland, was die Nederlanders meer verontwaardig oor die koningshuis se vlug die land uit.

Die inval in Nederland het die land se militêre mag oorweldig en uitgeskakel. Prins Bernardt, die opperbevelhebber van die Nederlandse magte, was oortuig dat 'n Nederlandse brigade byeengebring moes word om vir die vryheid van die Nederlande te veg. Vanuit Londen het koningin Wilhelmina op 8 Augustus 1940, volgens '*Staatsnoodrecht 'n Wetsbesluit dienspligt 1940 Nr A10*' uitgevaardig. Dit het bepaal dat alle Nederlandse burgers, waar hulle ook al in die wêreld was, verplig was om by die nuutgestigte Irene Brigade aan te sluit (Schumacher, 2007 :23). Menige Nederlander in verskeie lande het hierdie wet as onwettig beskou en dit verwerp.

In Januarie 1941 het die Nederlandse regering 'n militêre afvaardiging, waaronder *Schout-bij-nacht* J. Bonsma, Owerste G.F. Koch en luitenant W.M. Reuhl, na Suid-Afrika gestuur om dienspligtiges te werf. In Suid-Afrika was Jonkheer W.F. van Lennep die Nederlandse gesant.

Sommige Nederlanders was wel bereid om die bevel te gehoorsaam, maar hulle was in die minderheid. Die wat teen die bevel gekant was het in September 1941 "*voorlichtingsbijeenkoms*te" vir dienspligtiges gereël. Hulle stig 'n *Immigrantencomité* met J.E. van Dijkhorst as segsman en sekretaris. 'n Versoekskrif aan die Nederlandse regering is

opgestel en geteken deur 140 persone. Hulle versoek dat die diensoproep verander word in 'n "vrije dienstneming" waarin hulle die vrye reg het om òf by die Brigade aan te sluit of nie. Vir Lennep en Koch was dit 'n onaanvaarbare "tegniese ontduiking" van die wet (Schumacher, 2007 :65).

Volgens die meeste Nederlanders se paspoorte was hulle Nederlandse burgers sonder reg en voorreg by die Nederlandse regering. In Bart De Weerdts se paspoort, soos in vele ander, is gestempel "Gratis. Houer van paspoort kwalifiseer nie om hulp te kry van enige Nederlands Ambassade nie". Hulle het hulself dan ook nie meer as Nederlandse burgers beskou nie (Kruger, 2008 :43). Die wat geweier het om die koninklike bevel te gehoorsaam het by ander Nederlanders bekend geword as die *Dienstweigeraars*, 'n skeldnaam gelyk aan "Verraad" (Van Dijkhorst, 2010; Schumacher, 2007 :68).

Jonkheer Van Lennep en Owerste Koch het by genl. Smuts die indruk geskep dat die *Dienstweigeraars* pro-Duits is en dat hulle 'n gevaar vir die Unie-regering was. Smuts het sy samewerking belowe en het aan die polisie die nodige magtiging gee om die betrokkenes te arresteer. Die Nederlandse regering kon self verder met hulle handel. Koch het ook die versekering gekry dat alle Nederlanders se naturalisasie aansoeke vir eers geweier sou word. Na hierdie ooreenkoms is noodmaatreël nr. 1, 1942 (*War Measure No 1 of 1942*)¹⁸ uitgevaardig. In Junie 1942 het Koch 'n naamlys aan die Suid-Afrikaanse polisie gegee vir arrestasie. Van hierdie groep kon die polisie slegs 70 opspoor, die res het "ondergeduik," meeste by lede van die Ossewabrandwag. Die gearresteerdes is na Kaapstad vervoer en is met twee bote, die Baarn en die Tarakan, na Suriname gestuur waar hulle geïnterneer is (De Jong, 1979 :704; Schumacher, 2007 :94).

Die oproepbevel aan die Nederlanders het tot gevolg gehad dat br.J. Grondman, 'n Nederlander in die Gereformeerde Kerk Kaapstad, nie nagmaal wou gebruik nie omdat hy teen die koningshuis se optrede beswaar gehad het. Tydens die kerkraadsvergadering wat Grondman se standpunt bespreek het is gevra wat die kerkraad met die *Dienstweigeraars* in die gemeente gaan doen. Die bespreking is nie opgeteken nie, maar wel die besluit. Die kerkraad sou vir 'n hofspraak se uitslag wag voor enige optrede, en die professor in Kerkreg sou intussen vir leiding

¹⁸ REGULATIONS TO COMPEL CONSCRIPTED NON-UNION NATIONALS TO RENDER WAR SERVICE

3 When the conscript has been arrested, the said Minister may cause him to be brought on board any vessel ... the said Minister may cause the conscript to be detained in custody at any place which the said Minister deems suitable for the purpose (Schumacher, 2007 :162).

gevra word. (Gereformeerde Kerk Kaapstad, 1942. :10). Die antwoord van die professor is nie opgeteken nie.

Hoewel daar vele persberigte oor die gebeure verskyn het, is daar in geen Kerklike tydskrif 'n verwysing na hierdie gebeure nie. Die kerke het geswyg oor lidmate en families in nood. In *Die Weslander* is vermeld dat 75 Nederlanders na Brittanje vertrek het om by die Irene Brigade aan te sluit (Anon, 1942i :410.)

Verskeie Nederlandse skepe, waarvan baie van die bemanning aan 'n kerk van Gereformeerde belydenis behoort het, het die Kaapse hawe aangedoen. Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Kaapstad het die Nederlandse Konsulaat versoek om die eredienstye in Kaapstad aan besoekende skepe bekend te maak indien van die bemanning eredienste sou wou bywoon. Die Konsulaat het egter geweier (Gereformeerde Kerk Kaapstad, 1942). Die konsulaat wou waarskynlik kontak tussen Nederlandse burgers en Afrikaners vermy omdat hulle bekend was vir hulle teenstand teen die oorlog. Moontlik was die optrede van die skeepsbemanning van die *Heemskerke* ook deels die oorsaak daarvan. Die *Heemskerke* het in Simonstad se skeepswerf vir reparasies aangedoen. Van die bemanning wou hulle militêre verbintenis ontvlug en het hulp gesoek by lidmate van die Afrikaanse kerke. Hulle het aanvaar dat lede van die Ossewabrandwag hulle sou help. Van hulle het dan ook met hulp in Suid-Afrika "ondergeduik" (De Jong, 1979 :750).

In Pretoria was baie Nederlanders woonagtig wat lidmate van die Hollands-Afrikaanse Kerke was. Ongelukkig het die notuleboek van die Gereformeerde Kerk Pretoria verlore geraak, sodat geen inligting oor die gebeure rakende hierdie gesinne bekom kon word nie. In die ander twee kerke se notules is geen verwysing na die gebeure gevind nie.

4.8 GEVOLGTREKING

Soos enige regering wat in 'n oorlog verkeer het, is die Unie-regering verplig om homself teen binnelandse onrus te beveilig. Die optrede van sekere binnelandse organisasies het 'n bedreiging vir die staat ingehou en moes deur bepaalde maatreëls beheer word. Een van die belangrikste en ingrypendste maatreëls was internering. Die regering se interneringsbeleid was vreemd vir Suid-Afrika. Teenstanders van die regering is effektief geneutraliseer deur so persoon uit die samelewing te verwyder en in 'n kamp of gevangenis aan te hou. Die regering het dus 'n beleid van verdeel en heers gehandhaaf. Daar is swaar op die inligting van waarheidsridders of verklikkers gesteun wat mede-Afrikaners uitgelewer het aan die owerheid.

Dit het onvermydelik daartoe gelei dat mense van verskillende politieke standpunte mekaar nie vertrou het nie. Hierdie optrede het die kerke intens geraak omdat dit die politieke verdeeldheid in die gemeentes aangehelp het en pastorale versorging bemoeilik het. Arrestasie, internering of tronkstraf het gesinne in 'n situasie van onsekerheid en armoede gedompel. In hierdie buitengewone omstandighede het die betrokkenes besondere ondersteuning en pastorale sorg van die kerk verwag. Die kerke het die versorging doelbewus afgeskuif op buite kerklike organisasies.

Die regering was deeglik bewus van die invloed van die kerk in die gemeenskap en die invloed van predikante op die gemeentes. As die regering teen geestelike leiers opgetree het sou dit 'n invloed regdeur die kerk en deur die Afrikanergemeenskap gehad het. Vyf kerkleiers is om verskillende redes gearresteer. Dit moes ander tot versigtigheid maan. Geen predikant uit die Nederduitsch Hervormde Kerk, wat van die begin af 'n neutrale standpunt oor die regeringsbeleid gehandhaaf het, is geïnterneer nie.

In die kamp het die geestelike leiers gepoog om die onnatuurlike situasie van die saamgehoekte kampe so natuurlik moontlik te maak met eredienste en gewone gemeente aktiwiteite. Eredienste was vir die meeste kampbewoners 'n stimulus in die verwerking van die traumatiese ervaring waarin hulle vasgevang was. Om Sondag 'n erediens by te woon was 'n meelewing met die geliefdes wat tuis 'n erediens sou bywoon. Hoewel al drie die Hollands-Afrikaanse Kerke pogings aangewend het om die geïnterneerdes van buite die kamp kerklik te bedien, is slegs aan die Nederduits Gereformeerde Kerk as die mees verteenwoordigende groep in die kamp 'n kapelaan toegestaan. Die owerheid was hierin verstandig in hulle besluit. So is die beheer in die kamp nie versteur deur groeppvorming rondom godsdiens nie.

Die kampowerheid was deeglik bewus daarvan dat ledigheid tot onrus kon lei en daarom het hulle nie beswaar gehad dat kundiges in die kamp onderrig in verskillende vakrigtings aanbied nie. Vir geïnterneerdes was dit 'n geleentheid om die beste van hulle omstandighede te maak. 'n Kampskool of Universiteit is gestig waar verskeie vakke aangebied is. Dit het ook meegehelp om die verlange en die beklemmende ruimtelike ervaring te verwerk.

Die omstandighede van die politieke gevangenes in tronke was heel anders. Hulle moes die ruimte en roetine met misdadigers deel. Daar is geen onderskeid getref tussen misdadiger en politieke gevangene nie. Politieke gevangenis moes by die reëls en roetine van die tronk aanpas. Hulle ruimtelike ervaring was ook anders as die kamp bewoners. Hulle is min vrye beweging en kontak met mekaar toegelaat is. Eredienste Sondag is deur die owerheid gereël

en onder toesig van die bewaarders gehou. Ds. Vorster, die enigste predikant wat 'n gevangene was, is nie toegelaat om enige erediens te hou nie. Hulle het wel geleentheid gekry om 'n besondere Bybelstudie oor verse en woorde in die Bybel te doen.

Die Hollands-Afrikaanse Kerke het versigtig opgetree teenoor die regering se beleid van internering. Eerstens vanweë die verdeeldheid in eie geledere en tweedens om nie regeringsoptrede teen enige iemand, predikant of lidmaat, uit te lok nie. Alhoewel die kerke in hulle meerdere vergaderings pogings aangewend het om die geaffekteerdes geestelik te versorg, moes hulle verlief neem met die regering se hantering daarvan.

Die groep wat waarskynlik die swaarste getref is deur die optrede van die regering was die Nederlandse immigrante. Die wat nie Suid-Afrikaanse burgerskap gehad het nie is in 'n moeilike situasie vasgevang. Die Nederlandse regering het as vlugteling regering vanuit Engeland wette uitgevaardig oa. 'n oproep tot militêre diens. Die Nederlanders in Suid-Afrika het die oproep nie erken nie, en aanvaar dat dit nie van toepassing op hulle gemaak kon word nie. Gesante van die Nederlandse regering het genl. Smuts oortuig dat die Nederlanders vir die Suid-Afrikaanse regering 'n staatsgevaar was. Deur wetgewing is hulle uitgelewer aan die Nederlandse regering, wat hulle in Nederlandse kolonies geïnterneer het. Die kerke het geen kommentaar oor hierdie gebeure gelewer nie, alhoewel meeste van die geaffekteerdes lidmate van die Afrikaanse kerke was.

Dit is te verstane dat daar onder die gearresteerdes pogings tot ontsnapping sou wees en dat die polisie met wapenreaksie daarteen sou reageer. Johannes van der Walt, 'n voortvlugtende, is deur 'n polisieman in die rug geskiet en verlam. Dit het wye reaksie by die Afrikanerpubliek veroorsaak. Van der Walt was 'n internasionaal erkende sportfiguur. Sy verlamming was vir 'n groot deel van die Afrikaners die sinnebeeld van hulle magtelose stryd teen die regering. Hierdie gevoel het tot uitdrukking gekom met Van der Walt se begrafnis wat deur bykans 50,000 mense bygewoon is. Omdat dit politieke gebeure was het die kerklike tydskrifte geen kommentaar daaroor gelewer nie.

KERKE SE AMPTELIKE HOUDING TEENOOR DEELNAME AAN DIE OORLOG

Oorsig

- 5.1 Inleiding
- 5.2 Reaksie voor die oorlogverklaring
- 5.3 Kerke se reaksie op die besluit tot oorlog
- 5.4 Gevolgtrekking

5.1 INLEIDING

Die moontlikheid van 'n Tweede Wêreldoorlog het na 1938 by die dag toegeneem. Ongeag al die versoeke vanuit die kerke dat Suid-Afrika buite die Europese oorlog moes bly het die besluit wel gekom dat Suid-Afrika die oorlog steun en toetree as bondgenoot van Brittanje. Behalwe vir die invloed op die gewone burgerlikes, het hierdie gebeure 'n besondere invloed op die kerklike lewe gehad. In hierdie hoofstuk sal gelet word op die reaksies voor en na die oorlogsverklaring en volksherenigingsvergaderings. Die reaksie van die drie Hollands-Afrikaanse kerke sal afsonderlik na gegaan word vir hulle optrede teenoor uniformdraers en Nederlanders in Suid-Afrika.

5.2 DIE OORLOGSVERKLARING

Die oorlogverklaring het die gang van die Blanke geskiedenis in Suid-Afrika ongekend verander. Dit het die magtigste Afrikaner eenheidsbeweging tot gevolg gehad, nl. die Ossewabrandwag, van 'n kultuur organisasie na weerstandsbeweging teen die oorlog. Andersinds het die oorlogverklaring 'n einde aan Blanke eenwording in die Unie gebring.

5.2.1 REAKSIE VOOR DIE OORLOGSVERKLARING

Die oplewing van Afrikanerpatriotisme gedurende die Historiese Ossewatrek het begin afneem en die Afrikaner is al meer gekonfronteer met die moontlikheid van 'n oorlog. In die tydskrifte van die Hollands-Afrikaanse Kerke is die oorsake en gevolge van 'n oorlog bespreek, asook wat die impak daarvan op die kerklike lewe moontlik kon wees. Vier maande voor die oorlog het ds. C.C. Kritzinger, predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk Hopetown, in *Die Kerkbode* geskryf dat 'n oorlog in Europa die straf van God sal wees wat 'n invloed op Suid-Afrika sou hê:

Twee dinge is duidelik: 1 Die mens het van sy God afgekeer en straf moet noodwendig volg. 2 God laat nie toe dat sy tugroede, oorlog, waarmee hy volkere tot orde roep, uit sy

hand sal geneem word nie (Kritzinger, 1939 :849).

In lyn met ds. Kritzinger het ds. J.F. Mentz, predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk Paarl, geskryf dat die Christenvolke kerkloos en godloos geword het. “Die Here laat toe dat oorloë oor volke kom om hulle te tugtig. Eers as die volke weer terugkeer tot God en sy Woord kan ons heil verwag” (Mentz, 1939 :376). Selfs in die geledere van die Engelse kerke was daar reaksie oor die gevolge van oorlog. Lidmate van die Anglikaanse Kerk het ’n manifest opgestel met dieselfde strekking as die artikel van ds. Kritzinger. Die manifest wys daarop dat Christene, onder die invloed van propaganda en eie hartstogte, die mening huldig dat sy volk die vrome kruisdraers van die waarheid is en daarom is oorlog regverdig (Dreyer, 1940a :2).

Weens politieke verdeeldheid kon die Afrikaners nie uit een mond praat en met een oortuiging eenheid verkry nie. Die onderskeie politieke leiers kon mekaar nie vind in hulle onderskeie oortuigings nie en elke leier het sy eie aanhang gehad. Daar was dus ook verskille van oortuiging oor die komende oorlog. Die meerderheid was teen deelname gekant. Hierdie verdeeldheid het ’n invloed op die kerke gehad. Die Nederduits Gereformeerde Kerk ’n oproep aan alle kerke gedoen om op Sondag 3 Junie ’n biddag te hou vir volkshereniging om die verdeling aan te spreek. Tydens die dag is gebed dat ’n einde aan die broedertwis en verdeeldheid moes kom wat so ’n verlamme uitwerking op die kerk gehad het (Anon, 1939a :569).

Die Raad van Kerke van die Nederduits Gereformeerde Kerk het ook alle Presbiteriaanse Kerke in Suid-Afrika opgeroep om op Sondag 3 September 1939, ’n biddag vir vrede onder die volke van die Wêreld te hou. “Die oproepe geskied omdat ons glo in die gemeenskaplike gebed: ons wil saam pleit op die beloftes van sy dierbare woord” (Raad van Kerke, 1939 :375).

Op Woensdag 6 September 1939 het Suid-Afrika oorlog teen Duitsland verklaar., Gerhard Jooste, wat ’n diplomaat in België was, meen die oorlogsverklaring was een van die betekenisvolste gebeurtenisse in die geskiedenis van Suid-Afrika, veral in Afrikanergeledere. Hy noem dit: “’n tragiese einde van die proses van Blanke nasionale eenwording” (Jooste, 1977: 69).

Drie jaar na die uitbreek van die oorlog skryf genl. Smuts aan ’n vriendin, Margaret Gillett, *I do believe that under ideal conditions the Christian message is the only answer to our difficulties* (Beukes, 1994).

5.2.2 REAKSIE NA DIE OORLOGSVERKLARING

Onder die besef dat Suid-Afrika nou onafwendbaar ingetrek word in die gebeure in Europa skryf ds. J.V. Coetzee, die redakteur van *Die Kerkblad*:

Die waarheid is dat op die bodem van al die vraagstukke die sondeskuld van die wêreld lê. Agter al die vraagstukke wat die spanning tussen die volke bring en vererger, staan daar die onheilige mensehart ... Mag ons gebed, dat Hy deur sy Gees, tog die onheilige hartstogte en welluste mag bedwing, verhoor word (Coetzee, 1939b :9).

In die maandblad van die Christelike Stewersvereniging is die vraag gevra wat Suid-Afrika met die oorsee struweling te make het. Dis “monsteragtig” om te verwag dat Afrikaners aan die bloedvergieting moet deel hê (Anon, 1938-1939: 21).

Ds. C.R. Kotze van Bloemfontein het in 'n preek opgemerk “As my owerheid 'n goddelose oorlog begin en hy gebied my om aan sy kant in die oorlog te veg, dan durf ek nie” (Kotze, 1955 :35).

Die Engelstalige kerke in Suid-Afrika, wat sonder huiwering oorlogsdeelname gesteun het, was sterk uitgesproke teen die Afrikaners se houding teen oorlogsdeelname. Tydens 'n kerkparade op die Wanderers in Johannesburg op 24 Maart 1940 het Deken Palma van die Anglikaanse kerk gesê dat daar vir 'n Christen, met verwysing na die Afrikaanse kerke, nie neutraliteit kan wees teenoor die groot ideale wat deur Nazi's bedreig word nie (Palma, 1940).

Vir baie was die oorlog die “ding” in Suid-Afrika (Van Tonder, 2003). “'n Vreemde sensasie wat manne saamsleep soos die fluitspeler van Hameln” (Booyens, 2002). Die skrywer N.P. van Wyk Louw som die situasie in 'n kort gedig so op:

Die ding wat buite aan die deur
Donker snuiwe en krap
Wat na die digte luike loer
En opsluip met die trap (Steyn, 1998 :278).

Van Wyk Louw het die besluit tot oorlog as 'n neerlaag vir die Afrikaner beskou en verwoord menige Afrikaner se gevoel toe hy sy oortuiging soos volg uitdruk:

- 1 As ek moet kies: ek gaan liever my volk dien... As ek moet sterwe, dan wil ek liever hier sterwe.
- 2 Ek is te trots om te veg vir die nasie wat ons verower het...
- 3 Die gemeenste van alle dinge op aarde is: om vir die te veg wat jou mense verower het...
- 4 As 'n veroweraar jou prys, is daar altyd minagting in sy lof; as hy sê jy is goed, bedoel hy altyd: jy is 'n goeie kneg (Steyn, 1998 :277).

Sen. AM Conroy, die minister van Landbou in die Smutskabinet,¹⁹ het 'n Ope Brief aan alle predikante, ouderlinge en diakens van die Afrikaanse Kerke in Suid-Afrika gestuur waarin hy sy ernstige kommer uitgespreek het teenoor die "rigting" in die Afrikaanse kerk. Hy het dit in besonder teen die denkrigting in die Nederduits Gereformeerde Kerk gehad, wat hy beweer het openlik die Ossewabrandwag steun en dat lede van die Verenigde Party geleidelik uit die kerkrade gehou word. Daardeur het kerke volgens hom beoog om hulle eensydige politieke standpunt in die gemeentes te bevorder. Volgens hom is die Reddingsdaadbond gebruik om fondse vir die kerke in te bring. Hulle koop "Badplekke, bioskope en vakansie-oorde deur die stigtingsbesighede met die doel om die Afrikaanssprekendes in 'n ekonomiese rasseblok saam te snoer". So kon hulle die wat nie aan hulle politieke party behoort nie boikot (Conroy 1941).

Alexander Campbell skets die omstandighede so:

... the real battle was taking place outside the confines of the House, far from Cape Town, in tents, in town halls, or on the open veld. Nationalist speakers addressed huge crowds, drawn from wide areas, spoke to them in Afrikaans, screeched against the British, revived odd stories of British atrocities in the Anglo-Boer War (Campbell, 1943 :113).

Die Besembos, die studenteblyd van die Potchefstroomse Universiteitskollege, het die algemene gevoel onder die studente so verwoord:

Ons (is) beslis om met alle middels tot ons beskikking te stry teen hierdie ongeregtigheid sodat dit nie eenmaal ons nasie ten laste gelê sal word nie, ... En daarom is ons as studente beslis om geen druppel bloed te stort in belang van die "British Empire" nie (Anon,1939c :3).

¹⁹ Conroy het 'n opvlieënde geaardheid gehad wat veral na vore gekom het in sy minagting vir en uitgesprokenheid teen die Afrikaner, sy kerk en kultuur (De Villiers, 1977 :80).

Met so houding het genl. Smuts gemeen sou die Afrikaner die geleentheid verbeur om deel te wees van die internasionale wêreld. Met die opening van die Baragwanath Imperial Hospitaal in September 1941 het hy verklaar dat God Suid-Afrika in die posisie stel “waarin die bevolking hulle manlikheid en vroulikheid kon bewys” (Smuts, 1941).

5.2.2.1 VOLKSHERENIGINGSBYEENKOMS OP MONUMENTKOPPIE

Die besluit om tot die oorlog toe te tree het vir die Afrikaners op politieke vlak twee sake ingehou. Eerstens het die Afrikaners se strewe na ’n republiek nuwe stukrag gekry het en tweedens het dit die moontlikheid van politieke vereniging ingehou.

Een van die eerste reaksies in die Afrikane-geledere na die oorlogsverklaring was ’n Volksherenigingsbyeenkoms op Monumentkoppie te Pretoria. Dr. H.B. Stegman het op 5 September aan die sekretaris van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, I.M. Lombard, en sy hulp-sekretaris, dr. P.J. Meyer, voorgestel dat ’n groot saamtrek van Afrikaners op Monumentkoppie gehou moes word. Die vorige jaar was die Afrikaners eendragtig daar byeen met die hoeksteenlegging van die Voortrekker Monument. Volgens dr. Stegman moes dit ’n volksherenigingsbyeenkoms wees waar geen politieke standpunte of propaganda deel van die verrigtinge is nie. Dit moes ’n plegtige geleentheid wees waar die Afrikanerleiers en die volk kon verenig. Die dag voor die beplande vergadering is prof. J.C. van Rooy, die voorsitter van die dagbestuur van die FAK, gevra om prof. J.D. du Toit²⁰ te oorreed om ’n gelofte op te stel waarmee die volk hom as eenheid voor die Here verbind. Prof du Toit was huiwerig oor die gedagte van ’n gelofte, want ’n gelofte is ’n heilige saak wat nie ligtelik gebruik moet word nie. Hy het teenoor prof. Van Rooy sy kommer uitgespreek:

Gestel ek stel die gelofte op en die volk verbind hom plegtig aan die inhoud daarvan, is jy oortuig daarvan dat die volk sy gelofte gestand sal doen? (Van Rooy, 1953: 42).

Prof du Toit gee uiteindelik aan die versoek toe en stel ’n eenheidsverklaring op.

Op kort kennisgewing van die vergadering het 50,000 mense na Pretoria²¹ gestroom. Hierdie byeenkoms, op 9 September 1939, het uitgeloop op ’n magtige demonstrasie van

²⁰ Die rektor van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk, en bekende digter Totius., 1953 :25 .

²¹ ’n Ander bron beweer 70,000. (Meyer, 1953 :25 .)

Afrikanereenheid. Dr. D.F. Malan, leier van die “gesuiwerde” Nasionale Party is met groot gejuig ontvang, terwyl genl. Hertzog se aankoms tot ’n geweldige kreet van verheerliking aanleiding gegee het (Meiring, 1986 :151). Prof. van Rooy het as voorsitter opgetree en het genl. Hertzog welkom geheet met ’n huldiging oor die optrede van Hertzog tydens die afgelope parlamentsitting:

Uit die diepte van ons Afrikaner hart en siel wil ons u dank, generaal, dat u nog nooit u volk ontrou geword het nie. Daardie volk wat u gemaak en gelei het, steek sy arms na u uit en wil u in sy arms neem. Ons is jaloers op u, generaal, ons gun u aan geen ander volk nie (Meiring, 1986: 151).

Dr. J.D. du Toit, as verteenwoordiger van die kerk, het die eenheidsverklaring aan die skare voorgehou:

In hierdie plegtige stond waarin die lug om ons heen tril van aandoening, waarin die gewaad van lof ’n benoude gees vervang, waarin ’n heilige vuur sy vonke van siel op siel laat oorspat, waarin ons nog geen jaar later nie, op dieselfde plek staan waar ons as nasie saamverbonde gestaan het, maar nou nie meer alleen met ’n WENS in ons harte nie, maar met die DAAD van volkseenhed voor ons oë --- in hierdie stond, waarin ons met onuitspreeklike dankgevoel erken en bely dat die heerlike God alleen die Wakkerskudder van ons nasie is, wens ons te verklaar dat die God van ons vaders aan ons regte verordeninge en betroubare wette gegee het, maar ons moet ook erken dat ons as volk daarvan afgewyk het, met die gevolg dat ons een en almal nie alleen ons hoë volksroeping versaak het nie, maar ook, tot ons straf, onder mekaar getwis het. Gedagtig aan die trou van Hom wat ons nooit verlaat het nie, maar ons nog steeds op die regte Pad van Suid-Afrika bewaar het, is ons gebed dat Hy aan ons volk die kennis van Sy weë mag leer soos dié bewandel moet word in ons persoonlike, huislike en openbare lewe (Schoeman, 1978 :56)

Verset teen deelname aan Brittanje se oorlog het die republikeinse ideaal by Afrikaners hoog aangeblaas. Dit was ’n moontlikheid wat na ’n werklikheid gelyk het (Meyer, 1953 :25). Met die opsteek van hande is eenheid onder die Afrikaners bevestig. Hertzog en Malan, wat toe saam as die politieke leiers op die verhoog was, was die simbool van die eenheid waarna soveel gesmag is. Tydens hierdie vergadering is geen verwysing na oorlogsdeelname gemaak nie. Die hoop vir ’n vrye republiek het hier hoog gevlam onder die Afrikaners. Hertzog het egter nie veel aan die ideaal gehad nie. Hy verwys ook nie na ’n republiek in sy toespraak nie. Die klanke van

die ou verdeeldheid was reeds te bespeur toe hy verklaar: “dat ons besig is om twee verskillende weë te loop sonder om in werklikheid van mening te verskil” (Coetzer, 1986: 278). Hertzog en Malan het by hulle onderskeie oortuigings gestaan, wat politieke eenheid onmoontlik gemaak het (Scholtz, 1966 :176).

5.2.2.2 VOLKSHERENIGINGSBYEENKOMS TE PAARDEKRAAL

Enkele weke na die saamtrek op Monumentkoppie is 'n soortgelyke byeenkoms op 23 September 1939 by die Paardekraal Monument te Krugersdorp gehou. Die byeenkoms is gereël deur die Paardekraal Skakelkomitee.²² Meer as 1000 mense het op die terein byeengekom. Ds. W.F. Venter van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp het as voorsitter opgetree. Toe genl. Manie Maritz by die byeenkoms opdaag, het die skare geroep dat hy na die verhoog toe moes gaan, maar ds. Venter het by die oorspronklike reëlings gebly dat dit 'n godsdienstige byeenkoms is met geen politieke agenda nie (Anon, 1939. Sept. 22). Prof. C.J.H. de Wet²³ het as spreker opgetree en het o.a. gesê:

Die Afrikanervolk moet hom ordelik gedra, maar nie papbroekig word nie. Suid-Afrika en die Afrikanerdom, hiermee bedoel die Boerenasie, is in 'n krisis vanweë sy verdeeldheid (De Wet. 1939).

Die Totius-verklaring is gelees, en met die opsteek van die regterhand het die aanwesiges die verklaring bekragtig. Hierdie vergadering, soos die een op Monumentkoppie, het nie oor die oorlog en toetrede tot die oorlog gehandel nie, maar oor Afrikanereenheid.

Na die Volksherenigingsvergadering skryf ds. B.H. Swart, die skriba van die Sinode van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk, dat die herenigingsvergadering moet uitloop op “konsolidering van ons kerklike en volkskragte” (Swart, 1939 : 566).

Die Sinodale Kommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk het 'n Herderlike Brief aan die leraars, kerkrade en lidmate gerig. Hierin is verwys na die feit dat daar gebid is om vrede maar dat die Here tog die oorlog toegelaat het. Na aanleiding van die volksherenigingsvergadering is daar dankbaarheid dat daar 'n groter eensgesindheid onder die Afrikanerdom gekom het as wat daar vroeër was. Die redakteur van *Die Kerkbode*, ds. M.J. Van der Westhuizen, skryf dat daar verdraagsaamheid en liede moet wees wat mekaar aantrek in broederliefde (Van der

²² Die Paardekraal Skakekomitee was saamgestel uit verteenwoordigers van die Hollands-Afrikaanse Kerke.

²³ Prof. De Wet was van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk.

Westhuizen, 1939 :569). Daar was ook van vroue dankbaarheid oor die eenheid. Die Redaktrise van die rubriek *Die Gereformeerde Vrou* in *Die Kerkblad*, skryf dat die vroue van die kerk dankbaar is vir die eenheid van die Afrikaanse volk. “Dit betaam ons om met heilig opgehewe hande Hom alleen die eer te bring, en Sy seën af te smee op die hereniging” (Du Plessis, 1939 :24).

Van buite kerklike kringe was daar bitsige kommentaar oor die byeenkomste. Na die byeenkoms te Paardekraal het M.J. van den Berg, die LV vir Krugersdorp, in 'n berig in *The Standard and Wesrand Koerant* daarop gesinspeel dat die Afrikaners mekaar opsweep teen die regeringsbeleid:

Die voorstanders van neutraliteit het op historiese wyse, getrag om die verstand van die Volk te benewel met propagandistiese, suggestiewe en opruiende taal en metodes met hierdie uitlatings (Van den Berg, 1939. Sept. 29).

Dit is opvallend dat in die geraadpleegde notules en in die kerklike tydskrif *Die Hervormer* niks vermeld is oor die volksvergaderings nie. Kerkrade was versigtig om nie politieke gebeure kerklike sake te maak nie, juis vanweë die verdeeldheid binne gemeentes. *Die Hervormer* het ook hier sy beleid van neutraliteit oor oorlog en verwante sake gehandhaaf (Wolmarans. 1939 :12). In *Die Kerkblad* het wel 'n dankwoord van die organiseerders van die byeenkoms verskyn (Lombard, 1939 : 10).

5.2.2.3 VERDEELDHEID TUSSEN AFRIKANERS

Die emosionele samehorigheidsgevoel na die volksherenigingsbyeenkoms het spoedig vervaag toe die leiers nie tot eengesindheid kon kom nie. Die grootste verdeeldheid het egter oor oorlogdeelname gekom. Sommige het die regering gesteun, ander nie. In die kerke het lidmate fel teenoor mekaar te staan gekom, en dit het soms bitterheid geword. Die redakteur van *Die Kerkbode* het gewaarsku: “ons moet elke bytende woord vermy ten alle tye, maar veral in die dae van donkerheid en storms...” (Van der Westhuizen, 1939 :569).

Vyf-en-twintig jaar vroeër was daar soortgelyke optrede in die kerke en soortgelyke uitsprake is gemaak. Tydens die Eerste Wêreldoorlog van 1914 het 'n beskrywingspunt op die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk van 1915 gedien wat lui:

De Algemene Verg. betreurt 't dat de toestand in verschillende gemeenten zo was, dat 't H.N.maal moest uithgesteld worden, en spreekt de wenslikheid uit dat de kerkraden de gemeenten opwekken tot eensgezindheid (Gereformeerde Kerke in Transvaal, 1915. art.39).

Die gedenkboek van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Kuruman beskryf die omstandighede soos wat dit in menige gemeente in die land was, soos volg:

Die gemeente is as's (sic). ware in twee krale. Harde woorde en kwaai-vriendskappe en haat is oorvloedig. Nog selde is ons lidmate in sulke skerp skeidings geplaas. Gevoelens loop soms geweldig hoog (Van der Merwe. 1991 :18).

Dr. D.F. Malan het daarop gewys dat dit nie net die kerklik-godsdienstige lewe van 'n volk is wat onderhewig is aan die heerskappy van God nie, maar ook die breër nasionale en politieke lewe. Hy roep jong seuns en dogters op om ook op 'n ander vlak in Sy diens te staan. Hiermee bedoel hy dat, as hulle volgens oortuiging teen die oorlogsbesluit was, hulle teenstand geregverdig kon word (Booyens. 1969 :316).

Vir Totius, die opsteller van die verklaring van die volksherenigingsbeweging, was die politieke verdeeldheid 'n ontnugtering en teleurstelling wat hom sy lewe lank bygebly het (Venter, 1977 :310). Om sy teleurstelling te toon het hy 'n "verklaring" in *Die Kerkblad* laat publiseer:

Met 'n gemengde gevoel van teleurstelling en verontwaardiging en in die teenwoordigheid van 'n Heilige God wat Hom nie laat bespot nie, neem ek hier die pen op. ... Maar wat het nou gebeur, pas twee jaar na die oomblik van ontroering en hartlike samegeslotenheid? 'n Broedertwis het ontbrand. ... En dit terwyl ons in 1938 'n herlewering uit die dode gesien het ... En dit terwyl ons weet dat ons teëstander nog "altyd oppermagtig en in hoogverhewe staat" ons dreig dat hy ons sal "omploeg" (Du Toit. 1941:3).

Hy was van oortuiging dat die volksbelang die enigste waardige belang was en "die reguit pad van Suid-Afrika" die enigste ideologie wat gedien moes word. Hy het daarop gewys dat die volk siek en sat was van verdeeldheid. Sy uitspraak "Laat ons leiers dus gou vrede maak" spreek duidelik hiervan (Du Toit. 1941:3).

Die Sinodale Kommissie van die kerk in die OVS het in samewerking met ds. I.D. Kruger van die Gereformeerde Kerk 'n "Boodskap aan die Volk" opgestel:

Die kerklike publiek word dringend versoek om in hierdie tyd van krisis verdraagsaamheid te beoefen, die eenheid te bewaar en biddend kalmte te soek by die God van ons vaders... Ons moet ondanks alle verskille, die broeder haat vermy. Ons voormanne moet die Christelike en nasionale lewensbeskouing dra en propageer. Ons volk moet bly op die pad van Suid-Afrika, wat die pad is van die Hugenoot, Geus en Voortrekker, die pad van 1938, die pad van Monumentkoppie, die pad van geloftes en geloofsvertroue (Nederduits Gereformeerde Kerk OVS, 1941 :4).

P. Hamersma²⁴ skryf in artikel “Volkskeuring: Waar lê die fout?”, dat die grondfout ‘n gebrek aan selfbeheersing is. Die Afrikaner weet gewoonlik nie hoe vêr om ‘n geskil in die politiek te dryf nie, “jy veg mos nou vir ‘n beginsel”. Of hierdie beginsel reg of verkeerd is, is nie van belang nie. Jou teenstanders word deur jou as “beginsel-versakers” veroordeel (Hamersma, 1942 :108).

Prop. I.F. Retief van die Nederduits Gereformeerde Kerk was van mening dat ‘n volk lydelike verset teenoor die owerheid kan toepas. Hy haal W. Geesink²⁵ aan wat voor die Eerste Wêreldoorlog geskryf het dat “die onthouding van wraak nie in alle gevalle deurgevoer kan word nie”. Retief meen protes moet verantwoordelik wees, seker van die geregtigheid, die regte protesmiddele moet aangewend word en die protesteerder moet gewillig wees om die gevolge van sy protes te aanvaar (Retief, 1943 :111). Vir Retief is die weerstand en “wraak” ‘n natuurlike uitvloeisel van politieke verdeeldheid.

Die verdeeldheid was nie net op politieke vlak nie. Verdedigingsmagpersoneel in uniform was nie in alle geselskappe welkom nie. Hulle is eerder gebrandmerk as verraaiers van die Afrikaner saak. Oor politieke sieninge het lidmate van mekaar verskil, maar uniform persone is gewoonweg vermy. Binne die geledere van die manne wat uniform gedra het was daar ook verdeeldheid. Sommiges was bereid om die “Afrika Eed” af te lê, terwyl ander geweier het om so eed af te lê, maar in die Verdedigingsmag aangebly het. Die “Afrika Eed” manne het die ander met minagting behandel en dit het deurgewerk na die kerke toe.

5.3 KERKE SE REAKSIE OP DIE BESLUIT TOT OORLOG

Na die gebeure van 6 September 1939, die datum van Suid-Afrika se toetrede tot die oorlog, is van die kerke verwag om uitspraak oor die gebeure te lewer. Die kerkblaaie het hulle egter

²⁴ ‘n Lidmaat van die Gereformeerde Kerk De Aar wat prominent in die plaaslike politiek was.

²⁵ Geesink, professor in Etiek te Kampen, Nederland.

daarvan weerhou om enige uitsprake oor staatsbeleid te maak. Daar is eerder algemene artikels oor kerk en oorlog gepubliseer. Dr B.B. Keet het 'n reeks artikels oor "Christendom en Oorlog" in *Die Kerkbode* gepubliseer (3/07/40; 12/07/40; 14/08/40; 24/08/40; 4/09/40). Een artikel oor "Christen en Oorlog" is deur Z v Wyk geskryf (20/09/39). In *Die Kerkblad* het een artikel oor "Christendom en Oorlog" verskyn (6/09/40). In *Die Hervormer* was 'n enkele artikel oor "Godsdiens en Oorlog" (30/10/40). Hierdie neutrale houding van die kerkblaaie spreek vanself. Vanweë die verdeeldheid wat daar in eie geledere was het die redaksies nie kant gekies nie. Die besprekings en uitsprake van meerdere vergaderings weerspieël die feit dat lidmate se verskillende politieke en ideologiese sieninge 'n invloed op die rol van die kerk in die samelewing en teenoor die staat gehad het.

Afgevaardigdes van die drie Hollands-Afrikaanse kerke het as Interkerklike Kommissie op 16 April 1941 in Pretoria byeen gekom. Hierdie vergadering het besluit dat die kerke toe al moes beplan vir die na-oorlogse situasie. Die gevoel was dat kerke moet daarin moes saamstaan, anders kon die gevolge noodlottig wees vir die kerke (Anon, 1941b :629).

*Die Suiderstem*²⁶ het gemeen dat die kerke in hulle beoordeling van die oorlog te velde moes trek teen die "Ossies", die Ossewabrandwag, wat Nazi's is en wat Uniedag in 'n verootmoedigingsdag wou verander omdat hulle nie Suid-Afrika liefhet nie. Dit is gesien as "afskuwelik" en met die optrede stel hulle hulleself onafhanklik van die kerk (Anon, 1941e). Die kerke het nie hierop gereageer nie. Baie lidmate en predikante was aktiewe lede van die Ossewabrandwag.

Min. J.H. Hofmeyr het as kanselier van die Universiteit van die Witwatersrand tydens 'n promosieplegtigheid, gewys op die rol wat die kerk in die onstuimige dae behoort te speel:

Die dinge wat in die oorlog op die spel staan is lewensbelangrik vir die gees van ware godsdiens. ...Die kerk se rol hierin is dat die mensdom op soek is na geloof wat hom sal ophef uit die neerslagtigheid waarin gewone materialisme hom gelaat het (Hofmeyr, 1941).

5.3.1 REAKSIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK

Klassis Pretoria, wat in Oktober 1939 vergader het, het die feit betreur dat daar oorlog uitgebreek het en was oortuig dat die oorlog 'n stryd was vir oorheersing en imperiale mag. Die

²⁶ Die Suiderstem, 'n Kaapse middagblad, was 'n sterk ondersteuner van die VP en van Smuts.

Klassis was oortuig dat die oorlog nie geregverdig kon word op grond van Gods Woord nie. Slegs 'n verdedigingsoorlog kan geregverdig word. Suid-Afrika is nie bedreig of aangeval of in konfrontasie met enige ander land nie. Die Klassis het sy "weloerwoë" mening uitgespreek dat die regeringsbeleid nie die toets van Gods Woord sal kon deurstaan nie. Gewetensbesware teen oorlogsdeelname is geregverdig omdat dit op Skrifgronde berus (Gereformeerde Kerk Klassis Pretoria, 1939). Die Klassis gee egter geen eksegetiese begroning vir hierdie standpunt nie.

Menige kerkvergaderings moes versoeke en beskrywingspunte dat die kerk uitspraak moes lewer oor die regering se besluit tot oorlogsdeelname behandel. Ds. J.V. Coetzee, die redakteur van *Die Kerkblad*, se kommentaar hierop was dat die Kerkorde art. 30 van die Gereformeerde Kerk bepaal dat slegs kerklike sake op kerklike wyse op kerkvergaderings behandel mag word. Hy was wel daarvan oortuig dat wanneer daar krisistye kom die kerk haarself besondig as sy sou swyg oor die rigting wat die volksleiers ingaan. Volgens Coetzee het die volksbyeenkoms in Pretoria geen twyfel gelaat oor die algemene gees en rigting van die Gereformeerde gemeentes oor die saak nie. Die regering het met die byeenkoms deeglik kennis gekry van die kerke se standpunt en was dit dus nie nodig om enige verdere verklarings daaroor te maak nie (Coetzee, 1939c: 11).

Ds. C.W.M. du Toit, LV. vir Marico, vroeër predikant van die Gereformeerde Kerk Bloemfontein, was 'n uitgesproke teenstander teen deelname aan die oorlog. Volgens hom was "Brittanje 'n bende rowers wat roof so ver as wat hulle gaan". Hy wys ook op die ontrou van Brittanje by die besetting van Pole, Tsjeggo-Slowakye en Abessinië (Coetzer 1994 :276).

Die redakteur van *The Friend*,²⁷ het ds. Du Toit beskou as net maar spreekbuis van die Nasionale Party:

Thanks to Reverend Mr Du Toit who is surely competent to speak for the Nationalist Party, we know that while the Party can be stirred to the depths of anger by the thought of Great Britain, it is blind and deaf to the turmoil of nations outraged by the Nazi's (Coetzer, 1994 :276).

Die Partikuliere Sinode van Transvaal het die Transvaalse gemeentes versoek om saam met die Vrystaatgemeentes 'n Verootmoedigingsdag op die derde Sondag van April 1940 te hou (Gereformeerde Kerk Brakpan, 1940 :194).

²⁷ *The Friend* was 'n regeringsgesteunde Bloemfonteinse koerant

Tydens Klassis Rustenburg se vergadering in 1940 het Koster se kerkraad gevra dat die Klassis hom moes uitspreek oor die oorlog. Die Klassis maak egter geen uitspraak nie, maar besluit dat 'n "welgefundeerde stuk" aan die Eerste Minister, genl. Smuts, gestuur moes word en ook 1940 : 328). In hierdie brief is gemeld dat dit die Klassis se vaste oortuiging was dat die deelname aan die oorlog nie voor die Here verantwoord kon word nie, en dat die Unie moes *Die Kerkblad* en aan die Pers gegee moes word (Gereformeerde Kerk Klassis Rustenburg, vrede sluit met die lande met wie hy nou in oorlog was. Die Klassis was van mening dat hy nie langer hieroor mag swyg nie "want dit sou beteken dat die Klassis homself skuldig sou maak voor die oog van die Here." Die Klassis adviseer die kerkrade om nie aan enige biddag wat die regering mag uitroep deel te neem nie. Die gemeentes is wel aangemoedig om:

... die Almagtige God te smee om vrede te gee en ons arme volk genadig wees en die volk nie te straf oor die dwaasheid en onbesonnenheid wat in sy naam begaan is nie. ... die gemeentes opwek om geduriglik, sowel by die openbare eredienste as by die huise, die Almagtige God te smee om vrede te gee en ons arme volk genadig te wees (Venter, 1940 :7).

Die versoek om nie aan biddae van die regering deel te neem nie het 'n bepaalde aanloop gehad. Ds. J.V. Coetzee het geskryf oor die saak in 'n artikel getiteld "Waarvoor mag ons bid?" Toe die Duitse staatshoof na die val van Frankryk in Junie 1940 gevra het vir vrede is dit van die hand gewys. Kort daarna het die Britse koning 'n gebedsdag vir vrede uitgeskryf, wat geïmpliseer het dat Duitsland vrede moet maak.

Ds. Coetzee het gemeen dat die kerke nie nou 'n gebed om vrede kon rym as 'n vorige versoek om vrede afgekeur is nie. Daarom moes die kerke nie gehoor gee aan enige beroep van die owerheid om biddae nie (Coetzee, 1940a: 7). Hierop het 'n lidmaat, J.J. Kruger, in *Die Kerkblad* van 22 November 1940 geantwoord dat dit nie genl. Smuts was wat 'n bidbevel gegee het nie, maar dat dit 'n Bybelse bevel is om vir die owerheid te bid (Kruger. 1940 :7).

Die hele polemieë oor biddae het sy wortels in die gebeure van 1914. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog was daar oral versoeke dat die regering 'n biddag moes uitroep:

om te smeken om een spoedige einde aan die oorlog in Europa en 'n dag van verootmoediging over onze eigene landsomstandigheden (Gereformeerde Kerke in die Kaapprovinsie, 1915. art 24).

Teenoor hierdie oproepe om 'n biddag het genl. Louis Botha, die Eerste Minister, verklaar dat die tyd nie geleë was om vir vrede te bid nie omdat dit die gemoedere in die kerk sou opsweep (Gereformeerde Kerk Pretoria, 1914 :545).

In so 'n emosionele saak met oortuigings wat deur baie dekades gevorm is, was verdeeldheid 'n natuurlike reaksie teenoor andersdenkendes. In *Die Kerkblad* is 'n lewendige debat gevoer tussen ondersteuners van die twee verskillende oortuigings (Anon. 1940b :24).

Hierdie verdeeldheid het ook 'n invloed op die eredienst van sommige gemeentes gehad. In die Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos was daar telkens besware oor die predikant, ds. P.J. de Klerk, se "politieke uitlatings" van die kansel af as "hinderlik en steurend in die samekomste van die Rusdag". Lidmaat J. Bogerman het beswaar gemaak omdat die predikant met politiek die gemoedere versteur het. Die familie Kemp het vanweë De Klerk se uitlatings nie meer eredienste bygewoon nie (Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos, 1940 :40 1940. :269; 1942 :424; Gereformeerde Kerk Brakpan, 1940. :251; 1941 :308). Sommige lidmate het geweier om enige kerklike bydraes te gee vanweë die predikant se politieke uitlatings (Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos, 1941:414). Wat hierdie uitlatings was is nie genotuleer nie. Waarskynlik het hy hom uitgespreek teenoor die regering en die oorlogdeelname. Ds. De Klerk het hom verweer dat hy in die krisistyd aan die gemeente leiding moes gee oor dit wat Bybels reg is (Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos, 1942 :541).

In Pretoria-Oos gemeente, waar vele Nederlandse lidmate was, was sommige ook beswaard oor ds. De Klerk se optrede jeens Nederland.²⁸ Volgens hulle bid ds. De Klerk nie vir Nederland se nood en koningshuis nie. Van hulle het daarom geweier om eredienste by te woon, ander wou nie nagmaal gebruik nie (Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos. 1940 :72, 96, 144; Anon, 2002 :43).

Onmin tussen die kerkraadslede van Brakpan is 'n voorbeeld van die verdeeldheid wat in die kerke geheers het. 'n Ouderling, P. van Staden, was 'n soldaat en is gevolglik deur ander bestempel as 'n "Sap". Ene G. van Niekerk het geweier om kerk toe te gaan alvorens die Sap nie "uit die kerkraad gesit" is nie. Ouderling G.L. Van der Walt, 'n lid van die Nasionale Party, het Van Staden beswadder omdat hy 'n soldaat was (Gereformeerde Kerk Brakpan, 1940 :171). Hierdie gebeure het die kerkraad genoodsaak om ouderling Van der Walt te versoek om uit sy amp te bedank. Die ander se kommentaar was: "nou is ouderling Van der Walt uit en daar sit die Sap nog" (: 227).

²⁸ Nederland is op 10 Mei 1940 deur Duitsland beset en die koningshuis het na Brittanje gevlug.

In Kaapstad het lidmate geweier om eredienste by te woon weens hulle politieke verskille (Gereformeerde Kerk Kaapstad, 1941. Julie 18). In Kuruman het ouderling W. Coetzee en Dirk Snyman beswaar gemaak dat die predikant, ds. N.T. Snyman, 'n offisier in die Ossewabrandwag was. Ouderling Coetzee het selfs geweier om enige verdere eredienste by te woon (Gereformeerde Kerk Kuruman, 1942 :219).

Op die Partikuliere Sinode Kaapland SWA het die kerkraad van Olifantshoek gevra of 'n predikant 'n offisiersrang in die Ossewabrandwag mag beklee. Die Sinode het die predikante geadviseer om, tot eenheid van die gemeentes, nie sulke verantwoordelike posisies te beklee nie. Die kerkraad van Clanwilliam het op die Sinode gevra hoe om te handel met lidmate wat geen bydraes gee nie omdat die predikant lid van die Ossewabrandwag is. Die Sinode het aanbeveel dat die kerkraad lidmate “voor (te) lig” oor die kerklike weg in die geval van beswaar teen predikante en om die lidmate te vermaan oor bydraes wat teruggehou is. Die Sinode het ook sy ernstig beswaar gemaak oor “die minister van die kroon” wat lidmate aangeraai het om hulle bydraes terug te hou weens hulle politieke besware teen die optrede van predikante. Die Sinode het geoordeel dat dit aanhitsing van die staat is tot verset teen die kerk (Gereformeerde Kerk Partikuliere Sinode Kaapland SWA, 1941).

Mev. F. Rumpff, eggenote van ds. D. Rumpff, die predikant van Pretoria gemeente, was oortuig dat die lidmate nie op Sondae nog met enige politiek belas wil wees nie. Daarom moet predikante nie die kansel gebruik om politieke uitsprake te maak nie.

Ek sou ernstig wil vra: Is dit nou regtig so nodig om die dinge waarmee ons die hele week besig is, ook nog op die rusdag, die dag van die Here, ons voor te hou... Die predikant kan hom uitspreek teenoor sy gemeente ... maar laat die kansel daarvoor tog nie gebruik word nie (Rumpff, 1941 :20).

Ds. J.V. Coetzee, wat bekend was vir sy uitgesprokenheid, se kommentaar hieroor was: “Snaaks dat die Bybel homself so besig hou met “wêreldse” dinge” (Coetzee, 1941g :20).

Hoewel sommige predikante uitsprake gemaak het oor die situasie in die land en die wêreld, het die kerkvergaderings hulle weerhou daarvan om 'n bepaalde siening te propageer. Hulle het wel die owerheid gekonfronteer oor die oorlogsbesluit en oor “sedelike dwang” deurdat rekrute gewerf is deur die praktyk om manne uit hulle werksposisie te ontslaan om by die verdedigingsmag aan te sluit (Kotze, 1940 :8). Die kerke het ook herhaaldelik beswaar gemaak oor die interneringsbeleid (Du Plessis. 1944 :14).

5.3.2 REAKSIE VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK

In *Die Kerkbode* van 20 September 1939 het Z. van Wyk die oorlog bespreek as 'n tyd van geloofsbeproeving wat vir die mens aangebreek het. Soos enige ander wantoestand in die wêreld was dit 'n aanklag teen die volgelinge van Christus en moet die Christene in al hierdie gebeure die hand van die Here sien. Daar moet by die Christene verootmoediging en skuldbelydenis wees (Van Wyk, 1939 : 523). In dieselfde uitgawe het ds. W. Nicol geskryf dat dit die Kerk se reg en plig is om oorlog te veroordeel, want elke dood in 'n oorlog is moord. Hy wys daarop dat dit die plig is van die owerheid om sy burgers te beskerm. Hy was van mening dat as die Kerk nie op grond van die Woord kon sê dat oorlog sonde is nie, kan hy dit nie veroordeel nie (Nicol, 1939b :524).

Die meerdere vergaderings het sekere opmerkings oor die oorlog gemaak, maar was versigtig om kant te kies in hierdie hoogs emosionele situasie. Die Handeling van die Sinodes van 1940 gee tog 'n idee van bepaalde streke se oortuiging. Die Kaapse Sinode was duidelik teen oorlogdeelname gekant. Dit was moontlik omdat die leier van die Nasionale Party, dr. Malan, hier bekend en gewild was. Die Transvaalse Sinode het hom van enige direkte uitsprake weerhou. Die Vrystaatse Sinode het hom beslis en duidelik uitgespreek teen deelname, terwyl die Natal Sinodes geen bespreking hieroor gehad het nie (Olivier, 2002 :258).

Die Sinodale kommissie van Transvaal het al in 1939 'n "Herderlike brief aan die leraars, kerkrade en lede van gemeentes gerig". Hierin is gemeld dat dit tyd was vir selfondersoek en verootmoediging, want die grondoorsaak van oorlog is die sonde:

Dit is nouliks nodig om te herinner aan die eis van besadigheid en matigheid in ons optrede deur woord en daad teenoor almal wat van ons verskil ... Daar sal van ons opofferings geëis word, want die werk van die Here en by name die verkondiging van die troosvolle evangelie moet in hierdie tyd met dubbele erns voortgesit word. Laat elkeen van ons met getrouheid en offervaardigheid sy plig gelowig vervul (Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1940 :47; Anon. 1939 :566).

Die Sinode van die OVS verklaar dat dit die roeping van die kerk is om in alles wat die volkslewe en die Christelike gewete van die volk raak aan die Woord van God te toets. So moet die Sinode aan die volk leiding gee. Die Sinode verklaar dan:

... waar die volk van Suid-Afrika van geen kennis kan getuig van 'n vyandelike dreigement teen of van 'n aanval deur 'n vyand op Suid-Afrika nie... is daar geen geregverdigde noodsaak vir die volk van Suid-Afrika om as 'n oorlogsparty in die huidige oorlog betrokke te word nie (Nederduits Gereformeerde Kerk OVS 1940 :263).

Die Sinode erken en aanvaar wel dat eerbied aan die owerheid betoon moet word in sy besluitneming, maar dat die owerheid ook moet kennis neem van die Sinode se gewetensbeswaar teen sy optrede. Die Sinode het 'n brief aan genl. Smuts gerig waarin die vergadering se standpunt oor bepaalde bewerings van die regering gegee is. Die eerste bewering was: "Ons veg vir die behoud van die Christendom en van die Christelike beginsels". Hierop is geantwoord dat die Duitse volk nie 'n heidenvolk is wat daarop uit is om die Christendom te verwoes en uit te wis nie. Die tweede bewering was: " Duitsland voer 'n aggressie-oorlog". Hierop is geantwoord dat die Sinode oortuig is dat 'n aggressie-oorlog toelaatbaar is om "sekere verwarde politieke konstellاسies se reg en geregtigheid op aarde te beveilig". Hiermee het die Sinode hom duidelik uitgespreek teen Suid-Afrika se deelname aan die oorlog: "waar die volk van Suid-Afrika van geen kennis kan getuig van 'n vyandelike dreigement... of 'n aanval deur 'n vyand nie." Daar was begrip vir Hitler se verklaring dat hy die onreg van Versailles wil vernietig, maar die Sinode kan nie die motiewe en die harte van die Europese leiers beoordeel nie. Die Afrikanervolk het die reg gehad om te kies vir of teen oorlog, maar is oorstem deur 'n ander deel van die bevolking. Die Eerste Minister is selfs gewys op die demonstrasie van 9000 vroue op 22 Junie 1940 wat in 'n optog na die Uniegeboue gestap het. Die regering is tog onder eed om sy verpligtinge teenoor die hele volk en nie slegs teenoor 'n bevolkingsdeel na te kom nie. Die Sinode het hier een van sy sterkste verklarings gemaak nl. dat daar nie op 'n regering wat die volksreg verkrag gereken kan word nie. Die regering is gevra om onverwyld vrede te maak (Nederduits Gereformeerde Kerk OVS, 1940 : B52). Hierdie brief aan genl. Smuts is ook in *Die Burger* gepubliseer sodat die algemene publiek daarvan kon kennis kry. Of die Eerste Minister hierdie lang skrywe gelees het bly 'n vraag. Smuts het normaalweg nie kerklike skrywe beantwoord nie.

Die Kaapse Sinode het sy afkeur uitgespreek teenoor alle "oorlogsverheerliking en die aanvuur van die oorlogsges". In 'n nege-punt verklaring het die Sinode sy standpunt oor die oorlog en sy medelye met die volke wat met oorlog geteister is uitgespreek. Soos die OVS Sinode het die Kaapse Sinode ook geen regverdiging gevind vir die standpunt dat dit 'n heilige oorlog is terwille van die behoud van die Christendom nie. Twee predikante, di. C.S. Hattingh en J.H. Steenkamp en ouderling J.W. van der Colf het buite stemming gebly. Hulle was oortuig dat dit nie onder die omstandighede tot heil van die gemeentes sou wees as die Sinode hom oor hierdie saak uitspreek nie, juis vanweë die verskil van opinie in die gemeentes (Nederduits Gereformeerde

Kerk, 1940: 284). Nog agt ander bly buite stemming en ses-en-twintig afgevaardigdes laat hulle name aanteken as 'n teenstem. Dit was 'n duidelike bewys van die spanning in die kerk waarby sommiges eerder neutraal wou bly. Hierdie spanning en verskil van opinie in die gemeentes is op verskeie kerkvergaderings bespreek (Nederduits Gereformeerde Kerke Ring van Griekeland-Wes, 1939 :365; Gereformeerde Kerk Klassis Pretoria, 1939. Art 15; Nederduits Gereformeerde Kerk, 1940:57).

In 'n poging om die spanning rondom die bediening van die tyd aan te spreek het ds. Nicol, moderator van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, in die begin van 1940 al die Transvaalse predikante en sendelinge op Petrus Erasmus se plaas Grootfontein buite Pretoria byeengebring. Onder 'n groot akkerboom het hy 'n kort skriflesing en gebed gedoen en die rede vir die byeenkoms so verduidelik:

Broeders ons is vandag hier bymekaar om as broers in die bediening saam te praat oor hoe ons moet optree in die gespanne situasie waarin ons kerk en land verkeer. Ek het gevra dat 'n paar broeders wat uiteenlopende standpunte huldig, vir ons sê hoe hulle die roeping van bedienaar van die goddelike Woord in hierdie tyd sien (O'Brien Geldenhuys, 1982 :14).

Ds. Piet Swart van Greylingstad, wat 'n regeringsondersteuner was, en eerwaarde Tienie Grobler,²⁹ 'n generaal in die Ossewabrandwag, het hulle onderskeie standpunte gestel. Daar is lank na alle kante geredeneer. Ten einde was almal oortuig dat die verkondiging van die Evangelie groter as politieke verskille is, ongeag hulle onderskeie politieke standpunte (O'Brien Geldenhuys, 1982 :14).

In *Die Kerkbode* van 12 Februarie 1941 is weereens gewys op die “prikkelbaarheid” onder lidmate en dat gevoelens hoog geloop het hoe langer die oorlog aangehou het. Die skrywer pleit dat daar gewaak moes word teen verbrokkeling in die kerk. Hierdie verdeeldheid stel swaar eise aan die bedienaars van die Woord. “Die broeders in die bediening het groot genade nodig” (Anon, 1941f :247). In die Gedenkboek van die Swellendam gemeente word die spanning in die gemeentes bespreek. Gevoelens het meermale hoog geloop. Hoe langer die oorlog aangehou het, hoe skerp het die geskilpunte op die voorgrond getree en wrywing binne die kerk was algemeen (Van Lill, 1948 :163).

²⁹ Eerwaarde Grobler was onder die eerste geïnterneerdes op Ganspan.

Tydens die Sinodale Kommissie van Kaapland se jaarlikse vergadering is weereens 'n ernstige beroep tot eensgesindheid gedoen vanweë die toenemende verdeeldheid onder "huisgenote, geloofsgenote en volksgenote" (Anon, 1942j :363). Ds. W.M. Nicol en biskop Geoffrey Clayton van die Anglikaanse Kerk het op Sondag 30 Maart 1941 aan 'n besprekingsprogram op die radio deelgeneem "vir die versterking van die gees van verdraagsaamheid, onderlinge verstandhoudings en welwillendheid" (Anon, 1941g).

Philippe Denis, OP³⁰, 'n dosent aan die *St. Joseph's Catholic Theological Institute Cedara*, verwys na artikels en preke in *Die Kerkbode* wat die oorlog sien as die koms van die Here (Rabie, 1939: 892; Conradie, 1944 :268). In *The Southren Cross*³¹ is ook talle tekste aangehaal om die apokaliptiese gebeure aan te toon. Die verskil tussen die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Katolieke Kerk in hulle beoordeling van die oorlog lê in die beoordeling van die betrokke ideologieë van Kommunisme en Nazisme. Beide sien Kommunisme en Nazisme as 'n groot gevaar vir die kerk. Die Kerkbode het hom weerhou van 'n totale afwys van Nasionaal-sosialisme. Denis vind dat *The Southren Cross* se redaksie geen uitspraak oor die oorlog wou maak nie omdat dit die beleid van Rome was om neutraal te bly (Denis, 1992: 39).

5.3.3 REAKSIE VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

Ds. J. Dreyer, redakteur van *Die Hervormer*, verwys na 'n manifest wat deur lidmate van die Engelse Staatskerk opgestel is. Hierin is gewys op die gevaar van propaganda en hartstog waardeur 'n volk kan meen om 'n regverdigte stryd te voer. Hierdie haat teenoor mekaar word gewoonlik deur die regering aangeblaas om sy eie saak te bevorder. Daar moet by die kerke 'n gemeenskaplike skuldbelydenis wees oor die mens se aandeel in die ontstaan van die oorlog. Die kerke moet ook getuig teen wraaksug wat met oorloë saamgaan (Dreyer, 1940a: 2).

Oom Sarel³² skryf in *Die Hervormer* van Januarie 1941 oor wat die Nederduitsch Hervormde Kerk se standpunt oor uitsprake van deelname aan die oorlog behoort te wees. Baie lidmate het gevra dat die kerk uitspraak moes gee oor die oorlog, maar volgens die skrywer kan die kerk nie uitspraak oor politieke sake gee nie, die arbeidsveld van die kerk is die verkondiging van die Evangelie. Lidmate se persoonlike keuse in die politiek is nie die kerk se verantwoordelikheid nie. Hy beredeneer dit soos volg:

³⁰ OP verwys na Dominikaanse Monnik Orde, Ordo Preadicatorum / Order of Preachers

³¹ Amptelike tydskrif van die Roomse Katolieke Kerk in Suid-Afrika.

³² Vermoedelik ds. Jac van Belkum

Kan ons kerk dergelike uitspraak doen? Dan kom die kerk in 'n slaggat. Moet hy sy seën uitspreek oor die Ossewabrandwag sodat lidmate verplig voel om by die beweging aan te sluit terwyl ander die beweging as 'n gruwel veroordeel? Moet die kerk geen troepe aan die nagmaal toelaat nie, of net troepe? Of net lede van die Ossewabrandwag? Binne die grense van die kerk bestaan daar geen politieke skeiding nie (Oom Sarel, 1941:13).

Hiervolgens moet die Nederduitsch Hervormde Kerk neutraal bly en geen uitspraak maak nie, sodat verdeeldheid en onderlinge vyandskap in die gemeentes voorkom kon word. Ds. Dreyer het oom Sarel se neutrale standpunt gesteun in die volgende punte:

- i 'n Kerk wat kant kies in die party-politiek word 'n politieke kerk en 'n verpolitieke kerk mis die krag om te getuig.
 - ii 'n Kerk wat kant kies in die party-politiek verlaat sodoende sy eie terrein.
 - lii 'n Kerk wat homself verbind aan 'n bepaalde politieke party, werp hom daarmee in die politieke arena ... haal die haat van die partye op sy hals en verval al te lig daartoe om sy ewige beginsels te verkrag vir politieke voordeel.
- Die Hervormde Kerk het nog altyd verhewe bo die party-politiek gestaan (Dreyer, 1941 :2).

Nie alle predikante het volgens hierdie uitsprake van Dreyer opgetree nie. J van Deventer, lidmaat van Roodepoort gemeente, het beswaar gemaak teen die politieke uitsprake wat ds. P. Geyer van die preekstoel af gemaak het (Nederduitsch Hervormde Kerk Roodepoort, 1943 :4). Wat hierdie uitsprake was is nie genotuleer nie. Van Deventer se klagte is op die Ring van Zeerust se Vergadering van Meimaand bespreek. Die inhoud van die klagte is nie genotuleer nie (Nederduitsch Hervormde Kerk. Ring Zeerust. 1943 :99).

5.3.4 KERKE SE OPTREDE TEENOR UNIFORMDRAERS

Reaksie teen uniformdraers is in die notules van al drie Hollands-Afrikaanse Kerke aangeteken. Persone in uniform was nie in alle gemeentes ewe welkom nie. Dit was nie die eerste keer dat so situasie in die Afrikaanse kerke voorgekom het nie. Tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914) was daar in sommige gemeentes vyandigheid teenoor uniformdraers in die erediens. Met die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van 1919 is daar versoek:

om geen krijgsofficier als lid van den kerkraad toe te laten en om iemand in uniform van die Verdedigings Macht te beletten tijdens de Godsdienstoefening in de kerk te komen" (Nederduitsch Hervormde Kerk 1919 :19).

Die vergadering het nie aan hierdie versoekskrif voldoen nie. Hoewel daar nie in enige meerdere vergadering 'n bespreking oor uniforms in die kerk was nie, is in sommige gemeentes so opgetree dat soldate nie in die eredienste welkom was nie. Uniformdraers is nie net afsydig behandel nie, daar was selfs vyandigheid en veragting. Ds. O'Brien Geldenhuys getuig van so situasie waar uniformdraers die geselskap verlaat het toe hy by 'n huis op besoek gekom het. Hulle was nie seker of hulle welkom in sy geselskap sou wees nie. Lidmate van die onderskeie partye het in baie gevalle nie met mekaar gepraat nie. Maandelikse wyksbidure is so gereël dat Ossewabrandwaglede nie by oorloggesindes bidure gehou het nie en anders om. Soms het die geloofsband wel die kloof oorbrug. Toe 'n regeringsondersteunende ouderling se seun by Tobruk gevange geneem is, het 'n ouderling verbonde aan die Ossewabrandwag oor radio Zeesen gehoor dat die seun veilig is. Hy het dit aan die ouers gaan sê. Ds. O'Brien Geldenhuys getuig dat hy daardie aand besef het dat die liefde van Christus sterker is as enige ander saak waaroor ons as mense verskil (O'Brien Geldenhuys, 1982 :13 - 15).

O.A. Oosthuizen, die Hoofsekretaris van die Verenigde Party, skryf dat die Afrikanersoldaat gekwets was deur sommige kerke se optrede omdat die predikante geweier het om kinders te doop van wie vaders in uniform by die kerk opgedaag het. In die Gereformeerde Kerk Durban is op die kerkraad beswaar gemaak teen die voorgenome doop van 'n kind van wie die vader 'n "Rooi Lussie" was. Na die gebeure het die gesin en 'n tweede gesin lidmaatskap met die Gereformeerde Kerk opgesê (Gereformeerde Kerk Durban, 1940:147). In dieselfde gemeente het 'n lidmaat J. Kruger nie kans gesien om nagmaal te gebruik nie omdat hy uniform dra en W. de Klerk het nie meer die vrymoedigheid gehad om die kerk te besoek nie vanweë lidmate se houding teenoor uniformdraers (Gereformeerde Kerk Durban, 1943:13).

A.R. Olivier verwys na 'n onderhoud met prof. T.N. Hanekom waarin Hanekom vermeld dat predikante kinders van uniformdraers in huise gedoop het. Hiervoor was spesiale vergunning van die kerkraad nodig, wat die negatiewe reaksie van die gemeentes teenoor die doopouers voorkom het (Olivier, 2002). Hierdie optredes was nie algemeen in die kerke nie. Ds. W. Nicol beweer dat hy in vele gemeentes manne met uniform in die kerkbanke gesien het, asook by nagmaal en doop geleenthede. Enkele gemeentes het besluit dat geen uniform of enige ander kenteken in die eredienste gedra mag word nie (Anon, 1942a :286).

Sen. A.M. Conroy, minister van Lande, het 'n "Ope Brief aan Predikante, ouderlinge en Diakens van die Afrikaanse Kerke in Suid-Afrika" gerig, waarin hy die kerke van dubbelslagtigheid beskuldig. Volgens hom:

Daar is sommige van ons predikante wat vol besware is as hulle die sakramente moet bedien aan persone wat voor die kansel verskyn in die uniform van hulle land. Daar is selfs gevalle waar lede van die Verdedigingsmag versoek word om nie eens die openbare eredienste in uniform by te woon nie (Conroy, 1940).

Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Potgietersrus het op 'n navraag of jong manne in uniform nagmaal kan gebruik besluit dat niemand tot die nagmaal toegelaat sou word met die een of ander onderskeidingsteken aan nie. Dit het politieke partye soos die Nasionale Party en organisasies soos die Ossewabrandwag ingesluit (Gereformeerde Kerk Potgietersrus, 1943 :119).

Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Waterberg (Nylstroom) het 'n soortgelyke besluit geneem nl.:

Die Kerkraad moet toesien dat persone wat in militêre drag gekleed is nie tot die tafel toetree nie. ... Dieselfde reël geld by die heilige doop, tensy dit so is, dat diegene wat deelneem aan die doop, almal in militêre drag gekleed is, d.w.s. die rooi-eed geneem het. ... Die Kerkraad sal soveel moontlik toesien dat in en om die kerkgebou, d.i. op die kerkplein, veral met Nagmaalsgeleenthede geen besondere kentekene van een of ander party of beweging deur lidmate gedra word nie. ...die bedoeling van die Kerkraad enkel en alleen om deur hierdie spesiale reëling soveel moontlik steuring en ergernis met kerkgeleenthede ... te voorkom (Venter, 1959 :26).

In verskeie gemeentes is draers van die "Rooi-Lussie" versoek om die erediens te verlaat. Ds. Du Plooy van die Gereformeerde Kerk Florida het uniformdraers versoek om die gebou te verlaat. Hy het dan gewag totdat hulle uitgegaan het (Riekert, 2011). Ds. G. Worst van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk Potchefstroom het soldate met die klop van 'n houthamertjie vanaf die preekstoel gevra om die kerkgebou te verlaat. Hy het gewoonlik die opmerking gemaak: "Israel het altyd Filistyne uit sy midde geweier, hier het pas 'n Fillistyn ingestap." Hy het ook nie voortgegaan nie tensy die soldate die gebou verlaat het (Van Zyl, 2011. Olivier, 1981:70). Daardie soldate het dan enkele blokke verder na die Suid-gemeente gestap waar ds. H.R.C. Barrisch predikant was. Die gemeente was by die Nasionale bekend as die "Tipparary Kerk". Sommige het na die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord gegaan

waar ds. J.V. Coetzee predikant was. Beide di Barrisch en Coetzee het diens gedoen as deelydse veldpredikers en het nie 'n probleem met uniformdraers in die erediens gehad nie (Van Zyl, 2010). In die Nederduits Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos is soldate gevra om die kerkgebou te verlaat omdat hulle nie welkom was nie (Reynecke, 2012).

Hoewel ds. J.J. Prinsloo van die Nederduitsch Hervormde Kerk Rustenburg op die Tussen Kerklike Kommissie gedien het wat met die owerheid onderhandel het oor veldpredikers, het hy tydens eredienste persone in uniform versoek om die kerkgebou te verlaat (Harmse, 2011).

In die Nederduitsch Hervormde Kerk Brits was die spanning so hoog oor soldate wat in uniform eredienste bygewoon het, dat die kerkraad die Algemene Kerkvergadering versoek het om by die minister verlot te vra dat soldate in siviele klere eredienste kon bywoon, veral as hulle sakramente wou gebruik (Nederduitsch Hervormde Kerk Brits, 1941).

Die weiering om iemand in uniform in die huwelik te bevestig het 'n nadraai in die pers en by Departement van Verdediging gehad. Ds. D.N. Kotze van die Gereformeerde Kerk Rustenburg het geweier om 'n huwelik te bevestig omdat die man in uniform sou wees. Op navraag van die familie het ds. Kotze geantwoord dat die kerkraad besluit het dat lidmate die kerkdienste in gewone burgerklere moet besoek. Ds. Kotze het homself verweer dat hy volgens die kerkraadsbesluit nie die vrymoedigheid gehad het om mnr. Orr³³ in die huwelik te bevestig nie (Gereformeerde Kerk Rustenburg, 1942). Hierdie was 'n gerieflike verskoning aangesien 'n huweliksbevestiging nie 'n amptelike erediens onder toesig van die kerkraad is nie. Die gebeure is deur die familie aan die *Rand Daily Mail* van 27 November 1942 gestuur en 'n skrywe is aan die Departement van Verdediging gestuur. Die Departement het navraag gedoen by die "Generale Sinode" of die kerkraad se besluit deur die Sinode goedgekeur is. Die Departement wou ook weet wat die "offisiële standpunt" van die Gereformeerde Kerk is oor bywoning van eredienste deur persone in uniform (Malherbe, 1942).

Die onsensitiewe optrede van sekere predikante, soos in die gebeure hierbo genoem, het tot gevolg gehad dat lidmate die Afrikaanse kerk verlaat het en lidmate van 'n Presbiteriaanse of Metodiste gemeente geword het (Marnewick, 2012 :441 ; Meiring, 2011; Rieker, 2011: Van Zyl, 2010). Eerw. Ian McDonald, veldprediker van die Presbiteriaanse Kerk, het dit op die Sinode van die Presbiteriaanse Kerk bevestig, maar *Die Kerkbode* het die bewering ontken (Anon, 1945a :333).

³³ Geen voorletters is aangeteken nie.

Veldpredikers het self verkies om in gewone ampsdrag, eerder as in uniform, by eredienste op te tree, juis vanweë die weerstand teen uniforms. By geleenthede waar 'n predikant wel in uniform opgedaag het, het die kerkraad geen beswaar gehad dat hy sy toga oor die uniform dra nie. In *Die Kerkbode* is dit duidelik gestel:

Met die oog op die verdeeldheid onder ons mense verkies ons dit egter dat die kerklike drag deur veldpredikers by alle geleenthede gebruik word (Anon, 1942k :285).

In die geleedere van die uniformdraers was daar ook 'n skeiding. Nie almal was bereid om die "Rooi Eed" af te lê nie. Die wat nie die Eed afgelê het nie maar wel in die verdedigingsmag aangebly het is deur die Rooi-Lussie soldate met minagting behandel (Coetzer, 1994 :352).

Die skerp reaksie teen "Rooilussies" het selfs families verdeel. Broers het mekaar nie meer gegroet nie, selfs jare na die oorlog (Kruger, 2012; Van Tonder, 2000; Booyens :2013). Toe 'n jong man besluit het om soldaat te word en die rooi eed af te lê, was sy ma se reaksie: "As jydan Engels gesind wil wees is ek as Afrikaner nie meer jou moeder nie. Vir jou is ek "misses" Mulder". Dit was haar houding tot haar dood dertig jaar later (Mulder, 2010). Broers wat oor die oorlog verskil het, het na die oorlog verkies om geen kontak met mekaar te hê nie (Booyens, 2013). Ou vriende het mekaar se vyand geword en het vir jare, selfs tot na 1960, mekaar nie gegroet nie terwyl hulle in dieselfde gemeente was (Engelbrecht, 2010). Hierdie verdeeldheid, verwerping en minagting tussen lidmate het bepaalde eise aan die bediening in gemeentes gestel. Die predikant moes hom nie laat meesleur deur een of ander groep nie. Hy moes almal met dieselfde deernis bedien. Die meeste predikante het besef dat hulle ampswerk oor die grense van politiek strek en het almal bedien en versorg.

5.3.5 KERKE SE HOUDING RAKENDE DIE NEDERLANDE

Nederland en België was van die lande wat neutraal was met die uitbreek van die oorlog. Op 10 Mei 1940 is die twee lande onverwags deur Duitsland binne geval. Dit het skokgolwe deur Suid-Afrika en in besonder deur die Afrikaanse kerke gestuur omdat hier in Suid-Afrika 'n groot aantal Nederlanders gevestig was. Twee dae na die besetting van Nederland verskyn in *Die Kerkblad* die volgende kommentaar van ds. J.V. Coetzee:

Ons diepste simpatieë (sic). gaan uit na die Nederlandse en Belgiese volke en ons bid dat die Here vir hulle barmhartig sal wees nou dat die gésel van die ontsettende oorlog hulle ook getref het (Coetzee, 1940b.:7).

Ds. Dirk Postma van Burgersdorp het namens die Gereformeerde Kerke 'n telegram aan die koningshuis gestuur waarin medelye uitgespreek is oor die noodtoestand waarin Nederland gedompel is (Postma, 1940. :8).

In *Die Hervormer* skryf die redakteur dat die Hervormde Kerk met skok en verontwaardiging van die besetting verneem het. In oorleg met die ander Hollands-Afrikaanse Kerke is Sondag 9 Junie 1940 as 'n dag van verootmoediging en gebed vasgestel oor die gebeure (Dreyer, 1940b :5).

Aangesien daar vir 'n tyd geen direkte kontak met die Nederlandse regering gemaak kon word nie, het die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n boodskap aan W.F. van Lennep, die Nederlandse Gesant in Suid-Afrika gestuur. Die boodskap het die algemene gevoel in die Hollands-Afrikaanse Kerke duidelik weergegee:

Die Algemene Kerkvergadering ... is diep onder die indruk van die rampe wat Nederland, die moederland van Zuid-Afrika, getref het, en spreek langs hierdie weg sy innigste simpatie uit met Hare Majesteit die Koningin en die doorlugte Vorstehuis, asook die ganse Nederlandse nasie (Anon, 1940 :17).

In *The Standard and Wesrand Koerant* het dr. H. D. van Broekhuizen, predikant van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk Pretoria 'n beroep op alle kerke, van watter belydenis ook al, gedoen om op 1 September 1940 'n kollekte vir Nederland te hou. Hy meen SA het 'n ereskuld om aan Nederland te betaal vir vroeëre hulp aan die Boererepublieke (Van Broekhuizen, 1940 :2).

Die Gereformeerde kerke het 'n Noodlenigingsfonds vir die geteisterde Nederland gestig. Die fonds sou na die oorlog aan instansies in Nederland oorgedra word vir die verligting van nood (Snyman, 1941 :1).

Toe dr. D.F. Malan in die Volksraad sy diepe meegevoel met Nederland betuig, het die regerende party gemeen dat die Afrikaners, en in besonder die Afrikaanse Kerke, nou hulle neutrale standpunt moet laat vaar en die regering steun (Coetzer, 1994 :391). Die Afrikaners

was egter teen die oorlog gekant omdat hulle anti-Brits was en nie omdat hulle pro-Duits was nie.

Die gebeure in Nederland het tot onenigheid in die Nederduitsch Hervormde Kerk Pretoria gelei. 'n Groot aantal Nederlandse immigrante was lidmate van die gemeente. Op 27 April 1941, 'n jaar na die Duitse inval, het oudl. W. Piso namens die Nederlandse Vereniging 'n versoek aan die kerkraad van Pretoria gerig om 'n ereediens as herdenking van die inval te hou. Die saak is lank bespreek en daar is besluit om nie die gebou vir so 'n diens af te staan nie. Die volgende redes is aangevoer:

1. Dat die Nederlandse Vereniging 'n buite-kerklike vereniging is ... en dus nie onder die kerkraad sorteer nie.
2. Vir die feit dat die Hervormde Kerk by uitnemendheid hom nie leen vir allerlei soorte dienste nie.
3. Vir die feit dat hier Sondae twee keer geestelike voedsel vir geestelike nood gevind kan word, en
4. Vir die feit dat die openbare lewe besonder swanger is vir politieke ontploffingstowwe, en die voorgenome diens maklik 'n politieke bysmaak in die mond van andersdenkendes kan nalaat (Nederduitsch Hervormde Kerk Pretoria, 1941:1).

Na hierdie besluit het prof. B. Gemser van die Teologiese Fakulteit uit protes teen die besluit geen eredienste bygewoon nie (Nederduitsch Hervormde Kerk Pretoria, 1941:11).

Professore B. Gemser, D. Pont en S. P. Engelbrecht³⁴ het 'n petisie opgestel teen die besluit en het dit in die gemeente gesirkuleer. Hulle hoofbeswaar was dat daar nie 'n "Koningin-erediens" gehou is nie. Daar is wel "in oorlog met die susterkerke" op Sondag 9 Junie 'n dag van verootmoediging en gebed oor die gebeure in Nederland gehou. Prof. Gemser was van mening dat 'n spesiale ereediens vir Nederland jaarliks gehou moes word. Hierdie petisie het soveel onrus en ontevredenheid in die gemeente gebring dat 'n spesiale kerkraadsvergadering, onder leiding van die konsulent ds. E.S. Mulder, gehou moes word. Na lang bespreking het die kerkraad sy standpunt bevestig:

Die Kerkraad be-oog ernstiglik algehele afsydigheid teenoor heersende oorlogstoestande en besluit met leedwese dat aan die versoek, soos vervat in die laaste paragraaf van die ingelewerde dokument, nie voldoen kan word nie (Nederduitsch Hervormde Kerk Pretoria, 1941:10).

³⁴ Professore van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die Teologiese Fakulteit Universiteit van Pretoria

Ds. S. Vermooten van Noordelike Pretoria het beswaar gemaak oor die onvoorbeeldige optrede van prof. Gemser (:11).

5.3.6 PREKE

Dit is vanselfsprekend dat die wêreldgebeure en in besonder die gebeure in Suid-Afrika 'n invloed op die prediking gehad het. Ds. Joh Dreyer het al in 1940 in *Die Hervormer* geskryf dat die kansel nie die plek is vir enige politieke vraagstukke nie, insluitend die Afrikaner se volksake:

Die vraag of die staat oorlog mag voer uit selfverdediging is vir bespreking vatbaar, maar nie op die kansel nie ...omdat die staat nie behoort tot die wesens wat hulself kan bekeer nie ...Dit is voldoende om die eise van die Evangelie te ken en dan daardie eise toe te pas op die dinge waar van 'n mens die gekompliseerde struktuur en eienaardighede nie kan ken of waarvan 'n mens slegs baie oppervlakkig kennis dra, nl. politiek, sosiale vrae, sending kwessies ens (Dreyer, 1940c :14).

Hoe moeilik dit in die omstandighede van verdeeldheid was blyk uit die kommentaar van ds. A.M. Meiring van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde kerk Dooringfontein:

'n Byna toevallige verwysing in my gebed na die eenheidsdrang wat tans onder ons volk tot openbaring kom, het 'n onverwagte aanstoot aan enkeles gegee (Anon, 1939b :821).

Lidmate van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos het telkens beswaar gehad teen politieke uitlatings wat ds. P.J.S. de Klerk in sy preke gemaak het. Lidmate het gekla dat hulle nie meer met vrymoedigheid en in 'n rustige stemming die eredienste kon bywoon nie. Ds. De Klerk het hierop geantwoord dat hy in die tyd van soveel verwarring die gemeente moet waarsku en volgens Gods Woord vir hulle koers aanwys en dat hy niks doen met opset of met n vooropgestelde doel nie” (Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos, 1940 :6).

Enkele maande later was daar weer klagtes teen ds. De Klerk. Die lidmate het “ vertroostende preke in die moeilike landsomstandighede” verwag. De Klerk het hierop geantwoord:

...dat die predikant beswaarlik in al die behoeftes van so 'n groot en onderskeie gemeente kan voorsien. Hy moet rekening hou met die globale en nie individuele belange en behoeftes van die gemeente (Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos, 1940:57).

In *Die Kerkbode* het 'n aantal predikante hulle mening oor prediking in die tyd gelewer. Ds. J.A. Theron van Machadodorp het gemeen dat die predikant nie neutraal na die sin van almal kon preek nie en nie bang moes wees om een of ander partyman na te kom nie. Partybelange moes geïgnoreer word en die belang van die koninkryk en volksbelange moes op die voorgrond wees. “Die Pad van Suid-Afrika, Christelike liefde, verdraagsaamheid en meegevoel met die nood en ellende van ander moet op die voorgrond gehou word” (Anon, 1939b :821). Ds. J.F. du Toit van Swarttruggens het geskryf dat elke preek deur een of ander omstandighede beïnvloed was. In elke preek moes op gewetensvryheid, broederliefde, afhanklikheid van God en Afrikanerbewustheid gewys word (Anon, 1939b :821).

In die Gereformeerde Kerk Brakpan het lidmate beswaar gemaak dat dr. J.A. Schutte 'n lid van die Ossewabrandwag was. Hulle het gemeen sy politieke oortuiging het in sy preke na vore gekom. Dit was steurend en het die verdeeldheid in die gemeente aangeblaas (Gereformeerde Kerk Brakpan, 1940 :255).Ds. C.R. Kotze, wat hom onbevrees teen Engelse aanhang van die regering uitgespreek het, het in 'n preek gesê: “God maak nasies! En die duiwel maak die Empire” (Kotze, 1955: 43).

Mev. F. Rumpff het in *Die Kerkblad* geskryf dat die oorlogsgebeure nie in enige prediking hoort nie. Die predikant kon hom uitspreek oor sy siening teenoor sy gemeente, maar dat die kansel nie daarvoor gebruik moes word nie: “Alleen die Woord van God in die Huis van God en alleen geestelike voedsel vir 'n geestelike stryd” (Rumpff, 1941:20).

5.4 GEVOLGTREKKING

Die posisie van Suid-Afrika in die komende oorlog het een van die belangrikste besprekingspunte geword. Neutraliteit in die oorlog, wat vroeër 'n akademiese vraagstuk was, het 'n algemene vraagstuk geword wat nie net in die politiek bespreek is nie maar ook deur die algemene publiek. Kerklike tydskrifte het hieroor uitsprake gemaak en kerklike vergaderings het versoeke aan die owerheid gerig. Eerstens was die gevoel dat Suid-Afrika nie bedreig is deur enige moondheid nie en tweedens was daar 'n sterk gevoel onder die Afrikaners dat Suid-Afrika nie nodig gehad het om Brittanje se oorloë te veg nie. Om die belange van die Gemenebes en in besonder Brittanje te dien was egter vir genl. Smuts groter as die volkswil. Die

meerderheidstem in die Parlement het gekies om tot Brittanje se steun tot die oorlog toe te tree. Die oorlogsverklaring het 'n tragiese einde aan blanke eenwording gebring en was een van die betekenisvolste gebeurtenisse in die geskiedenis van Suid-Afrika. Vol verwagting oor eenheid in Afrikanergeledere het etlike duisende Afrikaners enkele dae na die oorlogsverklaring op monumentkoppie te Pretoria saamgekom. Tydens die volksheringingsvergadering is met handopsteek 'n verklaring afgelê om mekaar nooit weer te los nie. Die verkryging van 'n vrye republiek was vir hulle 'n moontlikheid wat nou net 'n verklaring vër kon wees. Die eenheidsgevoel van die emosionele geleentheid kon egter nie voor politieke verdeeldheid stand hou nie en het spoedig verflou. Die verwagte eenheid het verbrokkel toe baie Afrikaners Smuts se oorlogbeleid gesteun het en by die Verdedigingsmag aangesluit het. Die politieke stryd wat hierna ontbrand het was buitengewoon bitter, vol vyandskap en veragting vir mekaar. Kerke het verskillende standpunte oor oorlogsdeelname gehad. Die Nederduitsch Hervormde Kerk het 'n neutrale standpunt gehandhaaf oor deelname. Die Nederduits Gereformeerde Kerk het in hulle Provinsiale Sinodes verskillende standpunte gehandhaaf. Die Gereformeerde Kerke was die mees uitgesproke teen die oorlog.

Voorstanders vir die oorlog is deur ander Afrikaners as verraaiers beskou, onpatrioties en dislojaal teenoor die Afrikanersaak. Dit het 'n invloed op bykans alle vlakke van die samelewing gehad en het veral die kerklike lewe intens geraak. Die Rooi-lus kenteken van die Afrikasoldaat het 'n gehate teken geword. Verwydering tussen gemeentelêde en selfs vyandskap in families was algemeen. Dit het ook na vore gekom in die behandeling van uniformdraers in die eredienste. Menige predikant se Afrikanersentiment het hom in die erediens negatief teenoor uniformdraers laat optree, asof hulle nie as medegelowiges gereken kon word nie. Predikante het politieke uitsprake gemaak wat die amp van predikant nie waardig was nie. Uitsprake deur predikante teen die regeringsbeleid het telkens na vore gekom en hulle is deur lidmate en kerkrade daarvoor aangespreek. Sommige lidmate het selfs geweier om eredienste by te woon as gevolg van hierdie uitsprake. Die meeste predikante het egter besef dat die boodskap van die Evangelie belangriker is as partyskappe en politieke voorkeure.

Die Duitse besetting van Nederland en België het die Afrikaners voor verdeelde lojaliteite geplaas. Die Duitse optrede is veroordeel, maar dit het nie geïmpliseer dat Suid-Afrika se deelname aan die oorlog goedgekeur moes word nie. Die Afrikaners was nie so pro-Duits as wat hulle anti-Brits was nie, daarom kon hulle die inval veroordeel sonder om die beginsel van neutraliteit te versaak. Hierdie houding word weerspieël in die optrede van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat 'n jaar later geweier het om 'n herdenkingsdiens oor die inval te hou.

In hierdie komplekse situasie van politieke verdeeldheid en persoonlike standpunte, moes die kerke hulle pastorale verantwoordelikhede aan alle lidmate nakom.

KERKE SE PASTORALE BEDIENING AAN BETROKKENES

Oorsig

- 6.1 Inleiding
- 6.2 Hulp aan oorlog geaffekteerdes
- 6.3 Gevolgtrekking

6.1 INLEIDING

Oorlog geaffekteerdes verwys na geïnterneerdes, politieke gevangenes, weermaglede, Nederlandse immigrante en die gesinne van die groepe. Die geaffekteerdes kon in die omstandighede verwag dat die gemeentes waar hulle lidmate was, hulle met vriendskap en begrip moreel en stoflik sou ondersteun. Predikante moes die lidmate pastoraal bystaan, ouderlinge hulle ondersteun en die diakonieë hulle in hulle nood versorg. In hierdie hoofstuk sal nagegaan word wat die kerk se optrede in die omstandighede was. Hier sal ook aangedui word watter hulp die geaffekteerdes van buite-kerklike organisasies verkry het. Vroue se optrede in daardie omstandighede sal bespreek word, sowel as die kerk se rol in die heraanpassing na die oorlog.

6.2 HULP AAN OORLOGGEAFFEKTEERDES

‘n Onderskeid moet gemaak word tussen pastorale bediening en versorging. Met pastorale bediening word bedoel geestelike bystand deur die predikante en ander met skriflesing, gebed en gesprek om so ‘n persoon te bemoedig, te troos en te ondersteun. Bunting stel dat *Pastoral carers are ‘wounded healers’ who knowing themselves to be helped and inspired by the example of Jesus (Mark 1:32-4), help others on their journey to wholeness* (Bunting, 2000 :388). In hierdie bediening onderskei Clebsch en Jaeckle vier pastorale funksies, naamlik: ... *healing, sustaining, guiding and reconciling* (1964 :32).

Oorloggeaffekteerdes het baie emosionele spanning beleef wat in intensiteit gewissel het. Die gearresterde en sy gesin het bepaalde spannings beleef, soos skok (gearrester sonder ‘n aanklag), ontnugtering (iemand het hom verdag gemaak by die polisie), en verwerping (ander is bang dat assosiasie hulle in gedrang mag bring). Die spanning by die geïnterneerde en gevangene het gewissel tussen hoop en teleurstelling, kommer oor versorging van die gesin en ‘n gevoel van apatie. Die militêr betrokke en hulle gesinne het spanning beleef van

verwerping, selfs veragting in die gemeenskap. Die soldaat aan die front se gesin het spanning oor die moontlikheid van dood, verwonding of krygsgevangeneneming beleef. Dit is die omstandighede waarna De Klerk verwys wanneer hy sê “dat rekening gehou moet word met die gevoelsrelasies in die ontmoeting” (De Klerk, 1972:169).

Die pastorale gesprek by oorloggeaffekteerdes veronderstel dat so persoon deur een of ander traumatiese belewing gegaan het. Eerstens moes die betrokke deur die pastor begelei word om te herstel van die aanvanklike skok of trauma soos arrestasie, verwonding of dood. Dit veronderstel meer bemoeing as ‘n enkele gesprek. Clebsch stel dit so:

Healing is the pastoral function that aims to overcome some impairment by restoring a person to wholeness and by leading him to advance beyond his previous condition.
(Clebsch, 1964:33).

Die tweede funksie van die pastorale bediening is dat die betrokke ondersteun moet word. W.J. de Klerk omskryf dit as “die opsoekende liefde van God, met die belofte van verlossing en versorging van die liggaamlike en geestelike node” deur ampsdraers en gelowiges onderling (De Klerk, 1972 :167). Die betrokke moet ook deur die pastorale bediening getroos word uit die Woord van God sodat Hy steeds deel is van die gemeente of groep gelowiges in die Front situasie. Clebsch stel dit so:

.... pastoral consolation serves to relieve one’s sense of misery by bringing the sufferer into an understanding of his still belonging to the company of hopeful living (1964:45).

Die verwonde op die slagveld moes die troos ontvang dat daar na hom omgesien sal word deur die mediese personeel. Die gesin van die gearresteerde moes die versekering kry dat die gemeente hulle sal ondersteun. Die betrokke moes ook deur die pastorale gesprek bemoedig word om die onvermydelike te aanvaar, soos die verlies van ‘n ledemaat, die internering van ‘n geliefde of die dood van ‘n persoon.

In the act of consolidation, the pastor sustaining ministry helps the troubled person select out of a seeming totality of woe some foundation for reconstruction of life
(Clebsch, 1964:47).

Die pastorale gesprek moet die betrokke lei tot aanvaarding van die situasie. Hy moet begelei word om te besin oor die pad vorentoe. Hierin moet die pastor wat hom of haar begelei soos die Herder Psalm 23 :

Die Here is my Herder; niks sal my ontbreek nie ... Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie ... want U is met my (Die Bybel 1953).

G. Heitink beskryf die pastorale gesprek soos volg:

Onder biijsaan verstaan we het aangaan en onderhouden van een relatie met een mens in nood, een mens in zijn lijden, met als mogelijk gevolg dat hij zich ondersteund en getroost weet op de moeilijke weg (Heitink, 1977 :294).

Elke persoon word in sy ervaring deur godsdiens en sy lewensbeskouing beïnvloed. In die oorlogsomstandighede worstel die individu dikwels met die vraag: As daar 'n God is, waarom laat hy die ellende en smart toe? Veltkamp stel dit:

In het pastoraat waarin mensen met elkeen hun verhale, hun hoop en hun versugting delen, gebeuren steeds nuwe gelijkenissen van het Verbond van God, de mensen en de wêreld; gelijkenissen waarin ervaring van mense gestalte krijgen (Veltkamp, 1988:18).

Gedurende die oorlogsjare was daar nie sielkundiges of pastorale beraders nie. Die predikant moes na die beste van sy vermoë uit sy teologiese opleiding, sy ervaring en mensekennis betrokkenes bystaan. Dit het vereis dat hy nie emosioneel betrokke moes raak by 'n party of groeppoortuiging ten koste van die ander party of groep nie. Die Veldprediker het meerendeels met die nood situasie van aanval, verwonding en dood te doen gehad, sodat hy, al sou hy dit nie so besef het nie, die vier funksies van die pastoraal toegepas het.

Met versorging word bedoel barmhartigheid as Christelike liefdadigheid en hulpbetoon aan almal wat in nood en ellende is. Kerklike versorging is dus meer as net geestelike bediening, dit sluit ook materiële hulp in om te voorkom dat medegelowiges in armoede verval. Coetzee (1953:23) beskryf dit as “die vrywillige individuele en ander partikuliere tegemoetkoming van hulpbehoewendes”. P.S. Oelrich meen “Die kerk vervul sy roeping tot diens van barmhartigheid deur die diakonaat wat toevertrou is aan die diakens” (1966 :11). Volgens die bevestigingsformulier vir diakens is hulle opdrag:

Deur elkeen te besoek sorg dra dat nie een deur armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie (Psalmboek, 2001 :150).

Hulp aan die oorlog geaffekteerdes kan in twee groepe verdeel word nl. kerklike hulp, pastoraal en met barmhartigheid en tweedens buite-kerklike hulp van ondersteuning en versorging deur organisasies wat die versorging ten doel gehad het.

Omdat kerke met verdeelde politieke sieninge in eie geledere geworstel het, is versorging eerder oorgelaat aan die buite-kerklike organisasies sodat die gemeentes buite die politieke veld bly. In sommige gemeentes het nóg die predikant, nóg die kerkraad of gemeentelede die plig van versorging nagekom. Vrede in die gemeente is belangriker geag as barmhartigheid. Slegs enkele gevalle van versorging van gesinne wat deur internering of gevangenessing getref was, is aangeteken (Gereformeerde Kerk Potgietersrus, 1942 : 25). Uit die inligting wat ds. F.E. O'Brien Geldenhuys gee kan die afleiding wel gemaak word dat predikante pastorale bediening aan gesinne gegee het waar die man of kind gesneuwel het of krygsgevangene was (O'Brien Geldenhuys, 1982 :15).

6.2.1 KERKE SE PASTORALE BEDIENING AAN DIE OORLOGBETROKKENES.

Arrestasie van 'n oorlogteenstander het gewoonlik die gesin met skok en ontnugtering getref. Die vernedering en magteloosheid van die vrou of ouers as die huis omgedolwe is op soek na bewyse het tot die ervaring bygedra. In normale omstandighede kon lidmate wat in een of ander nood of abnormale omstandighede verkeer, op pastorale bediening van die predikant en kerkraad en die ondersteuning deur die gemeente reken. F.E. O'Brien Geldenhuys meen dat die kerk 'n bindende faktor in die oorlogstyd was en dat die Nederduits Gereformeerde Kerk krediet verdien vir hulle optrede in hierdie tyd (O'Brien Geldenhuys, 1982 :14). In geen notule is enige inskrywing gevind oor sulke ondersteuning nie. Omdat predikante se week of kwartaalbesoeke normaalweg nie op kerkraadsvergaderings genotuleer word nie, kan die afleiding nie gemaak word dat predikante hulle pastorale bediening aan betrokkenes nagelaat het nie. Die redaksie van *Agter Tralies en Doringdraad* vermeld "die stille maar treffende geestelike sorg en barmhartigheidsdiens van talryke Kerkrade" (Anon, 1953 :416).

6.2.2 HULP AAN GEÏNTERNEERDES

Daar is in die kerkverband kennis geneem van die situasie van die geïnterneerdes, en die nood van betrokkenes is op meerdere vergaderings en konferensies bespreek. Die Kerkraad van die

Gereformeerde Kerk Koffiefontein het 'n kommissie vir die geïnterneerdes gestig. Hierdie kommissie het gesorg vir goedkoop losies vir besoekers aan die kamp en het vars groente en vrugte aan die kamp voorsien (Gereformeerde Kerk Koffiefontein, 1942 :173 & 203). Omdat die kamp binne die grense van die gemeente was en die gemeente se predikant geïnterneer was, het hulle waarskynlik meer aandag aan die situasie gegee as die ander gemeentes. Mev. Immelmann van Koffiefontein het haar huis as oorblyplek vir besoekende vroue beskikbaar gestel (Eloff, 1953 :409).

In die notules van die Nederduits Gereformeerde Kerk Koffiefontein is weinige verwysing na die geïnterneerdes gevind.

Die geïnterneerdes het vryheid binne die kamp gehad sodat hulle met mekaar kon omgaan. Hulle kon aand byeenkomste reël soos aandgodsdienste, debatte en konserte. Almal is deur dieselfde ruimtelike beperktheid geraak, maar nie almal het dit dieselfde deurleef nie. Geestelike ondersteuning was noodsaaklik. Die twee predikante in die kamp wat dieselfde ervaring moes meemaak het in die omstandighede besondere pastorale sorg verleen. Hulle het vele pastorale gesprekke gevoer waarin hulle die betrokke moes troos, bemoedig en tot berusting lei (Van der Merwe, 1992 :59) volgens die latere Clebsch model soos hierbo bespreek. Van die twee predikante geld die opmerking van Bunting: ...

'wounded healers' who knowing themselves to be help and inspired by the example of Jesus (Mark 1:32-4) help others on their journey to wholeness (Bunting, 2000 :388).

Die vorming van 'n "gemeente" met 'n kerkraad het 'n mate van normaliteit in die kamp se weeklikse aktiwiteite gebring, wat bygedra het tot die verwerking van hulle omstandighede. Daar was egter steeds die gemis aan betrokkeheid van die kerk buite die kamp. Hieroor skryf ds. Fick:

Ons (het) egter in die loop van die jaar 1942 die gebrek aan daadwerklike en regstreekse belangstelling van die Kerk daarbuite al hoe meer begin voel (Fick, 1953 :209).

Ds. B.H. Swart, skriba van die Sinode van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk het in *Die Kerkbode* van 27 September 1939 geskryf:

Die hart van die Christen moet in hierdie tyd wyd oop wees om met hoëpriesterlike medelye almal te omhels wat in angs en droefheid verkeer ... Ons nuwe eenheid lê op ons die dure verpligting om opnuut die hand uit te steek na die sinkende deel van ons volk en om saam 'n deurtastende reddingsdaad aan hulle te verrig sodat daar nie een lid verlore gaan nie (Swart, 1939 :566).

Ds. J.J. Fick, wat geïnterneer was, het egter ervaar dat die kerk buite die kamp min belangstelling in die geïnterneerdes getoon het. "Ons het gevoel asof ons geen verband hoegenaamd met die kerk as geheel gehad het nie" (Fick, 1953 :211).

Stephan Eyssen³⁵, 'n geïnterneerde, skryf in *Agter Tralies en Doringdraad* (1953 :267) dat daar aanvanklik weinig Psalm en Gesangdboeke in die kamp was. Persone is by die werk gearresteer en in die haas van klere inpak is die Psalm en Gesangeboek vergeet. Briewe waarin gevra is vir sulke boeke is uit die kamp uitgesmokkel na gemeentes, maar daar was geen reaksie van die Kerk nie. "... dit het diep seergemaak. Was ons dan vergeet?" (Eyssen, 1953 :267).

Tydens 'n Klassisvergadering van die Gereformeerde Kerke te Rustenburg het 'n beskrywingspunt gedien waarin verwys is na die armoede wat onder lidmate toegeneem het. Diakens moes hulle meer bepaal by die diens van barmhartigheid aan sulke lidmate (Kotze, 1940 :2). Die bespreking het egter net in die algemeen oor die taak van die diaken gehandel sonder om na oorlog geaffekteerdes in besonder te verwys.

In *Die Kerkbode* het prof. G. Cronje aangedui wat die kerke en lidmate se standpunt teenoor hierdie volksvraagstukke behoort te wees:

- (a) Dit is 'n deel van ons volk wat deur ons maatskaplike vraagstukke getref is en vasgesuig sit in die moeras van verwaarlosing en veragting. En ons wat ook deel van daardie volk is, is medeverantwoordelik vir hulle lot en redding ... ons moet wel die oppassers wees van ons volksgenote (Cronje, 1940 :989)

Van al die besluite en besprekings het weinig tereg gekom. Vriende en ander belangstellendes het afsonderlik Gesangeboeke en ander geestelike literatuur aan geïnterneerdes voorsien (Fick, 1953 :209)

³⁵ Bekende komponis, sanger, musikant en onderwyser in Afrikanerkringe

6.2.3 HULP AAN POLITIEKE GEVANGENES IN TRONKE

In die tronke was die situasie anders. Hier was die beheermaatreëls en roetine baie strenger omdat daar nie onderskeid tussen politieke gevangene en misdadiger gemaak kon word nie. Die politieke gevangenes kon nie van groente en vrugte en ander eetgoed voorsien word deur diakonieë of belangstellendes soos die geïnterneerdes nie. Verhoorafwagting is wel toegelaat om hulp van buite te aanvaar met die was van hulle klere (Van Heerden, 1935 :90). Pastorale bediening deur die afsonderlike kerke is nie toegelaat nie. Slegs die Gevangenis Kapelaan kon hulle besoek (Vorster, 1953 :148).

Die diakonie van die Gereformeerde Kerk Pretoria het besluit om, as hulle die nodige toestemming kon kry, “geestelike troosvolle literatuur” aan die politieke gevangenes in die Pretoria Gevangenis te voorsien (Gereformeerde Kerk Pretoria Diakonie, 1944 :18). Geen aantekening is gemaak of daar wel toestemming verkry is nie.

6.2.4 HULP AAN DIE GESINNE VAN OORLOG GEAFFEKTEERDES

Die gesinne van die politieke gevangenes en geïnterneerdes het hulp van nie-kerklike organisasies verkry, ander andere die Instituut vir Volkswelstand³⁶ die Waaksaamheidskomitees, die “Boerevolk Noodhulpfonds”³⁷ en ander liefdadigheidsverenigings. Diakonieë het hierdie organisasies finansieel ondersteun. Die Gereformeerde Kerk Bloemfontein het besluit dat twee kollektes aan die Noodhulpfonds afgestaan sal word met die voorwaarde dat: “die outoriteite moet egter attent gemaak word dat aan Gereformeerde lede reg sal geskiet” (1940 :163). Of die fonds die twee kollektes apart aangewend het vir Gereformeerde lidmate kon nie vasgestel word nie.

‘n Ander geaffekteerde groep was dié wat hulle werk verloor het met die opdrag dat hulle by die weermag moes aansluit. Tydens die groot vroue-optog van 22 Junie 1940 was een van die punte van die versoekskrif dat die regering versoek word om:

nie langer toe te laat dat met dreigemente van ontslag, verplasing of watter vorm van

³⁶ In Oktober 1939 is ‘n groot Ekonomiese Volkskongres gehou na aanleiding van die ondersoek na die Armblanke vraagstuk. Tydens die kongres is die Instituut vir Volkswelstand gestig.

³⁷ Ossewabrandwag Noodhulpfonds.

benadeling ook al, wat uitgeoefen word op burgers van die staat, ten einde hulle beskikbaar te stel vir militêre diens, hetsy deur privaat werkgewers of deur de staat nie (Steyn, 1940).

In Grahamstad-omgewing is gedreig dat die manne wat nie by die *First City* regiment aangesluit het nie se name bekend gemaak sal word (Coetzer, 1994 :342). 'n Soldaat, J.H. Werner, het uit die leër gedros omdat hy deur viktimisasie moes aansluit (Coetzer 1994 :350). Die meeste het hierdie afdanking as vernederend beskou, 'n aantasting van hulle menswaardigheid en 'n miskenning van hulle nut vir die betrokke maatskappy waar hy werksaam was. Baie het uit beginsel geweier om by die Verdedigingsmag aan te sluit. Diakonieë is soms om advies en hulp vir sulke gevalle gevra (Louw, 2009; Snyman, 2011; Van Blerk, 2010). Die wat wel aangesluit het, het vir mede-Afrikaners deel van die Smuts ondersteuners geword, sg. 'n "SAP"³⁸, ongeag die omstandighede wat hulle tot aansluiting gedwing het. Dit het gewoonlik die verhouding met vriende en families versuur (Booyens, 2013; Diederiks, 2011; Louw, 2009; Snyman, 2011; Van Tonder, 2000).

Tydens 'n Diakonale Konferensie van die Gereformeerde Kerke wat op 28 September 1940 gehou is, het ds. L. Vorster die taak van die diaken in die abnormale tyd van oorlogsomstandighede soos volg bespreek:

As gevolg van die huidige oorlogtoestande, moet diakonieë hulle inrig en voorberei vir hierdie komende buitengewone diakenarbeid wat verrig sal moet word. Die diaken kom in die huis van die wat in nood is, van die weduwee en wese, wie se eggenoot en vader op die slagveld gesneuwel het en hulle hulpeloos agter gebly het ... in die huis van die werklose wat sy vrou en kinders nie kan onderhou nie ... of iemand wat as gevolg van die oorlog geen heenkome het nie. Vir so persoon moet geestelik en stoflik gesorg word; vir hom moet finansieel, nasionaal, moreel en godsdienstig in die bres getree word (Vorster, 1941 :27).

Vorster beklemtoon dat elke diakonie moes op hoogte bly met ontwikkelinge insake hulpverlening aan oorlogslagoffers en elke geval moes op meriete beoordeel word, en waar nodig is moes gehelp word. Die diakonieë moes in die gemeenskap van die gelowiges die ondersteunende hulp wees. "Hier moet die barmhartigheid en warmhartigheid van die diakonie tot uiting kom. Vir so persoon moet geestelik en stoflik gesorg word; vir hom moet finansieel, nasionaal, moreel en godsdienstig in die bres getree word" (Vorster, 1941 :27).

³⁸ Suid-Afrikaanse Party

Ds. Vorster verwys na die voorreg van die diaken om in die omstandighede tot sy volle ontplooiing te kom en dat diakens die wat deur die oorlog getref is moes bystaan en versorg (Vorster, 1941 :25). Hy beveel aan dat diakonieë op hoogte moes bly van die ontwikkelinge rondom die versorging van die oorlog geaffekteerdes. Die diakonie moet nie net op maatskaplike instellings steun nie: “Dis veral in sulke tye waar die barmhartigheidsamp hom moet laat geld en voed en laaf en klee in die Naam van Jesus Christus” (Vorster, 1941 :27).

Hoe die diakonieë hierdie barmhartigheid amp uitgevoer het kon nie uit die geraadpleegde notules afgelei word nie. Slegs die name van persone of gesinne wat voor die oorlog gehelp is, verskyn as hulpgevalle in die notules. Geen byvoeging is gemaak nie.

Toe 'n lidmaat van Potgietersrus Gereformeerde Kerk geïnterneer is, het die kerkraad die ouderling en diaken versoek “om die saak fyn dop te hou en te versorg” (Gereformeerde Kerk Potgietersrus, 1942 : 25). Die hulp deur die diakonie is nie genotuleer nie, waarskynlik omdat diakonieë nie apart notules gehou het nie.

Die Klassis Pretoria het aanbeveel dat 'n Noodhulpfonds in al die gemeentes in die Klassis gestig moes word met een koördinerende diakonie in die Klassis (Gereformeerde Kerk Klassis Pretoria, 1943 :285). Hierdie voorstel het nie gerealiseer nie.

Die sekretaris van die Randse Armsorgfonds,³⁹ ds. P van der Hooven, het aan die Sinode gerapporteer dat hulp verleen is aan families van geïnterneerdes. Kerkrade is gevra vir vrywillige bydraes tot die fonds (Nederduits Gereformeerde Kerk, 1942 :245). Op 'n volgende Sinodale vergadering is gerapporteer dat hulle reeds 5500 behoeftige gesinne versorg. In daardie jaar is daar deur bemiddeling van die Armsorgfonds 2000 persone in werk geplaas. Hoewel oorlog geaffekteerdes nie afsonderlik aangedui is nie, kan aanvaar word dat hulle deel van hierdie statistiek was (Anon, 1944b. :92). Die kommissie het aanbeveel dat elke gemeente weer kennis moet neem van Art. 250-252 van die Kerk Wet wat lui: “Daar bestaan in elke gemeente 'n Diakonie fonds tot ondersteuning van die armes en die behoeftige weduwees en wese” (Wet van die Nederduitsch Hervormde Kerk, 1937). Diakonieë het hierdie verantwoordelikheid op die staat afgeskuif met die volgende besluit:

Die grootste taak egter van al die liefdadigheidsverenigings is nie om stoflike hulp te verleen nie, maar om die mense weg te hou van versorging. Sulke persone kan deur die

³⁹ Die Armsorgfonds van die Gefedereerde Kerke van die Nederduits Gereformeerde Kerk het in 1934 tot stand gekom vir die versorging van Armblankes.

staat gehelp word op aanbeveling van die betrokke vereniging (Ondersteuningsraad, 1940).

6.2.5 BUIITE-KERKLIKE HULP

Pastorale sorg en bediening na die Tweede Vryheidsoorlog is deur die Afrikaanse Kerke verleen. Die ellende en nood van lidmate is uitvoerig in kerklike notules opgeteken. Gemeentes het dan ook so lank as moontlik, en binne hulle vremoë, hulp aan lidmate voorsien. Met die Wêreldoorloë was die situasie egter anders. Uit die nood van 1914 se Rebelle is die Helpmekaarfonds gestig. Sommige diakonieë en gemeentes het tot hierdie fonds bygedra. Ander was van mening dat vanweë die sensitiviteit van die politieke verskille in die gemeente, daar liefs nie bydraes gemaak moes word nie. Hierdie houding is deur die kerkraad van Ventersburg so verwoord:

(dat) Kollekten voor de Helpmekaar fonds niet op kerklijke lijnen gehouden zal worden (Gereformeerde Kerk Ventersburg, 1917. art 17).

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was die situasie baie meer kompleks en die verdeeldheid meer intens. Dit het veroorsaak dat hulpverlening aan geaffekteerdes meestal aan buite-kerklike organisasies oorgelaat is. Die kerke was wel indirek hierby betrokke omdat lidmate lede van die organisasies was en getrou aan die organisasie aksies meegedoen het (Booyens, 2013; Diederiks, 2011; Louw, 2009; Naude, 2000; Snyman, 2011; Van Tonder, 2000).

Ds J.H. Coetzee het dit gestel dat dit nie verkeerd sou wees van kerke om tot buite-kerklike organisasies by te dra nie, mits die doel nie is om een of ander politieke organisasie te bevorder nie. Dit moet ook nie tot skade vir die plaaslike armsorg of skadelik vir die vrede in die gemeente wees nie, maar dit hef nie die diakonale verpligting op nie (Coetzee, 1953 :207). Hierdie kommentaar het Coetzee agt jaar na die oorlog gelewer. Dit blyk dat daar gedurende die oorlog 'n hoër prioriteit aan vrede in die gemeente gestel is as aan die Christelike opdrag van versorging.

Die staat het 'n fonds bekend as Moedershulp, aan gesinne van geïnterneerdes beskikbaar gestel. Hulle kon hiervoor aansoek doen en moes maandeliks die geld by 'n staatskantoor gaan afhaal. Afgevaardigdes van die Nederduits Gereformeerde Kerk het tydens 'n onderhoud met

genl. Smuts van hom die versekering verkry dat die versorging van die afhanklikes van geïnterneerdes ondersoek sou word en indien nodig verbeter sou word (Nederduits Gereformeerde Kerk OVS, 1940 :451). Die regering het egter volstaan met die Moedershulpfonds soos wat dit was. Die vroue kon nie hulp uit die Goewerneur-generaal se fonds kry nie. Dit was slegs beskikbaar aan gesinne van persone wat die Rooi-Eed afgelê het (Oosthuizen, 1945 :50). Baie van die Ossewabrandwag gesinne was nie geneë om van die staat hulp te aanvaar nie. Hulle het dit as 'n vernedering beskou (Van Rooy, 1953 :405).

6.2.6 OSSEWABRANDWAG NOODHULPFONDS

Na die arrestasie en internering van 'n persoon was die vrou en kinders die noodlydendes. Die man is in die kamp of tronk van kos en mediese sorg voorsien. Vir 'n huisgesin was die broodwinner meteens weg en van iewers moes versorging kom. Die Paul Kruger tak van die Afrikaner Broederbond het besluit dat geld beskikbaar moes wees vir gesinne van lede wat geïnterneer is. Die Boerevolk Noodhulpfonds wat in 1938 onder voogdyskap van die FAK gestig is, het £200 ontvang (Pelzer, 1997 :120). Die Ossewabrandwag het aanvanklik bygedra tot hierdie Boere Noodhulpfonds (Ossewabrandwag 1940 :120), maar as gevolg van die massa arrestasies en internering in 1941 is 'n eie noodhulpfonds gestig (Cronje, 1953 :414). Kerkrade het waarskynlik geredeneer dat internering 'n nasionale saak was wat deur die regering se Welsynsdiens en die breë gemeenskap hanteer moes word. Die Hollands-Afrikaanse Kerke het hulle pastorale versorging gerieflik afgewentel na volksorganisasies (Coetzee, 1953 :207).

Die Ossewabrandwag kommando's het spesiale pogings aangewend om geld in te samel, waarmee gehelp is om huispaaielemente en ander skuld te betaal (Steenkamp, 1953 :413). Die Noodhulpfonds het spoedig op 'n georganiseerde basis weekliks kos aan die gesinne voorsien. Selfs die Kommandant Generaal was hierin bedrywig (Van Heerden, 1953 :90).

Afgesien van die wat in die interneringskamp was, was daar honderde mans wat voortvluggend was. Hulle is veral deur die gesinne van Ossewabrandwaglede weggesteek en versorg. Op 19 Januarie 1942 het die kommandant-generaal 'n dringende beroep op al die Ossewabrandwaglede gedoen om die leuse "Een vir Almal, Almal vir Elkeen" nou in hierdie krisis uit te leef. Van Rensburg verklaar soos volg:

Ons het elkeen die eed voor God gesweer dat ons, ons mede-Afrikaner in die nood sal bystaan en hom aan die vyand nie sal uitlewer nie. Ons word elkeen nou op die proef gestel of ons daardie eed kan hou of nie (Van Rensburg, 1956 :217).

In verskeie omsendbriewe van die Ossewabrandwag is 'n beroep op sy lede gedoen vir versorging van geïnterneerdes. Bemiddelde persone is gevra vir bydraes van £100, £75 en £50. Salaristrekkers is £5 gevra. Funksies moes gereël word, dokters en verpleegsters is gevra vir gratis mediese hulp en opnames moes gemaak word oor wie in nood is (Ossewabrandwag 1942a :2). Die laaste Sondag van elke maand is uitgesonder as "Offersondag". Daar is van gesinne verwag om iets, veral vleis, van hulle maaltyd prys te gee as blyk van meegevoel met hulle volksgenote. Die gedagte was dat geld so afgestaan word aan die Noodhulpfonds (Ossewabrandwag, 1942b :2). Hoe effektief dit was kan nie vasgestel word nie.

6.2.7 HULP AAN MILITÊR BETROKKENES

Aangesien militêre personeel en die vrouehulpdienste aan die staat verbonde was, het hulle soldy van die staat ontvang. Die gesinne van hierdie militêr betrokkenes het dus nie in dieselfde finansiële nood gekom as die gesinne van geïnterneerdes of gevangenes nie. Die sekretaris van die Randse Armsorgfonds het gerapporteer dat hulp verleen is aan soldate wat weens siekte uit die leër ontslaan is omdat hulle nie by die Goewerneur Generaal Hulpfonds enige hulp ontvang het nie (Nederduits Gereformeerde Kerk, 1942 :245). Daar is egter geen inskrywing in enige notule van diakonale hulp aan hierdie persone of hulle gesinne nie. Waarskynlik het die kerke aanvaar dat die persone deur 'n staatspensioen versorg sou wees. Hoewel daar geen inskrywings in notules van predikante se besoeke aan die betrokkenes is nie, kan aanvaar word dat predikante wel hulle herderlike plig teenoor hierdie persone nagekom het. Ds. F. O'Brien Geldenhuys skryf oor sy huisbesoek aan die ouers van 'n soldaat waar 'n aantal rooi-lussie manne teenwoordig was (O'Brien Geldenhuys, 1982 :13).

Uitstaande gebeure op die slagveld waar lidmate van die drie Hollands-Afrikaanse Kerke teenwoordig was word nie in kerklike tydskrifte vermeld nie. Op 23 November 1941, met die slag van Sidi Rezegh, is 400 Suid-Afrikaners krygsgevangene geneem en 220 het gesneeu. Op 21 Junie 1942 is Tobruk deur die Duitse weermag ingeneem, en 10722 is krygsgevangene geneem. In Libië is duisende krygsgevangene geneem. Onder hierdie groepe was lidmate van die Afrikaanse kerke. Op 10 Julie 1942 het die slag van El-Alamein plaasgevind waar die Geallieerdes die oorwinning behaal het. Hierdie gebeure is geïgnoreer, alhoewel families, lidmate van die Afrikaanse Kerke, hierdeur geraak is. In Johannesburg was Brenthurst, die woning van lady Oppenheimer, 'n psigiatryse inrigting, die Brenthurst *Auxiliary Military Hospital* vir gewondes met ernstige brandwonde. Geen besoek aan die hospitaal of die hospitaal op Voortrekkerhoogte waar Afrikanergewondes behandel is, word in kerk notules of kerklike tydskrifte vermeld nie. Dit veronderstel nie dat predikant nie sulke persone besoek het nie. Militêre gesinne het morele ondersteuning en sosiale afleiding van die SAVHD (Suid-Afrika

Vroue Hulpdiens)⁴⁰ gehad, wat deur die Engelse kerke ondersteun is (Snyman, 2011; Bean, 1992:43).

Voor die oorlog en voor die politieke verdeeldheid in die gemeentes opgevlam het skryf ds. P. De Klerk in Koers (1939 :9) oor sosiale vraagstukke. Die diakens werk met die gevolge van maatskaplike misstande, met verwysing na armoede, en die kerk moet “die ontredde in sy volle omvang ken”. Die diakens het die roeping om toe te sien dat niemand in die kerk gebrek ly nie. Die diakonale arbeid is ook redding van die volkslewe. Die Afrikaanse Kerke moet hierin mekaar die broederhand gee en ‘n gesonde Christelike maatskappy opbou. “Die gelowige moet ontwaak tot uitoefening van die amp van die gelowiges”. .

6.2.8 HULP AAN NEDERLANDERS

Die groep in Suid-Afrika wat waarskynlik die swaarste getref is deur regeringsoptrede was die Nederlandse gesinne wie se mans deur die Nederlandse regering geïnterneer is. Hierdie gesinne kon nie aansoek doen vir “Moedershulp” nie, omdat hulle nie burgers van die Unie was nie. Meeste van hulle het ook nie hulp van die Ossewabrandwag ontvang nie, omdat hulle nie lid daarvan was nie en sommige afsydig daarteen was vanweë die beweging se beeld van nasionaal–sosialisme (Booyens, 2013; Diederiks, 2011; Louw, 2009; Snyman, 2011; Van Niekerk, 1989; Van Tonder, 2000). In geen geraadpleegde notule is enige verwysing na hulp aan hierdie gesinne aangeteken nie. Regter K van Dijkhorst⁴¹ getuig dat selfs die bure geen hulp verskaf het nie. Die Nederlanders is deur baie Afrikaners nie vriendelik ontvang nie. Daar is gemeen dat die immigrante werkseleenthede van die Afrikaner wegneem. Die Nederlanders het benewens die genoemde redes vir hulle nie-betrokkenheid by die Ossewabrandwag ook nie tot interne politieke sake in Suid-Afrika aangesluit nie omdat hulle ingestel was daarop om ekonomiese oorlewing te bewerkstellig. Boonop was hulle in die regering se slegte guns en wou hulle nie verder in die moeilikheid raak met toenadering tot 'n organisasie wat teen die regering gekant was nie.

Van Dijkhorst het geen herinnering dat enige hulp deur ‘n diakonie of die Ossewabrandwag Noodhulpfonds aan die Nederlandse gesinne verleen is nie. Hulle was op mekaar aangewese vir hulp en oorlewing. ‘n Ander gesin, die Van Steks, het byvoorbeeld by die Van Dijkhorsts

⁴⁰ SAWAS *South Africa Women Auxillary Service*

⁴¹ Seun van Johan van Dijkhorst die sekretaris van die *Dienstweigeraars*.

ingetrek om albei gesinne finansieel te help. Mev Van Stek het aan Van Dijkhorst bevestig dat die kerke geen hulp verleen het nie (Van Dijkhorst, 2012). Die kerke het duidelik nie hulle plig om pastorale bediening te verleen nagekom teenoor hierdie mense wat geworstel het om 'n plek en aanvaarding in 'n nuwe vaderland te vind nie.

6.2.9 VROUEHULP

Die vroue van die verskillende geaffekteerdes het 'n eie ondersteuningstelsel ontwikkel.

Die vroue van die Ossewabrandwag het die versorging van geïnterneerdes se families en die hulp aan vlugteling heelhartig onderneem. Hulle het in die geheim aan voortvlugtendes herberg en versorging gegee sonder om vrae te vra. Die vroue het ook openlik hulle misnoë getoon oor die regering se behandeling van manne.

Op Saterdag 22 Junie 1940 het bykans 10,000 Afrikaner vroue op Kerkplein in Pretoria byeengekom vir 'n protesoptog oor die regering se optrede teen die Afrikaners. Dit was die grootste demonstrasie teen die regering gedurende die oorlog. Dr. P.J.S. de Klerk van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos het die verrigtinge met Skriflesing en gebed begin. Daarna is die petisie aan die regering aan die skare voorgelees wat soos volg lui:

Namens die Afrikaanse moeders, vroue en dogters en tienduisende wat in die gees aanwesig is en ons versoekskrif steun, wens ons die Hoogedele Regering in alle bescheidenheid met die diepste erns waaroor ons beskik te versoek om, eerstens, nie langer toe te laat dat met dreigemente van ontslag, verplasing of watter vorm van benadeling ook al, druk uitgeoefen word op die burgers van ons staat ten einde hulle self beskikbaar te stel vir militêre diens buite die Unie nie hetsy deur privaat werkgewers of deur die staat, en tweedens, onmiddellik 'n eerbare en regverdige vrede met die lande met wie ons in oorlog verkeer, te sluit (Steyn, 1940).

Nadat die skare Ps 146: 8 gesing het, het die optog in stilte begin beweeg. Die manlike toeskouers het spontaan "Dat's Heren zegen op u daal" en "Kom treën wij dan gemoedig voort" gesing terwyl die optog voortbeweeg het (Steyn, 1940).

Omdat die Engelsgesinde Stadsraad bevrees was vir die emosionele impak van die gebeure is die optog nie toegelaat om in Kerkstraat te stap nie maar moes in 'n systraat, Vermeulenstraat,

beweeg. Hulle is ook nie toegelaat om die amfiteater by die Uniegebou te gebruik nie (Steyn, 1940).

Op die vroue se versoek om 'n petisie aan genl. Smuts te oorhandig het sy sekretaris, J.D. Pohl, soos volg geantwoord:

In opdrag van die Edelaagbare, die Eerste Minister, erken ek ontvangs van u brief van 17 deser, en in antwoord daarop moet ek u meedeel dat die Generaal nie bereid is om die afvaardiging te ontvang nie, daar hul versoek in stryd is met die beleid van die Regering en die besluite van die Parlement. Die Eerste Minister het geen tyd vir party politieke propaganda in stryd met die aangenome landsbeleid nie (Pohl, 1940).

By die Uniegebou het mev. Sannie Broers, Annatjie Stofberg en Nata Eloff die petisie aan die adjunk-Eerste Minister oorhandig. Na die oorhandiging is 'n bidstond gehou wat deur ds. B. Swart van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk en prof. H Wolmarans van die Nederduitsch Hervormde Kerk geleid is (De Ridder, 1940).

Die Rand Daily Mail van 24 Julie 1940 het met snedige kritiek na die gebeure as *political propaganda based on hysteria and emotionalism* verwys. In die Kaapse koerant *Die Suiderlig* is berig:

Die sterk Godsdienstige kleur wat die verrigtinge gekenmerk het, was heeltemal misplaas. Eerstens omdat dit die politieke doel van die betoging moes verhuul en tweedens omdat dit die vrede voorgestel het met 'n nasie wat die Kristendom (sic) uit 'n groot deel van Europa verban het. ... Begryp jou aan dat verligte mense Gods woord kan gebruik om hulle grenselose politieke knoeiery mee te dek (M.S.D. 1940).

Nie een van die Kerklike tydskrifte of geraadpleegde notules het enige verwysing na die oproep tot die optog, of kommentaar oor die gebeure nie. Weens die politieke verdeeldheid in die gemeentes is dit nie gepropageer nie, maar die meerderheid vroue uit die plaaslike gemeentes het daaraan deelgeneem (Booyens, 2000; Engelbrecht, 2010; Naude, 2000; Riekert, 2011; Snyman 2011a; Van Tonder, 2000).

Die redaktrise van Die Gereformeerde Vrou in *Die Kerkblad* skryf soos volg oor die wat deur die interneringsbeleid geraak is:

Dis nie vreemdelinge nie. Dis ons vlees en bloed. Dit is ons volksgenote, ons kerkgenote... Hulle huisgesinne is opgebreek... daar word veel ontbeer, veel gely, veel leed deurleef, baie trane gestort... Stel vas wie in u omgewing geïnterneer is. Gaan soek hul gesinne of dierbares op. Help hulle. Vertrous hulle. Staan hulle by ... en ywer deur u kerkrade en plaaslike outoriteite om mense wat in u gemeenskap of gemeente geïnterneer is los te kry (Du Plessis, 1944 :15).

Du Plessis se beroep gaan oor die gemeenskap wat wyer as die eie kerkverband is omdat dit 'n volksnood was. Die vrouehulp was van 'n meer persoonlike aard. Ds. Coetzee het hieroor geskryf, dat kerke se diens van barmhartigheid oor gemeentelike, kerklike en provinsiale grense gestrek het. "Christenharte het oopgegaan en hande het hulle aalmoese gebring waar die nood van volk- en geloofsgenote bekend geword het" (Coetzee, 1953 :207).

Die Ossewabrandwag Noodhulpfonds het plaaslike dameskomitees in elke dorp gestig waar vroue uit die onderskeie Hollands-Afrikaanse Kerke saamgewerk het, soms met vervoer, soms met kos of finansies en soms net met belangstelling of saam lees en bid (Booyens, 2000; Engelbrecht, 2010; Naude, A, 2000; Riekert, 2011; Van Tonder, 2000). Van Rooy was van mening:

Waarskynlik het die belangstelling en die gees waarin hulp aangebied is, vir hulle nog meer beteken as die stoflike bydraes self. So het die Boerevrou nogmaals bewys dat sy nie te bejammer wil word as sy haar offer vir land en volk moet bring nie (Van Rooy, 1953 :406).

Militêre gesinne wat geraak is deur ongelukke, dood en gevangeneeming het net so ingrypend trauma beleef as die gesinne van gearresteerdes. Meeste vroue van beide groepe se trots en verantwoordelikheid het gesorg dat hulle die situasie verwerk en voortgegaan het. Weduwees of ouers van gesneuweldes het wel van die staat kompensasië of pensioen ontvang, wat hulle in 'n beter posisie geplaas het (Snyman, 2011: Harmse, 2012). In die Hollands-Afrikaanse Kerke is meer aandag gegee aan die gesinne wat deur arrestasie, internering en gevangenisskap geraak is, as aan die militêre geaffekteerdes. In beide groepe was dit die vroue wat mekaar in hulle eie groepe ondersteun het. Oor die vroue se verwerking van die omstandighede skryf Mev. C van Rooy in *Die Kerkblad*:

Dis die vrou wat so besig was dat sy byna nie tyd vir dink of treur het nie wat die beste haar ewewig bewaar het en na die uiterlike altans ongestoord haar gang gegaan het (Van Rooy, 1953 :404).

Op 8 Desember 1940 is Elsa Nel agt dae tronkstraf opgelê omdat sy geweier het om voortvluggendes se skuilplek te verraa. Dit het tot optrede van 'n groot groep Afrikaner vroue in Pretoria gelei. Elke oggend het die vroue in Voortrekkerdrag Potgieterstraat opgestap na die gevangenis toe en daar is oggendgodsdien naby haar selvenster gehou. (Van Tonder, 2000). Elsa Nel was vir hulle nie net 'n politieke gevangene nie maar 'n simbool van 'n groter saak.

Elsa Nel (was) 'n simbool van al die smaad en onreg wat die nasie ly onder die owerheid se hande en van die adel van ons opstand teen die kwaad (F, 1953 :401).

C. Marx verwoord dit so:

The OB heroine Elsabe Nel epitomised the ideal Afrikaans woman. She possessed all the characteristics of the 'Afrikaner woman'. It was the women who showed tremendous courage, spurring their men on in the face of adversity. They were therefore the most important guarantors for the future existence of the Afrikaner volk. (Marx, 2008 :134)

Met haar loslating op 16 Desember is sy deur honderde vroue by die gevangenisdeur as simbool van triomf verwelkom. Hulle het haar met 'n optog na die "Wonderboom-Dingaansfees" geneem waar dr. Van Rensburg die spreker was (F, 1953 :401).

In hierdie optredes het die vroue mekaar geestelik ondersteun. Die militêre gesinne was van hierdie onderlinge band uitgesluit (Snyman, 2008; Booyens, 2000).

Die geval van H.S. van Blerk en J. Visser wat ter dood veroordeel was het die vroue van die Gereformeerde Kerk 'n brief aan genl. Smuts laat stuur om vir begenadiging te vra (Boneschans, 1943 :21).

6.3 GEVOLGTREKKING

Oorlog geaffekteerdes sluit in soldate, krygsgevangenes, geïnterneerdes, politieke gevangenes, sowel as die betrokkenes se gesinne. Pastorale bediening aan hierdie geaffekteerdes veronderstel 'n intense geestelike versorging in die bepaalde traumatiese situasie. Dit kon nie net huisbesoek, Skriflesing en gebed wees nie, maar ook morele ondersteuning deur mede lidmate. Versorging moes ook voorsien het in die maatskaplike nood van die persoon, soos kos, klere en geld. Op meerdere vergaderings van kerke en in kerklike tydskrifte is die diakonale versorging vir hierdie abnormale omstandighede bespreek en besluite is geneem. In 'n gedenkskrif van die Ossewabrandwag word verwys na die stille barmhartigheidsdiens van kerkrade. Daar kan aanvaar word dat predikante hulle gewone pastorale bediening aan die

betrokkenes nagekom het. Omdat gemeentes geworstel het met teenoorstaande sieninge oor die deelname aan die oorlog, was voorsiening aan betrokkenes nie so vanselfsprekend nie. In die geledere van die Nederduits Gereformeerde Kerk was daar 'n Armsorgfonds wat gemeentelede bygestaan het. In die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk het die Ondersteuningsraad gehelp met die versorging van eie lidmate. Die Gereformeerde Kerk het geen organisasie anders as die plaaslike diakonie gehad nie. Kerke het die versorging van geaffekteerdes gerieflik oorgelaat aan buite-kerklike organisasies soos die Ossewabrandwag Noodhulpfonds vir geïnterneerdes se gesinne, en die M.O.T.H's aan die militêr betrokkenes. Omdat kerklike lidmaatskap 'n vereiste vir lede van die Ossewabrandwag was, was kerke dus indirek betrokke by hierdie voorsiening. Gemeentes het ook finansiële hulp aan die Noodhulp fonds gegee.

Die Nederlanders in Suid-Afrika is op twee maniere deur die oorlogsgebeure geraak. Eerstens is hulle oorgegee aan die Nederlandse regering om na eie goeie dinge te handel, en tweedens was daar nie 'n algemene aanvaarding van Nederlanders in die Afrikaner-geledere nie. Hulle moes ook ervaar dat daar weinig kerklike ondersteuning vir hulle was.

Vroue het 'n groot rol gespeel in die morele ondersteuning van betrokkenes. Hulle het mekaar met besoeke bemoedig en versorg. Bykans 10,000 vroue het na die Uniegebou gestap om 'n petisie teen internering en afdankings aan genl. Smuts te oorhandig. Elsa Nel moes tronkstraf uitdien omdat sy Ossewabrandwaglede beskerm het, en ander vroue het daagliks naby haar selvenster godsdiens gehou om haar te bemoedig.

Militêre personeel se afhanklikes is versorg deur die staat se soldy. Families van veegetendes was voortdurend in spanning oor gebeure op die front. Hulle moes pastoraal bygestaan word. Dit kan aanvaar word dat predikante wel hierdie verpligting nagekom het, hoewel daar sommige verwysings daarna in notules gevind is. Mondelinge getuienis dui daarop dat die gemeentelede hulle of vermy of gereserveerd behandel het. Dit het die spanning in gemeentes verhoog. Vir hierdie gesinne was daar buite-kerklike ondersteuning deur die militêre Vroue Hulpdienste.

As daar slegs volgens skriftelike bewyse geoordeel moet word dan blyk dit dat die kerke nie hulle versorgingsverantwoordelikheid teenoor geaffekteerde lidmate nagekom het nie.. Dit is eerder aan buite-organisasies oorgelaat. Pastorale versorging deur predikante is ook nie aangeteken nie, sodat op mondelinge getuienis geoordeel moet word. Daar moet egter gewaak word om uit hierdie getuienis te veralgemeen omdat getuies die gebeure weergee volgens hoe hulle die omstandighede beleef het.

VELDPREDIKERS GEDURENDE DIE OORLOG

Oorsig

- 7.1 Inleiding
- 7.2 Veldpredikersdiens
- 7.3 Beoordeling

7.1 INLEIDING

Die wêreldwye Depressie van 1930 en daarna en die droogte van 1932-33 het groot werkloosheid en armoede tot gevolg gehad. Vanweë hierdie omstandighede het die regering 'n militêre eenheid, die Spesiale Diensbataljon, in 1933 gestig. Die doel van die Diensbataljon was om jong manne tussen 17 en 23 op te lei in een of ander vaardigheid vir die arbeidsmark. Hierdie bataljon het baie jongmanne getrek en die gemeentes van Pretoria, Bloemfontein en Durban het 'n toevloei van jong lidmate ervaar. Met Suid-Afrika se toetrede tot die Wêreldoorlog in 1939 het die militêre situasie drasties verander. Opleidingskampe is op verskeie plekke in die land opgerig waar groot groepe vir opleiding versamel is. Dit het van die kerke 'n ander bedieningspatroon vir die manne in uniform vereis. In elke kamp was soveel lidmate van die onderskeie kerke saamgetrek dat kampe as 'n afsonderlike gemeentes hanteer kon word. Dit was ook nie altyd moontlik om almal per Sondag by 'n plaaslike kerkgebou te kry nie, sodat die kerke moes beplan om predikante beskikbaar te stel vir kerkparades. Weens die uitbreiding van die Verdedigingsmag is 'n spesiale eenheid geskep waardeur die kerke betrokke kon wees by die Verdedigings mag in die vorm van die Kapelaansdiens. Geskikte gewillige predikante het vir bepaalde tye in hierdie eenheid as militêre predikant diens gedoen. Hierdie hoofstuk ondersoek die kerke se beplanning vir en geestelike versorging van weermagslede, tuis en in die oorlogsgebiede. Omdat die beheer en bestuur van die Kapelaansdiens buite die bestek van hierdie studie val, sal die aanloop tot 'n gestruktureerde eenheid net oorsigtelik nagegaan word. Die verwysing na Kapelaansdiens sluit die Afrikaanse Veldpredikers en die Engelse *Chaplains* in.

7.2 VELDPREDIKERSDIENS

In 1930 het die Unieregering dit goedgekeur dat twee predikante as voltydse kapelane vir die Unie se Verdedigingsmag aangestel kon word. Eerw. A.G.O. Coertse, 'n Sendeling van die Nederduits Gereformeerde Kerk is vir die Afrikaanssprekende kerke en Rev. R.F. Strathen is vir die Engelssprekende kerke aangestel. Aangesien daar slegs twee kapelane in die

Verdedigingsmag was, is daar nie afsonderlike eredienste vir soldate in die kampe gereël nie. Lede is in plaaslike gemeentes opgeneem en het eredienste daar bygewoon. In September 1938 is ds. G.R. van Rooyen van die Nederduits Gereformeerde Kerk as tweede Afrikaanse Kapelaan in Bloemfontein aangestel (Potgieter 1971:200). Die grootste konsentrasie van manne was op Voortrekkerhoogte in Pretoria. Spesiale reëlins moes getref word om hulle kerklik te bedien aangesien daar geen Afrikaanse gemeente en kerkgebou in die gebied was nie. Tydens 'n Tussenkerklike Kommissie van die drie Hollands-Afrikaanse Kerke in Mei 1939 is 'n kommissie vir hierdie reëlins aangewys. Die kommissie het bestaan uit dr. W.M. Nicol en ds. J. Krige van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, Dr C.H. Rautenbach en ds. P.J. Smit van die Nederduitsch Hervormde Kerk en, dr. P.J.S. de Klerk en ds. D. Rumpff van die Gereformeerde Kerk. Eerw. A.G.O. Coertse was namens die Unie Verdedigingsmag teenwoordig (Potgieter, 1971 :203). Die volgende reëlins is getref: Die Gereformeerde Kerk sal elke tweede Sondag van die maand 'n predikant na Voortrekkerhoogte stuur vir erediens, kerkisasie en huisbesoek. Die Nederduitsch Hervormde Kerk sal elke vierde week van die maand 'n predikant stuur. Elke eerste en derde Sondag sal die erediens deur eerw. Coertse gelei word (De Klerk, 1939 :22). 'n Week later het die kommissie weer vergader en besluit dat die lidmate van die onderskeie kerke verkieslik deur hulle eie predikante bedien moes word. Die regering is versoek om deeltydse kapelane vir dié kerke aan te stel. Dr. C.H. Rautenbach van die Nederduitsch Hervormde Kerk en ds. D. Rumpff van die Gereformeerde Kerk is hiervoor aanbeveel (Botha, 1994 :15). Die Nederduits Gereformeerde Kerk is deur eerw. Coertse verteenwoordig.

Met Suid-Afrika se toetrede tot die oorlog het die Unie Verdedigingsmag uit 352 offisiere en 5033 ander range bestaan (Van Niekerk, 2002 :124). Nuwe opleidingskampe is op verskeie plekke in die land ingerig en die hoeveelheid soldate het binne maande drasties vermeerder. Vir die kerke het 'n nuwe tyd en vorm van bediening aangebreek. Vanweë die konsentrasie van manne in die kampe het dit noodsaaklik geword om hulle binne hulle kampe te bedien.

Vir die Afrikaanse Kerke was die vertaalde benaming van *chaplin* na kapelaan nie aanvaarbaar Veldpredikers nie. Dit was vir hulle te Engels en is as Rooms ervaar. Op aanbeveling van ds. P.J. Smit van die Nederduitsch Hervormde Kerk is die benaming kapelaan na veldprediker verander. (Nederduitsch Hervormde Kerk, 1940b :8)

Die Tussenkerklike Kommissie het op 12 Maart 1940 met genl. Smuts vergader oor 'n uitgebreide kapelaanseenheid. Smuts het ingewilig dat 25 deeltydse kapelane aangestel kon word. Vir die Afrikaanse kerke is di. P.S.Z. Coetzee en J.E. van Heerden van die Nederduits Gereformeerde Kerk, di. C.S. v H Steenekamp, C.H. Rautenbach en J.C. Dreyer van die

Nederduitsch Hervormde Kerk en di. D. Rumpff, I.D. Kruger en J.V. Coetzee van die Gereformeerde Kerk is vir die Afrikaanse Kerke aanbeveel. Ongeag die versekering van genl. Smuts oor die aanstellings, is net vyf permanente poste goedgekeur. Drie daarvan is aan die Nederduits Gereformeerde Kerk, een aan die Anglikaanse Kerk en een aan die *Free Churches* toegeken (Potgieter, 1971 :219). Die Apostoliese Kerke is voorlopig deur die Nederduits Gereformeerde Kerk en die *Free Churches* bedien. Die ander twee Afrikaanse Kerke het geen toekenning van Veldpredikerposte ontvang nie.

Die Suid-Afrikaanse Polisie het 'n brigade aan die Verdedigingsmag beskikbaar gestel om as soldate aangewend te word. In die polisiemag was die rang of amp van kapelaan onbekend. Polisielede het by plaaslike gemeentes ingeskakel. Die meeste van die brigade is by die Transvaalse Skotse Regiment ingedeel. Die nuwe toevoeging tot die regiment het probleme opgelewer met die kerklike bediening onder die Engelssprekendes. Daar is 'n wag voor die Anglikaanse kerkgebou op Voortrekkerhoogte geplaas om enige lid van die Skotse Regiment wat daar sou opdaag weg te wys. Die verduideliking van die bevelvoerder, Luitenant-Kolonel Dalrymple, was dat as iemand lid van die Skotse Regiment is moes hy 'n Presbeteriaan, dus 'n Protestant wees. Lede van die regiment kan hulle nie met die Anglikane se Roomse leer assosieer nie (Dippenaar, sj:148).

Die verhouding tussen sommige lede van die bevelstruktuur van Verdedigingsmag en die kapelaansdiens was aanvanklik nie baie goed nie. Van die senior offisiere het die diens van Veldpredikers as onbelangrik afgemaak en dit nie as 'n deel van die militêre struktuur beskou nie. Volgens hulle was die Verdedigingsmag slegs op krygsdiens vir oorlogvoering ingestel. Kerk en godsdiens is 'n persoonlike aangeleentheid wat nie deur die Verdedigingsmag gereël word nie. 'n Adjudant-generaal het die opmerking gemaak dat kapelane slegs sentimentele waarde vir sommige lede van die mag het (Van Niekerk, 2002 :135). Die meeste nuwe eenhede, soos Premier Myn te Cullinan, Pietermaritzburg, Potchefstroom en Ladysmith, het gevolglik nie kapelane gehad nie. Plaaslike kerke moes eie reëlings tref om hulle lidmate in die kampe te versorg. Die Engelse kerke het by die regering aangedring dat *Wartime Chaplains* vir die verskillende kerke aangestel moes word (Van Niekerk, 2002 : 130).

Kapelane onder genl. Dan Pienaar het nie hierdie houding ervaar nie. Pienaar self was onbeskaamd 'n Bybelleseer en kerkganger (Hartshorn, 1960 :167). Hy het gereeld eredienste bygewoon en het eredienste as 'n noodsaaklike deel van gevegsvoorbereiding aanvaar (Snyman 2012). Genl. Smuts, hoewel nie 'n aktiewe kerkganger nie, was nie afsydig teenoor godsdiens en kapelaansdiens nie. Hy het 'n Griekse uitgawe van die Nuwe Testament in sy

sak gehad wat hy gereeld gelees het (Beukes, 1994 :9).

Die verhouding tussen die kerk en die militêre owerheid het op organisatoriese vlak vir die kerk probleme opgelewer. Kerk en staat het elkeen vanuit sy eie struktuur geopereer. Die staat het werknemers aangestel en na goeë dinge verplaas. Die kerke moes egter binne hulle eie Kerkwet of Kerkorde optree. Volgens kerklike reëling word predikante nie verplaas nie maar word 'n predikant deur 'n gemeente beroep waaraan hy dan verbonde aan en onder toesig van daardie kerkraad is. Hiervan moes eerw. A. G. O. Coertse, as predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk, deeglik bewus gewees het. Ds. G.R. van Rooyen, die Veldprediker in Bloemfontein is soos 'n staatsamptenaar na die front verplaas, sonder vooraf reëlins met die plaaslike gemeente waaraan hy verbonde was. Teen hierdie "verplasing" het die kerkraad by Coertse beswaar gemaak. Die kerkraad van Bloemfontein-Noord het ds. Van Rooyen nog steeds as die hulp-prediker van die gemeente beskou onder toesig van die kerkraad. Ds. Coertse het die versekering gegee dat "hy sal probeer om voortaan die verlange van die Kerk uit te voer" (Nederduits Gereformeerde Kerk O.V.S. 1941 :256).

Predikante wat aan die Afrikaner Broederbond behoort het, lid van die Ossewabrandwag was, of teen die regering se beleid gekant was kon nie in aanmerking kom vir 'n aanstelling as Veldprediker nie (Kotze, 1989 :36). Daar is nie bewys gevind van so predikant wat gewillig was om in die Verdedigingsmag diens te doen nie.

By die aanstelling van Veldpredikers het die regering drie uitgangspunte gehad. Eerstens moes die manskappe in die veld deeglik bearbei word. Tweedens moes die persone wat aangestel word leraars van die betrokke kerke wees. Derdens moes die aanstellings in noue samewerking met ander kerke wees. Daar is van Veldpredikers is verwag dat elkeen sy pligte na die beste van sy vermoë sal uitvoer en dat hy hom sal onderwerp aan die bepalings van die Verdedigingswet (Unie Verdedigingsmag, 1940). Een van die Veldpredikers, ds. H.D.A. Du Toit, het dit gestel dat daar twee vereistes van die Veldprediker aan die front gestel is. Hy moes 'n optimis wees. Die geestelike arbeid onder vegtendes is moeilik. Nie alle soldate het dieselfde affiniteit met die kerk gehad nie, sodat kerklike bywoning nie belangrik was nie en Veldprediker se besoek nie altyd geleë was nie. Al sou net een persoon opdaag vir 'n erediens moes die Veldprediker voortgaan met die diens. Tweedens moet hy bereid wees om hard te werk, soms van vyfuur in die oggend tot elfuur in die aand (Du Toit, 1942: 555).

Van die Veldpredikers is verwag om die Afrika-Eed of "Rooi-Eed" af te lê en uniform te dra (Nederduits Gereformeerde Kerk, 1940 :320). Met die "Rooi-Eed" het 'n persoon verklaar dat hy getrou aan die Britse Kroon sou wees. Nie alle predikante was geneë om hierdie eed af te lê

nie. Dit sou onvoorwaardelike steun aan die regering se oorlogsbeleid impliseer. Predikante het van die standpunt uitgegaan dat hulle as dienaars van die Evangelie buite politieke voorkeure en binding hulle taak moes uitvoer, en dit het ook gegeld in die posisie as Veldprediker. Die Sinodale kommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk het by die regering aangedring dat Veldpredikers vrygestel moes word van die Eed (Swart, 1942b :743). Die kerk se standpunt was duidelik. Die kerk wou nie kant kies in 'n politieke saak wat die verdeeldheid tussen lidmate in hulle gemeentes kon aanhelp nie. Die predikant moes sy taak kon uitvoer sonder enige politieke binding. Ds. A.G.O. Coertse het op aandrang van die kerke die owerheid versoek dat die Eed verander moes word na die Eed wat deur deeltydse Veldpredikers afgelê is (Kotze, 1989 :45). Na Coertse se vertoë is 'n spesiale eed ingestel wat verskil het van die eed van cvoltydse Veldpredikers. Met die eed is dan verklaar dat die Veldprediker hom nie aan enige ondermynende daad sou skuldig maak nie. Dat hy sy plig as waardige evangeliebedienaar sal uitvoer en dat hy geen militêre geheime openbaar sal maak nie (Van Rooyen, 1942). Dit was vir die predikante aanvaarbaar. Genl. Smuts was deeglik bewus van die sensitiwiteit van die saak in die kerke maar was nie geneë om die eed vir voltydse Veldpredikers te verander nie (Anon, 1943b :187; Gereformeerde Kerk, 1944 :241). Dit het die gevolg gehad dat die Departement van Vredediging sommige van die predikante wat deur die kerke aangewys is as Veldpredikers afgekeur het omdat hulle nie deur die Eed gebind wou wees nie (Botha, 2002 :21).

7.2.1 DIE TAAK VAN DIE VELDPREDIKER

Twee dienste is elke Sondag in die opleidingskamp gehou en kategetiese onderrig is op bepaalde tye aangebied (Botha, 1940 :942). Elke oggend was daar 'n bidparade vir elke eenheid. Die parade het slegs Skriflesing en gebed ingesluit. Die "Onse Vader" is dan as gebed voorgelees (Barrish, 1940 :639). So is voorkom dat 'n Veldprediker enige dogmatiese uitsprake kon maak of kerklike standpunte kon propageer.

In die operasionele gebied aan die front is eredienste en bidparades gewoonlik volgens die heersende omstandighede gereël. Soms het Sondae verbygegaan sonder dat 'n erediens gehou kon word. Die troepe was oor so wye gebied versprei dat eredienste byna elke dag gehou moes word om almal te bereik (Daneel, 1942 :721). Die Veldprediker moes hom skik na omstandighede aan die front. Vir die Protestantse kerke was 'n kerkgebou nie 'n vereiste nie. Eredienste is meestal in tente of in die oop veld gehou. Soms is eredienste agter in vragmotors of in gate onder kanonvuur of net langs loopgrawe gehou (Daneel, 1942 :721). Vir die Roomse

en Anglikaanse kerke was dit egter nie so eenvoudig nie. Hulle het 'n struktuur vereis. Die *St. Pauls* Anglikaanse Kerk van Durban het die nood besef en het op die bak van 'n Ford vragmotor 'n Veldpredikerskantoor ingerig. Vir eredienste is die agterkant afgeslaan om as altaar te dien en 'n tentseil is gespan om vir ongeveer vyftig persone sitplek in die skaduwee te voorsien. Die voertuig was in die Veldpredikersdiens bekend as *St. Pauls on Trek* (Van Niekerk, 2002 :150).

Bediening op die front, waar die dood daagliks sy tol geëis het, het besondere begrip en meeleving van die Veldprediker gevra. Hy moes aanpas by die omstandighede waarin die soldaat hom bevind en moes vir die soldaat die verpersoonliking van die geloofsvertroue, moed en onselfsugtigheid wees waarvan hy gepreek het voor die geveg (Kotze, 1989 :34). B van Niekerk stel dit soos volg:

A word of Scripture or a quick prayer before battle brought much comfort. Much time was spent with wounded soldiers, be it in the field, at a first aid post or at the basehospital. ...They shared their discomforts and hardships, as well as the risk of injury. They endeavoured to make the life of their men easier, happier, more comfortable and more cheerful. By its very nature most of the work was quiet, personal, unobtrusive, and more often than not it escaped notice altogether (Van Niekerk, 2002 :144)

Veldpredikers is in 'n nie-vegtende hoedanigheid aangewend. Met die aanvang van 'n geveg het die Veldprediker normaalweg sy plek saam met die geneesheer by die voorste mediese pos ingeneem. Hier het hy die gewondes bygestaan en bemoedig en na die geveg moes hy toesien dat die gesneuweldes begrawe word. Hy moes ook briewe aan die naasbestaandes skrywe om hulle in te lig oor die dood van die persoon. In sy preke en persoonlike omgang moes hy almal bemoedig en 'n teenwig wees teen enige verlamme swaarmoedigheid (Kotze, 1989 :35).

Rev. F.L. Hughes, die Agtste Leër se senior kapelaan som die kapelaan se taak so op:

- 1 *Eve of battle service*
- 2 *Companionship at zero hour*
- 3 *Service during battles*
- 3 *Helping soldiers to normalise after battles*
- 4 *Burying the dead*
- 5 *Memorial Services*
- 6 *Thanksgiving Services* (Hughes, 1942 :77)

Hoewel die taak van die Veldprediker geestelike versorging was het hulle ook vir ander aktiwiteite gesorg soos koffiekroeë, konserte en sportreëlings. Hy moes as algemene raadgewer persoonlike en eenheidsprobleme oplos, daarom moes hy 'n vertroueling van die soldaat wees. Hy was ook die bewakervan morele waardes. Oorlogstoestande het 'n invloed op die morele standarde van die mens. In slegs een artikel in *Die Kerkbode* is verwys na die “sedelike slagoffers van die oorlog ... wat deur die oorlog verdierlik word” (Anon, 1942b :44). Drankmisbruik en seksuele losbandigheid was van die euwels wat die Veldprediker moes aanspreek. Die teenwoordigheid van onwettige bordele by opleidingskampe is nie in die Afrikaanse kerklike tydskrifte bespreek nie, en ook nie op kerklike vergaderings vermeld nie. Die kerke moes egter deeglik bewus gewees het van hierdie situasie omdat dit openlik bedryf is. Buite die kamp by Cullinan is tente opgeslaan deur agente wat daar bordele bedryf het. Menige soldaat het as gevolg van seksuele losbandigheid met veneriese siektes in die hospitaal beland (Steenkamp, 1966). In die pastorie van die hoof Veldprediker, ds. A.G.O. Coertse, het die biskoppe van Pretoria en Johannesburg aangedring dat die militêre owerheid die bordele moes laat sluit (Van Niekerk, 2002 :138). Die militêre owerheid het nie die mag gehad om die bordele te sluit nie, maar het bepaalde stappe in die verband geneem. Bordele buite kampgebiede is as verbode gebied verklaar, maar die in die woongebiede is steeds druk besoek. In stede soos Kaïro e.a. is “verdachte dele” gesluit verklaar vir enige militêre lede. Die militêre polisie het wagte by hierdie plekke geplaas om soldate daar uit te hou (Nicol, 1944a :185). Volgens sers.maj. D.A. Steenkamp, 'n tenkbevelvoerder in die Spesiale Diensbataljon, het die reëlings van “verdachte gebiede” en militêre polisie nie veel invloed op die aantal besoekers aan die bordele gehad nie (Steenkamp, 1966). Na 'n besoek aan Egipte deur di. W. Nicol en A.J. van der Merwe in November 1943 lewer hulle die volgende verslag aan die Moderature van die Nederduits Gereformeerde Kerk:

Dat dit moeilik is om oor die sedelike lewe van die manskappe 'n oordeel te vel, spreek vanself ... Die goeie fisiese toestand waarin die manskappe hulle bevind, bevestig egter ons oortuiging dat die meeste van die jonge manne ons volk in die vreemde tot eer strek deur hulle gedrag (Nicol 1945 :14).

Waarskynlik was hy van mening dat Afrikanermanne met 'n Calvinisties opvoeding hulle nie tot sulke immorele optrede sou wend nie. Hospitale wat deur predikante besoek is, moes hulle in aanraking gebring het met persone wat opgeneem is weens veneriese siektes. Onder die soldate was dit bekend as “Doze”. Op die pasiënt se bedkaart was 'n aantekening “VD” as aanduiding dat so persoon weens Gonnorree of Sifilis opgeneem is. Vir ander soldate was dit 'n vermaaklikheid dat die predikante nie oor hierdie gevalle enige kommentaar gelewer het of met so pasiënt 'n gesprek gevoer het oor sy toestand nie, “Asof dit nie bestaan het nie” (Steenkamp,

1966). In die jaarboek van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging verskyn 'n artikel oor veneriese siekte waar die geskiedenis en gevolge daarvan bespreek word (German, 1943 :29-31). Daar is egter geen verwysing na die voorkoms van veneriese siekte onder Suid-Afrikaners nie, alhoewel baie soldate dit opgedoen het.

Die Afrikaanse kerke se Veldpredikers is net in die eenhede van die Grondmagte (die leër) ontplooi. Dit het veroorsaak dat Afrikaners in die ander magte soos die Lugmag en Vloot by een of ander Engelse kerk moes inskakel, hetsy Presbiteriaans, Anglikaan of Rooms. Tydens 'n besoek van 'n Suid-Afrikaanse Mynveër, die HMSSAS Imhoff aan Alexandrië in Mei 1942, het genls. J.C. Smuts en P. van Ryneveld die boot besoek. Tydens die besoek is 'n kerkdiens in die menasie gehou wat deur die generaals bygewoon is. Die skeepsjoernaal vermeld nie dat 'n kapelaan of Veldprediker teenwoordig was nie (Gomm, 1973). In 'n verslag van ds. Coertse is vermeld dat daar ongeveer 2000 Afrikaanse vlieëniers in die Middellandse See gebied en in Italië is wat deur die Afrikaanse kerke onversorg gelaat is. Hulle getuig dat hulle enige geestelike hulp aangryp, ongeag van watter kerk ook al (Kotze, 1989 :48). In die krygsgevangekampe waar geen buite-predikante toegelaat is nie, het die gevangenes onder mekaar eredienste gereël waar medegevangene kapelane of Veldpredikers dienste gelei het. Prop. S.J. Henrico, 'n krygsgevangene, is vir 'n tyd in 'n Britse vlootkamp geplaas waar alle eredienste in Engels gehou moes word (Kotze, 1989 :40).

Een van die grootste probleme wat die Veldpredikers in die begin aan die front ervaar het was vervoer. Meeste van hulle moes 'n saamrygeleentheid vra by 'n ambulans of voertuie wat kos of ander voorraad gaan aflewer. Ds. S.W. Burger het bevestig dat hulle afhanklik was van die welwillendheid van ander en dat hy meestal sy werk te voet moes doen (Kotze 1989 :43). Die hoofkapelaan, ds. Coertse, het hierdie saak onder die aandag van die bevelsgroep in Kaïro gebring. Hy het daarop aangedring dat vervoer verskaf moet word, anders moes die veldpredikers na die Unie teruggestuur word. Genl. D. Pienaar het gereël dat veldpredikers van vervoer voorsien word (Van Niekerk, 2002 :152).

7.2.2 VELDPREDIKERDIENS VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK

Die Nederduits Gereformeerde Kerk was reeds voor die oorlog in 'n posisie om binne die struktuur van die Verdedigingsmag die Afrikaanssprekende lidmate te bedien. Eerw. A.G.O. Coertse is in 1930, nege jaar voor die oorlog, deur die Unie Verdedigingsmag aangestel as veldprediker vir die lidmate van die Afrikaanse Kerke.

Ongeag die politieke verdeeldheid in gemeentes het die Nederduits Gereformeerde Kerk van die begin af die noodsaak ingesien om die lidmate in uniform geestelik te versorg. Tydens 'n Moderature vergadering in September 1939 op De Aar is bespreek hoe die kerk vir die geestelike belange van lidmate in militêre diens kan sorg (Anon, 1940c :417). Die verskillende Sinodes spreek hulle goedkeuring hieroor uit. Die Sinode van Transvaal het aan die Moderatuur die volgende opgedra :

om die oog in die seil te hou, en indien en wanneer dit nodig word, te ywer vir die aanstelling van 'n genoegsame aantal veldpredikers by militêre magte wat mag opgeroep word (Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1940 :157).

Die Moderatuur moes ook as skakel tussen die kerk en die owerheid optree (Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1940 :202). In Mei 1940 is di. J.P. van der Spuy en W. Nicol as kommissie aangewys om aanbevelings te maak vir die aanstelling van veldpredikers wat aan die Verdedigingsmag voorgelê kon word (Anon, 1940c :417; Van Niekerk, 2002 :128).

Die Vrystaat se Sinode het as volg besluit:

Bewus van sy goddelike roeping onder die besondere genade om die Woord en Sakramente aan die lidmate van ons Kerk suiwer, te alle tye en oral te bedien, dra die H.E. Sinode dit aan die Alg. Sinodale Kommissie op om in alle ander gevalle versoeke van owerheidsweë in oorweging te neem (Nederduits Gereformeerde Kerk OVS, 1941 :356).

Die Sinode in Natal het ook sy oortuiging uitgespreek dat die Kerk sy verantwoordelikheid teenoor almal wat onder die wapen is ten volle besef (Nederduits Gereformeerde Kerk Natal, 1942 :11). Teen September 1940 het die Nederduits Gereformeerde Kerk reeds 16 voltydse veldpredikers gehad (Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1940 :330). Die eerste Afrikaanssprekende Veldprediker aan die front was ds. Willem Dednam (NG Gemeente Premiersmyn, 1995 :10).

Eerw. Coertse was opgelei as sendeling en was nie 'n geordende predikant van 'n gemeente nie. Dit het hom aan die begin van die oorlog in 'n onbenydenswaardige posisie geplaas teenoor geordende predikante wat as veldpredikers aangestel is. Die ongelykheid is reggestel toe hy in Junie 1940 as predikant van die gemeente Voortrekkerhoogte beroep en bevestig is (Kotze, 1989 :33).

Die onnatuurlike omstandighede van die oorlog het vanselfsprekend veroorsaak dat pastorale bediening en eredienste nie in kerkverband behartig kon word nie, maar in taalverband. Gesamentlike byeenkomste is gewoonlik tweetalig aangebied. Ds. Coertse het met Paasfees 1940 'n interkerklike kerkparade op die Wanderers Sportgronde gereël waar hy en Deken Palma van die Engelse kerk opgetree het. Coertse het hierna jaarliks tydens die Paasnaweek so kerkparade gereël (Anon, 1940a).

Omdat die veldpredikerkorps nie so vinnig ontwikkel het as wat die Verdedigingsmag uitgebrei het nie, is die kerk verwytdat daar nie genoeg gedoen is vir die lot van die manne in uniform nie. Vanaf Augustus 1942 het ds. Coertse in *Die Kerkbode* en met omsendbriewe die gemeentes versoek om gewillige predikante toe te laat om diens te doen (Kotze, 1989 :36). In *Die Kerkbode* van Januarie 1941 is verduidelik dat die weermaglede uit alle dele van die land kom en nie net uit een gemeente nie en dat die plaaslike predikante waar die kampe was in hulle siviele hoedanigheid lidmate in kampe opsoek. In Ladysmith het die twee plaaslike predikante binne enkele weke 2000 lidmate bygekry. Op 28 April 1940 het hulle 'n "spesiale bediening" vir die soldate gereël met 'n nagmaalgeleentheid waar 36 manne as lidmate voorgestel en aangeneem is (Botha, 1940 :943).

Omdat baie jongmanne by die Verdedigingsmagte aangesluit het, was daar vele onder hulle wat nog nie belydende lidmate van die kerk was nie. Daar moes dus voorsiening gemaak word vir die wat wou kerkiseer. Onder normale omstandighede vind kategetiese onderrig onder toesig van die plaaslike kerkraad plaas, maar die buitengewone omstandighede het ander optrede vereis. Veldpredikers in die kampe en die aan die front het besondere moeite gedoen om hierdie jongmanne te kerkiseer. Hierdie "Te Velde aanneming" het aanvanklik nie kerklike goedkeuring gedra nie. Sinode se standpunt was dat aanneming en voorstelling in 'n gemeente onder toesig van 'n kerkraad moes geskiet (Swart, 1942b :743). Die Presbiteriaanse Kerk aan die front het aangebied dat aanneming in Presbiteriaanse dienste gehou kon word deur predikante van die Afrikaanse kerke en dat die name in die Presbiteriaanse Kerk se registers opgeteken kon word. Dit kon later na Suid-Afrika gestuur word om by die Voortrekkerhoogte gemeente aangeteken te word (Van Wyk, 1942 :657). Daar is geen aantekening gevind dat dit gedoen is nie. Die Sinodale kommissie van Transvaal het in April 1942 besluit dat predikante buite die grense van die land na behoorlike voorbereiding van kerkisante wel aanneming en voorstelling kan hou met die verstandhouding dat dit slegs van toepassing sal wees nadat die Sinode dit goedgekeur het (Swart, 1942b :743).

Die nood aan beskikbare veldpredikers is telkens onder die kerkrade se aandag gebring met die versoek dat predikante hulleself beskikbaar moes stel as veldpredikers en dat kerkrade hulle

predikante daarvoor beskikbaar moes stel (Die Kerkbode, 1940 :883; :942; :416 :430; 1941: 98; Handeling Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 1940 :157; Raad van Kerke, 1941 :729). Die statistiek van Maart 1942 toon dat 23% van die Verdedigingsmag lidmate van die Nederduits Gereformeerde Kerk was. Die bediening van die Afrikaanse militêre personeel was bykans geheel in die sorg van die Nederduits Gereformeerde Kerk. Die Nederduitsch Hervormde Kerk het een Veldprediker gehad wat diens in die Noorde gedoen het. Die Gereformeerde Kerk het geen predikant aan die front gehad nie, daarom kan aanvaar word dat lidmate van die ander twee Hollands-Afrikaanse kerke by die statistiek van die Nederduits Gereformeerde Kerk gereken is (Van Niekerk, 2002).

Ds. Coertse was oortuig dat 'n deel van die versorging van die soldaat was om aan elkeen 'n Bybel te voorsien. In November 1940 het hy 'n ooreenkoms met 'n plaaslike amptenaar van die Bybelgenootskap aangegaan vir die druk van Bybels. Die regering sou op eie onkoste en op eie drukmasjiene eksemplare van die Nuwe Testament in Afrikaans druk vir die troepe op die Front. Die Raad van Kerke het die Moderature van kerke gevra om 'n oproep op die lidmate te doen om £1300 bymekaar te maak vir die drukkoste (Raad van Kerke, 1941 :729). Die amptenaar met wie ds. Coertse onderhandel het, het egter nie die finale woord hieroor gehad nie. Die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap het die kopiereg op die druk van die Bybel gehad en ds. Coertse se versoek is geweier. "Hierdie weieringsaankondiging ... het ons as 'n donderslag uit 'n wolkelose hemel getref" berig ds. H.P.M. Steyn. Daar was wel 125,000 kopieë in Londen beskikbaar, maar vanweë beperkte skeepsruimte kon dit nie verskeep word nie. Plaaslike boekhandelaars is hierna genader vir die verskaffing van 50,000 gewone Bybels en 100,000 sakformaat eksemplare (Steyn, 1941 :778). Tagtig duisend Nuwe Testamente is later met die hulp van die Bybelgenootskap aan die front versprei. In Augustus die volgende jaar ontvang die Raad van Kerke 'n brief van dank vir die Afrikaanse Nuwe Testamente wat in die noorde ontvang is. Die brief is onderteken deur genls. Dan Pienaar en I.P. de Villiers (Malan, 1942 :199).

'n Groot kontingent van Suid-Afrikaanse troepe was in Kaïro saamgetrek. Ds. Coertse het met groot moeite daarin geslaag om 'n klein vertrekke bo-op 'n gebou as kerkgebou te bekom. Hy het dit "Die Oppersaal in Kaïro" genoem. Deur bydraes van die soldate kon die vertrek soos 'n Afrikaanse kerkgebou ingerig word. Dit is later selfs vergroot (Van Wyk, 1942 :657). Dit was die enigste Hollands-Afrikaanse kerkgebou in Noord-Afrika.

Sakramente soos die nagmaal vind normaalweg tydens 'n erediens onder toesig van die kerkraad plaas. Die buitengewone omstandighede van die oorlog het buitengewone optrede gevra. As daar geleentheid was is nagmaal aan die front gevier sonder 'n bevestigde kerkraad.

Kerkraadslede wat teenwoordig was het vir daardie geleentheid die funksie van 'n kerkraad vervul (Retief, 1942 :667). Tydens 'n besoek van ds. C.M. Daneel en prop. S.J. Henrico aan 'n artillerie-eenheid is daar moeite gedoen om by die geleentheid nagmaal te bedien en alles daarvoor so in te rig soos wat die soldate dit tuis gewoond was. Drie tente is langs mekaar opgeslaan om as kerkgebou te dien. Saterdagmiddag is voorbereidingsdiens gehou waar 'n aantal katkisanter uit verskillende eenhede voorgestel en aangeneem is. Sondagoggend vroeg was daar 'n biduur en later die nagmaalsdiens. Terwyl die brood en wyn uitgedeel is het die polisie-orkes die "Ave Maria" gespeel. Twee uur die middag is die nabetrachtingsdiens gehou (Daneel, 1941 :850).

Nog 'n Nagmaalsviering wat aangeteken is was op Sondag 25 Maart 1945 aan die front in Italië. Hier is ook 'n aantal jong manne voorgestel deur ds. C.M. Daneel. Die nagmaal is deur ds. M.D.V. Cloete waargeneem. Hier is ook vir die eerste maal gebruik gemaak van die nuwe Hallelujaboek wat in Suid-Afrika in gebruik geneem is (Laubscher, 1945 :335).

Onder leiding van Afrikaanse veldpredikers is Dingaansdag op Dinsdag, 16 Desember 1942, in Nairobi gevier. Die soldate het na die diens 'n begraafplaas aangelê vir die wat vroeër daar gesneuwel het (Anon, 1943c).

Met die uitbreiding van die Verdedigingsmag is ook vroue in diens geneem. 'n Opleidingseenheid is in Port Elizabeth vir hulle ingerig. Konserwatiewe Afrikaners het die kamp gesien as 'n plek van immoraliteit. Die skrywer Erlank⁴² het hom duidelik daaroor uitgespreek: "Die toekomst van die volk hang van die vroue van Suid-Afrika af. Daarom moet hulle nie in militêre kampe geplaas word vir die gerief van ge-uniformde immoraliteit nie" (Terblanche, 2013). Ds. J.P. le Roux is deur die kerk as veldprediker vir hierdie eenheid aangewys. Hy en sy vrou het besondere moeite gedoen met maatskaplike en geestelike sorg vir die dames (Le Roux, 1942 :343).

7.2.3 BEDIENING AAN KLEURLING EN SWART SOLDATE

Met die uitbreiding van die oorlog is ook 'n korps vir Kleurlinge en Swartes gestig. Die Raad van Kerke het met ds. Coertse onderhandel dat daar ook vir die korps kapelaansbediening sou wees (NederduitsGereformeerde Kerk, 1941 :99). Aanvanklik is besluit dat alle veldpredikers

⁴² W.J du P. Erlank (Eitemal). Oor hierdie uitspraak op 'n Afrikaanse Kultuurvereniging vergadering in Sept. 1942 is hy gearresteer en geïnterneer.

(blankes) moes omsien na die nie-blanke lede in die eenheid waar hulle ingedeel is. In Oktober 1940 het ds. Coertse aan die kerke kennis gegee dat slegs blanke veldpredikers vir die Swart en Kleurling eenhede aangestel sou word. Eerw. P.J. Theunissen en eerw. V. Vihahn het aangebied om onder hulle te werk. Dit is deur die owerheid toegestaan (Nicol, 1944b:167). Dit het spoedig geblyk dat hierdie soldate aan die front by baie Eenhede nie kerklik versorg was nie. Op 26 Februarie 1942 is die eerste Swart kapelaan aangestel. Later is nog enkeles aangestel. Hierdie kapelane is nie op gelyke vlak as blankes aangestel nie en is swak behandel deur hulle blanke seniors (Van Niekerk, 2002 :141). Volgens Grundelingh het die kapelane vir hierdie troepe 'n dubbele funksie gehad. Hulle het die soldate geestelik bedien en moes ook die moraal van die soldate hoog hou. Die soldate, wat in nie-gevegseenhede aangewend is, is deur blanke soldate as minderwaardig behandel. Dit het tot onrus onder die Swart soldate van 1 Bataljon gelei. Na 'n ses weke se onrus het die bevelvoerder 'n verpligte kerkparade gereël met opdrag *for the Padre to talk on snakes in the grass* (Grundlingh, 1986 :6). Eerw. P.J. Theunissen het aan die moderature vergadering van November 1941 geskryf dat daar baie kleurlingsoldate is wat front toe vertrek het maar wat nog nie belydende lidmate van die kerk was nie. Hulle wou graag aangeneem en voorgestel word. Hy het versoek dat dit onder die aandag van die blanke veldpredikers op die front gebring sou word sodat hulle spesiale sorg moet maak om die soldate te kerkiseer (Grebe, 1941 :981). Vanweë die kerk se beleid van geen gelykstelling nie, is aparte kerkdienste vir die Nie-blankes gereël. By die Eerste Divisie, waar ds. S.W. Burger vir 'n tyd die veldprediker was, het hy elke Sondag aparte erediens vir die Swartes by die hoofkwartier gehou (Kotze, 1989 :38). Omdat daar min veldpredikers vir die groepe was is hulle meestal deur die Presbiteriaanse kerk bedien (Nicol, 1944b :167). Eerw. R.H.W. Shepherd, sameroeper van die letterkundige afdeling van *The Christian Council of South Africa*, berig in *Die Kerkbode* dat daar pogings aangewend is om vir die Swart troepe Bybels, Nuwe Testamente, gebedeboeke en ander Christelike literatuur in Sesotho Xhosa en Zoeloe te voorsien (Van der Westhuyzen, 1942 :121).

Een van die bekendste veldpredikers van die Nederduits Gereformeerde Kerk was Eerw. M.D.V. Cloete, alombekend as "Doempie". Hy het die Militêre Kruis vir dapperheid verwerf omdat hy onder hewige vyandige vuur gewondes uitgedra het om versorg te word (Wulfsohn, 1996 111).

Gedurende die oorlog het verskeie afgevaardigdes van die Sinodes die veldpredikers in die Noorde besoek (*Die Kerkbode*, 1941 :850; 1942 :657; :667; 1943 :145; 337; 1944 :16; :63 :103; :127; :167; :185; :187; :225; 1945 :219; 1945 : 219; Nederduits Gereformeerde Kerk Natal, 1945 :10).

Na Duitsland se oorgawe op 7 en 8 Mei 1945 het die Suid-Afrikaanse troepe vir nog 'n tyd in Italië gebly. In Rome het die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Vrye Kerk op 30 Mei 1945 'n veldpredikersvergadering gehou. Van die Nederduits Gereformeerde Kerk was di. A.G.O. Coertse, J.H. Lourens, D.R. van der Meulen, J.A. Malherbe, Eerw. C.W. de Kock en G.C. Oosthuizen teenwoordig. Die doel van die konferensie was voorbereiding vir die terugkeer na 'n normale lewe (Horn, 1945 :363). Die Sesde Divisie se veldpredikers was nie teenwoordig nie. Hulle het reeds in Maart 'n vergadering van alle Protestantse veldpredikers van die Divisie gehou met die oog op die beëindiging van die oorlog. Tydens die Rome vergadering is besluit om 'n dankwoord aan die kerk in Suid-Afrika na *Die Kerkbode* te stuur vir al die hulp wat gedurende die oorlog ontvang is (Coertse, 1945 :76). Tydens hierdie konferensie was daar ook 'n aantal jong manne vir katekisasie-onderrig. Hierdie was manne wat moontlik predikante wou word en dit was 'n voorbereiding vir toekomstige teologiese studies (Van Eeden, 1945 :990).

7.2.4 VELDPREDIKERS VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

Gedurende die Rebelle van 1914 en enkele jare daarna was baie lidmate erg gekant teen verdedigingsmag lede in die gemeente. Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1919 is die vergadering versoek:

Om geen krijgsoffisier als lid van den kerkraad toe te laten, en om iemand in uniform van die Verdedigings Macht te beletten tijdens de Godsdiensttoefening in de kerk te komen (Nederduitsch Hervormde Kerk, 1919. no 9).

Die vergadering is egter nie deur lidmate se persoonlike voorkeure beïnvloed nie en het die versoek afgekeur. Die vergadering was oortuig dat die Nederduitsch Hervormde Kerk die verantwoordelikheid het om lidmate wat by die Unie Verdedigingsmag aangesluit het pastoraal te versorg ongeag die afkeur van ander teenoor die soldate.

Toe eerw. Coertse van die Nederduits Gereformeerde Kerk in 1930 deur die Unie Verdedigingsmag as Veldprediker aangestel is, het die Nederduitsch Hervormde Kerk ernstig beswaar gemaak. Eerstens is gemeen dat 'n kommissie van die "Hollandse Kerke" byeengeroep moes gewees het om 'n aanbeveling te kan maak. Tweedens was daar beswaar omdat Nederduitsch Hervormde lidmate deur 'n Sendeling en ongeordende predikant bedien moes word (Nederduitsch Hervormde Kerk Handeling, 1930 :211). Dit het by baie lidmate en kerkrade 'n negatiewe gevoel teen die Verdedigingsmag gelaat. Hierdie houding het na die oorlog geleidelik verander en die Verdedigingsmag se reëling is verdra (Botha, 1994 :13).

In 1935 het die Algemene Kerk Vergadering die militêre owerheid versoek dat 'n tweede predikant vir die opleidingseenhede op Voortrekkerhoogte aangestel word. Hulle aanbeveling was dat hy uit die geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk moes kom (Nederduitsch Hervormde Kerk, 1936 :44). Die versoek is egter nie deur die minister toegestaan nie omdat die lidmaatgetalle van die Nederduitsch Hervormde Kerk dit nie geregverdig het nie. Met die uitbreek van die oorlog was die permanente lede van die Verdedigingsmag 5033 en 352 offisiere (Van Niekerk 2002 :124). Lidmate van die Nederduits Hervormde Kerk was 256 (Botha, 1994 :14).

Die Unie se toetrede tot die oorlog het veroorsaak dat baie manne in die opleidingskampe opgeneem is. Binne drie maande het die Nederduitsch Hervormde kerk se aantal lidmate tot 303 aangeegroei. In die Algemene Vergadering van 1940 is gevra dat kerkrade en families die besonderhede van lidmate wat na Voortrekkerhoogte vir opleiding sou kom, na Pretoria-Wes gemeente moes stuur (Nederduitsch Hervormde Kerk, 1940b :8). Die kommissie vir die bediening op Voortrekkerhoogte het die benaming gekry van die Hoogte Kommissie. Predikante wat by die kampe op Voortrekkerhoogte dienste waargeneem het was di. P.J. Smit (Springs), S. Vermoten (Pretoria), J.J. Prinsloo (Rustenburg) en prof. J.H.J.A. Greyvensteijn (Botha, 1994 :15). Ds C.S. van Heerden Steenekamp van Noordwestelike Pretoria is later by die Hoogte Kommissie gevoeg (Nederduitsch Hervormde Kerk, 1940a :235).

Op 7 Februarie 1940 het die Hoogte Kommissie kol. D.H. Pienaar, die bevelvoerder van Voortrekkerhoogte, ontmoet en weer versoek dat 'n voltydse Veldprediker aangestel word. Ds. J.P van den Berg van Bloemfontein is voorgestel (Nederduitsch Hervormde Kerk, 1940a :262). Die militêre owerheid het die versoek goedgekeur. Ds. van den Berg het die aanstelling aanvaar en het geen probleem gehad om die "Rooi Eed" af te lê nie. In September 1941 is hy na die Noorde gestuur vir aktiewe diens met die rang van kaptein. Sy aanstelling was net tydelik vir een jaar (Potgieter 1971 :220). Sy laer offisiërsrang het meegebring dat hy ondergeskik was aan ander veldpredikers en ander offisiere in die eenheid. Dit het veroorsaak dat hoër range hom ook so behandel het. In die eenheid waar hy geplaas was, was hy die enigste Nederduitsch Hervormde lidmaat. Omdat 'n veldprediker aan 'n bepaalde eenheid toegewys is kon hy nie eie lidmate in ander eenhede besoek nie. Sy situasie was vir hom uiters onbevredigend en hy skryf aan die skriba van die Algemene Kerkvergadering:

Soos die posisie nou is, mag dit belangrik wees vir die Kerk dat ek in die veld is, maar die lede van ons Kerk individueel trek feitlik geen voordeel daaruit nie (Nederduitsch Hervormde Kerk, 1941 :2).

Op 2 Desember 1941 het 'n afvaardiging van die kerk genl. Smuts ontmoet oor die kapelaansdiens. Tydens die besoek het genl. Smuts toegestem dat 'n Herderlike Brief op staatskoste gedruk kon word en aan die lidmate van die kerk gestuur kon word. In die brief is die lidmate bemoedig en is verduidelik dat dit nie moontlik vir ds. Van den Berg is om almal te besoek nie (Nederduitsch Hervormde Kerk, 1942 :71). Met die vergadering is ook versoek dat ds. Van der Berg tot majoor bevorder word sodat hy sy bevel van die Hoof Veldprediker kon ontvang. Die versoek is nie toegestaan nie (Nederduitsch Hervormde Kerk, 1942).

Die Algemene Kerk Vergadering het 'n kommissie vir die bearbeiding van die Militêre kampe aangewys. Deur hulle bemiddeling met die militêre owerheid is Prof. C.H. Rautenbach vir Sonderwater, ds. C.S. v H. Stenekamp vir Voortrekkerhoogte, ds. J.G. Dreyer vir Potchefstroom en ds. J.P. vd Berg vir Bloemfontein as deeltydse veldpredikers aangestel. Op daardie stadium was dit nog nie verpligtend vir veldpredikers om die "Rooi-Eed" af te lê nie (Nederduitsch Hervormde Kerk Notule, 1942 :28). Hierdie eed was vir die meeste predikante 'n probleem. Van 19 predikante wat gevra is of hulle bereid was om die eed af te lê, het 17 geweier (Botha, 1994 :21). Ds Coertse het self 'n probleem met die aflê van die eed deur deeltydse veldpredikers gehad. Hy het hieroor aan die Adjudant-Generaal geskryf:

... any part-time chaplain who takes the Africa-Oath takes a false oath. He solemnly swears "A" knowing that he cannot be sent away from his present sphere of work (Coertse, 1941).

Na Coertse se verhoë is 'n spesiale eed vir deeltydse veldpredikers ingestel wat verskil het van die eed van voltydse veldpredikers. Met die eed is dan verklaar dat die Veldprediker hom nie aan enige ondermynende dade sou skuldig maak nie. Dat hy sy plig as 'n waardige evangeliebedienaar sal uitvoer en dat hy geen militêre geheim openbaar sal maak nie (Van Rooyen, 1942). Dit was vir die predikante aanvaarbaar omdat dit geen bindende eed aan die Britse gesag was nie.

7.2.5 VELDPREDIKERS VAN DIE GEREFORMEERDE KERK

Predikante van Gereformeerde Kerk het geen rol vervul aan die front nie. Soos hierbo aangetoon is die bediening van soldate van die Hollands-Afrikaanse Kerke reeds in Mei 1939 gereël deur die Tussen Kerklike Kommissie.

In September 1940 is bekend gemaak dat ds. J.V. Coetzee toegelaat is om dienste in die militêre kamp op Potchefstroom te hou (Gereformeerde Kerk. Potchefstroom, 1942. art 7):37).

Omdat die Gereformeerde Kerk se lidmatetal in die Verdedigingsmag klein was, kon die kerk nie aanspraak maak op 'n voltydse veldpredikerspos nie. 'n Toegewing is eers wel later gemaak. Ds. J.V. Coetzee het aan die Klassis Rustenburg geskryf dat 'n kolonel van die Verdedigingsmag die Gereformeerde Kerk versoek het om 'n predikant as voltydse veldprediker aan te wys. Ds. Rumpff was bereid om so 'n aanstelling te aanvaar. Coetzee was van mening dat dit dadelik by genl. L. Beyers, die minister van Verdediging, bepleit moes word. Hy skryf aan die Klassis dat dit nodig is om die saak by die minister te bepleit omdat ds. Coetzee, die Hoof Veldprediker, nie die Gereformeerde Kerk goedgesind is nie.

Hy is oorsaak daarvan dat Gereformeerde Predikante op plekke waar militêre kampe gevestig is, geen aanstelings tot deeltydse veldpredikers vir Gereformeerde lidmate gekry het nie (Coetzee. 1941h :16).

Die Sinode van 1942 bespreek die moontlikhede van die bediening van oorlog geaffekteerdes. Die predikante in Pretoria, nl. di. P.J.S. de Klerk van Pretoria-Oos, J.M. de Wet van Innesdal en J.A. Schutte van Pretoria gemeente en J.V. Coetzee, Potchefstroom gemeente is aangewys as Deputate om die nodige reëlins met die owerheid te tref vir die bearbeiding van lidmate in uniform, interneringskampe en gevangenes. Hulle opdrag was om:

- a Met die leer- en ander outoriteite te onderhandel oor die geestelike versorging van lidmate van die Gereformeerde Kerk.
- b Toe te sien dat die geestelike versorging van die betrokke lidmate behartig sal word.
- c Namens die sinode 'n leraar of leraars aan te wys langs kerklike weg vir bediening van bogenoemde lidmate.
- d In verbinding te treë met leraars waar militêre of interneringskampe is en te reël dat sulke leraars die nodige fasiliteite verkry vir bediening van lidmate wat daar mag wees.
- e Verder alles te doen wat vir bogenoemde doel nodig mag wees (Gereformeerde Kerk, 1942:198).

Die genoemde predikante is as deeltydse Veldpredikers aangestel, maar vir die geïnterneerdes en gevangenes is geen toegewing gemaak nie.

Tydens 'n kerkraadsvergadering op Potchefstroom (Junie 1942) het ds. J.V. Coetzee die kerkraad meegedeel dat hy van die regering verlof gekry het om as deeltydse veldprediker lidmate in die Potchefstroomse kampe te besoek op bepaalde voorwaardes:

- a) hy sal geen militêre geheime openbaar wat tot sy ore mag kom terwyl hy besig is om amptelike werk in die kamp te verrig nie;
- b) Hy sal sy amptelike werk verrig op 'n wyse wat 'n evangeliedienaar waardig is.
- c) Hy mag geen lid van die O.B. wees nie.
- d) Hy moet 'n verklaring onderteken dat hy nie die oorlogsbeleid van die regering sal teëwerk solank as wat hy in die kamp sy arbeid verrig (Gereformeerde Kerk Potchefstroom, 1942. art. 7).

Ds. Coetzee het elke Dinsdagaand kategetiese onderrig by die Jeugbrigade gegee. Hier was ongeveer 100 lidmate van die Gereformeerde Kerk. Hy het £7.10.0 per maand as vergoeding ontvang. Hierdie reëlins was vir sommige kerkraadslede nie aanvaarbaar nie. Die vraag by die kerkraad was of ds. Coetzee die kamp besoek in opdrag van die kerkraad en kerkisasie gee in opdrag van die kerkraad, of is dit 'n reëling van die owerheid. Oudl. J Chris Coetzee het gemeen dat die vergoeding prinsipieel verkeerd was want dan het die regering "jurisdiksie" oor die kerk gekry, en daarmee "jurisdiksie" oor ds. Coetzee (Gereformeerde Kerk, 1942. art 7).

Hoewel die kerkraad nie beswaar gehad het dat die predikant eredienste in die kamp hou nie, het oudl. S.J. du Toit beswaar gemaak dat ds. Coetzee nie die aanstelling as veldprediker met die kerkraad bespreek het nie, maar wel met prof. J.D. du Toit van die Teologiese Skool wat nie die kerkraad verteenwoordig nie. Artikel 6 van die Gereformeerde Kerk se Kerkorde bepaal immers:

Geen bedienaar van die Woord mag onder 'n beskermheer of gestigte of op 'n ander wyse diens van die Woord aanvaar nie, tensy hy daarvoor toestemming verkry het en toegelaat is volgens die voorgaande artikels; en hy is ook net soos die ander aan die Kerkorde onderworpe (Gereformeerde Kerk Kerkorde, 1933 :55).

Ds. Coetzee se verweer was dat hy in opdrag van die Sinodale Deputate optree. Na 'n lang bespreking besluit die kerkraad om wel toestemming te gee op voorwaarde dat die bediening onder toesig van die kerkraad sal geskied, dat die gemeente nie geestelik of finansieel skade sal lei nie en dat 'n kommissie van toesig en advies uit die kerkraad aangestel moes word wat gereeld aan die kerkraad sou rapporteer (Gereformeerde Kerk. Potchefstroom Notule, 1942. art.

7). Die kerkraad was steeds nie eens oor die vergoeding aan ds. Coetzee as veldprediker nie en het aan die Klassis die volgende vraag gestuur:

... of dit prinsipieel verkeerd is dat die dienaar v/d Woord vergoeding ontvang van 'n liggaam buite die Kraad (sic) om, vir arbeid wat hy verrig in opdrag van die Kraad (sic) (Gereformeerde Kerk Klassis, 1943 :222).

Die Klassis het geen beswaar gehad dat die owerheid finansiële vergoeding gee nie en het ook hulle dank uitgespreek aan al die betrokke predikante wat bereid was om as veldpredikers op te tree. Teen 1944 was daar nege tydelike veldpredikers aangestel. Ds.H.J.R. du Plessis van Bronkhorstspuit het nie die benoeming as tydelike veldprediker "soos wat Smuts versoek het" aanvaar nie, want die departement van Verdediging sou nie sy reiskoste betaal nie. Die rantsonering van brandstof was vir die kerkraad 'n onoorkombare probleem (Gereformeerde Kerk Bronkhorstspuit, 1954

Ds. J.H. Kruger van Postmasburg was die enigste predikant wat bereid was om as 'n voltydse veldprediker diens te doen. Die Deputate van die Sinode het ds. Kruger versoek om as voltydse veldprediker vir die Militêre kamp te Kimberley op te tree. Hierdie versoek van die Deputate is op 17 April 1942 deur die kerkraad goedgekeur en aan ds. Kruger is ses maande verlof toegestaan (Gereformeerde Kerk Postmasburg, 1942 :44). Hoewel daar in die kerkverband spanning was oor die oorlog en tussen uniformdraers en nie-draers was ds. Kruger se standpunt:

"dat die oorlog niks met die Koninkryk van God uit te waai het nie en dat hy nie kan toesien dat die jongmanne in die Noorde moet veg sonder Christelike vertroosting nie" (Hoskin, 2010).

Ds. Kruger het waarskynlik nie die "Rooi-Eed" afgelê nie.⁴³ Hy het ook nooit die geleentheid gehad om Gereformeerde lidmate aan die front te besoek nie. Die Gereformeerde Kerk het nie op enige stadium 'n predikant by die soldate in die noorde gehad nie. Lidmate in aktiewe diens het gewoonlik die dienste van die Nederduits Gereformeerde Kerk of die Vrye Kerke bygewoon (Snyman, 2010).

7.2.6 AFRIKAANSE VELDPREDIKERS ONDER KRYGSGEVANGENES

⁴³ Volgens foto's van ds. Kruger word geen "lussie" van die Afrika Eed vertoon nie.

Twee Veldpredikers van die Nederduits Gereformeerde Kerk was onder die krygsgevangenes nl. ds. S. W. Burger en proponent S.J. Henrico. Ds. Burger was die predikant van Paulpietersburg. Hy het by sy kerkraad demissie aangevra om as veldprediker na die oorlogsfront te kon gaan. Hy het die eerste twaalf van vyf duisend Afrikaanse Nuwe Testamente wat vir die soldate gedruk was, saamgeneem. Sewe daarvan is aan Nederduits Gereformeerde veldpredikers wat toe aan die front was gegee en vyf is aan senior offisiere gegee (Kotze, 1989 :37).

Met die slag van Sidi Rezegh op 23 November 1941 is ds. Burger saam met Regiment Louis Botha gevange geneem. By Bengazi, die deurgangkamp, is hulle in *the Cage*⁴⁴ aangehou vir etlike dae voor hulle na Italië verskeep is (Du Preez, 1973: 34). Vivian Rees-Bevan, 'n krygsgevangene in *the Cage* het die algemene gevoel van die gevangenes as volg beskryf:

It is not just the feeling that you are suddenly leaderless, that there is no order, but a sense of total demoralisation ... You lost all hope and all faith. You didn't know whom to talk to, you didn't know what to do ... it is indescribable (Rees-Bevan, 1992 :195).

Volgens hom was die eerste tyd in die deurgangskamp 'n tyd van ontnugtering en uiterste emosionele ervaring van depressie tot aggressiwiteit. Aan die gevegsfront was elke dag vol van 'n hoë vlak van spanning. Enige oomblik kon die vyand toeslaan en tydens 'n geveg was daar deurentyd die moontlikheid om 'n slagoffer te wees. Die adrenalien het sterk gevloei in die are in die gevegsituasie as die soldaat het deur opleiding en instink 'n gevegswerktuig geword het. Hierdie spanning is na die geveg ontlaai deur gesprekke oor gemeenskaplike ervaring. In die krygsgevangene hok was die spanning weg. Daar is geen gevegsgevaar nie en hy is gestroop van enige verantwoordelikheid. Elkeen het op sy manier probeer sin maak van die onnatuurlike situasie waarin hy hom bevind het. Hulle was vasgehou in 'n beperkte ruimte wat met duisende andere gedeel moes word. Die kampinwoners het vanself die kamp in twee verdeel met die Afrikaners een kant en Engelse aan die anderkant. In hierdie verwarrende situasie is in die een hoek van die kamp vendusie gehou van klere en sigarette en paar tree verder is 'n biduur gehou (Du Preez, 1973: 34-44). Ds Burger het hom binne hierdie verwarrende, verwilderde situasie bevind. Van die eerste dag het hy aandgodsdienste vir die rondom hom gehou om 'n mate van normaliteit in die situasie te skep (Kotze 1989 :38).

In Italië is ds. Burger na Kamp 41 op Piacenza naby Milaan gestuur waar die offisiere gevange gehou is. Omdat die meerderheid hier Engelssprekendes was en daar geen predikant van die

⁴⁴ "The Cage" was 'n doringdraad vierkant met wagte wat rondom gestaan het.

Vrye Kerke was nie het ds. Burger alle dienste in Engels gehou. Hy het ook van die begin af gereël dat daar elke aand huisgodsdiens gehou is en dit het hy in elke kamp waarheen hy oorgeplaas was volgehou totdat hy vrygelaat is (Vorster, 2010: Kotze 1989 :38). Op 16 Desember 1941 het hy 'n Geloftefees onder 'n eikeboom by Brindisi in Italië gehou. Vir die vier jaar wat hulle gevangenes was het hy elke volk- en kerklike feesdag as 'n spesiale geleentheid gereël. Volgens die Geneefse Konvensie kon kapelane teruggestuur word na hulle land van herkoms omdat hulle nie-vegterendes was (Hughes, 2011:107). Burger wou nie van die aanbod gebruik maak nie. Daar was geleentheid waar hy uit die kamp kon ontsnap maar het hy geweier omdat hy nie die ander in die steek wou laat nie. Hy is later oorgeplaas na 'n kamp vir manskappe waar hy die enigste Afrikaanssprekende predikant was. Vir 'n tyd het hy sewe eredienste per Sondag gehou, oa. 'n aparte diens vir Kleurlinge (Kotze, 1989 :38).

In Duitsland was ds. Burger en prop. S.J. Henrico vir 'n tyd saam in een kamp. Henrico is later oorgeplaas na 'n Britse Vlootkamp waar net Engelssprekendes was (Kotze, 1989 :38). Ds. Burger was later deel van die "Lang Mars" van Februarie 1945 toe 80,000 krygsgevangenes uit Pole moes stap tot in Duitsland. Tydens hierdie mars het hy medegevangenes bemoedig en saans huisgodsdiens gehou vir die wat om hom was (Vorster, 2010).

In 'n kamp vir manskappe is 'n krygsgevangene, Aubrey Headcore, as klerk vir alle kerkgroepe aangestel om 'n lys op te stel van die kerklidmaatskap van elke gevangene (Anon. 1943d Jan. 22). In *Stalag 1VBT Mühberg* is weekliks berigte oor kerkdienste in die kampkoerant *The Observer* gepubliseer (Leigh, 1992 :122).

Deur bemiddeling van die Rooikruis het die Christelike Jongeliedevereniging van Suid-Afrika aan die Afrikaanse krygsgevangenes Bybels, Gesangboeke, skryfbehoeftes en kuns benodighede voorsien (Vorster, 2010).

Nie alle gevangenes het behoefte aan kerk of geestelike gesprekke gehad nie. Sommige was ontnugter deur die gebeure en het apaties teenoor godsdiens geword.

A. Barker⁴⁵ het bevind:

It appears that belief, trust and faith in God is a paramount force for some prisoners of war in some circumstances, and probably for many men during brief intervals. Much

⁴⁵ Luit.Kol. Arthur Baker, Britse Militêre Historikus

depends on religious upbringing and teaching; much more depends on food (Leigh, 1992 :122).

Karin Horn se studie oor krygsgevangenes bespreek ook hierdie siening oor godsdiens in die kampe. Horn, wat 'n aantal oud-krygsgevangenes ondervra het, het gevind dat godsdiens vir baie geen belangrike en volhoubare rol in die kamp gespeel het nie. Sommige het eredienste bygewoon slegs om van die eentonigheid van die kampe te ontsnap (Horn, 2010 :225). M de Lisle, een van die ondervraagdes het gemeen:

Religion was 'n private matter and not really much of a factor [during captivity], we said our own prayers obviously, ... but it wasn't a public thing at all (2010 :225).

Volgens Horn is dit nie seker dat 'n persoon se geloofsmeelewing van erediens en aanbidding voor sy gevangeneneming sy geloof optrede na sy gevangeneneming sou bepaal nie. *There is little evidence that imprisonment itself encouraged religious faith or deepening adherence* (2012: 225). Dit bevestig wat 'n gevangene aan kol. A. Barker meegedeel het: *he had observed no evidence of interest favourable or otherwise towards religion.*

In *Die Kerkblad* en *Die Hervormer* is geen melding gemaak van die geestelike versorging van krygsgevangenes of hulle families nie, asof dit nie bestaan het nie of asof niemand van die kerke daarby betrokke was nie.

7.3 GEVOLGTREKKING

Suid-Afrika se toetrede tot die oorlog het 'n nuwe fase in die geestelike versorging van miltêre lede gebring. Met Suid-Afrika se toetrede tot die oorlog was daar nie 'n uitgebreide Kapelaanskorps vir die Unie Verdedigingsmag nie. Aanvanklik het die totale kapelaansdiens bestaan uit slegs een predikant vir die Afrikaanssprekendes en een vir die Engelssprekendes. Die soldate het normaalweg ingeskakel by plaaslike gemeentes naby kampe. Die Hollands-Afrikaanse Kerke het van die begin af die noodsaak besef van bediening aan die Verdedigingsmaglede. 'n Tussen Kerklike Kommissie van die Hollands-Afrikaanse Kerk het die bediening van lidmate op Voortrekkerhoogte gereël. Weens die uitbreiding van die Verdedigingsmag het die Kommissie die owerheid versoek om ekstra Kapelane aan te stel. Hierdie versoek is toegestaan en 'n Kapelaanskorps is gevorm met ds. A.G.O. Coetzer as hoofkapelaan. Kapelane is onder bepaalde voorwaardes aangestel. Hy mag nie lid van die Afrikaner Broederbond of die Ossewabrandwag wees, of teen die regeringsbeleid gekant wees

nie. Op versoek van die Afrikaanse kerke is die benaming kapelaan na veldprediker verander. Hoewel sommige senior offisiere teen die aanstelling van kapelane was het offisiere, soos genl. Pienaar godsdiens as 'n integrale deel van voorbereiding vir gevegte aanvaar. Pastorale bediening het soldate bemoedig en persoonlike probleme is deur die veldprediker hanteer sodat die eenheid se bevelstruktuur nie met die persoonlike sake belas was nie.

In die buitengewone omstandighede van oorlog moes predikante diens lewer in kampe en eenhede waar daar geen gemeentestruktuur bestaan het nie. Vir die militêre owerheid, in sy hantering van massas, kan kerkverband nie 'n rol speel nie. Afrikaanssprekendes is in een groep bedien, ongeag kerklike en dogma verskille. Die Engelssprekendes is verdeel in Protestante en Katolieke. Soms is Afrikaanse veldpredikers na Engelssprekende eenhede gestuur en andersom. Tuis en aan die front is, sover moontlik, met normale kerklike aktiwiteite voorgegaan van erediens, nagmaal, katkisasie en Belydenisaflegging. Veldpredikers is net by grondmagte ingedeel in 'n nie-vegtende hoedanigheid. Geestelike versorging was nie net kerklik van aard nie. Die veldprediker moes ook sosiale aktiwiteite soos koffiekroeë en sport geleenthede gereël het.

Deeltydse veldpredikers het slegs in opleidingseenhede in Suid-Afrika diens gedoen, terwyl voltydse veldpredikers na die front gestuur is. Die Rooi-Eed van trou aan die Britse kroon was vir veldpredikers problematies vanweë die politieke verdeeldheid in sy gemeente. Die eed vir deeltydse veldpredikers is gewysig maar die voltydse veldpredikers moes steeds die oorspronklike eed aflê. Die onnatuurlike omstandighede van massas manne gekonsentreer in kampe, het by sommigebetrokkenes tot morele verval gelei. Dit is deur buitelanders uitgebuit deur die oprigting van drinkplekke en bordele in die omgewing van die kampe. Die Afrikaanse kerk het geen kommentaar hieroor gelewer nie. Miskien was daar die onrealistiese aanvaarding dat Afrikanermanne uit hulle tradisionele Calvinistiese opvoeding nie hieraan sou meedoen nie. Die Engelse kerke het by die owerheid beswaar gemaak en aangedring dat daarteen opgetree word. Gevalle van veneriese siektes onder soldate is bekend.

Van die drie Hollands-Afrikaanse Kerke was die Nederduits Gereformeerde Kerk die meeste betrokke omdat hulle die mees verteenwoordigende lidmatetal gehad het. Die kerk het ook veldpredikers vir die Vroue-opleidingskamp, die Kleurling en Swart eenhede voorsien. Die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk het elk 'n aantal deeltydse en enkele voltydse veldpredikers voorsien. Slegs een predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk het aan die front diens gedoen. Die Gereformeerde Kerk het slegs een voltydse veldprediker in die opleidingskamp van Kimberley gehad.

Twee predikante was krygsgevangenes en het in die kampe die gevangenes in hulle gedeelde omstandighede pastoraal bygestaan in soverre dit moontlik was. Eredienste een aandgodsdienst is deurentyd gehou tot met hulle bevryding. Dat 'n deel van die duisende gevangenes nie aan eredienste of enige godsdienstige aktiwiteite wou deelneem nie moet aanvaar word uit mondelinge getuienis van betrokkenes.

Die kerke het baie moeite gedoen het om die Verdedigingsmaglede pastoraal by te staan .

KERKE SE OPTREDE NA DIE OORLOG

Oorsig

- 8.1 Inleiding
- 8.2 Kerke se beplanning vir na-oorlose omstandighede
- 8.3 Kerke se optrede na die oorlog
- 8.4 Gevolgtrekking

8.1 INLEIDING

Die oorlogbetrokkenes moes weer terugkeer en in die gemeenskap opgeneem word en die gemeenskap moes hulle weer aanvaar. Die groep van oorlogbetrokkenes het ingesluit militêre personeel van al die vertakkings van die Verdedigingsmag, krygsgevangenes, beseerdes, politieke gevangenes en geïnterneerdes. Die bespreking in hierdie hoofstuk evalueer die beplanning en optrede van die kerke, asook die pastorale bediening en versorging.

8.2 KERKE SE BEPLANNING VIR NA-OORLOGSE OMSTANDIGHEDE

Die nagevolge van die Tweede Vryheidsoorlog en die Eerste Wêreldoorlog het die kerke deeglik bewus gemaak van die nagevolge van oorlog. Die Tweede Vryheidsoorlog wat op eie bodem plaasgevind het, het die bevolking met die verwoesting van eiendom getref en gelaat met 'n klein persentasie ontroue of onpatriotiese Afrikaners wat in die gemeenskap geduld en aanvaar moes word. Die Eerste Wêreldoorlog het Afrikaner politieke verdeel toe 'n groter groep teen die regering opgetree het sodat binnelandse onrus, 'n Rebelle, onder volksgenote plaasgevind het. Die versoening en aanvaarding van mekaar na die oorlog het die kerke op 'n groter skaal geraak as die Vryheidsoorlog. Die Tweede Wêreldoorlog het 'n groter invloed op die kerk en gemeenskap gehad omdat omstandighede meer uiteenlopend was. Op politieke vlak was daar nie eenheid tussen die Afrikanerleiers nie. 'n Groter persentasie Afrikaners was verdeeld oor die oorlog. Militêre personeel was nie oral welkom nie, selfs nie in eredienste nie. Teenoor die politieke gevangene en sy gesin is met meer aanvaarding opgetree, hoewel sommiges hulle vermy het. Na die oorlog moes daar aanvaarding van mekaar wees en elkeen moes weer in die gemeente en gemeenskap opgeneem word. Alhoewel die kerke hieroor besprekinge gehad het, was dit tog onseker hoe mense sou optree. Emosionele aanpassing vereis besondere pastorale sorg. Dit sou 'n groot impak op die kerk hê.

Die Ring van Ficksburg se Armsorgkommissie het reeds in 1941, aandag aan na-oorlog toestande gegee. Daar is besluit dat die kerk daadwerklik aan die gevolge van die oorlog en die impak wat dit op die kerk in die na-oorlogse tyd aandag sal moet gee. Daar moet ook kennis geneem word dat Buitekerklike liefdadigheidsverenigings⁴⁶ besig is om die kerke se terrein van barmhartigheidsdiens te betreë (Nederduits Gereformeerde Kerk, 1941).

Die Sinode van die Gereformeerde Kerke het besluit om 'n kommissie te benoem om in samewerking met die ander kerke by die Raad van Kerke 'n program van beginsels op te stel vir die na-oorlogse tyd. Die Raad het besonder aandag aan die voorstel en die na-oorlogse omstandighede gegee. Ds. J.P. van der Spuy het voorgestel dat die Raad so 'n program vir die kerke se na-oorlogse optrede moes saamstel. Na 'n lang bespreking is geen beplanningsbesluite geneem nie, waarskynlik omdat die einde van die oorlog nog nie in sig was nie, en onsekerheid oor wat om in die komplekse situasie vir kerke voor te skryf, rakende hoe om op te tree. Hierdie bespreking is later op die Sinode van die Gereformeerde Kerk soos volg gerapporteer:

Dit sal 'n ontredderde tyd wees, ...van armoede, van terugkerende soldate, verstoorde kerklike verhoudinge ens. Kerklike *saamstaan* kan in so 'n krisistyd ontsettend baie beteken. Mag daar dan nog kerklike onenigheid, onvoorbereidheid ens. wees? (Gereformeerde Kerk, 1942:93).

Ds. T. Spoelstra, sekretaris van die Gereformeerde Kerk se Administratiewe Buro, het 'n beroep op alle kerkrade van die Gereformeerde kerk gedoen om alle skulde vroegtydig te delg, want die na-oorlogse tyd sal vir die gemeentes swaar tye meebring (Spoelstra, 1941 :205). Gemeentes het van hierdie oproep kennis geneem, maar nie daadwerklik tot aksie oorgegaan nie. Waarskynlik is aanvaar dat daar nog geen vooruitsigte vir vrede was nie. Die diakonie van die Gereformeerde Kerk Pretoria het eers in 1943 begin met 'n fonds van £14 as 'n Noodhulpfonds vir die Distrik van Pretoria (Gereformeerde Kerk Pretoria Diakonie, 1943 :95). Een jaar later, op 'n Diakonale Konferensie van Kaapland, is weereens 'n voorstel ingedien dat elke gemeente 'n fonds moet stig om in eie behoeftes te voorsien in die na-oorlogse tyd (Anon. 1944c :15). Hierdie besluit is ook nie uitgevoer nie.

In die hoofartikel van *Die Hervormer* van Oktober 1942 is die nagevolge van die oorlog as volg bespreek :

⁴⁶ Vermoedelik word hier na die Ossewabrandwag se Boerevolk-noodhulpfonds verwys.

Na die gruwel van verwoesting verby is sal daar 'n gebroke mensheid oor wees. Gebroke deur al die smarte in sy geestelike bestaan ... Na die oorlog sal daar 'n geweldige geestelike insinking en verwildering wees ... Die kerk moet hom nou al voorberei om na die oorlog die geestelike opbouingswerk te kan doen (Dreyer, 1942 :3).

Dr. Gerdener van die Nederduits Gereformeerde Kerk, het in 1943, het op 'n Sendingraadsvergadering te Bloemfontein gewys op die herstelproses wat na die oorlog sou kom. Hy waarsku egter daar nie skemas ontwerp en planne uitgedink moet word wat net Utopia en hipoteses sal wees nie. Aan die ander kant sou dit verkeerd wees om niks te doen nie, asof daar nie 'n "wêreldbrand" aan die gang is nie. Hy verwys na Rekonstruksie van die na-oorlogse tyd wat veronderstel dat iets herstel moet word. "Harte, huise, lande en regeringsvorme is stukkend en word nog gedurig gebreek. Daar sal moet herbou word na die oorlog". Hy het dit onder die volgende hoofpunte bespreek.

- 1 Aan God die eerste plek. Ons moet die gedagtes van God leer ken en dit agter Hom aan dink. ...Oor berge van haat en deur moerasse van verdriet sal ons moet herbou.
- 2 Blymoedige optimisme. Geloof in God en die toeëiening van die geloof van God moet lei tot die gesindheid van blymoedige optimisme in ons rekonstruksieskemas.
- 3 Ons moet dadelik begin. Dit is onwaarskynlik dat ons sal geneë of selfs in staat wees om te herbou in die dae van nuwe aanpassings en depressie na die oorlog as ons nie nou al 'n begin maak nie. Laat ons onself nie bedrieg met die gedagte dat die end van die oorlog of sy vertroebelende nasleep 'n gunstige geleentheid sal bied vir rekonstruksie nie.
- 4 Aankweking van die goeie wil (Gerdener, 1943 :354).

Een jaar voor die vredesluiting het Klassis Pretoria weereens die saak van na-oorlog aanpassing bespreek. Daar is besluit dat die Klassis leiding aan kerkrade moet gee vir eenvormige optrede wanneer 'n vredesluiting aangekondig word. Dit het soos die vorige besprekings net by beplanning gebly (Gereformeerde Kerk Klassis Pretoria, 1944 : 3).

In die geleedere van die Anglikaanse Kerke was daar ook kommer oor die situasie na die oorlog.

Die Aartsbiskop van Kaapstad het alle kerke opgeroep, Afrikaanse Kerke ingesluit, om die terugkerende soldate tuis te laat voel in die gemeentes. Hy wys daarop dat daar nie 'n "uitgebreide herlewing in kerkbesoek" van die terugkerende soldate verwag moet word nie. Baie sou terugkeer "met die gevoel van ontgogeling" en dat hulle nie in die gemoedstemming sal wees om kerke te besoek nie (Anon. 1944d :13). Hattingh, 'n mondelinge getuie, beskryf die houding en oortuiging van vele terugkerendes as die vraag wat vra: Hoe kan die Almagtige wat alles behoort te beheer toegelaat het dat soveel geweld en ellende nie net 'n volk tref nie, maar die volkere van die wêreld. Sommige soldate het as "ongelowiges" teruggekeer, want die God waaraan hulle geglo het, het hierdie verskriklike oorlog toegelaat (Hattingh, 2010).

In die pers is die na-oorlogse tyd bespreek as "Die Slag van Vrede", wat 'n tyd van demobilisasie van Verdedigingspersoneel, armoede, woningnood en werkloosheid sal wees, en dat die kerk voorbereid moet wees om die situasie te kan hanteer (Coetzer, 1994 :440). Die kerke was dus nie onkundig of onwetend oor wat sou kom nie.

In Januarie 1945 was dit duidelik dat die einde van die oorlog in sig was en dat die oorwinning en vredesluiting in die volgende maande sou plaasvind. Die Gereformeerde Kerke het op die Sinode van Januarie 1945 besluit dat die owerheid versoek moes word om sy invloed te gebruik dat die vrede wat gesluit gaan word, gefundeer sou word op die beginsels van die Christendom en die Woord van God. Die kerk het gevoel dit kan nie net 'n dokument wees van staking van vyandighede nie. Dit moet 'n ooreenkoms van blywende aard wees gegrond op die Bybel (Gereformeerde Kerk, 1945:103). Soos gebruikelik het die owerheid nie op die versoek kommentaar gelewer nie.

Min. J. Hofmeyr, minister van Finansies, Onderwys en Mynwese, het tydens 'n openbare vergadering die hoop uitgespreek dat daar met die aanbreek van die oorwinning in die gemeenskap en in besonder in die kerke, dankbaarheid teenoor God betuig sou word. Dit moet nie ontaard in uitspattigheid en losbandigheid nie. Na aanleiding van hierdie uitspraak het 'n artikel oor die viering van vrede in *Die Kerkbode* verskyn. Hierin word vermeld dat, op grond van ervaring na die vorige oorloë, 'n groot deel van die bevolking die dag van vrede sal aangryp as 'n tyd van brassery. Vir die reggeaarde Christen moet dit 'n heilige oomblik van dankbaarheid wees met 'n erediens in die kerk eerder as feesvieringe in die strate (Anon, 1945b :334).

In hierdie tyd het die Tussenkerklike Kommissie in Kaapstad vergader. Die kommissie het aanbeveel dat daar in al die gemeentes in die land op die tweede dag na die aankondiging van vrede, om 11vm, 'n buitengewone erediens van verootmoediging, voorbidding en danksegging

moes wees. Dit moet 'n dankdiens wees omdat die bloedvergieting verby is en soldate, krygsgevangenes en geïnterneerdes kan terugkeer. Dit moes ook 'n verootmoedigingsdiens wees oor die verbittering en verdeeldheid wat daar tussen gelowiges was. Daar moes voorbidding gedoen word vir die leiers om vrede te beding gegrond op geregtigheid, op liefde en nie wraak nie. Kerke moes bid vir die oorwonne en vertrapte volke. As predikante gevra word om aan gesamentlike vredesdienste deel te neem, moes hulle daarop aandring dat daar nie toesprake gehou word nie. So sou verhoed word dat ou sentimente die verbittering en verdeeldheid weer aanvuur. Kerke is ook aanbeveel om fondse in te samel vir Nederland (Dreyer, 1945). Die kommissie wou hier duidelik leiding aan die gemeentes gee dat die verdeeldheid wat daar was vergeet moes word en uniformdraers en politieke gevangenes gelyk terug ontvang moes word. Maar oor die finansiële nood van terugkerendes is nie spesiale gemeente-aksies geloots nie. Geld moes vir die stamlande ingesamel word.

Die moderature van die Gefedereerde Kerke het in 'n skrywe aan genl. Smuts hom "beleefdlik" versoek om aan hulle 'n onderhoud toe te staan om namens die Nederduits Gereformeerde Kerke sekere vraagstukke te bespreek. Onder andere:

- 1 Die wesenlikheid van 'n vredesverdrag wat Christelik is met reg en geregtigheid vir die nasies van die wêreld.
- 2 Die rasseverhoudings in Suid-Afrika:
 - a Die naturelle-vraagstuk wat o.m. ons Sendingwerk raak
 - b Die kleurlyn-vraagstuk by huwelik, woonbuurte en werkplekke
 - c Die gesonde verhouding tussen blanke rasse
- 3 Die Kommunistiese gevaar vir Staat en Kerk
- 4 Die C.N.O.-aangeleenthede
- 5 Die Protestantisme en Rooms-Katolisisme
- 6 Die armblankevraagstuk
- 7 Die huwelik- en gesinslewe
- 8 Die lotery en dobbelary
- 9 Die Sondagsheiliging, ens.
- 10 Radiogebruik (Raad van Kerke, 1945 :76)

Vir die kerke was die spoedige herstel van 'n ordelike samelewing na Vrede noodsaaklik. Daar is geen bewys gevind dat genl. Smuts so onderhoud toegestaan het nie.

8.3 KERKE SE OPTREDE NA DIE OORLOG

Op Maandag 7 Mei 1945 het genl. Jodl⁴⁷ van Duitsland in Riems onvoorwaardelike vrede met die Geallieerde Magte geteken. Die volgende dag het Veld Maarskalk Wilhelm Keitel⁴⁸ in Berlyn die formele oorgawe van Duitsland geteken. Na vyf jaar van oorlog is vrede gesluit (Baudot, 1977: 542).

In die eerste *Kerkbode* na die Vredesluiting is berig: “Einde van Oorlog in Europa”. Dank is uitgespreek oor die beëindiging van die “bloedigste van alle oorloë in Europa”. In die berig is van al die besette gebiede slegs Nederland se bevryding uitgelig en ‘n beroep is op alle Afrikaanse Kerke gedoen om Nederland in sy nood te help (Anon, 1945c:425). Ander lande is nie gemeld nie. Die historiese kerkband tussen Suid-Afrika en Nederland het hierdie onderskeid bepaal.

In *Die Hervormer* is die bevryding van Nederland bespreek in ‘n artikel getitel “Daar is Vrede en Nederland is Vry”. Nederland word genoem die “moederland” van die grootste deel van die Afrikaanse bevolking. Hierin is ‘n beroep gedoen op die Afrikaanse kerke om by te dra tot die opbou van Nederland (Dreyer, 1945:428).

In *Die Kerkblad* het geen artikel oor die vredesluiting verskyn nie. In die uitgawe van 6 April 1945, ‘n maand voor die vredesluiting, het ‘n berig verskyn met die titel “Nederland in Nood. Help u geloofs- en stamgenote”. Die Sinode Deputate is getaak daarmee om met geloofsgenote in Nederland skakel om te bepaal hoe die fonds aangewend sal word (Gereformeerde Gemeentes 1945:155). Na die vredesluiting van 8 Mei 1945 het ‘n bydraelys “Vir Geloofsgenote in Nederland” in elke uitgawe hierna verskyn tot op 7 September 1945.

Die Kaapland se Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk het die kerkrade gevra om spesiale kollekte te hou vir Protestantse kerke in die Europese lande. ‘n Sentrale Noodlenigingskomitee is ook aangestel om die gelde te administreer. ‘n Mosie is aanvaar waarin die Sinode soos volg protes aangeteken het teen die onberekenbare skade aan materiële en kulturele waardes en die vernietiging van kosbare menselewens:

- (a) die barbaarse wyse waarop hierdie oorlog van weerskante gevoer is...
- (b) die teregstelling van voormalige leiers van oorwonne volke...

⁴⁷ Alfred Jodl was die hoof van die *Oberkommando der Wehrmacht* se Buro van Operasies. Hy was Keitel se adjunk.

⁴⁸ Wilhelm Keitel was hoof van die *Oberkommando der Wehrmacht*. Hy was dus hoof van die opperbevel van die weermag en met die vredesluiting die *de facto* minister van oorlog.

- (c) ... en sy innige deelneming betuig met sy geloofsgenote in Europa in die onherstelbare verlies van menselewens (Nederduits Gereformeerde Kerk, 1945:423).

Op militêre gebied was die bevelvoerders deeglik bewus van die aanpassing wat sou kom. Die Veldpredikers in Italië het besondere moeite gedoen om die soldate voor te berei vir terugkeer na die gewone samelewing. Met die samewerking van genl. Poole, die bevelvoerder van die 6de Divisie, het Veldpredikers teen die einde van die oorlog kursusse aangebied om soldate geestelik voor te berei vir hierdie aanpassing (Anon, 1945d : 353). Poole het ook 'n *Eighth Army Thanksgiving* in Junie 1945 laat reël deur die Veldpredikers onder sy bevel (Crwys-Williams, :398).

In 'n artikel in *Die Kerkbode* is leiding aan gemeentes oor die terugkerendes gegee. Lidmate is versoek om hulle met vriendelikheid te ontvang en daadwerklike hulp aan te bied in die tyd van heraanpassing. "Dit is die geleentheid wat ons moet aangryp en op hierdie sielkundige tydstip nie mag laat verby gaan nie" (Anon, 1945d : 353). Dit het nie net die terugkerende se aanpassing in die gemeente en gemeenskap geraak nie, maar ook die gemeentes waar hulle weer opgeneem moes word. Dit is verstaanbaar dat die ou verdeeldheid tussen die onderskeie partye nie meteens verdwyn het nie. Lidmate het steeds gereserveerd in eie kampe gebly (Ferreira, 2011; Kruger, 2012 ; Reynecke, 2012 ; Riekert, 2012; Van Niekerk, 1989; Van Tonder, 2000 ; Van Zyl, 2010). In die geraadpleegde notules is geen aanduiding van enige besondere pastorale hulp of versorging aan teruggekeerdes of hulle gesinne gevind nie. In geraadpleegde Afkondigingsboeke is geen melding of verwelkoming van terugkerendes gemaak nie. Mondelinge getuienis voer aan dat oud-gediendes nie goed deur gemeentelêde ontvang is nie. Sommiges is selfs met minagting behandel (Snyman 2011; Booyens, 1989; Booyens, 2000; Engelbrecht, 2010; Ferreira, 2011; Kruger, 2012; Van Blerk, 2010; Van Niekerk, 1989; Venter, 2010). Volgens die getuienis van Dirk Hoskins wat lidmaat op Potgietersrus was is geen moeite gedoen om die terugkerendes weer in die gemeente te laat aanpas nie. Daar is by die kerk selfs nie gepraat oor die teruggekeerde soldate of Krygsgevangenes nie, maar die ondersteuningsfonds vir die stamlande is weekliks in die gemeente gepropageer (Hoskins, 2010). Hoe die predikante en kerkraadslede die terugkerendes behandel het is nie aangeteken nie. Daar moet aanvaar word dat die predikant wel sy normale pastorale verpligting van huisbesoek nagekom het. Om enige vorige wrywing te voorkom is oor hierdie gevalle geen gesprek gevoer of verslag gelewer nie.

8.4 NA-OORLOG HULP AAN BETROKKENES

Terugkeurende soldate moes aanpas in 'n omgewing waarin 'n gemeenskap normaal voortgegaan het. Terug in die samelewing is hulle buite die geborge kameraadskap van 'n vegeenheid en was hulle nie daaglik gebind aan bevele van 'n hoër gesag nie. Binne 'n gemeenskap wat vir die duur van die oorlog verdeeld was, moes elkeen weer 'n plek vind en aanvaar word. Die publiek se gesindheid het verander, die soldaat was nie meer belangrik of 'n bedreiging nie. 'n Oud-soldaat skryf hieroor:

Terug in die siviele milieu het ek totaal ontdaan en ontuis gevoel. Hierdie mense was anders, sonder enige gevoel vir ons en wat ons in die skadu van die dood deurgemaak het. Die trots waarmee jy uit die stryd getree het, het nou ook maar vaal gelyk (Michau, sa. 38).

In kerke was daar steeds 'n afsydigheid teen die soldaat of oud-soldaat. G. Snyman, 'n oud-soldaat, meen dat die soldaat net gebruik is vir 'n doel wat vir die regering belangrik was, maar na die oorlog was hulle nie meer nodig en nie en is hulle vergeet. (Snyman, 2011). Hulle het finansiële kompensasië ontvang in die vorm van £1.10 vir elke maand diens en £30.00 vir siviële klere (Michau, sa. 38).

Die *South African Prisoners of War Relatives and Friends Association (POWRFA)* is in Suid-Afrika gestig om saam met die Rooikruis, die *Union Defence Force POW Welfare Committee* en die *South African Gift and Comfort Organisation* ondersteuning aan die die krygsgevangenes se families te gee.. Op die platteland is *Anxious Annes* vir die doel gestig (Horn, 2010:202).

POWRFA is in Julie 1942 gestig met die oogmerk om in samewerking met die Rooi Kruis om te sien na die belange van die Suid Afrikaanse Krygsgevangenes waar hulle in kampe was. Die vereniging het later die terugkerende krygsgevangenes gehelp met rehabilitasie en heraanpassing in die gewone burgerlike samelewing. Die terugkeer was vir baie krygsgevangenes 'n ontnugtering en hulle het probleme met aanpassing ondervind. Meeste het met 'n onsekerheid of onveiligheid geworstel. Die mate van beskerming wat hulle in die kampe gehad het, was meteens weg. Daar was nie meer wagte wat hulle oppas nie en nie meer die daaglikse saamwees met medegevangenes nie. Vriende en familie het geen of weinige begrip vir die traumatiese ervaring van gevangenis en die heraanpassing gehad nie. Hierdie

onsekerheid en gespannenheid was bekend as *Barbed-Wire Disease*. Weinig was bereid om oor hulle ervaringe te praat omdat ander hulle ervaring nie verstaan het nie (Horn, 2010 :207). Die helingsproses is nie met die tuis-koms meteens afgehandel nie. Die geestelike ontwrigting waardeur so 'n persoon gegaan het, het vir sommige jare van herstel geneem. Moontlik was dit 'n bydraende faktor daartoe dat daar geen pastorale bediening deur kerke aangeteken is nie.

Die wat op parool vrygelaat is, het ervaar dat die algemene publiek afsydig teen hulle was. Nie almal was bereid om in sy geselskap te wees nie. Die meeste geïnterneerdes en gevangenes is eers twee jaar later, in 1947, vrygelaat (Ossewabrandwag, 1948 :35). Dit het saamgeval met die besoek van koning George VI van Brittanje aan Suid-Afrika en was 'n toegewing van Smuts vir die geleentheid (Botha, 1948 :29). In die kerklike tydskrifte of notules is geen vermelding gemaak van die vrylatings nie.

Die samelewing waarin die bevryde hom bevind het, het so verander dat hy hom vreemd en ontuis daarin gevoel het. Verwyderd van sy eertydse vriendekring van die kamp was dit vir hom 'n gemeenskap waarin hy deur baie gereserveerd behandel is. Dit was 'n tyd van rehabilitasie en aanpassing wat geestelik verwerk moes word om weer 'n plek in die gemeenskap te verwerf. So 'n persoon was bewus van mede-Afrikaners wat hom as misdadiger beskou het en sy gesin dienoooreenkomstig behandel het. Hy moes ondervind dat die vrees vir die interneringskamp, veral in sy verfynde moderne vorm, meer as een verhoinder het om nou openlik handreikend na vore te tree (Ackermann, 1953 :387).

Ackermann meen dat die gemoedswroeging van die jare in die kamp sy merk op die karakter en lewensbeskouing van die Boer ingeëts het. Die aanpassing het vir hom 'n innerlike en 'n fisieke stryd geword (Ackermann, 1953::386). Die gemeenskap waaruit hierdie manne weggeneem is, het intussen die oorlog verwerk en het voortgegaan in die ontwikkeling van hulle nuwe omstandighede. Die geïnterneerde en gevangene moes maar self 'n weg vind om aan te pas. Hierin moes die kerk, en in besonder die gemeente waaraan die persoon verbonde was, hom pastoraal ondersteun in help deur die aanpassingsfase. Daar is egter geen bewys van sodanige ondersteuning gevind nie. I. Naude, 'n Stormjaer, het ervaar dat daar in die kerk eerder 'n swye was oor die oorlogsgebeure en die effek wat dit op sommige gehad het (Naude, 2000).

Die belangrikste buite-kerklike ondersteuningsbasis vir teruggekeerde soldate en hulle gesinne was die MOTH's⁴⁹ beweging. By die maandelikse byeenkomste kon hulle vanweë hulle

⁴⁹ Memorable Order of the Tin Hats. 'n Vereeniging wat vir oorlogsveterane na die Eerste Wêreldoorlog in 1927 in Durban gestig is deur Charels Evenden. Die M.O.T.H se doelstelling was Kameraadskap, onderlinge hulp en Herdenking, *in assisting veterans by providing rehabilitation and reintegration support*

gemeenskaplike ervarings mekaar bemoedig en aan sommiges is finansiële hulp verleen (MOTH, 2013).

Geïnterneerdes en politieke gevangenes is nie na die beëindiging van die oorlog vrygelaat soos met krygsgevangenes die geval was nie. Die belangstelling van die algemene publiek in hierdie persone het verflou en hulle is merendeels aan hulleself oorgelaat. Hulle was mos versorg in die kampopset. Geen inligting is opgeteken oor die versorging van hulle gesinne nie. In geen kerklike tydskrif of notules is enige verwysing na die nood van hierdie gesinne gevind nie. Die meeste van hierdie manne is eers twee jaar later in 1947 vrygelaat as 'n spesiale toewysing vir die besoek van die koningsgesin (Ossewabrandwag, 1948 :33). Daar is ook geen vermelding van die vrygelate persone se heropname in die gemeentes nie.

8.5 GEVOLGTREKKING

Ten tyde van vredessluiting na die Tweede Wêreldoorlog was nagevolge van die vorige oorlog en die heraanpassing van betrokkenes nog vars in die volk se geheue. Die kerke het dus vroeg reeds die na-oorlogse tyd bespreek met die aanvaarding dat dit weer soos met die vorige oorloë sou wees. Kerke het van die begin af besef dat dit nie net die terugkerendes raak nie, maar die gemeente en die gemeenskap ook. Die kerke het in hulle vergaderings daarvoor gepraat en beplan, met besondere klem op die negatiewe nagevolge. In die kerklike tydskrifte is lidmate versoek en vermaan tot versoening en aanvaarding, maar die meeste van die beplannings het net by besprekings gebly. Die wil tot optrede het ontbreek omdat die einde van die oorlog nog nie in sig was nie en buite-kerklike organisasies op daardie stadium hulp verleen het. Slegs enkele gemeentes het fondse gestig, maar 'n plan van optrede is nie genotuleer nie.

Die militêre personeel was beter voorberei vir die heraanpassingstyd wat sou kom. Teen die einde van die oorlog het die Veldpredikers aan die Front besondere moeite gedoen om die soldate met konferensies en kursusse voor te berei hiervoor en in besonder vir die aanpassing in die gewone kerklike lewe en die samelewing.

Die optrede van die gemeentes getuig egter van 'n afsydige houding. Die soldaat is nie as 'n held terug verwelkom nie, maar het in 'n gemeente teruggekom waar daar weinige belangstelling in sy ervarings was en waar hy deur sommige lidmate vermy is. Daar moet aanvaar word dat predikante wel in hulle normale optrede van huisbesoek die soldaat en sy gesin pastoraal bedien het.

Na Vrede gesluit is, het in *Die Kerkbode* enkele artikels oor die vrede en die terugkerende soldate verskyn. *Die Hervormer* het een artikel oor die Vrede gehad wat beklemtoon dat Nederland vry is. In *Die Kerkblad* het geen artikel oor die Vrede verskyn nie.

Die geïnterneerdes en politieke gevangenes wat eers twee jaar later vrygelaat is het deur nog 'n groter aanpassing gegaan. Die samelewing het verander, die oorlog was vergete en hulle "volksdaad" was nie meer van belang nie. In kerke se notules is geen verwysing na hulle terugkoms en die versorging van hulle gesinne gevind nie.

As skriftelike gegewens van die tyd nagegaan word blyk dit dat daar min aandag aan die terugkerendes gegee is. Die afleiding moet gemaak word dat daar weinig, indien enige, belangstelling in en versorging aan die betrokkenes was. Die kerke se halfhartige versorging gedurende die oorlog het in die na-oorlogse tyd tot geen versorging gelei. Hierdeur het die kerke nie net hulle pastorale versorging nagelaat nie, maar ook pastorale bediening deur die kerkraad. Waarskynlik is verkies om geen prominensie aan enige geval te gee nie, terwille van vrede in die gemeente, teenoor die Bybelse opdrag van barmhartigheid.

SAMEVATTING EN FINALE GEVOLGTREKKING RAKENDE DIE OPTREDE VAN DIE HOLLANDS-AFRIKAANSE KERKE GEDURENDE DIE TWEDE WÊRELDOORLOG, 1939-1945

- 9.1 Inleiding
- 9.2 Samevatting
- 9.3 Finale gevolgtrekking
- 9.3.1 Kerke se pastorale betrokkenheid in die oorlogsituasie

9.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bied eerstens 'n samevatting van wat in die voorafgaande hoofstukke behandel is. Tweedens word 'n finale gevolgtrekking gemaak oor die kerke se pastorale betrokkenheid in die oorlogomstandighede.

9.2 SAMEVATTING

In **Hoofstuk 2** is die geestesklimaat in Europa en Suid-Afrika voor die uitbreek van die oorlog nagegaan. In Suid-Afrika was daar onder die Afrikaners eensgesindheid op die kultuurvlak, maar verdeeldheid op politieke vlak. Die Engelstaliges het nie hierdie dualisme in hulle geledere gehad nie. Vir die meerderheid Engelsprekendes was die band met Brittanje beide politieke en kulturele eenheid. Op maatskaplike gebied het die Afrikaner opgestaan uit 'n Arm-blanke situasie wat 'n nagevolg van die Depressie en groot droogte was wat baie boere van hulle plase afgedwing het. Die geestesklimaat in Europa, in die besonder in Duitsland, is deur die opkoms van die Nasionaal-sosialisme met sy volksverheerliking en 'n sterk anti-Semitistiese oortuiging oorheers. Dit het in Suid-Afrika neerslag gevind in sommige organisasies wat ten doel gehad het om die Afrikaner in sy waardigheid te herstel teenoor Britse oorheersing en Joodse ekonomiese mag. In die Afrikaanse kerklike geledere is hierdie volksverheerliking van die Nasionaal-sosialisme afgewys as 'n nuwe heidendom. Die Simboliese Ossewatrek van 1938 het teen hierdie agtergrond plaasgevind, en dit het 'n hoogs emosionele beweging geword wat die Afrikaner bo politieke verdeeldheid verenig het. Uit hierdie volksbeleving is 'n nuwe kultuurbeweging, die Ossewabrandwag, gestig wat later tot een van die grootste Afrikanerorganisasies gegroei het.

Die historiese agtergrond tussen Suid-Afrika en Brittanje het beteken dat die meerderheid Afrikaners nie die noodsaak gesien het daarvan om in 'n oorlog van Brittanje betrokke te raak

nie. Volgens hulle moes Suid-Afrika neutraal bly. 'n Spesiale Parlementsitting is oor die vraag na neutraliteit byeengeroep. Die Volksraad was verdeeld hieroor en in die Parlement is met 'n meerderheid van stemme bepaal dat Suid-Afrika nie neutraal sou bly nie en oorlog is gevolglik teen Duitsland verklaar. Die kiesers het geen inspraak gehad oor hierdie dramatiese besluit wat die Suid-Afrikaanse samelewing sou verander nie. Dit het 'n tyd van verdeeldheid en verbittering in Afrikanergeleedere gebring. Hierdie verdeeldheid het die kerke intens geraak omdat daar verdeeldheid tussen lidmate gekom het. Binne hierdie geesteklimaat moes die kerke steeds hulle pastorale bediening uitvoer ongeag enige lidmaat se politieke oortuiging.

Hoofstuk 3 verwys na die samelewingsverband in Suid-Afrika gedurende die oorlogjare.

Verwyderd van die oorlogsgebiede kon die samelewing aanvanklik redelik normaal voort gaan. Die regering was egter verplig om sekere rantsoeneringsmaatreëls in te stel om die ekonomie te bestuur. Die invoer van nie-oorlogsgoedere is beperk en het 'n beduidende impak op die lewe van die inwoners gehad. Dit het die kerke in hulle werksaamhede geraak. Uit vrees vir 'n gewapende opstand moes alle koeëlgewere ingehandig word. Hierdie ontwapening het groot ontevredenheid veroorsaak, veral toe nie-blankes in die Verdedigingsmag ingesluit en bewapen is. Die kerke se uitsprake hieroor was eerder gegrond op 'n historiese politieke siening as op Bybelse gronde.

Die ongedissiplineerde gedrag van soldate in die publiek en die minagting van die publiek teenoor die soldaat het tot vele konfrontasies gelei. Aanvalle op Afrikanerinstellings is deur die soldate as geregtig beskou.

Oorlog het gewoonlik ook 'n invloed op die sedelike lewe van sommige betrokkenes. Etiese waardes verlaag tot ongebondeheid in onsedelikheid, drankmisbruik en onverantwoordelikheid. Die teenwoordigheid van bordele by opleidingskampe het hierdie morele verval bevorder.

Hoofstuk 4 bespreek die regering se optrede teen sy teenstanders. Die verdeeldheid onder die bevolking het nie net by politieke uitsprake gebly nie. Die Ossewabrandwag en die Hemdebewegings het daadwerklik gepoog om die regering se oorlogsbeleid soveel moontlik teen te werk, sodat die regering genoop was om stappe te neem om homself te beskerm. Die regering kon van sy teenstanders effektief neutraliseer deur hulle te laat opsluit in 'n kamp of die gevangenis ingevolge die interneringsbeleid. Ontsnappings het soms voorgekom wat tot skietvoorvalle gelei het en sommige het hulle lewe verloor. Die optrede van die regering teenoor die Nederlanders is spesiaal uitgelig omdat genl. Smuts hom laat mislei het deur Nederlandse gesante wat die Nederlanders as Staatsgevaarlik en as Nazi-ondersteuners voorgehou het. Hulle is aan die Nederlandse regering oorgelewer om in die Buiteland geïnterneer te word.

Hoofstuk 5 het die kerke se reaksie op die oorlogdeelname nagegaan. Die skeiding in die Parlement oor oorlogsdeelname het by die Afrikaners die hoop laat opvlam van Afrikanereenheid en 'n vrye Republiek. By 'n reuse Volkshereningsvergadering in Pretoria is 'n eenheidsooreenkoms met mekaar aangegaan met die opsteek van die regterhand. Die onvermoeë om tot politieke eenheid te kom het die ooreenkoms binne maande tot niet gemaak. Die kerke het op meerdere vergaderings uitsprake gemaak dat die oorlog nie op grond van God se Woord geregverdig kon word nie. 'n Belangriker saak vir die kerke was die verdeeldheid wat die oorlogbesluit op die mense gehad het. Sommige predikante het die verdeeldheid aangehelp en is oor hulle optrede en politieke uitsprake in preke aangespreek. Die verdeeldheid is in sommige gemeentes verder aangevuur deur negatiewe optredes teenoor uniformdraers.

Hoofstuk 6 het die kernoptrede van die kerke in die oorlogsituasie bespreek. Die pastorale optrede van die kerk teenoor oorloggeaffekteerdes is in besonder behandel. Oorloggeaffekteerdes sluit in militêre personeel en hulle gesinne, gearresteerdes, gevangenes en geïnterneerdes en hulle gesinne. Hierdie wye spektrum het deel uitgemaak van elke gemeente en moes deur die kerke pastoraal bedien en versorg word ongeag verskille van oortuiging. Die kerke het die versorging van die onderskeie groepe aan hulle organisasies oorgelaat soos die Ossewabrandwag Noodhulpfonds, die militêre ondersteuningsgroepe soos die Vrouehulpdiens en MOTHs. Die hoofstuk bespreek ook die kerke se swak optrede teenoor Nederlandse lidmate. Die vroue wat as groep hulle misnoeë oor die regering se optrede getoon deur 'n massa-optog na die Uniegeboue is ook bespreek..

Hoofstuk 7 behandel die kerke se rol in die bediening van die militêre personeel deur Veldpredikers. Die kerke het van die begin af hulle verantwoordelikheid teenoor die militêre persone besef en het sover moontlik hulle plig nagekom. Onder die Hollands-Afrikaanse Kerke het die Nederduits Gereformeerde Kerk die grootste aantal lidmate in die Verdedigingsmag gehad. Hulle Veldpredikers het bykans alleen aan die Front diens gedoen. Die Nederduitsch Hervormde Kerk het slegs een Veldprediker vir 'n beperkte tyd aan die Front gehad, terwyl van die Gereformeerde Kerk net een predikant as voltydse Veldprediker diens in 'n opleidingskamp te Kimberley gedoen het. Vanweë die verspreidheid van die gevegseenhede aan die Front kon daar nie aan alle Eenhede 'n Veldprediker voorsien word nie. Veldpredikers het slegs in Landmagte gedien. Die hoofstuk toon aan dat die kerke min kon doen om die lot van die krygsgevangenes te verlig. Tussen die duisende Krygsgevangenes was slegs twee Afrikaanse Veldpredikers. Hulle het getrou voortgegaan om aan die wat hulle kon bereik te bedien.

Hoofstuk 8 behandel die kerke se optrede na die oorlog. Die kerke se beplanning voor die einde van die oorlog is in die hoofstuk nagegaan. Hoewel al die Meerdere Vergaderings die gevolge en nagevolge van die oorlog bespreek het en skemas en optrede voorgestel het, het dit nie gerealiseer nie, moontlik omdat vrede nog nie in sig was nie, of omdat die wil om op te tree ontbreek het. Na die vrede is geen spesiale heraanpassingspogings of programme deur die kerke aangebied nie. Persone moes eenvoudig inskakel by gemeentes en voortgaan. Die geïnterneerdes het 'n groter aanpassingsprobleem gehad want hulle is eers twee tot drie jaar na die vrede vrygelaat in 'n veranderde wêreld waar hulle heroïese daad vir die Afrikanersaak nie meer belangrik was nie.

9,3 FINALE GEVOLGTREKKING

9.3.1 KERKE SE PASTORALE BETROKKENHEID IN DIE OORLOG OMSTANDIGHED

Suid-Afrika se betrokkenheid by die Tweede Wêreldoorlog het die kerke in hulle werkinge en bediening intens geraak. Eerstens deur die noodmaatreëls, maar hoofsaaklik in hulle pastorale bediening aan die oorloggeaffekteerdes. Ampsdraers en lidmate was vasgevang in die gebeure sodat elke gemeente en elke huisgesin op een of ander manier betrokke was. Ernstige verdeeldheid onder lidmate het spanning gebring wat die bediening geraak het. Hoofstuk 5 toon dat die kerke se amptelike houding teen deelname aan die oorlog nie pro-Duitsland was nie, maar voortgespruit het uit 'n die onvergewensgesindheid vir die Engelse se optrede aan die vorige geslag. Die feit dat sommige lidmate uit eie keuse by die Verdedigsmag aangesluit het is deur ander gesien as onpatrioties en 'n verloëning van die Afrikaner se historiese agtergrond. Dit het bitter verdeeldheid in die gemeentes gebring, wat die pastorale bediening beïnvloed het. Gemeet teen die Engelse kerke wat van deelname of nie-deelname geen skeidingsaak in eie geledere gemaak het nie, staan die Afrikaanse kerke skuldig aan 'n onverdraagsaamheid teenoor politieke opponente in hulle eie geledere.

Die bespreking van die kerke se pastorale bediening aan betrokkenes (Hoofstuk 6) wys dat pastorale sorg net Woordverkondiging aan die individu, deur gesprek of deur prediking was. Die kerke het nog nie die begrip gehad dat pastorale bediening aan die getraumatiseerde bepaal word deur die individu se belewing van sy of haar lyding in bepaalde omstandighede en dat so persoon deur 'n tyd van beraad gelei moes word tot herstel nie. Pastorale bediening aan die oorloggeaffekteerdes veronderstel 'n bewoë meegevoel van geestelike versorging soos die pastorale funksies deur Clebsch (1964:32-66) uiteengesit is. Dit kan nie net eenmalige Skriflesing en gebed wees nie, dit moet 'n pad van herstel, ondersteuning en leiding wees om

te kom tot aanvaarding van die omstandighede. Dit veronderstel ook dat daar begrip en ondersteuning van medelidmate moes wees. Weens die politieke verdeeldheid in gemeentes is lidmate se optrede teenoor ander meestal bepaal deur die politieke oortuiging van die betrokkenes. Hoewel Christelike versorging nie deur sulke oorwegings beperk behoort te wees nie, was dit in die baie gemeentes wel die geval. Die kerk, die lidmate en predikant kon dikwels nie deur die grens van eie sentiment beweeg om geaffekteerdes te ondersteun en te bemoedig nie. Menige lidmaat en predikant het teenoor uniformdraers optree asof hulle nie as mede-gelowiges gereken kon word nie. Die versoeke dat hulle eredienste moes verlaat is sprekend hiervan. In sulke gevalle is politieke oortuiging hoër geag as die Bybelse begrip van gemeenskap van die gelowiges en naasteliefde. Dit het meestal met die stilswyende aanvaarding of goedkeuring van die kerkraad geskied. Daar kan wel aanvaar word dat die meeste predikante hulle gewone pastorale bediening van woordverkondiging en -bemoediging aan al die betrokkenes in sy gemeente na gekom het.

Kerke is gekonfronteer met gevalle waar barmhartigheidsdiens van materiële hulp verleen moes word aan gesinne van geïnterneerdes of politieke gevangenes. Geen lidmaat is gearresteer sonder dat die plaaslike gemeente nie daarvan kennis geneem het nie. Die geaffekteerdes se situasie moes aan die kerkraad bekend gewees het. Die Bybelse uitspraak “as een lid ly, ly al die lede saam” (1 Kor 12:26) moes in die gemeente beleef word. Die gemeente moes konsekwent barmhartig wees, ook aan die wat jou nie goed gesind is nie, soos jou politieke teenstander. Die meeste gemeentes kon ’n brug oor hierdie rivier slaan nie. Die aantekeninge in kerkraadsnotules dui aan dat die mate van versorging aan armes voor die oorlog dieselfde gebly het gedurende die oorlog. Hieruit moet afgelei word dat daar nie spesiale hulpverlening aan geaffekteerdes was nie. Op Diakonale konferensies is besprekinge oor die nood van betrokkenes gehou, maar dit het by bespeking gebly. Elke gesin moes sy eie heil uitwerk en daar is baie gesteun op die hulp van bure. Die versorging van die gesinne is oorgelaat aan buite-kerklike organisasies. Dit is gesien as ’n owerheidsverantwoordelikheid aangesien die owerheid die situasie veroorsaak het. Die owerheid se moedershulp aan gesinne van geïnterneerdes was ’n departementele hulp deur ’n onbewoë struktuur. Die Ossewabrandwag Noodhulp was ’n simpatieke ondersteuning deur ’n politieke organisasie. Deur hulle eie barmhartigheidsdiens aan ander oor te laat het die kerke hulle verantwoordelikheid aan hierdie persone skroomlik nagelaat.

Omdat militêr betrokkenes soldy van die staat ontvang het, was hulle nooit in dieselfde finansiële nood as ander nie. Families van vegtendes was wel voortdurend in spanning oor gebeure op die Front en tuis deur verwerping van mede-Afrikaners. Soos ander

oorloggeaffekteerdes het hulle ook die behoefte aan bemoediging en ondersteuning van medegelowiges gehad. Pastorale bediening moes hulle ook lei deur die funksies van die pastoraat van genesing, ondersteuning, leiding en berusting. Die verwerping en ontrekking deur medelidmate was vernederend en 'n aantasting van die persoon weens sy oortuiging. Die pastor, predikant, moes die oortuiging by die persoon vestig dat hy of sy nie minder geag word voor God nie, en nie veroordeel word oor sy oortuiging nie, al sou ander gemeentelede hulle vermy. Dit kan aanvaar word dat predikante wel hierdie verpligting nagekom het, hoewel daar weinige verwysings daarna in notules gevind is. Vir die militêre gesinne was daar buite-kerklike ondersteuning deur die militêre Vroue Hulpdienste en die M.O.T.H's).

Die Nederlandse gemeenskap, waarvan die grootste aantal lidmate van die Afrikaanse kerke was en waarvan manne geïnterneer is, is behandel asof hierdie gesinne nie deel van die gemeentes was nie. Hulle is aan hulle lot oorgelaat en elkeen moes sy eie heil uitwerk in die voorsiening van die noodsaaklike soos kos en klere. Op kerklike vergaderings is veel besprekings gehou oor die nood van stamgenote in Nederland. Daar is selfs 'n hulpfonds gestig vir na-oorlogse hulp, maar die nood van hierdie stamgenote in eie geledere is geïgnoreer. Hoofstuk 3 bespreek hoe die kerke gekonfronteer is met 'n nuwe vlak van sosiale euwels soos sedelike verval van owerspel, moedswillige verlating en drankmisbruik. Kerke se optrede hieroor was beperk tot vermaning en kerklike tug. Daar is min bewyse gevind dat die emosionele en geestelike impak wat die omstandighede op die betrokkenes gehad het deur pastorale beraad aangespreek is. Die teenwoordigheid van bordele in die omgewing van militêre kampe is deur die Afrikaanse kerke geïgnoreer asof dit nie die Afrikanerlidmate sou verlok nie. Die Engelse kerke het by die owerheid beswaar gemaak teen die toelating van bordele).

Uitsonderlike omstandighede veroorsaak uitsonderlike optrede. In hoofstuk 7 word aangetoon dat, 'n vreemde situasie ontwikkel het vir die kerke met hulle kerkorde of kerkwet met die uitbreiding van die Verdedigingsmag. Militêre kampe moes soos gemeentes hanteer word, waar eredienste gehou is sonder die gewone kerklike struktuur van ouderlinge en diakens (Botha, 1940: 942). So is gewone kerkverband veral aan die oorlogfront uitgeskakel. Die kerke het, sover as wat dit moontlik was, hulle pastorale verpligting teenoor persone in aktiewe diens nagekom deur die voorsiening van voltydse en deeltydse Veldpredikers. 'n Veldprediker is aan 'n Eenheid toegeswys, ongeag of daar lidmate van sy kerkverband is. Dit het el die positiewe gevolg gehad dat die Evangelie verkondig is sonder dogma of kerkisme. Die betrokkenes aan die Front, die objek van die bediening, het almal onder dieselfde spanning geleef van moontlike verwonding, dood of gevangeneskap en die eerste ervaring van die lewe neem van 'n

medemens, die vyand. Die verwondes en sterwendes het ook besondere begeleiding van die pastor vereis.

Hoofstuk 8 bespreek die kerke se beplanning vir die na-oorlog tyd. Die kerke het wel deeglik besef dat die na-oorlogse gebeure nie net die terugkerende sou raak nie, maar die gemeente en die gemeenskap waar hulle weer moet aanpas. In die kerklike tydskrifte is lidmate versoek en vermaan tot versoening en aanvaarding as daar vrede sou kom. Die meeste van die beplanning op die vergaderings het egter net by besprekings gebly. Die wil tot optrede het ontbreek, eerstens omdat die verdeeldheid nog nie simpatie kon opwek vir politieke teenstanders nie, en tweedens omdat die einde van die oorlog nog nie in sig was nie. Slegs enkele gemeentes het fondse gestig, maar 'n plan van optrede is nie vasgestel nie.

Teen die einde van die oorlog het die Veldpredikers aan die Front besondere moeite gedoen om die soldate met konferensies en kursusse voor te berei vir die aanpassing in die gewone kerklike lewe en die samelewing. Almal was deeglik bewus van die politieke verdeeldheid wat daar was en dit moes oorbrug word. Aanpassing en verdraagsaamheid het hoë eise aan beide partye gestel. Terugkerendes het ervaar dat lidmate steeds 'n afsydige houding teenoor die soldaat gehad het. Daar was geen spesiale verwelkoming nie, hulle moes gewoon voortgaan asof hulle net vir 'n tyd uit die gemeente was. Die soldaat moes deur pastorale bediening gelei en ondersteun word in die herstelproses. Daar moet aanvaar word dat predikante wel in hulle normale optrede van huisbesoek die soldaat en sy gesin pastoraal bedien het.

Omdat predikante se pastorale werk normaalweg nie op vergaderings genotuleer is nie, moes mondelinge getuienis as maatstaf gebruik word. Hier getuienis is omsigtig beoordeel aangesien individue se oordeel bevooroordeel of versin kan wees. Mondelinge getuienis is, waar moontlik, met tweede en derde getuienis geverifieer. Daar moet egter gewaak word om uit hierdie getuienis te veralgemeen omdat getuies die gebeure weergee volgens die omstandighede soos hulle dit vanuit hulle oortuiging in daardie tyd weergegee het.

Nadat vrede gesluit is, het daar in *Die Kerkbode* enkele artikels oor die vrede en die terugkerende soldate verskyn. *Die Hervormer* het een artikel oor die vrede gehad wat beklemtoon dat Nederland vry is, maar niks oor die terugkerendes nie. In *Die Kerkblad* het geen artikel oor die vrede verskyn nie, en geen vermelding is gemaak van terugkerendes nie. Geïnterneerdes en politieke gevangenes is eers twee jaar later vrygelaat. Hulle het deur 'n groter aanpassingsfase as die soldate gegaan. Hulle was ontnugter oor 'n veranderde samelewing waarin hulle nou moes aanpas. Die oorlog is vergete was en hulle "volksdaad" het

vir weinig enige betekenis gehad. Kerke het geen besondere moeite gedoen om hulle by te staan in hulle aanpassing nie. Hulle het ervaar dat sommige lidmate hulle vermy het en dat daar geen spesiale pastorale bediening en berading in die herstelproses was nie .

As daar slegs volgens Skriftelike bewyse geoordeel moet word dan blyk dit dat die kerke nie hulle versorgingsverantwoordelikheid teenoor geaffekteerdes nagekom het nie. Dit is eerder aan buite-organisasies en Veldpredikers oorgelaat. Die sentrale teoretiese argument van die studie word hierdeur bevestig, naamlik dat die Hollands-Afrikaanse kerke te midde van ontwrigte lewensomstandighede beduidend in hulle werksaamhede geraak is, maar nie hulle pastorale roeping teenoor betrokkenes in die oorlog na behore vervul het nie.

Daar kon geen verwysing in notules gevind word dat iemand lidmaatskap opgesê het vanweë die swak pastorale versorging nie. Daar was nog nie so bewustheid en sensitiwiteit oor menseregte soos in latere jare nie. Waar lidmate in die openbaar, in die erediens, gekonfronteer is, soos in Hoofstuk 5 aangetoon, was daar wel gevalle van lidmaatskap beëindiging en aansluiting by Engelse Kerke ..

Kerke kan uit hierdie historiese gebeure kennis neem dat die behoefte van lidmate meer is as amptelike bediening van predikingk en formele huisbesoek.. Behoefte aan ondersteuning, veral in emosionele spanning, wat dinge soos kos, klere, werk en behuisingnood behels, is net so deel van pastorale versorging as amptelike bediening. In die oorlogsjare van die 1940's is dit ernstig nagelaat.

Hierdie studie ontleed die optrede en pastorale rol van die drie Hollands-Afrikaanse Kerke gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Die kerke is nie net deur die noodmaatreëls soos rantsoenering geraak nie, maar veel meer deur die verdeeldheid in eie geledere. Baie lidmate het die oorlogdeelname fel teengestaan en het die Ossewabrandwag as weerstandsbeweging daadweklik gesteun, met aanvaarding en goedkeuring van die plaaslike kerkraad. Ander het die oorlogdeelname gesteun wat veel spanning in gemeentes en in verhoudinge gebring het. Hierdie verdeeldheid het so groot invloed in die gemeentes gehad dat daar eerder gestreef is na vrede in die gemeentes, as om die nood van geaffekteerdes pastoraal aan te spreek. Kerke het hierdie verpligting gerieflik afgeskuif op buite-kerklike organisasies soos die Ossewabrandwag Noodhulp Fonds, Staatshulp en die voorsiening van Veldpredikers.

Hierdie studie toon aan dat die kerke nagelaat het om hulle pastorale verpligting teenoor die oorlogsgeaffekteerdes na te kom.

SLEUTELWOORDE

Hollands-Afrikaanse Kerke, Verdeeldheid, Pastorale sorg

ABSTRACT

This study investigates the behaviour and pastoral role of the three Dutch-Afrikaans churches during the Second World War. The churches were not only affected by the emergency measures and the rationing, but also by division among themselves. Many members fiercely opposed war participation and supported the Ossewabrandwag as a resistance organisation, with the acceptance and approval of the local church council. Other members supported the war effort, which led to much tension in the congregations and in relationships. This division had such an influence on the congregations that churches rather strived towards peace in the congregations than to pastorally address the needs of the affected. Churches comfortably shifted this responsibility onto the civil organisations such as the Ossewabrandwag Emergency Fund, State funding and the provision of Field preachers by the government.

This study shows that the churches neglected their pastoral responsibility towards those members affected by the war.

KEYWORDS

Dutch-Afrikaans Churches, Division, Pastoral care

10. LITIRERE BRONNE

Ackermann, J. 1953a. Die kampskool. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes* (B.O.P.G). Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 221-245.)

Ackermann, J. 1953b. Rehabilitasie. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes* (B.O.P.G). Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 385-387.)

Albertyn, J.R. 1941. Wat God dan saamgevoeg het. *Die Kerkbode*, 47(13):553, 26 Maart.

Allison, N.E. 2012. *The role of United Board (Baptist and Congregational) military chaplaincy during the Second World War (1939-1945.)* Potchefstroom: North-West University. (Thesis - DPhil.)

Anon. 1937. Godsdienstige toestande in Europa. *Die Kerkbode*, 31(9):451, 10 Maart.

Anon. 1938. Hewige Nazi-aanval op die Christendom. *Die Kerkbode*, 42(23):161, 28 Des.

Anon. 1938-1939. Christene en die oorlog. *Die Christelike Strewer*, 36(9):19-20, Sept.

Anon. 1939a. Gewigtige tydstip. *Die Kerkbode*, 44(13):569, 27 Sept.

Anon. 1939b. Uit die Transvaal. *Die Kerkbode*, 44(18):821, 1 Nov.

Anon. 1939c. Geregtigheid alleen verhoog 'n volk. *Besembos*, 13(3):3-5, Sept.

Anon. 1939e. The drill sergeant tradition. *Standard and Wesrand koerant*, 30(51), 15 Des.

Anon. 1939f. White feather women may be prosecuted. *Sunday Times*, 1750:9, 1 Okt.

Anon. 1940a. Church parade at Wanderers. *Standard and Wesrand koerant*, 31(2):17, Jan.

- Anon. 1940b. Korrespondensie. *Die Kerkblad*, 43 (914) :24, 6 Des.
- Anon. 1940c. Uit die Transvaal. *Die Kerkbode*, 46(12):417, 4 Sept.
- Anon. 1940d. Vyfde kolonne. *Standard and Wesrand koerant*, 31(27), 7 Julie.
- Anon. 1940e. White feather cowards. *Standard and Wesrand koerant*, 31(25), 21 Junie.
- Anon. 1941a. Soldate geweld. *Standard and Wesrand koerant*, 32(1), 3 Jan.
- Anon. 1941b. Interkerklike Kommissie. *Die Kerkbode*, 47(16):629, 16 April.
- Anon. 1941c. 'n Treurige verskynsel. 47(12):372, 26 Feb.
- Anon. 1941d. Uit die Transvaal. *Die Kerkbode*, 48(21):837, 19 Nov.
- Anon. 1941e. Voorslag ... Die Trekker. *Die Suiderstem*, 6, 31 Mei.
- Anon. 1941f. Ons kerk en die politiek. *Die Kerkbode*, 47(7):246, 12 Feb.
- Anon. 1941g. Welwillendheidsdag. *Standard and Wesrand koerant*, 32(52), 26 Des.
- Anon. 1942a. Uniform in die kerk. *Die Kerkbode*, 50(10):285, 2 Sep.
- Anon. 1942b. Die slagoffers van die oorlog. *Die Kerkbode*, 52(26):44, 8 Julie.
- Anon. 1942c. Sinodale Kommissie. *Die Kerkbode*, 50(12):286, 2 Sep.
- Anon. 1942d. Sinodale Kommissie. *Die Kerkbode*, 49(17):661, 6 Mei.
- Anon. 1942e. Lugaanval program. *Standard and Wesrand koerant*, 33(12), 20 Maart.

- Anon. 1942f. N.H. of G. Kerk van Transvaal. *Die Kerkbode*, 50(19):527, 14 Nov.
- Anon. 1942g. 300 polisie gevang aan die Rand. *Wesrander*, 411, Jan.
- Anon. 1942h. Sinodale Kommissie. *Die Kerkbode*, 49(21):743, 27 Mei.
- Anon. 1942i. 1e Nederlanders gestuur. *Wesrander*, 410, Jan.
- Anon. 1942j. 'n Ernstige beroep vanweë kerkweë. *Die Kerkbode*, 49(13):363, 11 Maart.
- Anon. 1942k. Uit die Transvaal. *Die Kerkbode*, 50(13):285, 2 Sept.
- Anon. 1942l. Blackout Sunday. *Standard and Wesrand koerant*, 33(16), 17 April.
- Anon. 1943a. Duisende betoon laaste eer aan Johannes van der Walt. *Die Transvaler*: 1, 28 Maart
- Anon. 1943b. Onderhoud met die Eerste Minister. *Die Kerkbode*, 51(12):187, 1 Sept.
- Anon. 1943c. Dingaansdag. *Standard and Wesrand koerant*, 34(50):24, Des.
- .Anon. 1943d. Krygsgevangenes in Italië. *Standard and Wesrand koerant*, 34(13):10, Des.
- Anon. 1944a. Eed sweer. *Die Kerkbode*, 53(24):477, 31 Mei.
- Anon. 1944b. In die Transvaalse Sinode. *Die Kerkbode*, 54(5):92, 2 Aug.
- Anon. 1944c. Diakonale Konferensie Kaapland. *Die Kerkblad*, 46(988):15, 17 Maart.
- Anon. 1944d. Perskommentaar. *Die Kerkblad*, 47(999):13, 8 Sept.
- Anon. 1945a. 'n Betreurende uitlating. *Die Kerkbode*, 56(14):333, 3 Okt.

Anon. 1945c. Viering van vrede. *Die Kerkbode*, 55(16):334, 18 April.

Anon. 1945d. Einde van oorlog in Europa. *Die Kerkbode*, 55(20):425, 16 Mei.

Anon. 1945d. Die terugkerende soldate. 55(26):353, 27 Junie.

Anon. 1952. Ds. Reynecke. *Die Huisgenoot*, 22 Feb.

Anon. 1953. Redaksie: Noodleniging as daad van ons volk. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G). Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 416.*)

Anon. 1964. Dr. J.D. Vorster. *Sunday Times*, 2288:4, 20 Augustus.

Anon. s.a. Johannes van der Walt se lewe, lyding en sterwe. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Bakkes, C.M. 1987. Penkopjoernaal, dl. 1. Pretoria.

Barrish, H.R.C. 1940. Die militêre kamp op Potchefstroom. *Die Kerkbode*, 45(15):369, 10 April.

Bassani, F. s.a. Volpi. Dokumentmateriaal. H.S. van Blerkversameling, M1715. OB Argief. NWU Kampus. Potchefstroom.

Baudot, M., *et al.* 1977. The historical encyclopedia of World War II. London: McMillan.

Bean, L. 1992. A movement to link South Africa up. (*In Crwys-Williams, J. A country at war, 1939-1945: the mood of the nation. Rivonia: Ashanti Publishing. p. 43-49.*)

Beukes, D. 1979. J.D. Vorster. *Die Taalgenoot*, 48(12):21-36, Nov.

Beukes, P. 1994. The religious Smuts. Kaapstad: Human & Rousseau.

Blackwell, L. 1940b. Adv. Leslie Blackwell praat reguit. *Standard and Wesrand koerant*, 31(1):5, Julie.

Blignaut, C. 2012. "Goddank dit is hoogverraad en nie laagverraad nie." Die rol van vroue in Die Ossewabrandwag se verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog. *Historia*, 57(2):68-103. Ossewabrandwag-Argief, Institusionele Argief en Museum, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom

Boeseken, A.J., Kruger, D.W. & Kieser, A., reds. 1953. Drie eeue: die verhaal van die vaderland. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Boneschans, A. 1943. Jaarverslag van die Sentrale Komitee van die Geref. Sustersvereniging van Germiston. *Die Kerkblad*. 45 (961) :21 22 Jan.

Booyens, B. 1969. Die lewe van D.F. Malan: die eerste veertig jaar. Kaapstad: Tafelberg.

Botha, B. 1948. Nektar met alsem gemeng. Jaarboek. Ossewabrandwag. Pretoria: Minerva.

Botha, G.S. 1994. Historiese oorsig van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se betrokkenheid by die geestelike bearbeiding van lidmate in die Unie-Verdedigingsmag, 1912-1954. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Skripsie - BD.)

Botha, L.N. 1940. Die militêre kamp op Ladysmith. *Die Kerkbode*, 45(22):942, 29 Mei.

Bunting, I. 2000. Pastoral Care and Counselling. (In Evans, G.R. A History of Pastoral Care. New York. Cassel. 386-394).

Buys, P.W. 1949. Jaarboek. Ossewabrandwag. Pretoria: Caxton Drukkery.

Cameron, T., *hoofred.* 1986. Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld. Kaapstad: Human & Rousseau.

Campbell, A. 1943. *Smuts and Swastika*. London: Victor Gollancz.

Clebsch, W.A. Jaekle, C.R. 1964. *Pastoral Care in Historical Perspective*. New York. Jason Aronson.

Coertze, A.G.O. 1941. Brief aan Adjudant-Generaal. Houer 834. AG 128/35/62. Dokumentasie Sentrum Argief (SANWA) Pretoria.

Coertze, A.G.O. 1945. Veldpredikers dank die Kerk. *Die Kerkbode*, 56(4):76, 25 Junie.

Coetzee, J.H. 1953. Die barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (1959-1949). Potchefstroom: Pro Rege-Pers.

Coetzee, J.V. 1939a. Manifes, Generale Sinode Bloemfontein. *Die Kerkblad*, 64(876):8, 19 April.

Coetzee, J.V. 1939b Oorlog en vegterye. *Die Kerkblad*, 42(844):9, 8 Sept.

Coetzee, J.V. 1939c. Voortrekkerhoogte-polemiek. *Die Kerkblad*, 64(877):11, 17 Mei.

Coetzee, J.V. 1939d. Die kerk en neutraliteit. *Die Kerkblad*, 42(855):11, 6 Okt.

Coetzee, J.V. 1940a. Waarvoor mag ons bid. *Die Kerkblad*, 43(910):2, 7 Okt.

Coetzee, J.V. 1940b. 'n Goddelose skandstuk. *Die Kerkblad*, 43(900):7, 17 Mei.

Coetzee, J.V. 1941a. Die gebed vir ander mense. *Die Kerkblad*, 43(916):3, 17 Jan.

Coetzee, J.V. 1941b. Die gebed vir ander mense. *Die Kerkblad*, 43(917):2, 7 Feb.

Coetzee, J.V. 1941c. Daar hoort ons nie. *Die Kerkblad*, 44(933):10, 3 Okt.

Coetzee, J.V. 1941d. Eedverbrekers. *Die Kerkblad*, 44(933):2, 17 Okt.

Coetzee, J.V. 1941e. Eedverbrekers nogeens. *Die Kerkblad*, 44(934):4, 7 Nov.

Coetzee, J.V. 1941f. Waaroor 'n mens nie mag skryf nie. *Die Kerkblad*, 44(927):2, 18 Julie.

Coetzee, J.V. 1941g. Oor preke. *Die Kerkblad*, 43(918):20, 7 Maart.

Coetzee, J.V. 1941h. Gereformeerde Kerk. Potchefstroom. Notule van die Klassis Potchefstroom, 1925/08/11 - 1939/10/02), Bylaag K. 1.1.1. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Coetzee, J.V. 1944a. Telegram. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Coetzee, J.V. 1944b. Perskommentaar. *Die Kerkblad*, 46(984):1, 21 Jan.

Coetzer, P.W. & Le Roux, J.H., *reds.* 1986. Die Nasionale Party, dl. 4: Die "gesuiwerde" Nasionale Party, 1934-1940. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Instituut vir Eietydse Geskiedenis.

Coetzer, P.W. & Le Roux, J.H., *reds.* 1994. Die Nasionale Party, dl. 5: Van oorlog tot oorwinning, 1940-1948. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Instituut vir Eietydse Geskiedenis.

Conradie, W.S. 1944. Gee God nie om nie. *Die Kerkbode*, 54(13):268, 26 Sept.

Conroy, A.M. 1941. Ope brief aan predikante, ouderlinge en diakens van die Hollandse Kerke in Suid-Afrika. J. Piek. 10 1/1. Argief Ossewabrandwag. NWU. Argief- (OBA). Potchefstroom.

Cronje, G. 1940. Ons standpunt teenoor ons volksvraagstukke. *Die Kerkbode*, 45(23):989, 5 Junie.

Cronje, G. 1953. O.B.-Noodhulpfonds. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G.)*. Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 414-415.)

- Crwys-Williams, J., *red.* 1992. The mood of a nation. (*In Crwys-Williams, J. A country at war, 1939-1945. Rivonia. Ashanti Publishing. p. xvi-xxi.*)
- Daneel, G.M. 1941. Nagmaal met die artillerie in die woestyn. *Die Kerkbode*, 48(21):850, 19 Nov.
- Daneel, G.M. 1942. Die kerk aan die front. *Die Kerkbode*, 48(17):721, 20 Mei.
- De Jong, L. 1979. Het Koninkrijk der Nederlanden in de Tweede Wêreldoorlog, dl. 9, Eerste helfte. S-Gravenhage: Nijhoff.
- De Klerk, P.J.S. 1935. Na Europa, Duitsland. *Die Kerkblad*, 35(760):148, 5 Julie.
- De Klerk, P.J.S. 1939. Verslag van Interkerklike Kommissie in sake bediening van Voortrekkerhoogte. *Die Hervormer*, 38(55):22, 27 Sept.
- De Klerk, W.J. 1972. Rousmart: die pastorale sorg oor bedroefdes na die oorlye van dierbares. Johannesburg: Boekhandel De Jong.
- De Ridder, C. 1940. Die vroue optog 18 Junie 1940. Johannesburg: Afrikaanse Pers.
- De Villiers, D. & De Villiers, J. 1977. Paul Sauer. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- De Wet, C.J.H. 1939. Die Afrikaner volk mag nie weer uitmekaar gaan nie. *Standard and Wesrand koerant*, 30(34), 22 Sept.
- Deist, F.J. 1987a. Rewolusie en reïnterpretasie: die literatuur van die Ou Testament, dl.4. Kaapstad: Tafelberg.
- Deist, F.J. 1987b. Strominge in die geskiedenis van geskiedskrywing. (*In Deist, FJ & Le Roux, J.H. Rewolusie en reïnterpretasie. Die literatuur van die Ou Testament, dl. 4. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers. p. 23-25.*)

Denis, P. 1992. An apocalyptic event: Catholic and Dutch Reformed media on the Second World War. *Journal of theology for Southern Africa*, 80:39-49, Sept.

Dippenaar, M. de W. 1988. Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Polisie, 1913-1988. Silverton: Promedia.

Downing, D. 2002. Fascism. Oxford: Heinemann Library.

Dreyer, J. 1940a. Die Christen in oorlogstyd. *Die Hervormer*, 31(64):2, 26 Jun.

Dreyer, J. 1940b. Dag van verootmoediging en gebed. *Die Hervormer*, 31 (63):5, 29 Mei.

Dreyer, J. 1940c. Is politiek op die kansel geoorloof. *Die Hervormer*, 31(65):14, 31 Julie.

Dreyer, J. 1941. Die Kerk, die politiek en die party-politiek. *Die Hervormer*, 33(74):1, 21 Jun.

Dreyer, J. 1942a. Na die oorlog. *Die Hervormer*, 34(8):3, 21 Okt.

Dreyer, J. 1942b. Vraebus. *Die Hervormer*, 35(10):9, 21 Des.

Dreyer, J. 1945. Daar is vrede en Europa is vry. *Die Hervormer*, 37(4):425, 20 Junie.

Dreyer, T.F.J. 1940. 'n Dag van verootmoediging en gebed. *Die Hervormer*, 31(63):5, 29 Mei.

Dreyer, T.F.J. 1945. Besluite van die Tussenkerklike Kommissie Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. K1/1 3/20/11. Argief- (NHKAA) Pretoria.

Dreyer, W.A. 1999. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: die eerste 250 jaar, 1652-1907. Pretoria: Kital.

Du Plessis, J.A., red. 1939. Die wêreld in oorlog gedompel - maar ons volk is weer een. *Die Kerkblad*, 43(918): 24, 22 Sept.

- Du Plessis, J.A., red. 1944. Ons geïnterneerdes. *Die Kerkblad*, 47(992):19, 14 Mei.
- Du Plessis, L.J. 1937a. Kommunisme 1. *Die Kerkblad*, 64(840):2, 6 Okt.
- Du Plessis, L.J. 1937b. Kommunisme 2. *Die Kerkblad*, 64(841):6, 20 Okt.
- Du Plessis, L.J. 1938. Christelik-Nasionale volksorganisasie. *Die Kerkblad*, 64(846):19, 19 Jan.
- Du Plessis, L.J. 1939. Oor die buiteland. *Die Kerkblad*, 64(877):9, 17 Mei.
- Du Plessis, S.J. 1945. Die werk van die diakonie. *Die Hervormer*, 37(8):20, 17 Okt.
- Du Preez, L. 1973. Inside the cage. Cape Town. Struik.
- Du Toit, C.W.M. 1941a. Nuwe Orde vir Suid-Afrika. *Die Kerkblad*, 43(916):7, 21 Feb.
- Du Toit, C.W.M. 1941b. Nuwe Orde vir Suid-Afrika. *Die Volksblad*, 18 Feb.
- Du Toit, H.D.A. 1942. Die kerk en die soldaat. *Die Kerkbode*, 48(15):555, 15 April.
- Du Toit, J.D. 1933. Nasionaal-sosialisme. *Die Kerkblad*, 34(751):33, 1 Nov.
- Du Toit, J.D. 1941. Verklaring van Totius. *Die Kerkblad*, 43(908):3, 2 Okt.
- Du Toit, J.D. 1942a. Bewapening. *Die Burger*: 4, 21 Maart.
- Du Toit, S.J. 1942b. Verdonkering of Lighoogtes. *Die Kerkblad*, 45(956):16, 23 Okt.
- Du Toit, S.J. 1944a. Perskommentaar. *Die Kerkblad*, 46(987):15, 3 Maart.

- Du Toit, S.J. 1944b. Beskamende verskynsels. *Die Kerkblad*, 47(998):12, 18 Aug.
- Eloff, A. 1953. Haar ondervinding. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G).* Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 409.)
- Engelbrecht, S.P. 1939. Gevare wat ons bedreig. *Die Hervormer*, 28(52):12, 28 Junie.
- Engelbrecht, S.P. 1943. Jaarboek van die Nederduitsch Hervormd of Gereformeerde Kerk. Pretoria: Minerva Uitgewers.
- Eyssen, S.H. 1953. Musieklewe in boerekampe, (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G).* Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 266-278.)
- F. 1953. Die vrou in die oorlog. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G).* Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 407-409.)
- Federasie van Afrikaanse Kultuurliggame (FAK). 1980. Afrikaanse Kultuuralmanak. Aucklandpark: Federasie van Afrikaanse Kultuurliggame.
- Ferreira, O.J.O. 1975. 'n Volk se hulde: geskiedenis van die sentrale Volksmonumentekomitee. Johannesburg: Perskor.
- Fick, J.J. 1953. Godsdienstige lewe en organisasie van geïnterneerdes. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G).* Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 206-210.)
- Furlong, P.J. 1991. Between crown and swastika: the impact of the radical right on the Afrikaner National Movement in the fascist era. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Garnet, P. 1986. The protestant churches in Nazi-Germany. <http://www.spindleworks.com/library/peetgermany.htm> Datum van toegang: 11 Junie 2011.

Geldenuys, F.E. O'Brein. 1982. In die stroomversnelling: vyftig jaar van die NG Kerk. Kaapstad: Tafelberg.

Gerdener, G.B.A. 1943. Na-oorlogse rekonstruksie. *Die Kerkbode*, 51(17):354, 28 April.

Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika. 1939. Handeling van die 26ste Sinodale Vergadering. Potchefstroom: Die Westelike Stem.

Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika. 1942. Handeling van die 27ste Sinodale Vergadering. Potchefstroom: Die Westelike Stem.

Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika. 1945. Handeling van die 28ste Sinodale Vergadering. Potchefstroom: Die Westelike Stem.

Gereformeerde Gemeentes in Transvaal. 1914. Notule van die Algemene Vergadering, 1806 - 1915. 1. 6a. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Almanak. 1942. Voorwoord. Potchefstroom: Westelike Drukkery.

Gereformeerde Kerk. Benoni. 1942. Notule van die Kerkraad, 41.01.07 - 46.11.01. 1.1.2. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Bloemfontein. 1940, 1942. Notules van die Kerkraad, 37.09.18 - 44. 1.1.6. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Brakpan. 1938. Notules van die Kerkraad, 38.09.15 - 45.04.15. 1.1.3. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Bronkhorstspuit. 1954. Gedenk album. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Durban. 1942. Notule van die Kerkraad, 42.04.25 - 46.08.17. 1.1.3. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Gereformeerde gemeentes in die Kaapprovinsie. 1915. Handeling. 57ste Algemene Vergadering. Potchefstroom: Westelike Stem.

Gereformeerde Kerk. Johannesburg-Noord. 1940. Notules van die Kerkraad, 1943.06. 04 - 1942.02. 25. 1.1.2. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Kaapstad. 1941, 1942. Notules van die Kerkraad, 41.07.18 - 45.03.03. 1.1.3. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Klassis Potchefstroom. 1941. Notule van die Klassis Potchefstroom, 1925.08.11 - 1943.10.02. 1.1.1. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Klassis Pretoria. 1938. Notules van die Klassis, 1936 - 1939. 1.1.4. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Klassis Pretoria. 1940. Notules van Klassis, 1940.03.22 - 1943.09.29. 1.1.6. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Klassis Pretoria. 1943. Notule van Klassis, 43.09.27 - 47.09.29. 1.1.7. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Klassis Rustenburg. 1940, 1942. Notule van Klassis, 1940 - 1970. 1.1.2 1.1.3. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Klassis Rustenburg. 1941. Gereformeerde Kerk Klassis Rustenburg, Notule, 1925 - 1967. 1.1.1 1.1.2. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Kuruman. 1942. Notules van die Kerkraad, 42.05.19 - 46.10.25. 1.1.3. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Oostelike Klassis. 1937. Notule van die Klassis, 26 Jan 1939 - 27 Aug. 1940. 1.1.2 A. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Partikuliere Sinode Kaapland Suidwes-Afrika. 1940. Notule. 1.1.1. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Partikuliere Sinode Kaapland Suidwes-Afrika. 1941. Notule. 1.1.2. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Partikuliere Sinode Transvaal. 1941. Notule, 1939-1945. 1.1.2. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Potchefstroom. 1940. Notule van die Kerkraad, 35.06.22 - 45.06.10. 1.2.4. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Potchefstroom. 1943. Notule van die Kerkraad, 1934.06.04 - 1942.02.25. 1.1.2. Argief- (GKSAA) Potchefstroom

Gereformeerde Kerk. Potgietersrus. 1942. Notules van die Kerkraad, 39.01.27 - 44.05.05. 1.1.3. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Pretoria. 1914. Notules van die Kerkraad, 38.05.15 - 45.04.15. 1.1.3. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Pretoria Diakonie. 1942. Notule van die Diakonie, 42.04.25 - 46.08.17. 6.1.7. Argief- (GKSAA) Potchefstroom

Gereformeerde Kerk. Pretoria Diakonie. 1943. Notule van die Diakonie, 1930 - 1948. 6.1.5 - 6.1.7. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Pretoria-Oos. 1939. Notules van die Kerkraad, 26.01.39 - 27.08.40. 1.1.2 A. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Pretoria-Oos. 1940. Notules van die Kerkraad, 39.02.20 - 42.05.07. 1.1.3. A. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Pretoria-Oos. 2000. Lewe in die Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos, 1930-2000. Pretoria: Kerkraad Pretoria-Oos.

Gereformeerde Kerk. Rustenburg. 1942a. Notule van die Kerkraad, 1939.04.14 - 1946.11.26, Bylaag C. 1.1.1. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Rustenburg. 1942b. Notules van die Kerkraad, 38.09.15 - 45.04.15. 1.1.4. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Venterburg. 1917. Notule van die Kerkraad, 1902-1915. 1.1.3. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Vryburg. 1940. Notules van die Kerkraad, 39.04.15 - 50.12.31. 1.1.2. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerk. Westelike Klassis. 1934. Notules van die Klassis. 1.1.1. Argief- (GKSAA) Potchefstroom.

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 1942, 1943. Almanak. Potchefstroom: Westelike Stem.

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 2011. Almanak. Pretoria: V&R Drukkery.

Gereformeerde Sustervereniging. 1943. Jaarverslag. *Die Kerkblad*, 45(961):21, 22 Jan.

Gerhardt, R. 1953. Leeukop en Andalusia. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G). Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 377-384.*)

Giliomee, H. 2004. Die Afrikaners: 'n biografie. Kaapstad: Tafelberg.

Gomm, N. 1973. From the ships log of HMSSAS Imhoff. <http://www.Scientiahistoriajournals.ac.za>. Datum van gebruik: 15 Maart 2013.

Gottzman, J. 1996. Die blomkwekers van Roodepoort. Roodepoort: Roodepoort Uitgewers.

Graf, H. 1953. Die kanker van verraad in ons volkslewe. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G). Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 72-76.*)

Grebe, H.C.M. 1941. Sendingkerk. *Die Kerkbode*, 48(25):981, 17 Des.

Greeff, S.W. 1953. Die Calvinistiese Studiebond. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G). Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 213-216.*)

Grobbelaar, P. de V. 1940. Gebed in oorlogstyd. *Die Kerkbode*, 46(15):790, 30 Okt.

Grundlingh, A.M. 1977. Die “hensoppers” en “joiners”: die rasionaal en verskynsel van verraad. Pretoria: HAUM.

Grundlingh, L.W.F. 1986. The participation of South African Blacks in the Second World War. Johannesburg: Rand Afrikaans University. (Thesis - DLitt. et Phil.)

Hancock, W.K. 1968. Smuts: the fields of force, 1919-1970. Cambridge: Cambridge University Press.

Harris, C.T., *et al.* 2009. Van seringboom tot kerkgebou: die argitektoniese erfenis van die Gereformeerde Kerke. *Die Kerkblad*, 114(3248):30-32.

Hartshorn, E.P. 1960. Avenge Tobruk. Johannesburg: Purnell & Sons.

Heidelbergse Kategismus. 1563. (*In Psalmboek: die berymde en omgedigte psalms en ander skrifberymings. Belydenisskrifte en liturgie. 2001. Wellington: NG Kerk-Uitgewers. p. 63.*)

Henrich, G. 2006. Die dinamika van blank en bruin verhoudinge op Stellenbosch, 1920 - 1945. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling - MA.)

Heydenrych, H. 1986. Die Boererepublieke, 1852-1881. (*In Cameron, T., red. Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld. Kaapstad: Human & Rousseau. p. 150-160.*)

Hitler, A. 1924. Mein Kampf. [http:// www.hitler-library.org/mein-kampf-books.htm](http://www.hitler-library.org/mein-kampf-books.htm). Datum van gebruik: 19 Januarie 2012.

Hofmeyr, J.H. 1941. Verlewendige godsdienssin al redding vir die mensdom. *Standard and Wes koerant*, 12(14), 28 Maart.

Horn, M. 2012. The captive identity: South African prisoner-of-war experience during and after World War II, 1939-1950. Stellenbosch: Stellenbosch University. (Thesis - DPhil.)

Horn, M.J. 1945. Godsdiens-kursus aan die front. *Die Kerkbode*, 55(26):363, 27 Junie.

Ingham, K. 1986. Jan Christiaan Smuts: the conscience of a South African. Johannesburg: Jonathan Ball.

Jansen, E.G. 1939. Suid-Afrika word opgeroep tot geestelike bewapening. *Standard and Wesrand koerant*, 31(24), 16 Junie.

Jooste, G. 1977. Diensherinneringe. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

Jooste, J.P. 1958. Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959. Potchefstroom: Pro Rege.

Keet, B.B. 1937. Uit die buiteland. *Die Kerkbode*, 31(50):224, 5 Feb.

Kikilus, G. 1941. Die ware en valse gebed. *Gereformeerde vaandel*, 9(5):14-15.

Klein, H. 1992. The renaissance of extreme Afrikaner political nationalism. (*In* Crwys-Williams, ed. A country at war 1939-1945. Rivonia: Ashanti Publishing. p. 14-15.)

Kotze, C.S. 1989. Die gemeente op die hoogte, 50 Jaar. Pretoria: Kerkraad Voortrekkerhoogte.

Kotze, D.N. 1940a. Klassis Rustenburg: Beskrywingspunte. *Die Kerkblad*, 43(908):2, 25 Sep.

Kotze, D.N. 1940b. Nog 'n kerkvergadering oor oorlog: 'n versoekskrif. *Die Kerkblad*, 912(43):7, 29 Nov.

Kotze, D.N. 1982. Ek blaai terug. Potchefstroom: Calvyn Jubileum-Boekefonds.

Kritzinger, C.C. 1939. Christus en die huidige wêreldkrisis. *Die Kerkbode*, 43(19):848, 10 Mei.

Kritzinger, J.J. 1972. Sending en kerk in Suidwes Afrika. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif - DD.)

Kruger, D.W., red. s.a. Geskiedenis van Suid-Afrika. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

Kruger, D.W. & Cillie, P.J. 1955. Drie eeue, dl. 5. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Kruger, J.J. 1940. Waarvoor mag ons bid. *Die Kerkblad*, 43(912):20, Nov.

Kruger, J.M. & Kruger, A.C. 2008. Genade op genade: die Familie De Weerd / De Weerd Lummel in Suid-Afrika sedert 1938. Roodepoort: Familie Publikasie.

Kruger, L.R. 1981. Kerkwees op Mooimeisiesfontein. Geskiedenis van die NG Kerk Albanie, 1831-1981. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit. (Verhandeling - MTh.)

Laubscher, G.J. 1945. Kerknuus uit Italië. *Die Kerkbode*, 55(22):335, 15 April.

Le Roux, J.H. & Coetzer, P.W. 1982. Die Nasionale Party, dl. 3: Die eerste bewindsjare, 1924-1934. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Instituut vir Eietydse Geskiedenis.

Le Roux, J.P. 1942. Militêre kamp vir dogters te Port Elizabeth. *Die Kerkbode*, 50(13):343, 16 Sept.

Leigh, M. 1992. Captives courageous: South African prisoners of war, World War II. Johannesburg: Ashanti Publishing.

M.S.D. 1940. Die vroue-optog en die reaksie van die pers in die vroue optog, 18 Junie 1940. Johannesburg: Afrikaanse Pers.

Malan, F.S. 1942. Die Nuwe Testament vir ons Afrikaanssprekende troepemagte. *Die Kerkbode*, 50(11):199, 22 Aug.

Marais, J.F. 1953. Geskiedenis van die kampe en tronke van die tweede wêreldoorlog. (*In* Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G). Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 171-175.)

Marnewick, C. 2012. Clarens van Buren: die man agter die donker bril. Pretoria: Protea Boekhuis.

Marx, C. 1994. The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941. *Journal of Southern African studies*, 20(2):470-489, Jun.

Marx, C. 1998. Ox wagon sentinel: radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewabrandwag. Pretoria: University of South Africa Press.

Meiring, P. 1986. Generaal Hertzog: 50 jaar daarna. Johannesburg: Perskor.

Memorable Order of the Tin Hats (Moth). 2013. Memorable Order of the Tin Hats (Moth), founded 1927. <http://www.moth.org.za/moth.htm> Datum van gebruik: 4 Januarie 2013.

Mentz, J.F. 1939. Die biddag vir wêreldvrede. *Die Kerkbode*, 44(15):376, 30 Aug.

Mentz, J.F. 1943. Die nood en die behoeftes van die tyd. *Die Gereformeerde Vaandel*, 11(1):20, Jan.

Meyer, P.J. 1953. Politieke verset teen die oorlog. (*In* Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G). Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 24-38.)

Michau, P. de W. s.a. Persoonlike herinneringe. Delareyville.

Mostert, A.C.M. 1948. Die vrou in die Ossewabrandwag. Jaarboek. Ossewabrandwag Noord Transvaal. Pretoria: Minerva.

Muller, P.H., *red.* 1980. Suid-Afrika 1980/81. Johannesburg: Chris van Rensburg-Publikasies.

Nederduits Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. 1936. Acta 27. Kaapstad: Nasionale Pers. Argief- (NGKA) Stellenbosch.

Nederduits Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. 1940. Handeling van die Nege-en-twintigste Vergadering Kaapland, 1940. Kaapstad: Nasionale Pers. Argief- (NGKA) Stellenbosch.

Nederduits Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. 1945a. Handeling van die Dertigste Vergadering Kaapland, 1945. Kaapstad: Nasionale Pers. Argief- (NGKOVSA) Bloemfontein.

Nederduits Gereformeerde Kerk. 1945b. Notule van die Gefedereerde Kerke. Nederduits Gereformeerde Kerk Argief. Argief- (NGKA) Stellenbosch.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Boshof. 1941. Notules van die Nederduits Gereformeerde Kerk Oranje Vrystaat, 1939 - 1952. V. Argief- (NGKOVSA) Bloemfontein.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Fauresmith. 1942. Notule, 1926 - 1958. Argief- (NGKOVSA) Bloemfontein.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Kaapland. 1941. Handeling van die dertigste Sinodale Vergadering. Kaapstad: Nasionale Pers. Nederduits Gereformeerde Kerk Argief. Argief- (NGKA) Stellenbosch.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Kaapland. 1945. Handeling van die Vier-en-dertigste Sinodale Vergadering. Kaapstad. Argief- (NGKA) Stellenbosch.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Kimberley. 1941. Notule, 1940 - 1945. GEM. K768. Argief- (NGKA) Stellenbosch.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Koffiefontein. 1939. Notules, 1939 - 1952. V. Argief- (NGKOVSA) Bloemfontein.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Lichtenburg gemeente. 1985. Gedenkblad, Lichtenburg. Kerkraad.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Natal. 1942. Handeling. Die Eerste Driejaarlikse en die Agt-en-sestigste Vergadering van die Hoogerw. Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk. Argief- (NGKA) Stellenbosch.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Natal. 1945. Die Nege-en-sestigste Vergadering van die Hoogerw. Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Natal. Argief- (NGKA) Stellenbosch.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Nieuwe Kerk. 1942. Notule, 1933 - 1948. Gem. K 2290. Argief- (NGKA) Stellenbosch.

Nederduits Gereformeerde Kerk. OVS. 1941. Handeling van die Een-en-dertigste Vergadering Bloemfontein. Bloemfontein: Nasionale Pers. Argief- (NGKOVSA) Bloemfontein.

Nederduits Gereformeerde Kerk. OVS. 1942. Handeling van die Twee-en-dertigste Vergadering Bloemfontein. Bloemfontein: Nasionale Pers. Argief- (NGKOVSA) Bloemfontein.

Nederduits Gereformeerde Kerk. OVS. 1944. Handeling van die Vier-en-dertigste Vergadering Bloemfontein. Bloemfontein: Nasionale Pers. Argief- (NGKOVSA) Bloemfontein.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Petrusburg. 1942. Notule van die Kerkraad, 1938 - 1951. Argief- (NGKOVSA) Bloemfontein.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Primiermyn gemeente. 1995. NG Gemeente Primiermyn 57 jaar.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Ring van Betlehem. 1942. Notule, 1941-1957. 1/1/1. Argief- (NGKOVSA) Bloemfontein.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Ring van Bloemfontein. 1942. Notule, 1939-1953. 1/1/2. Argief- (NGKOVSA) Bloemfontein.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Ring van Fauresmith. 1942. Notule, 1926-1953. 1/1/2. Argief- (NGKOVSA) Stellenbosch.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Ring van Ficksburg. 1941. Notule, 1938-1958. 1/1/1. 1942. Argief- (NGKOVSA) Bloemfontein.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Ring van Ficksburg. 1942. Korrespondensie boek, 1938 - 1958. 1/1/2. Argief- (NGKOVSA) Bloemfontein.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Ring van Kaapstad. 1941, 1942. Notule van die Ring, 1938 - 1943. R1/14. Argief- (NGKA) Stellenbosch.

Nederduits Gereformeerde Kerk. Ring van Pretoria. 1942. Notules van die Ring, 1941 -1942. Argief- (NGKA) Stellenbosch.

Nederduitsch Hervormd of Gereformeerde Kerk. 1942. Handeling van die Twintigste Sinode. Pretoria: Minerva. Argief- (NGKA).

Nederduitsch Hervormd of Gereformeerde Kerk. Ring van Boksburg. 1942. Notule van die Ring. 1/1/1. Argief- (NGKA) Stellenbosch.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 1919. Versoekskriften, No 9. K1/1 3/11/1.
Nederduitsch Hervormde Kerk. AKV. Argief- (NHKA) Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 1930. Skrywe aan Minister van Verdediging. K1/2 3/27/27. Argief- (NHKA) Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 1936. Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. K1/2 1/1/6. Argief- (NHKA) Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk Van Afrika. 1937. Wet. Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 1940a. Notule van die Algemene Kerkvergadering. Pretoria: Minerva. Argief- (NHKA) Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 1940b. Ondersteuningsraad, Notule 10 Des. 05/03/36 - 18/08/48. K2/3. 1/1/1 Argief- (NHKA) Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 1940c. Verslag Kommissie van die Algemene Vergadering. K1/1 3/18/4. Argief- (NHKA) Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 1941. Notule van die Algemene Kerkvergadering. K1/2 1/1/6. Argief- (NHKA) Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. 1942. Notule Kommissie van die Algemene Vergadering. K1/1. 3/19/5. Argief- (NHKA) Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk. Ring van Zeerust. 1943. Notule van die Ring, 1929-1950. A 1/1.1. Argief- (NHKA) Pretoria.

Nederduitsch Hervormde Kerk. Roodepoort. 1943. Notule van die Kerkraad, 05/03/43 - 17/12/50. G12 1/2/1. Argief- (NHKA) Pretoria.

Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk. 1940. Handeling van die Negentiende Sinode. Pretoria: Voortrekkerpers. Argief- (NGKOVSA) Bloemfontein.

Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk. 1944. Handeling van die Twintigste Sinode. Pretoria: Voortrekkerpers. Argief- (NGKOVSA) Bloemfontein.

Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk. Ring van Potchefstroom. 1943, 1945. Notules van die Ring. Argief- (NGKA) Stellenbosch.

Nicol, W. M. 1939a. Die Christen en oorlog. *Die Kerkbode*, 44(13):524, 27 Sep.

Nicol, W.M. 1939b. Die kerk en neutraliteit. *Die Kerkbode*, 44(13):623, 2 April.

Nicol, W.M. 1944a. Besoek aan ons veldpredikers. *Die Kerkbode*, 53(10):185, 1 Maart.

Nicol, W.M. 1944b. Besoek aan ons veldpredikers. *Die Kerkbode*, 53(8):167, 23 Feb.

Nicol, W.M. 1945. Verslag aan Moderature. Handelingte Een en twintigste Sinode. Pretoria: Voortrekkerpers.

Norval, E.J.G. 1953. Betekenis van die skool. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G). Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 246-250.*)

O'Neill, G. 1985. Fraudulent enlistment. (*In Crwys-Williams, J. A country at war, 1939-1945. Rivonia: Ashanti Publishing. p. 61-65.*)

Oberholzter, J.A.S. 1943. Almanak. Kaapstad: Nasionale Pers.

Olivier, A.R. 1981. Die NG Kerk en die Tweede Wêreldoorlog. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Skripsie - ThM.)

Olivier, A.R. 2002. Die NG Kerk en die Tweede Wêreldoorlog - verkennende aantekeninge oor die invloed van ideologie op die verhouding tussen kerk en staat. *Nederduits Gereformeerde teologiese tydskrif*, 43(1&2):256-264, Maart & Junie.

Olivier, P.C. & Geldenhuys, N. 1952. Ons gemeentelike feesalbum. Pretoria: NG Boekhandel.

Oom Sarel. 1941. Brief van oom Sarel jnr. *Die Hervormer*, 32(69):13, 24 April.

Oost, H. 1965. Wie is die skuldiges. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel.

Oosthuizen, O.A. 1945. Suid-Afrikaanse "NASIONALISME": sy swart verlede gedurende die 1939 oorlog 1945. Johannesburg: L.S. Grey.

Ossewabrandwag. 1940. Iets oor die Ossewabrandwag. Ketting vlugskrifte. OB Argief. NWU Kampus. Potchefstroom.

Ossewabrandwag. 1941a. Vrystaat Ossewabrandwag, Bevel no. 11/41, Julie 29. NB. 125. OB Argief. NWU Kampus. Potchefstroom.

Ossewabrandwag. 1941b. Ossewabrandwag. Vrystaat. OB Argief. NWU Kampus. Potchefstroom.

Ossewabrandwag. 1942a. Omsendbrief. Bloemfontein, 3/42, Jan. 1940. 6/1/5. OB Argief. NWU Kampus. Potchefstroom.

Ossewabrandwag. 1942b. Omsendbrief, 7/42, Mei., Jan. 1940. 3/42. OB Argief. NWU Kampus. Potchefstroom.

Ossewabrandwag. 1948. Jaarboek. Pretoria: Caxton Drukkery

Ossewabrandwag. 1949. Jaarboek. Pretoria: Caxton Drukkery

Ossewabrandwag. 1984. Jaarboek. Pretoria: Minerva.

Palma, A. 1940. Jaarlikse bidparade. Christene kan nie neutraal bly nie. *Standard and Wesrand koerant*, 31(13), 31 Maart.

Paton, A. 1973. Apartheid and the Archbishop: the life and times of Godfrey Clayton, archbishop of Cape Town. New York: Scribner.

Pellisier, G.M. 1940. Menings en standpunte oor Nuwe Orde. *Die Burger*, 11 Maart.

Pelzer, A.N. 1997. Die Afrikaner Broederbond: eerste 50 Jaar. Kaapstad: Tafelberg.

Pienaar, H.J. 1939. Die Europese oorlog en wat ons kan verwag. *Die Kerkbode*, 44(14):774, 25 Okt.

Pienaar, S. 1979. Getuie van groot tye. Kaapstad: Tafelberg.

Pohl, J.D. 1940. Kantoor van die Eerste Minister. Die Vroue Optog, 18 Junie 1940. Johannesburg: Afrikaanse Pers.

Postma, D. 1940. Nederland-Suid-Afrika. *Die Kerkblad*, 43(901):8, 7 Junie.

Potgieter, J.F. 1971. Die militêre kapelaan: die ontstaan en ontwikkeling van die amp, taak en organisasie van militêre kapelane in die geskiedenis van die Christelike Kerk, met besondere verwysing na Suid-Afrika. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif - DDiv.)

Pretorius, F., *red.* 2001. Verskroeide aarde. Kaapstad: Human & Rousseau.

Quass, F.W. 1975. Die tweede rebellie. Johannesburg: AFCET-Uitgewers.

Raad van Kerke. 1939. Handeling van die 15e vergadering. Kaapstad: Nasionale Pers.

Raad van Kerke. 1941. Handeling van die 17e vergadering. Kaapstad: Nasionale Pers

Raad van Kerke. 1945. Handeling van die 19e vergadering. Kaapstad: Nasionale Pers

Rabie, J. 1939. Die gruwel van die verwoesting en die koms van die Here. *Die Kerkbode*, 43(20):892, 31 Mei.

Retief, C.W. 1942. Geestelike bearbeiding van ons lidmate in militêre diens. *Die Kerkbode*, 50(24):667, 9 Des.

Robinson, P. 2009. Dr. Andries A. Odendal. *Acta Theologia*, 29:1.

Rumpff, F. 1941. Oor preke. *Die Kerkblad*, 43(918):20, 7 Maart.

Schoeman, B. 1978. Ben Schoeman: my lewe in die politiek. Johannesburg: Perskor.

Scholtz, G.D. 1966. Die Republiek van Suid-Afrika: agtergrond, ontstaan en toekoms. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Scholtz, G.D. 1979. Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, dl. 7: 1924-1939. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Schumacher, P. 2007. Voor het vaderland weg: Nederlandse dienstweigeraars in de Tweede Wêreldoorlog. Amsterdam: Van Genneep.

Shain, M. 2000. "If it was so good, why was it so bad?" The memories and realities of anti-Semitism in South Africa, past and present. (In Shain, M. & Mendelsohn, R., eds. Memories, realities and dreams: aspects of the South African Jewish experience. Cape Town: Jonathan Ball. p. 71-87.)

Shirer, W. 1960. The rise and fall of the Third Reich: a history of Nazi Germany. London: Cox & Wyman.

Simon, J. & Simon, R. 1983. Class and colour in South Africa, 1850-1950. London: Penguin Books.

Smuts, J.C. 1939. World leaders can give us peace. *Standard and Wesrand koerant*, 11(22), 29 Maart.

Smuts, J.C. 1941. Opening van Baragwanath Imperial Hospitaal. *Die Suiderstem*, 6.

Smuts, J.C. 1952. Jan Christiaan Smuts. London: Cassell.

Snyman, P.G.W. 1941. Noodhulpfonds vir geteisterde Nederland. *Die Kerkblad*, 43(918):1, 7 Maart.

Spoelstra, B. 1963. Die "Doppers" in Suid-Afrika, 1760-1899. Johannesburg: Nasionale Boekhandel.

Spoelstra, T.T. 1945. Nederland in nood. *Die Kerkblad*, 47(1012):1, 6 Apr.

Steenkamp, H.J. 1953. Die helpende vrou en moeder. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G).* Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 413-414.)

Steyn, H.C. 1940. Aandenkingspamflet van die Vroueoptog in Pretoria, 18 Junie 1940. Johannesburg: Afrikaanse Pers

Steyn, H.P.M. 1941. Die Nuwe Testamente vir ons Afrikaanssprekende troepe. *Die Kerkbode*, 47(15):48, 8 April.

Steyn, J.C. 1998. Van Wyk Louw: 'n lewensverhaal. Kaapstad: Tafelberg-.

Steyn, J.C. 2004. Die 100 jaar van MER. Kaapstad: Tafelberg.

Stoker, H.G. 1941. Die stryd om die ordes. Potchefstroom: Calvyn Jubileum-Boekefonds.

Stoop, J.A. 1981. Kerkgeskiedenis CHH501. (Studiegids 1.) Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Suid-Afrika. 1980/1. Amptelike Jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika. 3de uitg. Pretoria: Departement van Binnelandse Sake en Inligting.

Swart, B.H. 1939. Transvaal Sinode. *Die Kerkbode*, 44(13):566, 27 Sep.

Swart, B.H. 1942a In sake die bewapening van Naturelle: Sinodale Kommissie. *Die Kerkbode*, 49(22):764, 24 Jun.

Swart, B.H. 1942b. Sinodale Kommissie. *Die Kerkbode*, 44(17):743, 27 Mei.

Swart, M.J., red. 1980. Kultuur Almanak. Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge. Johannesburg: Perskor-Boekery.

Taljaard, J.A.L. 1957. Prof. Dr. H.G. Stoker. *Die Bulletin*, 5(10), Sept.

Unie van Suid-Afrika. 1939. Noodregulasies nr. 201(2679). *Buitengewone Staatskoerant*, 11015.1-5. Pretoria. Staatsdrukker.

Unie van Suid-Afrika. 1940. Noodregulasies nr. 1076. *Buitengewone Staatskoerant*, 21011.1-5. Pretoria. Staatsdrukker.

Unie van Suid-Afrika. 1941. Registrasie van die leërdiens vir nie-blankes. *Buitengewone Staatskoerant*, 4 April 1941, Goewermentskennisgewing, 500:8. Pretoria: Staatsdrukkery.

Unie Van Suid-Afrika. 1945a. Permit, Junie 23. O.B. Argief Potchefstroom, NWU.

Unie van Suid-Afrika. 1945b. Permit. U.D.J. 418. Privaat besit van J.M. van Tonder.

Unie Verdedigingsmag (SAWA). 1940. Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag.
Vrywilligereenhede: eed wat offisiere moet aflê. D.D. 88 B. (0). Houer 834. Lêer AG.
128/35/1/62. Pretoria. Dokumentasiediens (SANWA) Argief Pretoria.

Unie Verdedigingsmag (SAWA). 1942. Teleks van maj. Van Rooyen aan Brig. Genl. Beyers.
D.D. 88 B. (0). Houer 834. SANW AG. 1 Lêer AG 128/35/1/62. (SANWA) Argief Pretoria.

Van Broekhuizen, H.D. 1940. Dr. Van Broekhuizen doen beroep op kerke om vir kerke in Nederland te kollekteer. *Standard and Wesrand koerant*, 31:36, 22 Aug.

Van den Berg, M.J. 1939. Volksherenigingsvergadering Paardekraal. *Standard and Wesrand Koerant*. 30 (50) 29 Sept.

Van den Heever, C.M. 1946. Generaal J.B.M. Hertzog. Johannesburg: A.P. Boekhandel.

Van der Merwe, D.C.S. 1992. Agterna dagboek. Privaat besit S.J. van der Merwe.

Van der Merwe, G. 1991. Strome lewende water: Nederduits Gereformeerde Gemeente Kuruman, 1961-1991. Kuruman: Kerkraad.

Van der Schyff, P.F. 2003. Wonderdaad ...! Die PUK tot 1951: wording, vestiging en selfstandigheid. Potchefstroom: Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Van der Walt, N.G.S. 1953. Vervolging. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G).* Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 55-64.)

Van der Walt, S.P. 1953. In memoriam. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G).* Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 81.)

Van der Westhuizen, M.J. 1939. Gewigtige tydstip. *Die Kerkbode*, 44(28):569, 27 Sept.

Van der Westhuizen, M.J. 1942. Leesstof vir Naturelletroepe. *Die Kerkbode*, 49(4):121, 28 Jan.

Van Eeden, P.J.V. 1945. God is oral. *Die Kerkbode*, 56(25):990, Des.

Van Heerden, F.J. 1972. Nasionaal-sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1933 - 1948. Bloemfontein: Universiteit van die OVS. (Proefskrif - DPhil.)

Van Heerden, K. 1953. Arrestasie en verhoorafwagting. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G).* Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 83-91.)

Van Jaarsveld, F.A. 1978. Omsingelde Afrikanerdom: opstelle oor die toestand van ons tyd. Pretoria: HAUM.

Van Jaarsveld, F.A. & Scholtz, G.D. 1966. Die Republiek van Suid-Afrika: agtergrond, ontstaan en toekoms. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Van Lill, G. 1998. Nederduits Gereformeerde Kerk Swellendam: 1½ eeu van genade, 1898-1948. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

Van Niekerk, B. 2002. The history, role and influence of the South African military chaplaincy, 1914-2002. Pretoria: UNISA. (Thesis - DTh.)

Van Rensburg, J.F.J. 1949. 10 jaar Ossewabrandwag. Jaarboek Ossewabrandwag. Pretoria: Caxton Drukkery

Van Rensburg, J.F.J. 1953. Interneringsbeleid van die regering tydens die oorlog 1939-1945. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G.)*. Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 51-56.)

Van Rensburg, J.F.J. 1956. Their paths crossed mine: Memoirs of the Commandant-General of the Ossewabrandwag. Johannesburg: Central News Agency.

Van Rooy, C.A. 1953. Haar opoffering tuis. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (B.O.P.G.)*. Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 402-410.)

Van Rooy, J.C. 1953. Totius as vaderlander. *Koers*, 7:42-43, Augustus.

Van Rooyen, G.R. 1942. Teleks aan Brig. Gen. Beyers. Houer 834. AG. 128/35/1/62. (SANWA) Pretoria.

Van Schoor, M.E. 1966. Die herlewing van die republikeinse ideaal, 1902-1961. (*In Van Jaarsveld, F.A. & Scholtz, G.D. Die Republiek van Suid-Afrika: agtergrond, ontstaan en toekoms*. Johannesburg: Voortrekkerpers. p. 141-184.)

Van Selms, A. 1940. Godsdiens en oorlog. *Die Kerkbode*, 31(40):15, 30 Okt.

Van Tonder, J.M. 1999. Kerkuitbreiding deur die Angola Trekkers: 'n Kerkhistoriese beoordeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif - PhD.)

Van Wyk, J.H. 1942. Ons oppersaal in Kairo. *Die Kerkbode*, 49(17):657, 6 Mei.

Van Wyk, Z. 1939. Die Christen en oorlog. *Die Kerkbode*, 44(13):523, 20 Sep.

Venter, H., *red.* 1977. Totius versamelde werke, dl. 11. Kaapstad: Tafelberg.

Venter, H.J. 1959. Kerk in krisistye: Eeufesgedenkalbum van die Gereformeerde Kerke in die Klassis Waterberg, 1859-1959. Potgietersrus.

Venter, W.F. 1940. 'n Versoek om vrede. *Die Kerkblad*, 43(910):7, 19 Okt.

Visser, M.M. 1999. Die ideologiese grondslag en ontwikkeling van die blanke fascisme bewegings in Suid-Afrika, 1945-1995. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling - MA.)

Vorster, J.D. 1953a. Die godsdienstige lewe in die gevangenis. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes* (B.O.P.G). Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 134-149.)

Vorster, J.D. 1953b. Wat die gevangenis aan ons gedoen het. (*In Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes* (B.O.P.G). Agter tralies en doringdraad. Pretoria: B.O.P.G. p. 125-132.)

Vorster, J.L. 1941. Verarming en oorlogstoestande en die diaken. *Die Kerkblad*, 43(915):25, 17 Jan.

Wentzel, W.J. 1942. Een van ons grootste sosiale euwels: dronkenskap. *Die Kerkbode*, 50(21):602, 18 Nov.

Wessels, A. 1996. South Africa and the war against Japan, 1940-1945. *Military history journal*, 10(13):1-20, June.

Wolmarans, H.P. 1939. Kerk en neutraliteit. *Die Hervormer* 30(56):11.

Wulfsohn, L. 1996. "Doempie" Cloete: a legend in his own time. *SA military history journal*, 10(5):1-8, June.

10.2 PERSOONLIKE MEDEDELINGS AAN SKRYWER

BOOYENS, F.J.	1989 Junie 12	Ventersdorp.	Aantekeninge.
BOOYENS, M.J.	2000 Sept. 04	Parys.	Onderhoud.
BOOYENS, T.	2013 Feb. 24	Nigel.	Onderhoud.
BOOYENS, T.	2013 Sept. 27	Nigel.	Onderhoud.
BURGER, W.	2011 Aug. 23	Florida.	Onderhoud.
COETZEE, C.F.C.	2011 Mei 13	Potchefstroom.	Onderhoud.
DIEDERIKS, H.J.	2011 Maart 15	Marico.	Onderhoud.
ENGELBRECHT, B.	2010 Nov. 6	Marico.	Onderhoud.
FERREIRA, S.	2011 April 9	Krugersdorp.	Onderhoud.
HARMSE, J.	2012 Julie 15	Krugersdorp.	Onderhoud.
HATTINGH, D.	2010 Julie 7	Pietersburg.	E-pos.
HOSKIN, D.	2010 Julie 19	Port Elizabeth.	E-pos.
KRUGER, D.A.	2012 Feb. 18	Krugersdorp.	Onderhoud.
LOUW, J.	2010 Sept. 08	Krugersdorp.	Onderhoud.
LOUW, J.	2011 Maart 08	Krugersdorp.	Onderhoud.
MEIRING, H.	2011 Des. 7	Magaliesburg.	Onderhoud.
MEIRING, A.	2011 Sept. 12	Potchefstroom.	Onderhoud.
MULDER, J. de W.	2010 Feb. 15	Krugersdorp.	Onderhoud.
NAUDE, A.	1998 Maart 11	Pretoria.	Onderhoud.
PRETORIUS, J.	2011	Pretoria.	Onderhoud.
PRETORIUS, J.J.	2010 Aug. 10	Oudshoorn.	E-pos.
REYNECKE, M.C.	2012 Feb. 14	Magaliesburg.	Onderhoud.
REYNECKE., J	2011 Maart 12	Krugersdorp.	Onderhoud.
RIEKERT, L.	2011 Julie. 11	Krugersdorp.	Onderhoud.
SNYMAN, G.	2011 Maart 08	Krugersdorp.	Onderhoud.
SNYMAN, J.	2011 April 14	Krugersdorp.	Onderhoud.
STEENKAMP, D.A.	1966	Pretoria.	Aantekeninge.
STROEBEL, A.	2013 Sep	Vryburg	Onderhoud
VAN BLERK.	2010 Nov. 06	Springs.	Onderhoud.
VAN DIJKHORST, K.	2012 Nov. 5	Pretoria.	Onderhoud.
VAN DIJKHORST, M.	2010 Junie 15	Magaliesburg.	Onderhoud.
VAN NIEKERK, M.G.	1989 Maart 11	Pretoria.	Onderhoud.
VAN TONDER, F.M.	2000 Maart 11	Pretoria.	Onderhoud.

VAN ZYL, D.J.	2010 Feb. 21	Magaliesburg.	Onderhoud.
VENTER, C.	2010 Des. 10	Kaapstad.	E-pos.
VORSTER, J.H.	2010 Maart 17	Pretoria.	Onderhoud.
YSSEL, G.	2011	Ventersdorp.	Onderhoud.